

GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG 2017

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

Ter voorbereiding van ons Eeufeesherdenking in 2018, het ons vanjaar besin oor sowel ons akademiese prestasies en suksesse as ons bydrae tot 'n onbillike en eksklusiewe geskiedenis.

Namate ons algaande wegbeweeg van ons verdelende verlede, verbind die US hom tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldranguniversiteit in en vir Afrika – *só leer, groei en beweeg ons saam vorentoe.*

In hierdie verslag bied ons die verhoogde maatstaf, afgemerk met Universiteits- en fakulteitskleure, as 'n simbool van ons strewe om 'n standaard van uitnemendheid in al ons kernaktiwiteite te handhaaf.

Dosente en studente, 1918

Ons reis na

GEÏNTEGREERDE VERSLAGGEWING

Nadat die Universiteit Stellenbosch 'n paar jaar gelede op 'n reis na geïntegreerde verslaggewing vertrek het, publiseer ons vanjaar ons derde geïntegreerde verslag. Op hierdie reis het ons deeglik daarvan bewus geraak dat 'n heelwat groter verskeidenheid faktore as net finansiële winsgewendheid die waarde en toekoms van 'n organisasie bepaal.

Party vorme van kapitaal (hulpbronne) wat tot die waarde van 'n organisasie bydra is tasbaar, en dus maklik om op te tel of af te trek, maar van baie ander is dit egter nie so maklik om rekenskap te gee nie. Ons ontasbare bates maak die vernaamste deel van die universiteitsomgewing uit. Dink aan ons kapitale:

- menslike kapitaal (ons talentvolle studente en bekwame personeel);
- finansiële kapitaal (ons geldstrome);
- intellektuele kapitaal (ons intellektuele vakkundigheid, handelsmerk en groeiende reputasie);
- vervaardigde kapitaal (ons infrastruktuur);
- sosiale en verhoudingskapitaal (ons onontbeerlike vennootskappe); en
- natuurlike kapitaal (ons ondersteunende omgewing van natuurlike hulpbronne).

Hierdie bates, en verderes, is die totaliteit van dinge waarmee ons volhoubaar waarde skep.

Ons hoop om deur middel van ons geïntegreerde verslaggewing aan ons vele belanghebbers te wys hoe ons probeer om op die beste moontlike manier hulpbronne toe te wys, risiko's te bestuur en geleenthede aan te gryp. Soos so baie ander korporatiewe en openbare organisasies, is die Universiteit nog onderweg … Ons beplan om ons begrip van die wesenlikheid en ware toerekenbaarheid van ons volle spektrum werksaamhede te verbeter, en ons voorsien dat geïntegreerde denke uiteindelik tweede natuur vir ons sal word, sodat ons beter besluite kan neem en doeltreffend en volhoubaar sal bestuur, soos gepas by die kennisgedrewe instelling wat die Universiteit is.

ONS TREFWYDTE EN TYDSGRENSE

Ons geïntegreerde verslag word jaarliks gepubliseer en dek die volle bestek van Universiteitswerksaamhede oor die verslagtydperk, 1 Januarie tot 31 Desember 2017. Ons voeg 'n verdere paar maande tot hierdie tydperk toe – tot Maart 2018 – om ons in staat te stel om al ons graadverleningsdata vir die verslagjaar in te sluit. Om die Raadslede wat hierdie geïntegreerde jaarverslag goedgekeur het, aan te gee, bied ons die Universiteitsraad se lede soos op 18 Junie 2018 aan en dui die uittredende lede wat in 2017 diens gedoen het, aan.

Ons verslag bevat finansiële feite en syfers in verband met ons werksaamhede oor die 2017- finansiële jaar en vir die leser se gerief word ons volledige finansiële verslag steeds saam met ons geïntegreerde jaarverslag gepubliseer. Die Universiteit se finansiële state, insluitend filiale, geassosieerde maatskappye en trusts, word volgens die tersaaklike beleide van die *International Financial Reporting Standards* (IFRS) voorberei, en voldoen ook aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se regulasies vir verslaggewing deur hoëronderwysinstellings soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 37726 van 9 Junie 2014.

U sal ook die gebruiklike verslae van die Kanselier, Voorsitter van die Universiteitsraad, Rektor en Visekanselier, Bedryfshoof, viserektore en dekane van fakulteite oor hul terreine van sorg en toesig in hierdie verslag vind. Meeste van hierdie verslae beklemtoon egter nou spesifiek die waarde wat in die verslagtydperk geskep is in ooreenstemming met gekeurde strategiese prioriteite soos in die Universiteit se toekomsgerigte dokument *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* uiteengesit. Hierdie aandag aan waardeskepping strook met die beginsels van geïntegreerde verslaggewing (<IR>) wat voorsien word deur *The International <IR> Framework* van die *International Integrated Reporting Council (IIRC)*, wat glo dat "kommunikasie oor waardeskepping die volgende stap in die evolusie van korporatiewe verslagdoening behoort te wees".

Dit strook ook met die *King Code of Governance Principles for South Africa en die King Report on Governance for South Africa* (King III), bes moontlik dié toonaangewende korporatiewe oorsigbestuurstandaard ter wêreld. Ons het ook al begin om die jongste King IV-verslag se beginsels toe te pas.

Die Universiteit se Voorneme en Strategie-dokument vir 2013–2018 nader nou die einde van sy siklus wanneer die Universiteit 'n nuwe strategie sal ontwikkel en ook sy Eeufees sal herdenk.

GOEDKEURING VAN ONS GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG

Die Rektoraat is ten nouste betrokke by die skryf en samestelling van ons geïntegreerde jaarverslag. Ons Universiteitsraad se Oudit- en Risikokomitee gaan die verslag na en beveel dit met wysigings aan vir voorlegging by die Universiteitsraad, wat die verslag by 'n raadsitting in Junie oorweeg en finaal goedkeur vir publikasie.

Voorwoord deur

DIE KANSELIER

Die amp van Kanselier is uitsluitlik seremonieel. Ek is geensins betrokke by die daaglikse bestuur van die Universiteit nie. Tog is ek ingenome dat die bestuur en die Raad die afgelope jaar stappe gedoen het om finansiële volhoubaarheid aan die US te bevorder, en terselfdertyd bystand verleen het aan akademies verdienstelike studente in finansiële nood.

Die oorheersende tema van 2017 was die kwessie van fooivrye hoër onderwys. Die jaar is dan ook afgesluit met die presidensiële aankondiging op 16 Desember dat "ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding" vanaf 2018 vir "arm en werkersklas-Suid-Afrikaners" ingefaseer sou word.

Tot in daardie stadium het die hoëronderwyssektor – indien nie die hele land nie – nog gretig gewag op die staat se reaksie op die bevindinge van die Fooikommissie onder leiding van regter Jonathan Heher. Die kommissie van ondersoek is in 2016 saamgeroep om die haalbaarheid van fooivrye hoër onderwys en opleiding te bepaal.

Die aankondiging was oënskynlik 'n weerspreking van die aanbevelings van die kommissie, wat twyfel uitgespreek het oor die staat se vermoë om gratis hoër onderwys aan alle studente te voorsien. Daarom was dit geen verrassing nie dat die presidensiële aankondiging gevolg is deur onsekerheid oor hoe die nuwe bedeling gefinansier sou word. Volgens berekeninge sou dit R57 miljard kos om gratis hoër onderwys geleidelik oor drie jaar in te faseer. Daar was tekens dat BTW verhoog sou word om openbare finansiering te stabiliseer en die nodige geld te bekom.

Wat egter buite twyfel gestaan het, was die behoefte om soveel moontlik Suid-Afrikaners toegang tot die hoër onderwys te bied. Juis hierdie saak het die publiek se aandag getrek en in 2015 tot die studenteprotes onder die vaandel van *#FeesMustFall* aanleiding gegee.

Dít was die agtergrond waarteen die Universiteit Stellenbosch (US), synde 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling, in die verslagtydperk van 2017 moes funksioneer. Aan die vooraand van sy Eeufeesjaar moes die Universiteit, wat deesdae 'n R6 miljard-organisasie is, 'n manier vind om sy suksesse in sy kernbedrywighede te handhaaf terwyl hy ook by veranderende omstandighede aanpas. Namate die instelling gereed gemaak het om sy tweede bestaanseeu te betree, moes hy sy vordering op vele gebiede konsolideer.



Dr JL Marais, eerste Kanselier Universiteit Stellenbosch 1918

Dr Johann Rupert Kanselier, Universiteit Stellenbosch

BEGROTING VIR VOLHOUBAARHEID

Staatsubsidies vir die hoër onderwys het oor 'n aantal jaar toenemend tred verloor met kostestygings. Dit sluit in die verbruikersprysindeks (VPI) van sowat 6%, en veral ook die hoëronderwysprysindeks (HOPI), wat kostestygings in die sektor meet en jaarliks tipies met ongeveer 1,7% méér as die VPI styg. Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan die hoë koste verbonde aan navorsingstoerusting en -tegnologie, internasionale navorsingspublikasies, voldoening aan akkreditasie- en statutêre vereistes, en die instandhouding van wêreldklasfasiliteite. Dít geld veral instellings soos die US wat intensief op navorsing en nagraadse studie konsentreer.

Soos die Bedryfshoof elders in hierdie verslag uitwys, het finansiële druk mettertyd dermate opgebou dat die eerste vooruitskatting van die Universiteit se hoofbegroting vir 2018 tot 2023 in die verslagjaar op 'n algehele tekort van R572 miljoen gedui het. 'n Ander benadering was duidelik nodig. Die Universiteit het derhalwe besluit om al sy geldstrome, naamlik staatsubsidies, studie- en huisvestingsgeld, navorsingskontrakte, filantropiese skenkings en kommersiële inkomste, so goed moontlik te benut.

Die begroting wat teen die einde van 2017 aan die Raad voorgelê is, het 'n algemene aanpassing van 8% in studentegeld (voor- en nagraads) vir 2018 voorgestel, sowel as gedifferensieerde aanpassings in sekere fakulteite (wat slegs vir nuwe studente ingefaseer sal word). Die koste van studentehuisvesting het met 9,2% gestyg. 'n Bykomende studiefooi vir internasionale studente is ook bekend gestel. Verdere maatreëls wat ingestel is, sluit in 'n geleidelike verskuiwing van institusionele beursbesteding na die vierde geldstroom (skenkings) om geld in die hoofbegroting beskikbaar te stel, sowel as die besnoeiing van biblioteekbesteding aan minder gewilde elektroniese databasisse. Daarbenewens is daar voorgestel dat inkomste uit indirekte kosteverhaling verhoog word, terwyl 'n toewysing uit die Strategiese Fonds beskikbaar gestel is om die hoofbegroting te laat klop.

Vir my was dit verblydend dat dié proses 'n ewewigtige begroting vir die volgende ses jaar opgelewer het, wat die Raad ook later aanvaar het. Dit was belangrik om te keer dat tekorte oor die volgende paar jaar opbou, en die geïntegreerde begroting wat uiteindelik aanvaar is, sal inderdaad enige tekort oor 'n beplanningshorison van ses jaar voorkom.

FINANSIËLE BYSTAND AAN STUDENTE

Om die impak van die markverwante fooiverhogings teen te werk, gaan die US voort om akademies verdienstelike studente in finansiële nood te ondersteun. Die Universiteit het sy eie beurse opwaarts aangepas om met stygings in studie- en huisvestingsgeld tred te hou. Die US herbelê jaarliks meer as die helfte van sy eie inkomste uit studentegeld in finansiële bystand aan studente.

Die Universiteit het in 2017 beurse ter waarde van R754 miljoen geadministreer – R298 miljoen as 'n agent vir eksterne finansiers (waaronder die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente) en R456 miljoen uit sy eie geld en navorsingskontrakte, waarvan R129 miljoen uit sy hoofbegroting toegeken is. Bykans 'n kwart van US-studente – 23% om presies te wees – het beurse ontvang.

Tog loop selfs studente wat finansiële bystand ontvang soms studieskuld op weens finansieringstekorte. Hulle moes in die meeste gevalle reeds allerhande soorte struikelblokke te bowe kom net om aan 'n universiteit te kon studeer, en het baie hard gewerk om sukses te behaal, net om die einde van hulle akademiese reis te bereik en die arbeidswêreld met 'n enorme skuldlas te betree.

Daarom was ek ingenome met die Universiteit se nuwe fondswerwingsveldtog #SU99, wat spesifiek op hierdie probleem afgestem was. Skenkers is gevra om by te dra sodat studente aan die einde van die jaar sonder skuld kon gradueer. Die veldtog was hoogs suksesvol en het binne 'n kort tydperk meer as R1 miljoen ingesamel. Dít het net weer bewys wat vermag kan word as skenkers kragte saamsnoer om 'n verdienstelike saak te ondersteun. Van personeellede en studente wat hand in die sak gesteek en kleingeld en note in kollektebusse op kampus gegooi het, tot alumni wat aanlyn geskenk het, tot groot skenkers wat weer hulp verleen het, het die vriende en vennote van die Universiteit nogmaals die US se missie gesteun.

GELDSTROME

Universiteite wêreldwyd kom voor finansiële uitdagings te staan weens druk op die staatskas en die privaat sektor. Om op lang termyn volhoubaar te wees, moet hulle aan maniere dink om hulle eie inkomste te skep.

Ook in dié verband is ek verheug dat die US betreklik goed vaar. Altesaam 19,8% van die Universiteit se inkomste het in 2017 uit toekennings en navorsingskontrakte gekom, 3,5% uit die verkoop van goedere en dienste, en 4% uit privaat skenkings. Nietemin het die instelling steeds vir 32% van sy inkomste op die regering staatgemaak, en vir 21,8% op studie- en huisvestingsgeld. Daarom is daar ruimte vir verbetering wat die versterking van die derde, vierde en vyfde geldstrome betref.

VORENTOE

Die byna honderdjarige Universiteit Stellenbosch is 'n gerekende navorsingsinstelling met 'n sterk klem op innovasie. Om deel van hierdie liga te wees, het universiteite stabiliteit, sistemiese volhoubaarheid, 'n uitmuntende akademiese reputasie en 'n onkreukbare oorsig-bestuurstruktuur nodig.

Dit is geen toeval dat die US oor al hierdie kenmerke beskik nie. Die instelling het hierdie punt danksy die harde werk van sy personeel en ander lede van die Universiteitsgemeenskap bereik, soos wat duidelik uit hierdie geïntegreerde jaarverslag blyk.

Die toekomsuitdaging vir die Universiteit is nou om hom so te posisioneer dat hy sy bewese status as 'n uitnemende instelling sal behou, toegang sal verbreed en ondanks ekonomiese uitdagings finansieel volhoubaar sal bly.

INHOUD

ONS REIS NA GEÏNTEGREERDE VERSLAGGEWING 1

VOORWOORD DEUR DIE KANSELIER 2

ONS INSTELLING 6
- Visie 2030 6
- Missie 6
- Waardes 7
- Belangegroepe 7
- Ons institusionele sakemodel 8

OORSIGBESTUUR 11
- Verslag van die Voorsitter van die Universiteitsraad 12
- Ons Oorsigbestuurstruktuur 14
- Die Universiteitsraad 15
- Die Universiteitsraad se verklaring oor Korporatiewe Oorsigbestuur 17
- Senaatsverslag aan die Bestuur 22
- Verslag van die Institusionele Forum 24

VORDERING MET ONS STRATEGIESE PRIORITEITE 27
- Die Rektoraat 28

VERSLAG VAN DIE REKTOR EN VISEKANSELIER 30
- Verbreed toegang 30
- Handhaaf momentum van uitnemendheid 30
- Vergroot sosiale impak 31
- Brei Internasionalisasie uit 31
- Bevorder sistemiese transformasie 31
- Versterk sistemiese volhoubaarheid 32
- Voer die kampusvernuwingsprojek uit 32
- Vorentoe 33
- Monitering op pad vorentoe – strategiese bestuursaanwysers 34

ONS FINANSIËLE KAPITAAL 36
- 2017 – begroting en oorsig 36
- Ander verwikkelinge en onsekerhede 36
- Finansiële resultaat 37
- Verslagdoeningstandaarde 38
- Inkomste 38
- Uitgawes 40
- Beskikbare fondse 42
- Likiditeit 43

VERSLAG VAN DIE BEDRYFSHOOF 44
- Opskerping van sakeprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid 44
- Kommersialisering van intellektuele eiendom en die skep van sakegeleenthede 47
- Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid 47
- Toekomsvisie 47

VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG) 48
- Uitnemendheid in leer en onderrig 48
- Studentetoegang met sukses 49
- Grootte en vorm van US-studentekorps 50
- Programvernuwing 52
- Inkorporering van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) vir Leer en Onderrig 52
- Verhoging van meertalige programaanbod 52
- Benutting van nuwe kennismarkte 53
- Finansiële studentesteun 53

VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIES) 55
- Aanstel van jong akademiese sterre 55
- Bevordering van navorsingsuitsette 56
- Handhawing van navorsingsuitnemendheid 57
- Uitbou van navorsingsinnovasie 58
- Skep van volhoubare navorsingsinkomste deur navorsingsvennootskappe 59
- Handhawing van nagraadse studentesukses 59

VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (STRATEGIE EN INTERNASIONALISASIE) 61
- Loods strategiese inisiatiewe 61
- Bevorder internasionalisasie 62
- Ontwikkel inligtingsoorsigbestuur 63
- Vooruitskouing 64

VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL) 65
- Bevordering van samelewingsgerigte vakkundigheid 65
- Verbreding van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede 66
- Toevoeging tot ons waardeproposisie deur 'n beter personeelkorps 66

VERSLAG INSAKE RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR 70
- Monitering, hersiening en kontrole in pas met 'n gekombineerde sekerheidsmodel 70
- Strategiese bestuur van hoëorderisiko's 71

ONS FAKULTEITSVERSLAE 75
- Fakulteit Agriwetenskappe 76
- Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 78
- Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 80
- Fakulteit Ingenieurswese 82
- Fakulteit Krygskunde 84
- Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe 86
- Fakulteit Natuurwetenskappe 88
- Fakulteit Opvoedkunde 90
- Fakulteit Regsgeleerdheid 92
- Fakulteit Teologie 94

DIE UNIVERSITEIT ERKEN UITNEMENDHEID 96
- Eregrade 97
- Kanseliersmedaje 99
- Kanselierstoekennings 100

FINANSIËLE VERSLAG 102

GLOSSARIUM 145
- Terme en verklarings 145
- Berekening van strategiese bestuursaanwysers 146
- Afkortings 148

Ons

INSTELLING

Visie 2030

Ons sien die Universiteit Stellenbosch as 'n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbers kennis bevorder.

MISSIE

Ons streef om ons visie van die Universiteit Stellenbosch te verwesenlik deur volgehoue transformasie en, op ons ontdekkingsreis deur die akademie tot diens van ons belanghebbers, onderneem ons om:

- 'n akademiese gemeenskap te skep waarin sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede tot sistemiese volhoubaarheid lei;
- toepaslike en volhoubare benaderings tot Afrika-ontwikkeling te ondersoek en innoverend toe te pas;
- ons navorsing te rig volgens die volle spektrum uitdagings waarmee die wêreld, Afrika, ons land en die plaaslike gemeenskap te kampe het;
- student- en toekomsgerigte leer en onderrig, wat 'n passie vir lewenslange leer vestig, te handhaaf;
- in die innoverende akademieskap en kreatiewe vermoëns van al ons mense te belê;
- die inherente krag van diversiteit te ontgin; en
- sinergistiese netwerke te vestig en uit te bou, waarin die Universiteit 'n dinamiese vennoot is.

WAARDES

Diensbare leierskap

Ons bevorder die welwees van mense en die wêreld deur met nederigheid, verantwoordelikheid en begrip te lei.

Medeverantwoordbaarheid

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbers vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se Visie verantwoordelik is.

Empatie

Ons bevorder menswaardigheid deur 'n kultuur van respekvolle optrede – selfrespek, respek vir ander mense en respek vir die fisiese omgewing.

Innovasie

Ons dink en doen nuut en anders, en maak goeie keuses en neem goeie besluite vir onsself en vir ons belanghebbers, die land, die vasteland en die planeet.

Uitnemendheid

Alles wat ons doen, word gekenmerk deur uitnemendheid.

BELANGEGROEPE

Ons dien ons belangegroepe, wat insluit:

- voornemende studente, studente en ouers;
- werknemers en pensioenarisse;
- navorsingsvennote;
- regering, reguleerders en professionele liggame;
- alumni;
- donateurs; en
- gemeenskap (burgerlike samelewing, nieregeringsorganisasies, industrie, ander universiteite, skole, adviesrade, diensverskaffers en media).



STRATEGIESE TEMAS	STRATEGIESE DOELWITTE	VISIE 2030
Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte	• Verhoging van meertalige aanbod • Bevordering van programvernuwing • Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig • Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en vir 'n program oor graduandi-eienskappe	
Verhoog diversiteitsprofiel van studente en personeel	• Verhoging van meertalige aanbod • Aanstel van jong akademiese sterre • Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede • Benutting van nuwe kennismarkte vir meer waarde-onttrekking • Finansiële studentesteun • Verbetering van personeelprofiel • Bestuur van kennis- en ander vennootskappe	
Posisioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika	• Bevordering van navorsingsuitsette • Bevordering van samelewinggerigte vakkundigheid • Uitbou van navorsingsinnovasie • Vestiging van navorsingsfokusareas • Kommersialisering van intellektuele eiendom en besigheidsgeleenthede • Generering van volhoubare inkomste deur navorsingsvennootskappe	
Behou studentesukseskoers	• Vestiging van omvattende landelike platforms • Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig • Handhawing van nagraadse studentesukses • Uitvoer van die Mobiliteitsplan	
Vestig toegewyde, visionêre leierskap	• Nastrewing van geregtigheid en gelyke geleenthede • Opskerping van besigheidsprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid • Bestuur van kennis- en ander van vennootskappe • Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid • Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	

● Inklusief ● Innoverend ● Toekomsgerig ● Transformerend

Ons institusionele

SAKEMODEL

Die sakemodel wat die Universiteit nastreef, fokus in wese op sy belanghebbers en hoe om aan hul behoeftes te voldoen deur middel van waardetoevoegende aktiwiteite, soos leer-en-onderrig, navorsing en innovasie, sosiale impak en instaatstellende professionele ondersteuning. Die mate waartoe die Universiteit dit op 'n volhoubare manier regkry, bepaal die inkomstestrome van die Universiteit. Terselfdertyd vereis die aanbod van sy onderskeie waardetoevoegende programme hulpbronne en ook, waar van toepassing, dat die Universiteit vennootskappe aangaan met ander organisasies. Dit beteken natuurlik onkoste vir die Universiteit.

Dimensies van ons **Sakemodel**

VENNOTE

1. Regering en regeringsagentskappe
2. Industrie (plaaslik en internasionaal)
3. Alumni
4. Donateurs (plaaslik en internasionaal)
5. Association of African Universities
6. US Raad
7. Internasionale netwerke
8. Stadsraad en Munisipaliteit
9. Sportliggame (waaronder Stellenbosch Sportakademie)
10. Suid-Afrikaanse Polisiediens en private sekuriteitsfirmas
11. Geselekteerde verskaffernetwerke

KOSTESTRUKTUUR

(as % van totale uitgawes)

1. Personeelkoste: 46,9%
2. Operasionele koste: 46,7%
3. Ander (waardevermindering en finansieringskoste): 6,4%

AKTIWITEITE

1. Navorsing en innovasie (basies en toegepas)
2. Leer en onderrig (op kampus en van kampus)
3. Sosiale impak
4. Internasionalisering
5. Bemagtigende professionele en administratiewe steundienste (Menslike Hulpbronne, Finansies, Fasiliteitsbestuur, Veiligheid en Sekuriteit, Studente-ondersteuning, Informasietegnologie, Sport, Mobiliteit, Studenteverblyf, Kommersialisering, Gehalteversekering)
6. Tegnologie-oordrag en besigheidsontwikkeling
7. Korporatiewe Kommunikasie en Openbare Betrekkinge
8. Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge

HULPBRONNE

1. US handelsnaam / reputasie
2. Mense (werknemers) vermoëns en interaksie, insluitend die vermoë om te innoveer
3. Fakulteite met behoefte-gedrewe en funksionele akademiese aanbod
4. Studentevermoë om saam waarde te skep en mede-verantwoordbaar te wees
5. Fasiliteite (akademies, studentebehuising, goed toegeruste laboratoria, IKT-fasiliteite)
6. Intellektuele kapitaal
7. Befondsingsbronne
8. Goed funksionerende administratiewe stelsels
9. Alumni
10. Industrie
11. Regering
12. Verskaffersnetwerke
13. Verwelkomende institusionele kultuur

WAARDEPROPOSISIE

'n Funksie van:

1. Reputasie, globale ranglyste en netwerke
2. Gekose hoëronderwysvennoot in Afrika
3. Hoëronderwysweg na Afrika
4. Relevansie en interaksie: plaaslik, Afrika, globaal
5. Gehalte, sukses en uitgebreide akademiese voetspoor
6. Verantwoordbaarheid, bekostigbaarheid en inklusiwiteit
7. Innovasie en entrepreneurskap: insette, prosesse en uitsette (Leer & Onderrig, Navorsing, Sosiale Impak)
8. Sistemiese volhoubaarheid
9. Bestuursoorsig
10. Invloed van geografiese lokaliteit
11. Sport: fasiliteite, wetenskap, verskillende kodes, kundigheid, reputasie
12. Veilige en koesterende omgewing
13. Werkgewer van keuse
14. Universiteit in diens van die samelewing
15. Tegnologie-oordrag: patente, lisensies, Innovus, LaunchLab, afwentelmaatskappye-portefeulje
16. Meertaligheid
17. Ko-kurrikulêre aktiwiteite

INKOMSTESTROME

(as % van totale inkomste)

1. Eerste geldstroom: Owerheidstoekennings: 32%
2. Tweede geldstroom: Studente- en huisvestinggelde: 21,8%
3. Derde geldstroom: Navorsing, beleggings, kommersialisering en verkope: 42,3%
4. Vierde geldstroom: Filantropiese skenkings en bemakings: 3,9%

VERHOUDINGS

(per belangegroep)

1. Aanloklike voordeel
2. Bemagtiging, sukses en verseker indiensneembaarheid
3. Geloofwaardigheid, uitnemendheid en internasionale erkenning
4. Toeganklikheid en oordraagbare hoër onderwys
5. Buigsaamheid en relevansie
6. Veiligheid, bekostigbaarheid, gehalte en toeganklikheid
7. Mededingende werknemerwaardeproposisie
8. Gereken as 'n nasionale hoëronderwysbate
9. Vennootskappe met industrie om nuwe kennis op relevante, doeltreffende manier te genereer en te versprei
10. Bestuursoorsig, hefboomeffek t.o.v. groot kwessies
11. Gehalte, inligting en kommunikasie
12. Volhoubare kooperatiewe bestaan met US en belyning van doelwitte
13. Goeie bestuur-en-beheer van 'n wêreldrangse universiteit
14. Mede-eienaarskap en gehaltebevordering van hoër onderwys in Afrika
15. Bevorderlike omgewing vir hoëprestasiesport

SLEUTELBELANGEGROEPE

1. Personeel
2. Voornemende studente
3. Studente
   - Voorgraadse studente
   - Nagraadse studente
4. Internasionale studente
5. Massa-mark (diplomas)
6. Leer-en-verdien-studente
7. Ouers
8. Regering
9. Industrie
10. Donateurs
11. Alumni
12. Stellenbosch Munisipaliteit en dorp
13. US Raad
14. Vakbonde
15. Internasionale befondsings-agentskappe
16. Association of African Universities
17. Sport – plaaslik en internasionaal
18. Diensverskaffers deur lewensvatbare kontraktering
19. Waagkapitaal-maatskappye
20. Beleggers
21. Navorsingsvennote

HOOFKANALE

(vir primêre dienslewering)

Aflewering – Leer en Onderrig

1. Op kampus aangesig-tot-aangesig-onderrig
2. Gemengde leer (insluitend web-, telematiese, eksperimentele en aksie-leer
3. Virtueel (insluitend via vennote)

Aflewering – Navorsing

1. Publikasies
2. Seminare
3. Boeke
4. Leer en onderrig
5. Innovus (tegnologie-oordrag, LaunchLab, kommersialisering)

Aflewering – Sosiale Impak

1. Geïntegreer met leer en onderrig
2. Gesamentlike projekte met gemeenskap

OORSIGBESTUUR

Verslag van die

VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

Die Raad, wat verantwoordelik is vir toesig oor akademiese en bedryfskwessies sowel as beleid en strategie aan die Universiteit Stellenbosch (US), vind dit bemoedigend dat die instelling aanhou uitblink ondanks finansiële uitdagings en onstuimige sosiopolitieke tye.

GELEI DEUR DIE VERLEDE, DOG GERIG OP DIE TOEKOMS

In soverre belangrike Raadsbesluite in 2017 dalk deur die Universiteit se verlede beïnvloed is, was dit terselfdertyd doelbewus daarop toegespits om die instelling vir die toekoms te posisioneer. Voorbeelde hiervan is die Taalbeleid, die Toelatingsbeleid en die Kampusvernuwingsprojek, soos ek hieronder verduidelik.

TAALBELEID

Die US se nuwe Taalbeleid, wat in 2016 aanvaar is, het in die verslagjaar in werking getree. Die beleid verbreed toegang deur voorsiening te maak vir studente wat verkies om in Engels te studeer, hoewel dit ook steeds aan Afrikaanssprekende studente toegang verleen.

Deur die voorgestelde nuwe Taalbeleid goed te keur, het die Raad sy onomwonde steun uitgespreek vir meertaligheid, sonder om studente uit te sluit net omdat hulle dalk nie Afrikaans- of Engelsvaardig is nie. Die grondbeginsels van die beleid is dat die Universiteit se onderrigtale toegang en akademiese sukses moet bevorder, en dat die instelling se taalbeleid sy akademiese projek moet ondersteun.

Die Raad het veral sterk steun toegesê aan die meertalige konteks wat in die nuwe beleid beskryf word. Daarbenewens erken die hersiene Taalbeleid die US se rol as 'n nasionale bate, wat daartoe verbind is om in 'n diverse samelewing met kennis om te gaan. Dit gee uitvoering aan die Grondwet van Suid-Afrika met betrekking tot taalgebruik in die akademiese, administratiewe, professionele en sosiale omgewings van die Universiteit en bevorder ook die instelling se visie om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees.

Boonop maak die Taalbeleid, onder die wakende oog van ons Taalkomitee (kyk bladsy 18), voorsiening vir meganismes vir akademiese toesig, doeltreffende bestuur en goeie oorsigbestuur wat taalimplementering betref. Dít vind plaas binne 'n raamwerk wat fakulteite in staat stel om pasgemaakte taalimplementeringsplanne en meganismes vir verantwoordbaarheid en verslagdoening aan die tersaaklike strukture te aanvaar.

Volgens twee studenteopnames in 2017 verloop die implementering van die US se Taalbeleid volgens plan. Die Raad het ook kennis geneem van fakulteite se terugvoering oor die inwerkingstelling van hulle taalimplementeringsplanne. Die verslae toon oor die algemeen dat stelsels en prosesse ingestel is om die implementering van die Taalbeleid te moniteer en uitdagings die hoof te bied.



Prof A Moorrees, eerste Visekanselier en Raadsvoorsitter, Universiteit Stellenbosch 1918

George Steyn Raadsvoorsitter

Die Gelyke Kanse-groep en agt ander applikante het in 2016 met 'n regsgeding begin om die Taalbeleid in die hof aan te veg. Die Universiteit het dit teengestaan. Die saak is in die Wes-Kaapse hooggeregshof verhoor, wat in Oktober 2017 uitspraak gelewer en onder meer die aansoek met koste van die hand gewys het. Daar is egter teen die uitspraak appèl aangeteken.

TOELATINGSBELEID

Nóg 'n belangrike beleid wat die Raad in die verslagtydperk hanteer het, was die US se Toelatingsbeleid. Die Raad het aan die begin van 2017 'n hersiene weergawe vir inwerkingstelling vanaf 2018 aanvaar. Die nuwe beleid brei die maatstawwe vir toelating uit om benewens akademiese meriete en bevolkingsgroep nou ook sosio-ekonomiese status in te sluit. Die doel is om toegang vir benadeelde studente te verbreed.

Die nuwe beleid berus op drie oorwegings vir die toelating van voornemende studente tot die US se studieprogramme:

- bewese akademiese meriete op skool,
- transformasie van die rassedemografie van die US-studentekorps, en
- regstelling van die sosio-ekonomiese benadeling wat sommige studente ondervind.

Dít bied 'n genuanseerde stel aanwysers wat die Universiteit in staat stel om 'n diverse groep nuwelingstudente toe te laat wat die potensiaal toon om suksesvol te studeer. Die drie oorwegings vul mekaar aan deur die US se strategie van uitnemendheid deur diversiteit.

Die einddoel is om die Universiteit se kultuur van akademiese uitnemendheid in stand te hou deur die beste aansoekers te werf, en die transformasie van die US in die hand te werk om 'n meer inklusiewe en verteenwoordigende studentekorps te verseker. Om sy reputasie as 'n sentrum van uitnemendheid te handhaaf, moet die Universiteit 'n diverse studentekorps werf en behou, want dit verryk die leeromgewing.

Die US het sy Toelatingsbeleid hersien as 'n toonaangewende nasionale hoëronderwysinstelling, en as 'n nasionale bate wat in die land se belang optree en die nasie in die geheel dien. Die beleid bevorder toegang en sukses vir studente uit diverse gemeenskappe, want Stellenbosch is weliswaar 'n universiteit vir alle Suid-Afrikaners.

KAMPUSVERNUWINGSPROJEK

Die Raad het die US se Kampusvernuwingsprojek (KVP) in 2014 goedgekeur aangesien baie van die Universiteit se fisiese infrastruktuur weens jare lange gebrekkige instandhouding vervalle en uitgedien geraak het. Dít het die volhoubaarheid van die US se akademiese projek in gevaar gestel. Die fisiese fasiliteite van die Universiteit word as strategiese bates en noodsaaklike instaatstellers van 'n wêreldklas- en sistemies volhoubare instelling beskou.

Sedertdien is goeie vordering gemaak, maar daar is nog heelwat om te doen. Die Raad het in 2017 die uitbreiding van die KVP goedgekeur deur die projektydlyn tot 2027 te verleng en 'n bykomende R1,456 miljard vir die insiatief te bewillig.

Die hoofkomponente van die uitgebreide projek is die Fisan-gebou van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe, die Ingenieurswesekompleks, en die op-knapping en uitbreiding van 'n aantal ander geboue op Stellenboschkampus.

Die bykomende bedrag sal gefinansier word uit die jaarlikse reële opbrengs op die US se langtermynbeleggings, tot en met 'n maksimum van 4% – dieselfde finansieringsmodel wat vir die aanvanklike KVP goedgekeur is. Pogings om verdere finansiering van bedryfsvennote, skenkers en die staat te bekom, duur egter voort.

GEÏNTEGREERDE VERSLAGDOENING EN DIE KING-GOEIEBESTUURSKODE

Die Raad is bewus van sy verantwoordelikheid om, as deel van sy toesigrol en oorsigbestuursfunksie, die integriteit van geïntegreerde verslagdoening te verseker. Hoewel hierdie verslag oor die werksaamhede van 2017 grotendeels as die US se derde geïntegreerde jaarverslag beskou word, bevat die publikasie steeds sekere elemente van 'n konvensionele jaarverslag. Dít is om te voldoen aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se riglyne vir verslagdoening deur hoëronderwysinstellings, wat in Staatskoerant nr 37726 van 9 Junie 2014 gepubliseer is, en om die inskrywing- en doeltreffendheidsmikpunte in te sluit wat die Minister van Onderwys en Opleiding vir die US gestel het (kyk bladsy 33). Raadslede het hulle van die raamwerk en inhoud van hierdie verslag vergewis voordat die Raad die dokument finaal op 18 Junie 2018 goedgekeur het.

Die US onderskryf die beginsels van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap ingevolge King III en IV, en ons gekonsolideerde finansiële jaarstate word ooreenkomstig die toepaslike voorskrifte van die *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel.

VOORUITSKOUING

Met die Universiteit se Eeufees wat nader kom, het ons in die verslagtydperk nagedink oor ons reis tot hier, en terseldertyd die pad vorentoe in die oog gehou. Daar lê nog baie werk voor noudat ons 'n nuwe era betree, wat ongetwyfeld vol nuwe geleenthede en uitdagings sal wees.

Namens die Raad sê ek opreg dankie aan die Universiteits-gemeenskap vir hulle harde werk en lojaliteit teenoor die instelling. 'n Spesiale woord van waardering aan die uittredende ondervoorsitter van die Raad, prof PW van der Walt, wat die Raad gedurende sy ampstermyne met toewyding en wysheid gedien het. Die toewyding van alle Raadslede en die kundige lede van die verskillende komitees van die Raad word ook hoog op prys gestel.



George Steyn
Raadsvoorsitter

Ons

OORSIGBESTUURSTRUKTUUR



Die

UNIVERSITEITSRAAD

Die Universiteitsraad bestuur en beheer die Universiteit Stellenbosch behoudens die Wet op Hoër Onderwys (Wet nr. 101 van 1997) en die institusionele statuut. Die funksies en samestelling van die Raad word in die Statuut van die Universiteit Stellenbosch uiteengesit. Die Raadslede word vervolgens gegee soos op 18 Junie 2018, die datum waarop die Raad die Universiteit Stellenbosch se *Geïntegreerde Jaarverslag 2017* goedgekeur het.

- Lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad
- Lede van die Oudit- en Risikokomitee van die Raad
- Lede van die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad
- Lede van die Beleggingskomitee van die Raad
- Lede van die Vergoedingskomitee van die Raad
- Lede van die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad
- Lede van die Taalkomitee van die Raad

Ons statutêre Raads- en Senaatkomitees word in die diagram op die vorige bladsy getoon. Vir inligting oor bogenoemde komitees se rol, kyk "Die Universiteitsraad en subkkomitees van die Raad" op bladsy 17.

	Naam	Ouderdom	Kwalifikasies	Ampstermyn
AMPSHALWE LEDE				
Rektor en Visekanselier				
• • • • •	Prof WJS de Villiers	58	MB,ChB, MMed (Int) (US), LKI(SA), DPhil (Oxon), MHCM (Harv), DSc hc (Coventry)	1.4.2015–31.3.2020
Bedryfshoof				
• •	Prof SA du Plessis	45	BCom, HonsBCom (US), MPhil (Cambridge), PhD (US)	1.1.2018–31.12.2023
Uittredent • •	Prof L van Huyssteen	66	MScAgric, PhD (Agric) (US)	1.4.2013–31.12.2017
Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)				
	Prof NN Koopman	57	BA, BTh, HonsBTh, MTh, DTh (UWK)	1.7.2016–30.6.2021
Viserektor (Leer en Onderrig)				
•	Prof A Schoonwinkel	62	HonsBIng, MIng (US), MBA (UK), PhD (Stanford), PrIng	1.9.2017–31.12.2020
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)				
	Prof TE Cloete	60	MSc (UOFS), DSc (UP)	1.9.2017–31.7.2022
DEUR DIE PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL (NIESENAATSLEDE) BENOEM				
•	Prof J Fourie	35	MCom, PhD (Utrecht)	1.9.2016–31.8.2018
DEUR DIE PERMANENTE NIEAKADEMIESE PERSONEEL BENOEM				
•	Mnr WP Davidse	48	BEcon, BPhil, MPhil (US)	6.4.2018–5.4.2020
Uittredent	Me G Arangies	53	BCom (UPE), MBA (US)	6.4.2016–5.4.2018
DEUR DIE INSTITUSIONELE FORUM BENOEM				
	Posisie vakant	-	-	-
DEUR DIE MINISTER VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING BENOEM				
•	Mnr AR Diedrich	58	NGSerte Globalisasie (GLU Kassel), OntwEkon (BSE, Duitsland), OpvMetod en Arbeidsopv (ACTRAV, Turin), Empl and SocSecur Law, VolwOnd (UK)	23.3.2017–22.3.2021
	Prof A Keet	53	MEd (UWK), PhD (UP)	1.12.2014–30.11.2018
	Me TS Lingela	61	BA, UED (Fort Hare), BEd (Rhodes), MEd (UDW, VSA)	1.1.2014–31.12.2018
	Prof PG Maré	72	HonsBA (UN), HonsBA,MA (Witw), PhD (UN)	25.9.2014–24.9.2018
	Me Z Stuurman	29	HonsBA Politieke Wetenskap (US)	13.7.2017–12.7.2021
	Posisie vakant	-	-	-
DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM				
Uittredent	Prof WAM Carstens	65	MA, DLitt (US)	2.4.2014–1.4.2018
Uittredent	Prof GJ Crafford	39	MSc Bourek (UPE), PhD (NMMU), MBA (US)	4.11.2016–1.4.2020
	Mnr CD Cillié	43	BSc,HonsBSc (Geneeskundige Fisiol), BPhil (Logistiek & Vervoerekon)	2.4.2018–1.4.2022
	Prof AR Coetzee	67	MB,ChB, MMed (Anes), PhD, MD, PhD, DSc (US), LKN(SA), FFARCS	2.4.2016–1.4.2020
	Mnr H Gonzales	30	LLB (US), toegelate prokureur	2.4.2016–1.4.2020
	Prof JH Hambidge	62	HonsBA (US), MA (UP), PhD (Rhodes), PhD (UK)	2.4.2018–1.4.2020
	Adv JJ Meiring	45	BA, BAHons (Latyn), LLB (US), BCL (Oxon)	2.4.2018–1.4.2022
	Mnr JG Theron	55	BA Regte, LLB (US)	2.4.2018–1.4.2022

	Naam	Ouderdom	Kwalifikasies	Ampstermyn
DEUR DIE SENAAT BENOEM				
	Prof UME Chikte	64	PhD (US), MSc (UCL), MDent, DHSM (Witw), BChD (UWK)	1.1.2018–31.12.2019
	Prof A Gouws	59	MA (RAU), PhD (Illinois, Urbana-Champaign)	1.1.2018–31.12.2019
•	Prof MA Fataar	52	BA, HOD, HonsBA, MPhil, PhD (UWK)	1.7.2018–30.6.2020
DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH BENOEM				
	Adv GMM van Deventer	59	Dipl Wingerdk en Plantk, Dipl Keldermeester en Wynmaker (Eerste Klas) (Elsenburg), BA Regte, LLB (US)	1.12.2016–30.11.2021
DEUR DIE DONATEURS BENOEM				
• • •	Mnr GM Steyn (Voorsitter vanaf 2.4.2012)	59	BA Regte, LLB (US)	2.4.2018–1.4.2022
	Mnr HR Brody	54	HonsBRek (US), GR(SA), EMP (UK)	2.4.2018–1.4.2022
• • •	Mnr JJ Durand	51	HonsBRek (US), MPhil (Oxon), GR(SA)	2.4.2016–1.4.2020
Uittredent • • •	Prof PW van der Walt (Ondervoorsitter vanaf 7.5.2012)	70	BScBIng, MIng, PhD (US)	2.4.2014–1.4.2018
DEUR DIE PREMIER VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING BENOEM				
• • •	Mr AP van der Westhuizen	59	BCom, HOD, MEd (US)	1.8.2014–31.7.2018
DEUR DIE RAAD BENOEM				
•	Mnr AV Moos	40	BA, BPhil Joernalistiek, MBA (US)	1.6.2018–31.5.2022
•	Me K Njobe	47	Biologie (UCLA, USA), MSc (Dierkunde) (UP), MTE (IMD, Switserland)	1.6.2018–31.5.2022
DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM				
•	Mnr EL Etson	23	-	1.1.2018–31.12.2018
	Mnr L Nkamisa	26	-	1.1.2018–31.12.2018
Uittredent	Me LA Julies	23	-	24.4.2017–31.12.2017
Uittredent	Mnr TM Mlangeni	19	-	10.3.2017–31.12.2017
Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem as addisionele lede in die Oudit- en Risikokomitee				
• •	Prof DP du Plessis		BSc (UK), MBA, DBA (US)	
• •	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (US), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR(SA)	
•	Mnr BHJ Wessels		BCompt (Unisa), GIA(SA)	
•	Mnr H van der Ahee		BIng (Chem), BRek, HonsBCom (Belasting) (US), HonsBCompt (Unisa), GR(SA)	
Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem in die Beleggingskomitee				
• •	Prof DP du Plessis		BSc (UK), MBA, DBA (US)	
•	Mnr GT Ferreira		BCom, MBA (US)	
•	Prof JD Krige		MCom (US), FIA (London)	
•	Mnr DK Smith		BSc (US), FASSA, ISMP (HBS)	
•	Mnr MM du Toit		BScAgric, MBA (US)	
•	Me E de la Harpe-Meaker		HonsBA (US)	
Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem in die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee				
• •	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (US), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR(SA)	
•	Dr T Theron		HonsBSc, MSc, PhD (US)	
•	Prof P Naudé		LisTeol, MA, DTh (US)	
•	Prof P Pillay		HonsBAdmin, MAdmin, DAdmin (UKZN)	

Die Universiteitsraad se verklaring oor

KORPORATIEWE OORSIGBESTUUR

Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 ontstaan toe die Victoria Kollege ingevolge Wet 13 van 1916 in 'n universiteit omskep is.

DIE UNIVERSITEITSRAAD EN SUBKOMITEES VAN DIE RAAD

Die Universiteitsraad (hierna die Raad genoem) is tot gesonde bestuursbeginsels verbind en sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word in sy strewe na bekwame korporatiewe burgerskap. Sake wat vir oorweging en besluitneming aan die Raad toegewys is, word in die Statuut van die Universiteit, hetsy deur gevestigde praktyke of ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, uiteengesit. Verder moet die Raad aan sy onderskeie belangegroepe verantwoording doen.

Die Raad bestaan uit akademiese en nieakademiese lede, behoorlik volgens die Statuut van die Universiteit genomineer en aangestel, van wie die meerderheid nie personeel of huidige studente van die Universiteit is nie. Die rol van die Voorsitter van die Raad is van die rol van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit geskei.

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het in 2017 uit 28 lede bestaan (twee posisies is vakant) waarvan vyf uitvoerende raadslede, 12 onafhanklike nie-uitvoerende raadslede, vyf werknemers van die Universiteit was, en vier deur die regering en twee deur die studente aangewys is. Die name van die lede, hulle kwalifikasies en ampstermyne soos op 18 Junie 2018 verskyn op bladsy 15 en 16. Die Voorsitter van die Raad is in 2018 herverkies om vir 'n verdere termyn van 2 April 2018 tot 1 April 2022 as Voorsitter te dien.

Die Raad het vyf maal gedurende die verslagjaar amptelike vergaderings gehou. Die Universiteit rapporteer dat die gemiddelde bywoningskoers van Raadslede ten opsigte van Raadsvergaderings gedurende die verslagjaar 80% was. Die laagste bywoningskoers was 71%.

Die Raad het strukture geskep om toe te sien dat sy verpligtings teenoor alle belangegroepe te alle tye behoorlik nagekom word. Die Raadskomitees is almal formeel saamgestel, met skriftelike mandate, en bestaan hoofsaaklik uit lede van die Raad wat nie personeel of studente van die Universiteit is nie. Die komitees vergader met verskillende tussenposes – sommiges vergader voor elke Raadsvergadering, terwyl ander vergader na gelang die behoefte ontstaan. Die Raadskomitees in die onderstaande tabel speel 'n direkte rol by die effektiewe funksionering van die Universiteit.

DIE UNIVERSITEITSRAAD EN SUBKOMITEES VAN DIE RAAD: LEDETAL EN BYWONING VAN VERGADERINGS IN 2017

Komitee	Aantal lede	Posisies gevul	Aantal vergaderings	Gemiddelde bywoning
Universiteitsraad	30	28	5	80%
Uitvoerende Komitee	7	7	6	86%
Beleggingskomitee	8	8	4	70%
Menslikehulpbronnekomitee	5	5	5	88%
Oudit- en Risikokomitee	7	7	4	71%
Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee	6	6	4	81%
Taalkomitee	8	8	3	67%
Vergoedingskomitee	4	4	1	75%

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE RAAD

Die Uitvoerende Komitee van die Raad neem namens die Raad binne sy gedelegeerde magte besluite, handel sake namens die Raad af, adviseer die Raad oor beleidsbesluite en skakel in die tydperk tussen Raadsvergaderings met die senior bestuur oor sake wat die funksies van die Raad raak. Die Komitee vervul ook namens die Raad 'n moniterings- en kontrolefunksie deurdat dit aanbevelings ten opsigte van die Universiteit se transformasiemikpunte doen en die implementering daarvan moniteer, aanbevelings ten opsigte van die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings doen en vordering in ooreenstemming met die goedgekeurde begrotings en resultate kontroleer. Die Komitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit finansieel gesond en 'n lopende saak is.

Hierdie Komitee, wat minstens vyf keer per jaar vergader, het sewe lede wat ook lede van die Raad is. Tans is al sewe posisies gevul, soos aangedui op bladsy 15 en 16. In die verslagjaar het die Komitee ses keer vergader en is daar geen hangende sake nie. Die gemiddelde bywoningskoers van die Uitvoerende Komitee vir 2017 was 86%.

BELEGGINGSKOMITEE

Die Beleggingskomitee van die Raad stel batebestuurders onder mandaat aan vir die kort- en langtermynbeleggingsfondse van onderskeidelik die Universiteit en Stellenbosch Trust. Die Komitee moniteer die prestasie van die batebestuurders elke kwartaal en rapporteer aan die Raad en die trustees van die Stellenbosch Trust.

Die Beleggingskomitee bestaan uit vier lede wat deur die Raad aangestel word en vier lede wat deur die Stellenbosch Trust aangestel word, soos aangedui op bladsy 15 en 16. Bykomende lede kan deur die Komitee op grond van hul kundigheid gekoöpteer word. Die Rektor en Bedryfshoof is ex officio-lede van die Komitee. Die Hoofdirekteur: Finansies woon die vergaderings by op grond van sy administratiewe verantwoordelikhede en die sekretariaat word deur die Adjunkdirekteur: Fondse en Batebestuur verskaf. Die Beleggingskomitee vergader minstens twee keer per jaar, maar het vier keer in 2017 vergader.

MENSLIKEHULPBRONNEKOMITEE VAN DIE RAAD

Die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad se mandaat behels aanbevelings aan die Raad oor algemene strategie en breë beleid ten opsigte van personeelaangeleenthede, asook oor aanstellings en bevordering van senior bestuurslede. Verder maak die Komitee mededelings aan die Raad oor aanstellings en bevorderings op posvlak 4 ingevolge gedelegeerde bevoegdheid soos deur die Raad verleen.

Die Komitee bestaan uit vyf lede, naamlik die Raadsvoorsitter (as voorsitter); die Ondervoorsitter van die Raad; die Rektor; 'n lid van die Raad wat nie deur die personeel, studente of Universiteit aangewys is nie; en 'n lid wat deur die werknemersbelangegroepe van die Unviersiteit aangewys is. Verder dien twee ex officio-lede sonder stemreg ook op die Komitee, naamlik die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) en die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne. In die verslagjaar was al vyf posisies gevul, soos aangedui op bladsy 15 en 16. In 2017 het die Komitee vyf keer vergader.

OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE RAAD

Die Oudit- en Risikokomitee, waarvan die skriftelike mandaat en werksplan in 2017 bygewerk en deur die Raad goedgekeur is, doen aan die Raad verantwoording oor die volgende:

- die beskerming van bates en beleggings;
- die doeltreffendheid van die geïntegreerde versekeringsproses, veral rakende finansiële beheer;
- risiko-oorsigbestuur;
- inligting- en tegnologieoorsigbestuur;
- oorsig van die interne en eksterne ouditprosesse, -onafhanklikheid en -verslae;
- oorsig van die forensiese ouditproses en -verslag;
- evaluering van die finansiesfunksie se doeltreffendheid;
- voldoening aan die onderskeie statutêre vereistes;
- oorsig van die rekeningkundige beleid;
- oorsig van finansiële verslaggewing;
- geïntegreerde verslaggewing en volhounaarheidskwessies; en
- die stand van die Universiteit as lopende saak.

Die Oudit- en Risikokomitee van die Raad se Voorsitter en lede is lede van die Raad of ander eksterne persone wat oor die nodige finansiële kundigheid beskik om die Komitee met die doeltreffende uitvoering van sy pligte by te staan. Die Komitee funksioneer sedert 31 Oktober 2005 en bestaan uit sewe lede (kyk bladsy 15 en 16) en is tans voltallig. Die Komitee kan ook onafhanklike, professionele advies inwin om sy verantwoordelikhede uit te voer. Die Komitee vergader minstens vier keer per jaar, waarvan een vergadering uitsluitlik aan risko-verwante sake gewy word. Die vergaderings word deur sowel die interne en eksterne oudiiteure as lede van die senior bestuur van die Universiteit bygewoon. Die interne en eksterne oudiiteure se onbeperkte toegang tot die Komitee verseker hulle onafhanklikheid. Die Komitee onderwerp sy werkverrigting jaarliks aan selfevaluering.

SOSIALE- EN BESIGHEIDSETIEKKOMITEE VAN DIE RAAD

Die Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee (SBK) van die Raad het in 2015 van die grond afgekom, nadat die Komitee aan die einde van 2014 saamgestel is. Die sleutelfunksie van die Komitee is om as die sosiale gewete van die Universiteit te dien en om te verseker dat die Universiteit as 'n verantwoordbare korporatiewe burger optree. Die Komitee dra die oorhoofse verantwoordelikheid om etiese waardes en gepaardgaande -gedragskodes en -beleid te vestig, om te verseker dat die beginsels van etiese besigheidspraktyke nagekom word en om die impak daarvan te evalueer. Die Komitee maak die nodige mededelings en aanbevelings ten opsigte van sy bevindinge aan die Raad.

Die Komitee bestaan uit ses lede, naamlik twee nie-uitvoerende Raadslede, twee verteenwoordigers van die Universiteit se bestuurskorps, een personeellid met die vereiste kundigheid en een eksterne lid, wat ook 'n lid van die Oudit- en Risikokomitee is, soos aangedui op bladsy 15 en 16. Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende Raadslid.

Die Komitee het vier keer in 2017 vergader. Die hoofaspekte wat in 2017 oorweeg is, is onder andere die etiese kode, etiese aspekte rakende die verklaring van belange by senior aanstellings en die rol, verantwoordelikhede en magte van die Ombud.

TAALKOMITEE VAN DIE RAAD

Die Taalkomitee is verantwoordelik vir die oorsig oor taalkwessies en skakel met ander komitees en die uitvoerende bestuur van die Universiteit in die uitvoering van onder meer die volgende take:

- Toesig oor die monitering, assessering en meting van die Universiteit se aktiwiteite wat verband hou met taal.
- Oorweging van wesenlike nasionale en internasionale riglyne, beste praktyk en wetgewing ten opsigte van taal.
- Advisering van bestuur oor sensitiewe taalimplementeringskwessies wat dringend en deurlopend mag ontstaan.
- Oorweging van die Senaat se semesterverslae aan die bestuur sowel as die bestuur se reaksie daarop en aanbevelings daaroor aan die Raad.
- Beoordeling van die bestuur se jaarlikse taalverslag aan die Raad voor die Raadsvergadering en, indien nodig, die lewering van insette en aanbevelings by die Raad.
- Verseker dat die bestuur genoegsame kapasiteit in plek stel om die Universiteit se taalbeleid uit te voer.
- Deurgee van wesenlike waargenome risiko's aan die Oudit- en Risikokomitee.

Die Taalkomitee is saamgestel uit die Rektor; die Viserektor (Leer en Onderrig); vyf Raadslede aangewys uit die lede wat onderskeidelik deur die Senaat, die Minister, die Konvokasie, die Studenteraad en die onafhanklike lede van die Raad aangewys is; en 'n gekoöpteerde lid wat 'n kundige ten opsigte van taal en die pedagogiese waarde daarvan is. Die Voorsitter, 'n nie-uitvoerende Raadslid, word deur die Raad aangewys. Die Komitee kan na goeddunke addisionele persone met toepaslike vaardighede nader om vergaderings by te woon en die Komitee by te staan in die uitvoering van sy pligte. Die Komitee moet minstens twee keer per jaar vergader.

Die komitee het sy funksies in 2017 vir die eerste keer t.o.v. die nuwe hersiene taalbeleid uitgevoer. Effektiewe nuwe moniteringsmeganismes wat die Raad inrgestel het toon dat die beleid glad in werking getree het en nougeset deur fakulteite toegepas word. Twee opnames wat vroeg in die eerste en tweede semester onder studente gedoen is, bevestig die verslae van die fakulteite, Senaat en Bestuur dat die hersiene Taalbeleid daarin slaag om sy doelwitte te bereik.

VERGOEDINGSKOMITEE VAN DIE RAAD

Die Vergoedingskomitee is verantwoordelik vir die bepaling van algemene strategie en breë beleid ten opsigte van personeelvergoeding en -voordele, asook vir mededelings aan die Raad oor algemene vergoedingsaanpassings. Die Komitee maak ook aanbevelings aan die Raad oor die vergoeding van lede van die Rektoraat en die Ombud.

Die Vergoedingskomitee van die Raad is saamgestel uit die Voorsitter van die Raad, die Ondervoorsitter van die Raad (as voorsitter), twee Raadslede wat nie werknemers van die Universiteit is nie, die Rektor en drie ex-officio-lede (sonder stemreg), naamlik die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne; die Direkteur: Menslike Hulpbronne (Vergoeding en Voordele); en 'n lid vanuit die Bedryfshoof se verantwoordelikheidsentrum.

Die Vergoedingskomitee het twee keer in 2017 vergader en die Raad het sy aanbevelings aangaande sy beter omskryfde en uitgebreide mandaat aanvaar.

NAKOMING VAN WETTE, KODES, REGULASIES EN STANDAARDE

Die Univeristeit se interne oudiiteure het teen die einde van 2016 begin om sy nakomingsfunksie te assesseer. Daar is met bestuur ooreengekom op aksieplanne en 'n roetekaart, wat van 2017 tot 2018 in werking gestel sal word.

INLIGTINGVERSKAFFING ONDER PAIA

Universiteit Stellenbosch streef na 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid deur die voldoening aan die Wet op die Bevordering van Inligting (2 van 2000) (PAIA) en om daarom inligting te deel wanneer dit gepas is. Die Universiteit het op 11 April 2017 die voorgeskrewe verslag in terme van artikel 32 van PAIA, vir die tydperk April 2016 tot Maart 2017, aan die Menseregtekommissie gelewer. Van Januarie 2017 tot Desember 2017, het die Universiteit onder die Wet 11 versoeke om toegang tot inligting ontvang. Uit hierdie versoeke is vier toegestaan, een afgewys omdat die verlangde rekords nie bestaan nie (PAIA Artikel 23), drie afgewys as gevolg van die verpligte beskerming van die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is (PAIA Artikel 34), een van die hand gewys omdat dit regsgeprivilegieerd en die onderwerp van litigasie was (PAIA Artikel 40), en twee afgewys aangesien die betrokke rekords advies bevat het wat bekom is tydens adviserende konsultasie wat vertroulik aan die Universiteit Stellenbosch gegee is (PAIA Artikel 44).

VERSLAGDOENING INGEVOLGE KING III EN KING IV

Die *King Code of Governance Principles* (King III) is sedert 1 Maart 2010 op alle besigheidsentiteite, insluitende universiteite, van toepassing. Die Universiteit het in Augustus 2010 'n onafhanklike interne oudit van die mate van nakoming van die toepaslike King III-beginsels laat doen. Die Universiteit het in daardie stadium reeds aan die oorgrote meerderheid van die beginsels voldoen en het sedertdien 'n volledige aksieplan met die oog op die implementering van die uitstaande toepaslike beginsels opgestel. Die toepassing van die King IV-verslag se beginsels, wat in November 2016 gepubliseer is en waaraan voldoen moet word deur instellings waarvan die boekjaar na 1 April 2017 begin, is ook al in werking gestel.

Die Universiteit onderskryf die filosofie van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap soos vervat in King III en IV. King III vereis dat besigheidsentiteite wat verklaar dat hulle aan die beginsels voldoen, moet verduidelik op watter gebied voldoening nie moontlik was nie.

Die onderstaande tabel gee die beginsels waaraan die Universiteit soos op 31 Desember 2017 nie kon voldoen nie.

BEGINSELS VAN KING III WAARAAN DIE UNIVERSITEIT SOOS OP 31 DESEMBER NIE VOLDOEN NIE

Gebied	Verduideliking
Statuut van die Universiteit	Waar die gewysigde Statuut, wat aan die Wet op Hoër Onderwys voldoen, nie aan die vereistes van King III voldoen nie, sal kompenserende maatreëls ingestel word om aan die doel van die riglyne te voldoen. Die US Statuut word tans gewysig met die oog daarop om aan King IV te voldoen.
Opvolgbeplanning en talentbestuur van Raadslede	Gegewe die feit dat Raadslede op grond van spesifieke kundigheid deur verskillende belangegroepe aangestel word, is talentbestuur nie moontlik nie. Opvolgbeplanning word gedoen deur die onderskeie belangegroepe wat vir die aanstelling van hulle verteenwoordigers in die Raad verantwoordelik is.
Raadskomitees	King III vereis dat die onderskeie Raadskomitees hulle reglemente jaarliks hersien en 'n selfbeoordeling van die komitee uitvoer. Met inagneming daarvan dat die aard van sommige komitees slegs halfjaarlikse vergaderings vereis, is die jaarlikse hersiening van hierdie reglemente en selfbeoordeling onprakties. Wanneer die nuwe Statuut van krag word, sal alle Raadskomitees se reglemente hersien en aangepas word om daarmee ooreen te kom.
Vergoedings-openbaarmaking	Vergoedingsopenbaarmaking voldoen aan die vereistes soos gestel deur die Regulasies vir Verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings, en daar word tans nie aan die King III-vereistes voldoen nie.
Opleidingsregister van Oudit- en Risikokomiteelede	Gegewe die kundigheid van die lede en die posisies wat hulle beklee, word bykomende opleiding van Oudit- en Risikokomiteelede nie nodig geag nie. Daar sal van die lede verwag word om op 'n gereelde grondslag hulle deurlopende professionele opleiding en ontwikkeling te bevestig.

BEGINSELS VAN KING III WAARAAN DIE UNIVERSITEIT SOOS OP 31 DESEMBER NIE VOLDOEN NIE vervolg	
Gebied	**Verduideliking**
Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk en verslagdoening	'n Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk is deur die bestuur en interne ouditeure ontwikkel en is in 2017 deur die Oudit- en Risikokomitee van die Raad goedgekeur. Gevolglik is 'n bykomende vergadering wat net aan risikobestuur gewy word tot die Komitee se jaarlikse skedule gevoeg (kyk bladsy 70).
Versekering van voldoening aan wetgewing	Die aanstelling van 'n addisionele regsadviseur in Regsdienste ter ondersteuning van die Direkteur gee ruimte vir die ontwikkeling van die nakomingsfunksie deur onder andere die opstel van 'n wetlike nakomingsreglement, plan en raamwerk. 'n Interne-ouditassessering van die nakomingsfunksie sal riglyne gee vir aksies en stappe vorentoe. Die verantwoordelikheid vir nakoming bly primêr op operasionele vlak, op een lyn met die verankerde risikobestuursmodel (kyk bladsy 72). 'n Nakomingsbeampte is teen die einde van 2017 aangestel.

Voldoening aan King III en King IV se beginsels is 'n deurlopende proses en die voldoening aan korporatiewe bestuursbeginsels word gedurig geëvalueer. Die Universiteit het reeds prosesse in plek om die effek en implementering van King IV te evalueer ten einde nakoming te verseker. Etlike van die Universiteit se vernuwings in oorsigbestuur word in die Bedryfshoof se verslag onder "Behoorlike en verantwoordelike oorsigbestuur" op bladsy 44 bespreek.

FINANSIËLE EN KORPORATIEWE BESTUUR

Effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels word gebruik om die akkuraatheid van die Universiteit se rekeningkundige rekords en die integriteit van die data wat vir die voorbereiding van finansiële jaarstate gebruik word, te verseker.

Daar is inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige interne beheerstelsel, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of omverwerping van beheermaatreëls. Gevolglik kan selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling ten opsigte van finansiële inligting verskaf.

Die interne en eksterne ouditeure evalueer die effektiwiteit, doeltreffendheid en betroubaarheid van die finansiële bestuur- en interne beheerstelsels. Gebreke in die stelsels word onder die aandag van die bestuur en, waar toepaslik, van die Oudit- en Risikokomitee gebring. Stappe word getrou gedoen om beheergebreke reg te stel en bied geleenthede om die stelsel te verbeter na gelang gebreke geïdentifiseer word. Die Universiteit het ook 'n formele prosedure vir die aanmelding van moontlike ongerymdhede of bedrog.

Die Universiteit funksioneer volgens 'n waardestelsel wat in sy Strategiese Raamwerk uiteengesit word en deur die universiteitsgemeenskap aangeneem is. Finansiële bestuur berus op 'n stel beginsels wat die Raad op 19 Mei 2003 aangeneem het. Die Universiteit het ook 'n Beleid vir die Versekering en Bevordering van Eties-verantwoordbare Navorsing. Hierdie beleid word deur vyf etiekkomitees (twee vir navorsing met betrekking tot gesondheid en een elk vir navorsing met betrekking tot mensdeelnemers, die sorg vir en gebruik van diere, en omgewings- en bioveiligheid) toegepas om te verseker dat navorsers in elke verhouding met subjekte en objekte waarin hulle tydens wetenskaplike navorsing betrokke raak, in ooreenstemming met die tersaaklike etiese norme optree. Die etiese norme wat in die beleid uiteengesit word, geld reeds vanaf die evaluering van die doel van die bepaalde navorsing en die formulering van die onderwerp van navorsing, en is ook bindend ten opsigte van finansieringsbronne; kliënte; die gemeenskap; die fisiese, biologiese en sosiale omgewing; die veiligheid van navorsers en medewerkers; en die navorser se persoonlike verantwoordelikheid.

TENDER- EN AANKOOPPROSEDURES

Die Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van 'n gesentraliseerde aankoopbeleid en -prosedure wat op etiek, billikheid, onpartydigheid, deursigtigheid en mededingende kostedoeltreffendheid berus. Sodoende wil die Afdeling alle diensverskaffers uit alle gemeenskappe die geleentheid bied om met die US sake te doen, ongeag ras, geslag of geloof.

Prysafsnypunte bepaal wanneer tenders vir die aankoop van dienste of produkte aangevra of hoeveel kwotasies ingewin moet word. Verder word daar onderskei tussen institusionele-, strategiese en kapitaaltenders, sowel as tenders wat nie die werking van die US in die geheel beïnvloed nie, soos die aankoop van navorsingstoerusting. Hierdie aankope is elk onderworpe aan 'n aparte stel reëls wat betref die vereiste goedkeuring voordat tenders aangevra en toegeken kan word. Die reëls word in die US se Aankoop- en Tenderbeleid sowel as die Reglement aangaande Delegasie van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede vervat. Voor elke tenderbeoordeling moet die lede van die tenderkomitee 'n belangeverklaringsvorm voltooi. Indien dit sou blyk dat enige lid 'n belangebotsing het, neem die lid nie aan die beoordeling deel nie.

Na arbeidsonrus het die Rektoraat in 2016 besluit dat alle tenders vir deurlopende dienste, waaronder skoonmaakdienste, voortaan ingevolge 'n nuwe sogenaamde lewensvatbare kontrakteringsmodel hanteer moet word. Met dié model sal die Universiteit op 'n deursigtige wyse en met inagname van verskeie belanghebbendes se insette op die optimale oplossing vir die verskaffing van hierdie dienste aan die US kan besluit. (Kyk ook na die Bedryfshoof se verslag op bl 44.) Die onderliggende beginsels van die model sluit in:

- menswaardigheid;
- volhoubaarheid van die US;
- finansiële haalbaarheid;
- deursigtigheid en vertroulikheid;
- insette van belanghebbendes;
- ondertekening van 'n gedragskode;
- korporatiewe oorsig; en
- beste wedersydse voordeel.

In 2017 is tenders volgens hierdie model vir onder meer die voorsiening van deurlopende sekuriteitsdienste en landskaperings- en tuinboukundige dienste toegeken. Tenders is ook vir verskeie kapitaalprojekte aangevra, waarvan die grootste die projek vir die bou van 'n nuwe leer en onderrigsentrum was, die Jan Mouton Leersentrum. Die lede van die tenderkomitees word in die volgende tabelle gegee.

LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE VOORSIENING VAN SEKURITEITSDIENSTE	
Naam	**Hoedanigheid**
Me M du Toit	Hoof: Transformasiekantoor
Mnr V van der Walt	Direkteur: Risiko en Beskermingsdienste
Mnr A Echardt	Operasionele Bestuurder: Risikobestuur en Kampussekuriteit
Mnr B Malan	Voldoeningsbeampte: SunKom
Mnr E Mouton	Direkteur: Besigheidsbestuur: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Me A Rossouw	Fasiliteitsbestuurder
Me F Majiet	Direkteur: Finansiële Dienste
Me M Malan	Besigheidsbestuurder: Fasiliteitsbestuur
LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE VOORSIENING VAN LANDSKAPERINGS- EN TUINBOUKUNDIGE DIENSTE	
Mnr H Swanepoel	Direkteur: SunKom
Me C Klein	Fasiliteitsbestuurder
Me M Malan	Besigheidsbestuurder: Fasiliteitsbestuur
Mnr J de Wet	Omgewingsvolhoubaarheidsbestuurder
Me M Pittaway	Omgewingspesialis
Me M du Toit	Hoof: Transformasiekantoor
Me F Majiet	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr N Gafieldien	Direkteur: Eiendomsdienste
LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE BOU VAN DIE LEER- EN ONDERRIGSENTRUM	
Me I Louw	Senior Projekbestuurder
Mnr AC Kriel	Bestuurder: Kapitaalprojekte
Me M Malan	Besigheidsbestuurder: Fasiliteitsbestuur
Mnr JA Engelbrecht	Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling (waarnemend)
Me N van den Eijkel	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur

In al bogenoemde gevalle het die evaluerings en aanstellings ingevolge die bepalings van die US se Aankoop- en Tenderbeleid en die US se Reglement aangaande Delegasie van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede plaasgevind.

STUDENTEDEELNAME

Die deelname van studente aan besluitneming is vir die Universiteit belangrik, soos ook in die Strategiese Raamwerk uiteengesit word.

Op makrovlak het studente sitting in die hoogste formele gesagstrukture, soos die Studenteraad-verteenwoordiging in die Raad, die Senaat en die Institusionele Forum. Studente is ook lede van die fakulteitsrade, Studentegeldekomitee, die Eregradekomitee, die Sosiale-impakkomitee en die keuringskomitees vir die aanwys van die Rektor en Viserektore. Verder dien studente in verskeie belangrike werkskomitees, soos die Komitee vir Beurse en Lenings, die Sentrale Dissiplinêre Komitee, die Gehaltekomitee, die Biblioteekkomitee en die Studentehuisvestingskomitee. Vanuit die fakulteite word studenteverteenwoordigers aangewys wat die Akademiese Belangeraad (ABR) vorm, waarvan die Voorsitter en Ondervoorsitter verskeie verteenwoordigingsfunksies in die sfeer van die Viserektor (Leer en Onderrig) vervul. Hulle dien onder andere in die Akademiese Beplanningskomitee en die Komitee vir Leer en Onderrig.

Verskeie adviesforums – byvoorbeeld vir studente met spesiale leerbehoeftes of MIV/Vigs of wat geteister word of middels misbruik – maak ook van studente se vaardighede en kennis gebruik. Die Bekendstellings- en Moniteringswerkgroep, wat die verwelkoming van nuwelingstudente bestuur, bestaan uit verskeie studenteverteenwoordigers en al die monitors op een na kom uit studentegeledere. Die Universiteit van Stellenbosch se Adviesforum vir Studenteondersteuningsdienste (USASO) sluit ook studenteverteenwoordigers in.

Die Studenterade van Stellenbosch, Tygerberg en die Militêre Akademie help studente om as leiers te ontwikkel. Leierskapontwikkelingsgeleenthede vir alle posisionele leiers (ook van koshuise en privaatstudentewyke), sowel as nieposisionele leiers, word deur die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling binne die Afdeling Studentesake aangebied. Die grondwet van die Verenigingsraad maak daarvoor voorsiening dat studenteverenigings, onder leiding van 'n Studenteraadslid, 'n meer gestruktureerde rol in die uitbouing van 'n diverse en gesonde studentegemeenskap speel.

Die Studenteraadsvoorsitter en die ABR-voorsitter het elke twee maande 'n vaste geskeduleerde vergadering met die Viserektor (Leer en Onderrig), afgesien van ad hoc-vergaderings wat gehou word na gelang die hantering van sake. Daarbenewens vergader die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad minstens tien keer per jaar met die Rektor se Bestuurspan om algemene bestuursaangeleenthede te bespreek.

SENAATSVERSLAG
aan die Raad

As statutêre liggaam het die Senaat in die verslagjaar 'n belangrike bydrae gelewer om die Universiteit Stellenbosch as volwaardige 21ste-eeuse universiteit te posisioneer. Die Senaat het in 2017 vier keer vergader om bydraes deur sy verskillende komitees en rade te bespreek, naamlik die Uitvoerende Komitee van die Senaat, die Aanstellingskomitee, die Gehaltekomitee, die fakulteitsrade, die Komitee vir Leer en Onderrig, die Hertoelatingsappèlkomitee, die Akademiese Beplanningskomitee, die Sosiale-impakkomitee, die Biblioteekkomitee, die Navorsingskomitee, die Senaat-Navorsingsetiekkomitee en die Eregradekomitee (kyk "Ons oorsigbestuurstruktuur" op bladsy 14). Ná die besprekings is spesifieke aanbevelings by die Raad gedoen.

Sake wat by die Senaatsvergaderings aandag ontvang het, was die aanbeveling by die Raad van 'n aantal nuwe akademiese programme, 'n Transformasieplan, wysigings aan die Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse, sowel as die aanstelling van dekane. Laasgenoemde behels aanbevelings oor dekaansaanstellings in die fakulteite Opvoedkunde; Lettere en Sosiale Wetenskappe; Teologie; en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Daarbenewens het die Senaat doktorale navorsingsonderwerpe goedgekeur en verskeie onderrig- en gemeenskapsaktiwiteite in verband met die akademie bespreek.

Weens beperkte plek en die groot getal aansoeke wat ontvang word, is alle voorgraadse programme van die Universiteit die afgelope aantal jaar reeds keuringsprogramme.

VERANDERING IN AKADEMIESE STRUKTURE

Daar was geen veranderinge in akademiese strukture gedurende 2017 nie.

BEVORDERING VAN PROGRAMVERNUWING

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Raad op Hoër Onderwys het in 2017 die volgende nuwe programme goedgekeur en geakkrediteer:

Voorgraads

Geen voorgraadse programme is goedgekeur nie.

Nagraads

- MA in Openbare Sosiologie en Antropologie;
- Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie;
- Naamsverandering van Magister in Bewuste Teenwoordigheid na MPhil in Bewuste Teenwoordigheid;
- Nagraadse Diploma in Ingenieurswetenskappe;
- Magister in Ingenieurswetenskappe in Biomediese Ingenieurswese (Gestruktureerd);
- Magister in Ingenieurswetenskappe in Biomediese Ingenieurswese (Navorsing);
- Doktor in die Wysbegeerte in Biomediese Ingenieurswese;
- MSc in Implementeringswetenskappe;
- Professionele LLM in Intellektuele Goedereg;
- Professionele LLM in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering; en
- Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering.

SENAATSAMESTELLING

Die Senaat is saamgestel volgens die voorskrifte van die Institusionele Statuut van die Universiteit en bestaan uit:

- die Rektor en Visekanselier, prof WJS de Villiers (voorsitter);
- die Rektoraat, naamlik:

  prof TE Cloete (Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies);

  prof HC Klopper (Viserektor: Strategie en Internasionalisasie);

  prof NN Koopman (Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel);

  prof A Schoonwinkel (Viserektor: Leer en Onderrig); en

  prof L van Huyssteen (Bedryfshoof);
- die Registrateur, dr RR Retief (Sekretaris);
- twee lede van die Raad (elk vir 'n termyn van twee jaar), naamlik me G Arangies en prof PW van der Walt;
- alle volprofessore van die Universiteit;
- vyf medeprofessore;
- vier Studenteraadslede;
- twee akademiese personeellede wat nie professore of medeprofessore is nie;
- twee administratiewe personeellede;
- twee tegniese personeellede;
- departementele voorsitters wat nie volprofessore is nie;
- twee sekundusdekane in die Fakulteit Krygskunde; en
- alle visedekane wat nie volprofessore is nie.

Die Raad het ook die volgende persone tot lede van die Senaat verklaar:

- Die hoofdirekteure van Fasiliteitsbestuur; Finansies; Sport; en Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne.
- Die senior direkteure van die Biblioteek- en Inligtingsdiens; Informasietegnologie; Innovasie en Besigheidsontwikkeling; Institusionele Navorsing en Beplanning; Korporatiewe Kommunikasie; Leer- en Onderrigverryking; die Nagraadse en Internasionale Kantoor; Navorsing; Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge; Sosiale Impak; Studentesake; en Voornemende Studente.
- Die direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer.

BYDRAE TOT DIE VISEREKTORE SE PORTEFEULJES

In die verslagtydperk het die Senaat 'n omvattende en kundige bydrae tot die portefeuljes van Leer en Onderrig; Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies; Sosiale Impak, Transformasie en Personeel; en Strategie en Internasionalisasie gelewer het. Vir nadere besonderhede oor hierdie portefeuljes, blaai gerus na die verslae van die onderskeie viserektore (bladsy 48 tot 69). Die Universiteit erken boonop uitnemendheid deur die toekenning van eregrade, 'n Kanseliersmedalje en Kanselierstoekennings – lees vanaf bladsy 96 meer hieroor.

Prof Wim de Villiers

Voorsitter van die Senaat

Die Senaat van 1904
Die Senaat van die Victoria Kollege, wat die Universiteit Stellenbosch in 1918 geword het, in die foyer van die Ou Hoofgebou.

Verslag van die

INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat die Universiteitsraad ingevolge artikel 31(1) van die gewysigde Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 oor beleidsake adviseer, wat insluit die toepassing van die bepalings van voormelde wet en van die nasionale beleid oor hoër onderwys.

IF-bedrywighede bestaan uit vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word, sowel as gespreksgeleenthede tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektoraat. Die IF maak van tyd tot tyd van drie taakgroepe oor onderskeidelik diversiteit en billikheid, institusionele beplanning, en institusionele kultuur gebruik om sy werksaamhede vinniger af te handel. Lede dien vrywillig in die taakgroep(e) van hulle keuse. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys word deeglik te ondersoek en daaroor verslag te doen by die IF, wat dan weldeurdagte advies aan die Raad bied. Die jongste wysigings aan die Wet op Hoër Onderwys verplig nou die Raad van die US om voormelde advies te oorweeg en, indien dit nié aanvaar word nie, skriftelike redes daarvoor aan die IF te verskaf.

Dr HP Muller, eerste Voorsitter van die Institusionele Forum 1999

Mnr Le Roux Burrows Voorsitter: Institusionele Forum

SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Statuut van die Universiteit bepaal dat die IF uit 32 lede bestaan. Agt lede word ingevolge voorskrifte uit elk van die vier sektore van beheer en bestuur, personeel, studente en die gemeenskap aangewys. Noudat daar kennis gegee is dat die Statuut gewysig sal word, sal die samestelling van die IF in 2018 indringende aandag moet ontvang, ook in die lig van die nasionale tendens.

WERKSAAMHEDE

Die IF se plig is om die Raad oor beleidsdokumente te adviseer en kommentaar te lewer op hoe die Universiteitsbestuur die Wet op Hoër Onderwys toepas. Hiervoor vergader die volledige IF en sy uitvoerende komitee elk vier keer per jaar. Spesiale vergaderings kan ook in spoedeisende gevalle belê word en een so 'n vergadering oor die nuwe Toelatingsbeleid het inderdaad die afgelope jaar plaasgevind. By elke vergadering van die uitvoerende komitee word die agenda van die volgende IF-vergadering bepaal. Die uitvoerende komitee probeer ook voor elke IF-vergadering met die Rektoraat vergader.

Boonop probeer die IF deurlopend op spesifieke sake benewens sy wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede konsentreer om die Raad van proaktiewe advies vir oorweging en verdere ondersoek te voorsien. Deurgaans word die strategiese prioriteite van die Universiteit vooropgestel.

Teen die einde van Mei 2017 het twee lede ook die IF op kort kennisgewing by 'n vergadering van die parlementêre portefeuljekomitee oor hoër onderwys verteenwoordig.

TRANSFORMASIE OP KAMPUS

Die IF bly verbind tot daadwerklike betrokkenheid by versnelde transformasie om 'n kultuur van inklusiwiteit op die Universiteit se kampusse te vestig. In dié verband dien 'n IF-verteenwoordiger in die Transformasiekomitee, wat onder leiding staan van die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) en aan die Rektoraat verslag doen.

AANSTELLING VAN SENIOR PERSONEEL

Die IF het ingevolge die toepaslike reglemente aan die prosesse vir die aanstelling van verskeie dekane deelgeneem. Hiervoor het die IF telkens een lid gekies om in die onderskeie keuringskomitees te dien.

KOMMENTAAR OP VOORGESTELDE BELEIDE

Universiteitsbeleide waaroor die IF die Raad in 2017 deur middel van formele verslae geadviseer het, was:

- die finale Toelatingsbeleid;
- die Beleid insake Kortkursusse;
- die Beleid oor Nie-ouditdienste; en
- die Beleid insake Sentrums, Buro's en Institute (SBI's).

Die IF steun die oorhoofse bedoelings van bogenoemde beleide. Die Forum het tegniese en redaksionele verstellings aan van die beleide voorgestel, en die noodsaaklikheid van opleiding en bemagtiging vir doeltreffende beleidstoepassing benadruk.

In die lig van die Universiteit se Visie 2030, waarvolgens die instelling daarna streef om verwelkomend en inklusief te wees, sal die IF voortgaan om aanbevelings vir wysigings aan beleide en regulasies te maak om dié visie te verwesenlik.

SLOTOPMERKINGS

Die IF voel baie sterk daaroor dat die bestaande gedragskodes vir personeel en studente deurlopend aandag moet ontvang sodat verseker word dat die vestiging van 'n inklusiewe kultuur op die kampus versnel kan word. Die strewe na 'n kultuur van verdraagsaamheid en luister is hier veral belangrik.

Daarbenewens is die IF positief oor die opbouende gesprekke wat oor die voorgestelde nuwe raamwerk vir die aanstelling van senior personeel (posvlak 1-4) plaasgevind het.

Met die oog op die toekoms wil die IF sy normale, wetlik voorgeskrewe werksaamhede gedurende 2018 voorsit, maar ook daadwerklik daarop konsentreer om kampusgesprekke oor aspekte van diversiteitsbevordering en transformasie aan te moedig. Terugvoering sal in formele verslae aan die Raad gegee word.

Mnr Le Roux Burrows
Voorsitter van die Institusionele Forum

Van die eerste bruin Matie-studente in 1978
Die IF bly verbind tot daadwerklike betrokkenheid by versnelde transformasie om 'n kultuur van inklusiwiteit op die Universiteit se kampusse te vestig.

Vordering met ons

STRATEGIESE PRIORITEITE

In hierdie hoofstuk bied die Rektor en Visekanselier se verslag 'n oorsig oor hoe die Universiteit presteer het teenoor sy strategiese prioriteite, strategiese bestuursaanwysers en Raadsteikens in die oorsigjaar. Die Bedryfshoof en Viserektore doen in meer besonderhede verslag oor hoe hulle verantwoordelikheidsentrums presteer het ten opsigte van hulle strategiese doelwitte. Laasgenoemde verslae bied 'n uiteensetting van hoe hulle geïntegreerde planne – wat die sakeplanne van die entiteite onder hul bestuur saamvat – 'n stewige platform gevestig het vir die strategiese rigting wat die Universiteit Stellenbosch as 21ste-eeuse universiteit ingeslaan het. Dié rigting behels die strategiese prioriteite, temas en doelwitte soos uiteengesit op bladsy 6 en 7.

Die

REKTORAAT

Die Rektor, Bedryfshoof en Viserektore is die uitvoerende bestuur van die Universiteit. Hulle is ampshalwe lede van die Senaat en van die Universiteitsraad. Die Registrateur is verantwoordelik vir institusionele oorsigbestuursondersteuning, regsdienste en die akademiese administrasie van die Universiteit. Die Rektoraat word hier aangebied soos op 31 Desember 2017.



Die Raad van Victoria Kollege in 1917
Agter van links na regs: TJ de Waal, FW Roberts, CM Neethling, PD Cluver. Voor van links na regs: JH Neethling, JL Marais, A Moorrees, DS Botha. Afwesig: DF Malan.

REKTOR EN VISEKANSELIER

Prof Wim de Villiers
MB,ChB, MMed (Int), LKG(SA), DPhil, MHCM, DSc hc
Sluit by die Universiteit aan in 2015 met sy aanstelling as Rektor en Visekanselier

BEDRYFSHOOF

Prof Leopoldt van Huyssteen
BScAgric, HonsBScAgric, MScAgric, PhDAgric
Sluit in 1999 by die Universiteit aan; aangestel as Bedryfshoof in 2013; tree af op 31 Desember 2017

BEDRYFSHOOF

Prof Stan du Plessis
BCom, HonsBCom, MPhil, PhD
Sluit in 1999 by die Universiteit aan; neem waar as Bedryfshoof in 2017 met posbekleding op 1 Januarie 2018

VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)

Prof Arnold Schoonwinkel
HonsBIng, MIng, MBA, PhD, PrIng
Sluit in 1988 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Leer en Onderrig) in 2012

VISEREKTOR (NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIES)

Prof Eugene Cloete
BSc, HonsBSc, MSc, DSc
Sluit in 2009 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Navorsing en Innovasie) in 2012 met uitbreiding van die portfolio in 2015

VISEREKTOR (STRATEGIE EN INTERNASIONALISASIE)

Prof Hester Klopper
BACur, MCur, PhD, MBA, DNurs hc, FAAN, ASSAf
Sluit in 2016 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Viserektor (Strategie en Internasionalisasie)

VISEREKTOR (SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL)

Prof Nico Koopman
BA, BTh, HonsBTh, DTh
Sluit in 2001 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) in 2016

REGISTRATEUR

Dr Ronel Retief
BA, HonsBA, MA, DLitt
Sluit in 1998 by die Universiteit aan; aangestel as Registrateur in 2017

UITVOERENDE BESTUURDER: REKTORAAT

Dr Jerome Slamat
BCom, HOD, MEd, PhD
Sluit in 2004 by die Universiteit aan; aangestel as Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat in 2015

Verslag van die

REKTOR EN VISEKANSELIER

Die Universiteit Stellenbosch (US) het in 1918 volgens 'n parlementêre wet uit Victoria Kollege tot stand gekom. Aan die vooraand van ons Eeufees was ons in 2017 ideaal geplaas om na te dink oor ons reis tot hier, en om vasberade verder te stap onderweg na die instelling wat ons graag wil wees. Terselfdertyd het ons op die hede bly konsentreer – want die belangrike werk van die Universiteit gaan voort, ongeag wat.

Die US is deesdae 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling wat 'n kernbydrae tot menslike ontwikkeling in ons land, op ons vasteland en in die res van die wêreld lewer. Ons graduandi is goed gekwalifiseerd en internasionaal gesog, ons navorsing is innoverend en relevant, en ons sosiale impak is omvattend.

Ons kan die US se werksaamhede in 2017 in drie hoofgebiede indeel: voorbereidings vir ons Eeufees in 2018, werk aan 'n nuwe visie en strategie om die Universiteit die toekoms ná 2018 in te neem, en verdere vordering in ons kernbedrywighede – veral navorsing en innovasie, leer en onderrig, en sosiale impak en transformasie.

Die instelling laat hom sedert 2013 deur sy *Institusionele Voorneme en Strategie* lei. Hierdie dokument word jaarliks in 'n Institusionele Plan omgeskakel, wat in 2017 uit sewe hoofstrategieë bestaan het: om toegang te verbreed, momentum van uitnemendheid te handhaaf, sosiale impak te vergroot, internasionalisasie uit te brei, sistemiese transformasie te bevorder, sistemiese volhoubaarheid te versterk en die Kampusvernuwingsprojek uit te voer.

In die verslagtydperk het ons hierdie strategieë geïntegreerd oor die hele instelling heen nagejaag. Bestuursverantwoordelikheidsentrums het die bedrywighede van alle steundienste en fakulteite van die Universiteit gekoördineer sodat ons saam vorentoe kon beweeg. Hierdie geïntegreerde jaarverslag van die Universiteit Stellenbosch besin oor ons vordering in hierdie verband.

In die paragrawe wat volg, lig ek beduidende prestasies in die strewe na ons sewe institusionele strategieë in die loop van die verslagjaar uit. Vir meer besonderhede, raadpleeg gerus die res van die verslag.

Prof JJ Smith, eerste Rektor, Universiteit Stellenbosch, 1918

Prof Wim de Villiers Rektor en Visekanselier

VERBREED TOEGANG

Die diversiteit van sowel ons personeel- as studentekorps het in 2017 verbeter. Ons bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)kontingent het tot 46,7% van alle personeellede en 40,1% van alle studente gestyg. Die US word weliswaar meer inklusief. Dieselfde geld geslagsverteenwoordiging, met permanente vrouepersoneel wat nou 57,1% van die algehele personeelkorps uitmaak. In ál hierdie kategorieë is daar ook planne om verder te verbeter.

Daarbenewens het ons Eenheid vir Gestremdhede tien jaar oud geword. Die US het in 2017 altesaam 349 geregistreerde studente met gestremdhede gehad, synde daardie studente wat hulleself as persone met gestremdhede identifiseer en die US om die een of ander vorm van steun genader het. 'n Paar van die hoogtepunte was om te sien hoe tien studente wat deur die Braille-eenheid bygestaan is, in Desember gradueer, en om te kyk hoe nege lede van die Maties Parasportklub aan die Internasionale Para-atletiekkampioenskapstoernooi in Londen deelneem, waar ons 12 van Span SA se 15 medaljes verower het.

HANDHAAF MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Vir die akademiese jaar 2017, wat die gradeplegtighede van Desember 2017 sowel as Maart 2018 insluit, het die US weer die rekords laat spat met die getal kwalifikasies wat verleen is. Ons het altesaam 9 032 grade, diplomas en sertifikate toegeken. Hiervan was 1 620 magistergrade en 305 PhD's – albei nuwe rekords – waarvan onderskeidelik 44% en 41% aan bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërontvangers oorhandig is, wat van die US se bydrae as 'n nasionale bate getuig.

Boonop het ons 'n jaarlikse stelsel van institusionele onderrigtoekennings van stapel gestuur om ewe veel institusionele steun te verleen aan uitnemende leer en onderrig as wat ons normaalweg aan navorsing en innovasie toesê. Die toekennings is deel van 'n verskeidenheid maatreëls wat ontwerp is om 'n kader akademici toe te rus om deur hulle onderrig in hulle vakrigtings en oor die hele instelling inspirasie en leiding te bied.

Die US het ook weer topstudente gewerf. 'n Verstommende 46% van die jaar se kohort nuwelingeerstejaars het die vorige jaar 'n gemiddeld van 80% en hoër in hulle Nasionale Senior Sertifikaateksamen behaal, en 41% 'n gemiddeld van tussen 70% en 79%.

Ons studente se sukseskoers het in 2017 'n nuwe hoogtepunt van 87,1% behaal.

Op die gebied van navorsing en innovasie het die US sy getal nadoktorale genote, navorsers met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting sowel as ons getal patentaansoeke verder uitgebrei. Ander hoogtepunte in 2017 was die US se derde satelliet wat in 'n wentelbaan geplaas is, en ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se aankondiging dat 'n span van die US en die Akademiese Hospitaal Tygerberg 'n tweede penisoorplanting uitgevoer het. Met dié prestasie het dit die eerste mediese sentrum ter wêreld geword om die prosedure twee keer met welslae te voltooi nadat hulle die wêreld se eerste sodanige oorplanting in 2014 gedoen het.

VERGROOT SOSIALE IMPAK

Namate die droogte in die Wes-Kaap in die verslagjaar al hoe vaster gevat het, het 'n US-inisiatief die publiek se verbeelding aangegryp. Ons Fakulteit Ingenieurswese het met 'n slimwatermeter vorendag gekom wat by honderd skole in werking gestel is en hulle nie net help water bespaar het nie, maar ook die bewaringsboodskap wyd en syd help verkondig het. Dít was maar een voorbeeld van die US se impak op die groter samelewing. Die wetenskap-vir-die-samelewing-raamwerk is teen dié tyd goed vasgelê by die US, dog sonder om ons toewyding aan basiese wetenskap prys te gee.

Die waardes waarna ons streef, het 'n ewe sterk impak op kampus gehad. Die US beskou universiteite as plekke van diskoers en gesprek. Daarom hou ons gereeld geleenthede op kampus om tot die nasionale gesprek oor aktuele maatskaplike kwessies by te dra. 'n Aantal vooraanstaande sprekers, waaronder prof Homi Bhabha, me Judith February en regters Albie Sachs en Mahomed Navsa, het hierdie geleenthede in die verslagjaar bygewoon en klem gelê op die behoefte om Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie te beskerm.

BREI INTERNASIONALISASIE UIT

Nadat ons in 2016 'n nuwe verantwoordelikheidsentrum vir internasionalisasie op topbestuursvlak tot stand gebring het, het dié gebied heelwat verdere aandag in die oorsigjaar ontvang. Soos die Viserektor (Strategie en Internasionalisasie) ook uitwys, is die internasionalisasieopdrag om "die US na die wêreld te bring, en die wêreld na die US".

Ons maak goeie vordering om ons reputasie uit te bou – nie net in Suid-Afrika en op die res van ons vasteland nie, maar ook oorsee. Dít blyk duidelik uit die studente wat ons werf, ons internasionale vennote se bereidheid om met ons saam te werk, en die toenemende getal versoeke van universiteite wêreldwyd wat US-medewerkers wil word.

Om vorentoe te beweeg in die strewe na die US se strategiese doelwit van internasionalisasie, is die Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisasie in 2017 gestig. Die doel van die komitee is om US Internasionaal oor kwessies van internasionalisasie te adviseer en internasionalisasie aan die Universiteit te bevorder.

Ondanks ons wêreldvisie, handhaaf ons ook 'n besonder sterk teenwoordigheid in Afrika buite ons eie landsgrense. Ons het byvoorbeeld meer as 400 samewerkingsprojekte in 42 Afrikalande met meer as 600 Afrikamedewerkers. Daarbenewens dien ons as gasheer vir die sekretariaat van die NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE), neem deel aan pan-Afrikakonsortiums soos PERIPERI-U (wat ramprisikovermoë bou) en TRECCAfrica (wat vaardighede bou om klimaatsverandering en hulpbronuitputting te bestry), en is 'n aktiewe lid van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA).

BEVORDER SISTEMIESE TRANSFORMASIE

Belangrike eksterne rolspelers het in 2017 al hoe meer vertroue uitgespreek in die US as 'n instelling wat voortdurend transformeer.

PARLEMENTÊRE PORTEFEULJEKOMITEE

Ons het in Mei vir die derde jaar in 'n ry voor die parlementêre portefeuljekomitee oor hoër onderwys en opleiding verskyn. Ons het verslag gedoen dat die US se Transformasieplan twee maande vantevore goedgekeur is. Die komitee het die US vir ons vordering geloof, maar ook belangrike vrae geopper, soos dit inderdaad hoort. Die Parlement vervul 'n belangrike toesigrol in Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie. Die US is 'n trotse openbare universiteit en doen dus graag op dié manier aan die nasie verslag. Ons het die komitee ingelig dat hoewel die US nog baie het om te doen, ons vasbeslote is om vol te hou en ons transformasiereis saam met al ons belanghebbendes voort te sit.

GESLAGSKOMMISSIE

In November het ons in Johannesburg 'n voorlegging oor ons vordering met geslagsgelykheid aan die Kommissie vir Geslagsgelykheid gedoen. Ons het uitgewys dat 54% van ons studente en 56% van ons personeellede vroue is. Ook wat kwalifikasies betref, word die meeste aan vrouestudente toegeken. Van alle US-graduandi in 2016, was 56% van voorgraadse en 55% van nagraadse studente vroue. Boonop is 56% van diegene in Universiteitshuisvesting vroue. Geslagsgelykheid onder personeellede toon 'n positiewe tendens, hoewel ons erken dat vroue nog onderverteenwoordig is in die akademiese korps en op senior vlakke, sowel akademies as in die bestuur. Dít ontvang aandag.

Ons het die Kommissie vir Geslagsgelykheid ook vertel van die werk van ons taakgroep oor verkragtingskultuur, wat die bestuur tot stand gebring het om die onderliggende faktore van geslagsgeweld op kampus te ondersoek. Die groep het bevind dat, nes in die algemene samelewing, geslagsgeweld nie net die slagoffers/oorlewendes nie, maar almal raak – personeellede, studente, vriende en familie van slagoffers/oorlewendes, sowel as die oortreders. Universiteite se rol om geslagsgeweld te hanteer gaan nie net daaroor om op kampus met studente in gesprek te tree nie, maar ook om ons graduandi toe te rus om agente vir verandering in die groter samelewing te wees.

KURRIKULUMHERSIENING

Institusionele programvernuwing is as 'n strategiese prioriteit vir die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig geïdentifiseer. Die inisiatief het in 2017 stukrag gekry met 'n werksessie, waarna elke fakulteit een program vir onmiddellike vernuwing uitgewys het. Die Programadvieskomitee het 23 nuwe programvoorleggings vir goedkeuring, akkreditasie en registrasie aan die owerhede voorgelê, vir implementering vanaf 2019.

Die kwessie van die dekolonisasie van die kurrikulum het spesiale aandag ontvang. 'n Taakgroep het 'n verslag onder die beskerming van die Senaat se Komitee vir Leer en Onderrig geskryf en 'n gespreksdokument is aan die Raad voorgelê.

Die gesprek oor sistemiese transformasie duur ook voort deur die hele Universiteit, onder meer in fakulteite en studenteomgewings.

VERSTERK SISTEMIESE VOLHOUBAARHEID

EEUFEESAKTIWITEITE

Die raamwerk om die US se Eeufees 2018 te vier is in 2017 bepaal. Ons het gesê dat ons groot prestasies en baanbrekerontdekkings aan die US oor die afgelope 100 jaar wil vier. Nietemin het die Universiteit dit ook duidelik gestel dat hy "sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede" erken en hom tot "gepaste regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe" verbind[1]. Voorts het ons onderneem om erkenning te gee aan die kritiese Matiestemme van die verlede wat aanhou praat het, al is hulle destyds verguis.

Teen hierdie agtergrond van uitnemende prestasies en waardevolle lesse uit ons komplekse geskiedenis, is die Eeufees met sy tema "100 jaar van leer, groei en saam vorentoe beweeg" 'n nuwe begin vir die US, synde 'n aktiewe en geesdriftige deelnemer aan Suid-Afrika se reis na 'n samelewing van geregtigheid.

HERSIENING VAN DIE INSTITUSIONELE STRATEGIE

'n Belangrike taak in die verslagjaar was om ons toekomsrigting te bepaal, met dié dat die US se bestaande rigtinggewende raamwerk, ons *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*, in ons Eeufeesjaar verstryk. Werk aan die US se nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 het in 2016 reeds begin. Vyf taakgroepe het in 2017 aan spesifieke aspekte gewerk en verskillende vlakke van bestuur oor die hele Universiteit het uitgebreide kommentaar gelewer. Personeellede en studente is ook geraadpleeg en die Raad het aspekte soos die voorgestelde visie, missie en waardes van die Universiteit bespreek.

Hoewel die fyner besonderhede nog uitgewerk sal word voordat 'n finale konsep voor die Raad dien, is daar eenstemmigheid daaroor dat ons 'n relevante universiteit wil wees wat 'n kernrol in die ontwikkeling van ons nasie en vasteland vervul. Ons wil ook bydra tot 'n samelewing van menswaardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal.

WATERKRISIS

Die dreigende waterkrisis in die Wes-Kaap het in 2017 ook 'n belangrike komponent van sistemiese volhoubaarheid uitgemaak. Ons het 'n vierledige strategie ontwikkel om die ononderbroke voortsetting van ons akademiese program te verseker. Dít behels die opknapping van bestaande infrastruktuur om water te bespaar en te herbruik, die ontsluiting van bykomende bronne deur middel van boorgate en filtreeraanlegte, samewerking met die tersaaklike owerhede op alle vlakke van regering, en kommunikasie met personeellede en studente om hulle by waterbesparingsprojekte te betrek.

HERWINNING

Ons is besonder trots op ons herwinningstatistieke. Die US herwin sowat 70% van alle algemene afval op ons Stellenbosch-, Tygerberg- en Bellvilleparkkampusse. Dít beteken minder afval beland op opvulterreine, wat ons 'n meer omgewingsvriendelike en volhoubare instelling maak.

OOREENKOMS MET DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

Die US het in Oktober 'n nuwe memorandum van ooreenkoms (MVO) met die Nasionale Departement van Verdediging onderteken ter versterking van ons verhouding, wat tot die jare sestig teruggevoer kan word. Die US is die enigste universiteit in die land wat krygskundeopleiding bied. Dít maak die nuwe MVO deurslaggewend vir die volhoubaarheid van nie net ons Weermag nie, maar ook die US se bedrywighede op sy Saldanhakampus. Die bedoeling van die nuwe MVO – wat nou die vorige ooreenkoms van 2012 vervang – is om 'n hegter werksverhouding tussen die twee partye in die hand te werk.

PERSONEELOPNAME OOR KULTUUR EN KLIMAAT

Ons het personeellede in die oorsigjaar gevra om aan die US se eerste opname oor die institusionele kultuur en klimaat deel te neem. Die deelnamekoers was 26%, en die daaropvolgende verslag het betroubare en verifieerbare data opgelewer – sowel kwantitatief as kwalitatief – om as grondslag vir intervensies en oplossings te dien. Oor die algemeen het die meeste respondente 'n positiewe ingesteldheid jeens die Universiteit getoon. Hulle het aangedui dat hulle trots is op die US se uitnemendheid en gehalte, en dat hulle positief voel oor die werksomgewing wat die US bied. Die opname het ook getoon dat personeel kultureel bewus is en transformasie oor die algemeen positief benader.

Tog het die opname ook enkele probleemgebiede aan die lig gebring. Sommige respondente was minder positief oor aspekte soos loopbaanontwikkeling, werksekerheid, werklas en stresfaktore, salarisse en voordele, sowel as prestasiebestuur.

Dit was bemoedigend dat die meeste personeellede wat aan die opname deelgeneem het gretig is om na oplossings te help soek. Daar is 'n gemeenskaplike begeerte om 'n positiewe gesindheid, 'n klimaat van innovasie en 'n verwelkomende en mensgerigte kampuskultuur te skep. Ons beplan om die opname elke twee jaar te herhaal om vordering te meet en toe te sien dat ons bewus is van enige nuwe probleme wat dalk opduik.

VOER DIE KAMPUSVERNUWINGS-PROJEK UIT

Bouwerk aan 'n groot nuwe leersentrum, die Jan Mouton Leersentrum, wat die tekort aan onderrigruimte op Stellenboschkampus sal verlig en studentesukses inklusief en innoverend sal bevorder, het in September 'n aanvang geneem.

Die finansiers van die gebou is die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, die US Raad, die Universiteit self, sowel as individuele skenkers. Die grootste van hulle is mnr Jannie Mouton, 'n US-alumnus, jare lange skenker aan die Universiteit, en ook die stigter van die beleggingsmaatskappy PSG Groep. Hy het in 2016 altesaam R50 miljoen vir die projek bewillig. Die naam van die nuwe gebou is ter nagedagtenis aan sy pa, Johannes Jacobus Mouton, kortweg Jan Mouton.

[1]Uit die US se Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna, wat die Raad op 20 Maart 2000 aanvaar het.

Soos sy seun, het Jan Mouton sr ook aan die US studeer. Hy was die jongste van sewe kinders en 'n eerstegenerasiestudent, wat ná skool eers vier jaar moes gaan werk om genoeg geld vir sy studie te verdien. Aan die US het hy in 1941 die graad BCom en in 1942 'n nagraadse kwalifikasie in die onderwys verwerf. Later was hy winkelier op Carnarvon, waar hy ook jare lank as burgemeester gedien en na verskillende gemeenskappe op die dorp uitgereik het. Hy het later na Pretoria verhuis, waar hy op landboubestuursgebied gewerk het. Jan is in 1975 oorlede.

VORENTOE

Die jaar 2017 was oor die algemeen 'n uiters suksesvolle akademiese jaar vir die US. Ongeag 'n knap begroting, het ons steeds van krag tot krag gegaan wat studentesuksessyfers en navorsingsuitsette betref.

Die instelling wat in 1918 formele universiteitstatus ontvang het, het 'n hoog aangeskrewe en impakryke universiteit in Suid-Afrika geword, wat 'n al hoe groter verskeidenheid van die bevolking dien. Die US slaag daarin om homself as 'n internasionaal mededingende, plaaslik relevante instelling te posisioneer.

Die Universiteit word toenemend beskou as 'n instelling met enorme potensiaal om transformasie in die hand te werk en 'n sinvolle sosiale impak te hê. Dit is vir my 'n eer om die Universiteit sy Eeufeesjaar in te lei en ek gee graag krediet aan al ons hardwerkende personeellede en studente vir ons vele prestasies.

MINISTERIËLE INSKRYWINGS- EN EFFFEKTIWITEITSTEIKENS VIR 2019 EN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) SE PRESTASIE, 2015–2017

	Ministeriële Teiken	US in 2015	US in 2016	US in 2017
Koptelling	27 510 in 2012 moet vermeerder tot 30 809 in 2019, 'n jaarlikse verhoging van 1,6% tussen 2012 en 2019	29 613	30 160	**31 114**
Voltyds-ekwivalente studente	22 193 in 2012 moet tot 25 330 in 2019 vermeerder	23 128	23 745	**24 311**
Befondste onderriginseteenheid (geweegde voltydsekwivalent)	77 965 in 2021/22 (die befondste onderriginsetdeel sal van 5,38% in 2015/16 na 5,33% in 2021/22 verander)	73 615	75 005	**79 828**
Voorgraadse nuweling-eerstejaars	5 230 in 2019, 'n gemiddelde jaarlikse verhoging van 4,1% vanaf 3 936 in 2012	5 285	5 025	**5 200**
				Breë studierigtings %
Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie	52% in 2019	48,7	48,3	**48,5**
Besigheid en bestuur	22% in 2019	21,1	21,6	**21,7**
Opvoedkunde	5% in 2019	5,3	4,4	**4,3**
Geesteswetenskappe	21% in 2019	24,9	25,7	**25,5**
				Studievlakke %
Voorgraads	63% in 2019	62,5	63,3	**62,4**
Nagraads voor magister	12,9% in 2019	12,8	12,3	**12,8**
Magister	16,6% in 2019	16,6	16,3	**15,9**
Doktoraal	4,7% in 2019	5,2	5,2	**5,4**
Geleentheidstudente	2,8% in 2019	2,9	2,8	**3,5**
Totale aantal gegradueerdes	Moet van 7 681 in 2012 vermeerder tot 8 130 in 2019	7 816	8 208	**8 932**
				Gegradueerdes in skaars vaardighede
Ingenieurswese	455 in 2019	507	525	**541**
Lewens- en fisiese wetenskappe	404 in 2019	444	488	**474**
Diere- en menslike gesondheidswetenskappe	438 in 2019	403	408	**413**
Aanvanklike onderwyseronderrig	355 in 2019	428	336	**328**
				Gegradueerdes op verskillende vlakke
Nagraads voor magister	2 706 in 2019	2 629	2 554	**2 691**
Navorsingsmagister	867 in 2019	927	877	**928**
Doktoraal	231 in 2019	267	278	**305**
Teiken vir sukseskoers %	84% in 2019	86,7	85,9	**87,1**

INTERPRETASIE VAN ONS PRESTASIE TEENOOR DIE MINISTERIËLE TEIKENS VIR 2019

Die tabel toon hoe die Universiteit Stellenbosch in 2015, 2016 en 2017 gevaar het gemeet aan die inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019 wat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding met die Universiteit ooreengekom het. Hierdie statistiek word jaarliks uit HEMIS (*Higher Education Management Information System*) onttrek en aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gelewer, wat die universiteite in Suid-Afrika se prestasies met mekaar vergelyk. Ons sukseskoersprestasie van 87,1% vir 2017 oortref weer eens die ministeriële teiken van 84%.

MONITERING OP PAD VORENTOE – STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

Die Institusionele Plan bevat oorhoofse strategiese bestuursaanwysers (SBA's) waarmee ons meet hoe ons met die verwesenliking van ons institusionele doelwitte vaar. Vir elk van ons Institusionele Voorneme en Strategie se prioriteite, temas en doelwitte word spesifieke strategiese aksies beskryf wat elke fakulteit en professionele steundiens self bepaal. Die volledige besonderhede word in afsonderlike inwerkingstellingsplanne vir elke verantwoordelikheidsentrum vervat. In hierdie planne dui die fakulteite en professionele steundiensteafdelings aan hoe hulle die doelwitte van die instelling deur middel van hul aksieplanne sal behaal. Al die fakulteite en professionele steundienste is gesamentlik verantwoordelik om die teikens in die Institusionele Plan te bereik en werk dus geïntegreerd saam volgens ons sakemodel.

ONS STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

Strategiese Prioriteit	Strategiese Bestuursaanwyser	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2023 Teiken
Verbreed toegang	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart Afrikaan, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe (%)	32,9	33,1	34,6	36,6	37,8	38,7	**40,1**	**47,5**
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart Afrikaan, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe (%)	40,0	41,0	43,0	43,2	43,8	45,6	**46,7**	**55,0**
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel (%)	53,5	54,0	54,9	55,9	56,0	56,6	**57,1**	**60,0**
	Persentasieaandeel van voorgraadse module-krediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe aangebied word (%)				16,6	15,4	17,5	**17,5**	**25,0**
Behou momentum van uitnemendheid	Persentasieaandeel van voorgraadse module-krediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans én Engels in DIESELFDE klasgroep aangebied word (%)				62,9	69,5	69,5	**64,6**	**60,0**
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in ENKELTAAL óf Afrikaans óf Engels aangebied word (%)				20,4	15,1	13,0	**14,5**	**15,0**
	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel (%)	60,5	61,3	60,8	61,8	60,6	60,3	**60,2**	**65,0**
	Die verhouding geweegde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	1,83	2,41	2,33	2,50	2,53	2,64	*	**2,44**
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente (%)	83,4	84,9	85,9	85,1	86,7	85,9	**87,1**	**85,5**
Bevorder impak op samelewing	Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweeg met studievlak, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	25,39	25,85	24,57	25,44	26,16	25,9	*	**24,00**
	Persentasieaandeel van derde geldstroom in US se totale inkomste (%)	28,0	29,4	27,7	31,4	26,4	30,1	**28,7**	**32,3**
	Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste (%)	6,5	5,9	5,6	5,2	5,4	7,3	**4,9**	**10,0**
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig** (%)	36,4	36,6	38,1	35,9	40,8	41,7	**41,8**	**45,0**

* 2017 se resultate sal in 2018 gerapporteer word.

** Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die 2023-teiken beïnvloed. Kyk "Beskikbare fondse" op bladsy 42. Vir die definisies van die aanwysers, raadpleeg "Berekening van strategiese bestuursaanwysers" in die Glossarium, bladsy 147.

INTERPRETASIE VAN ONS STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS IN DIE TABEL

Die doel van ons strategiese bestuursaanwysers (SBA's) is onder andere om te bepaal tot watter mate die Universiteit in 'n gegewe jaar sy strategiese prioriteite, temas en doelwitte, soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (kyk bladsy 6–7), verwesenlik.

Ons vorder bestendig met die verruiming van toegang tot die Universiteit. Die uitbreiding van parallelmediumonderrig en tolking en doelgerigte bemarking het bygedra tot die 2,3% styging in studentediversiteit tot 40,1% oor die afgelope drie jaar (2015–2017).

Personeeldiversiteit (46,7% in 2017) het stelselmatig verbeter, 'n aanduiding dat die Universiteit se pogings vrugte afwerp in weerwil van die uitdagings (kyk "Bou 'n diverse en transformasiegerigte personeelkorps ..." in die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) se verslag, bladsy 67). Die persentasie vroulike permanente personeel het ietwat verbeter tot 57,1%, alhoewel die gelyke verteenwoordiging van vroue op uitvoerende bestuurs- en senior akademiese vlakke nog nie verwesenlik is nie.

Die Universiteit werk hard daaraan om sy momentum van uitnemendheid vol te hou. Die Universiteit se kapasiteit om nagraadse studieleiding te verskaf en publiseerbare navorsingsresultate te genereer hang grootliks van gedoktoreerde akademiese personeel af. Na 'n afname tot 57% in 2010 het die persentasie akademiese personeel met doktorsgrade geklim tot 'n nuwe hoogtepunt van 61,8% in 2014, maar het stelselmatig weer gedaal tot 60,2% in 2017 weens die aftrede van akademiese personeel en die aanstelling van jonger personeellede om volhoubaarheid te verseker. In 2016 – die mees onlangse data – het elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid gemiddeld 2,64 geweegde navorsingsuitseteenhede (geakkrediteerde publikasies en magister- en doktorale gegradueerdes) gelewer. Dit oortref selfs die vorige hoogtepunt van 2,53 in 2015.

Die sukseskoers van ons studente, met ander woorde die persentasie voltyds-ekwivalente studente wat die modules waarvoor hulle geregistreer was, geslaag het, was 87,1% in 2017, 'n nuwe hoogtepunt en hoër as ons teiken van 85,5%. (Kyk "Studentetoegang met sukses" in die verslag van die Viserektor (Leer en Onderrig), bladsy 49.)

Namate die Universiteit sy rol as 'n verantwoordelike korporatiewe burger uitleef, bevorder hy sy impak op die samelewing deur geïntegreerde beplanning vir finansiële en omgewingsvolhoubaarheid. Met elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingsperoneellid in 2016 (nuutste beskikbare data) wat 'n gemiddelde van 25,9 geweegde voltyds-ekwivalente studente bedien, is die Univeristeit onder druk om 'n gesonde balans tussen koste-effektiwiteit en 'n positiewe studentervaring te handhaaf. Om studentegelde so laag as moontlik te hou en om beurse aan meer studente te kan gee, slaag die Universiteit steeds daarin om inkomste uit ander bronne as die staatsubsidie te bekom. Voorbeelde van sulke bronne is kontraknavorsing, beleggings en kommersialisering (28,7% van ons inkomste), en filantropiese skenkings (4,9% van ons inkomste). Die persentasie personeelvergoeding uit hierdie bronne was 41,8% in 2017, teenoor 35,9% in 2014 – 'n bewys dat die Universiteit hard daaraan werk om sy afhanklikheid van staatsubsidies en studentegelde algaande te verminder.

Prof Wim de Villiers

Rektor en Visekanselier

Ons

FINANSIËLE KAPITAAL

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die langtermyn- finansiële volhoubaarheid van die instelling. Met die oog hierop word finansiële beplanning deur 'n bestuursmandaat oor ses jaar gerig. Sedert 2013 val die klem sistemies op die prioriteite van die Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013 tot 2018 wat binnekort ten einde loop en in 2018 hersien sal word. Daarna sal die gewysigde strategieë ons finansiële beplanning en brontoedeling rig. In ons strewe na 'n florerende instelling bly finansiële volhoubaarheid 'n kerndoelwit.

2017-BEGROTING EN -OORSIG

Die Universiteit het daarin geslaag om die 2017-boekjaar suksesvol af te sluit ondanks verskeie finansiële uitdagings.

Ná afloop van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding se aankondiging op 19 September 2016 rakende studentegelde-aanpassings, is die US-begroting gefinaliseer met inagneming van 'n 8%-aanpassing in studentegelde, en inwoningsgelde wat met 10% aangepas is. As gevolg van deurlopende besparings op sekere institusionele kostes (hoofsaaklik nutsdienste en bankkoste), kon 'n deurlopende snit van meer as R10 miljoen in die begroting gemaak word. Die addisionele kostes ten opsigte van lewensvatbare kontraktering, van ongeveer R8 miljoen op die hoofbegroting en R10 miljoen op die huisvestingsbegroting, is in die onderskeie begrotings opgeneem, maar is in die hoofbegroting deur die betrokke omgewings uit bestaande toekennings geabsorbeer. Met hierdie ingrepe het die hoofbegroting vir 2017 gebalanseer. Geen addisionele strategiese aansprake kon egter hanteer word nie.

Die US se 2017-begroting, soos op 28 November 2016 deur die US Raad goedgekeur, was nie 'n finansieel volhoubare begroting nie, aangesien die begrotings vanaf 2019 (vir beplanningsdoeleindes) tekorte getoon het. Daar moes dus daadwerklik gekyk word na aksies waarvan die US moes afsien of wat aangepas moes word, aangesien die Universiteit se finansiële volhoubaarheid by 'n kruispad en in sommige omgewings selfs by 'n kritieke punt was. In 2017 was daar sekere ingrepe – sommige met 'n deurdra-effek. Deel van die aksies wat gedurende 2017 geloods is, was die saamstel van verskeie taakspanne, wat verskillende aspekte binne die US ondersoek. Drie van die taakspanne, naamlik die Begrotingstaakspan, die Beurse- en Leningstaakspan en die Taakspan vir die Indirekte Kosteverhalingskoers se uitkomste en aanbevelings het 'n direkte impak op die US-begroting. Die taakspanne se werksaamhede gaan steeds voort, maar sekere besluite het reeds die 2018-begroting geïnformeer, insluitend:

- Instel van gedifferensieerde studentegelde-aanpassings vir nuwe studente;
- Instel van 'n internasionale klasgeld;
- Verdere snitte in sekere institusionele kostes;
- Begroot vir groter, effektiewe indirekte verhalingskoers oor alle kontrakte heen;
- Koppeling van ander geldstroominkomstes met hoofbegroting (soos beursinkomstes); en
- Afbou van die Strategiese Fonds op die kort termyn ten einde die hoofbegroting te balanseer.

Mnr Theuns van Schalkwyk, eerste Registrateur: Finansies wat sedert 1970 die begroting saam met die destydse Rektor, prof Jannie de Villiers, uitgewerk het



Mnr Manie Lombard Hoofdirekteur: Finansies

Hierdie aksies het daartoe gelei dat 'n gelykbreekbegroting vir 2018, asook die 5-jaar-beplanningshorison tot 2023, aan die US Raad voorgehou kon word vir goedkeuring op 28 November 2017.

Die las op die eerste en tweede geldstroom, gepaard met die druk op die ander geldstrome, plaas groot druk op die Universiteit se uitgawes en die volhoubare bekostiging daarvan. Die volgende paar jaar sal daar indringend institusioneel en ook op fakulteitsvlak gekyk moet word na watter uitgawes die kern van die US se besigheid en strategieë uitmaak en wat ons moet ophou doen. Nietemin bied dit geleenthede vir die groei van ander inkomstestrome, veral ten opsigte van die vyfde geldstroom, te wete inkomstes uit kommersiële aktiwiteite en innovasie. Dit sluit ook die optimale ontginning van die Universiteit se bates in.

ANDER VERWIKKELINGE EN ONSEKERHEDE

SUBSIDIEFORMULE

Alhoewel die voorgestelde wysigings aan die subsidieformule reeds 'n geruime tyd voorsien word, is die uitreik van 'n konsepdokument vir bespreking sedert die 2015-proteste vir eers uitgestel. Op 11 en 12 Mei 2017 het die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) 'n werkswinkel aangebied waar verteenwoordigers van alle universiteite was. Die sessie was deel van die Departement se konsultasieproses oor die voorgestelde wysigings. Die Departement het bevestig dat die voorgestelde wysigings nie enige addisionele fondse vir die sektor impliseer nie, maar bloot 'n herverdeling van die bestaande bloktoekenning sou wees. Die DHOO het ook nie verwag dat dit wesenlike skuiwe tussen universiteite sou veroorsaak wat betref totale subsidie-inkomste nie. Nogtans dui die US se voorlopige modellering van die moontlike impak op die Universiteit se subsidie-inkomste, gebaseer op die inhoud van die konsepdokument, op 'n aansienlike finansiële risiko. 'n Negatiewe impak van tussen R100 miljoen en R150 miljoen per jaar weens veranderinge aan die verskillende kategorieë en die hersiene gewigte van eenhede vir nagraadse studies word voorsien. Ons terugvoer en insette is formeel aan die DHOO gestuur, ook met 'n versoek vir die data wat in die berekeninge gebruik is, maar tot dusver is daar geen terugvoer ontvang nie.

Die Departement het bevestig dat die hersiening van die subsidieformule onafhanklik van die presidensiële kommissie se werksaamhede geskied, en dat geen terugvoer daaroor in die modellering verantwoord is nie. Verder is daar onsekerheid oor hoe die deurdra-effek van die gapingsbefondsing en die nuutste aankondiging oor gratis onderwys vir studente met ouerinkomste onder R350 000 befonds gaan word. Daar is voorstelle dat dit bloot as deel van die bloktoekenning bestuur moet word.

GRATIS HOËR ONDERWYS VIR ARM EN WERKERSKLASSTUDENTE

Die verslag oor die werksaamhede van die presidensiële kommissie, wat op 14 Januarie 2016 saamgestel is, is op 13 November 2017 deur die voormalige president Jacob Zuma uitgereik. Dit is egter uitgereik sonder enige aanbevelings en duidelike stappe oor die pad vorentoe. Die sektor het via USAf 'n reaksie daarop uitgereik. Op 16 Desember 2017 het die voormalige president Zuma ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklasstudente aangekondig. Die definisie van werkersklasstudente is uitgebrei na huishoudings met 'n gesamentlike jaarlikse inkomste van tot R350 000. Dit word vanaf 2018 ingefaseer vir studente wat in 2018 vir die eerste keer by 'n openbare universiteit inskryf.

Die tydsberekening van die aankondiging, asook die onsekerhede oor die uitrol en implementering daarvan, het aan die begin van 2018 tydens die registrasieperiodes groot druk op universiteite geplaas.

Tydens die begrotingsrede op 22 Februarie 2018 het die voormalige Minister van Finansies aangedui dat die presidensiële aankondiging gehonoreer sal word, maar dat die befondsing daarvan onverwyld ondersoek moet word vir uitklaring. Daar bestaan dus nog baie onsekerhede oor die toepassing en befondsing van hierdie besluite.

STUDENTEGELDE EN GAPINGSBEFONDSING

Ná die aankondiging op 16 Desember 2017 was daar gesprekke en voorstelle wat daarop dui dat studentegelde-regulering in die toekoms kan plaasvind. Geen besonderhede hieroor is egter al beskikbaar nie.

As deel van minister Nzimande se aankondiging op 19 September 2016 het die Minister ook addisionele finansiële ondersteuning aan behoeftige studente aangebied in die vorm van 'n sogenaamde gapingstoekenning. Die bedoeling van hierdie befondsing is om verligting te bring aan die "missing middle" of verlore middelgroepstudente. Studente met 'n gekombineerde ouerinkomste onder R122 000 per jaar kwalifiseer steeds ten volle vir steun van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS). Na aanleiding van die nuwe befondsing sal alle studente met 'n gekombineerde ouerinkomste van minder as R600 000 per jaar vir hierdie bystand kwalifiseer. Kwalifiserende studente sal befondsing ontvang, wat effektiewelik 'n 0%-verhoging vir 2017 en 2018 beteken. Studente wat die 8%-oorbruggingsbefondsing in 2017 ontvang het, sal dié korting in 2018 ook ontvang en hoef nie weer om hierdie befondsing aansoek te doen nie. Daar is egter onsekerheid oor die befondsing van die deurdra-effek hiervan en of dit wel voortgesit gaan word.

AANPASSING IN BTW-KOERS

'n Verdere risiko wat spruit uit die aankondiging van die nuwe BTW-koers vanaf 1 April 2018 is dat universiteite geen inset-BTW kan eis op uitgawes wat met akademiese aktiwiteite verband hou nie. Dus word die US se kostebasis van 1 April 2018 af met 1% duurder, wat 'n groot risiko inhou, aangesien die subsidieformule nie voorsiening maak vir addisionele inkomstes om hiervoor te vergoed nie. Net so word daar die laaste paar jaar beperkings geplaas op die toename in studiegelde, teen 'n koers wat laer is as die sektorale verbruikersprysindeks (VPI) (die hoëronderwysprysindeks [HOPI], wat ongeveer 1,7% meer is as VPI).

FINANSIËLE RESULTAAT

Die vernaamste kenmerke van die 2017-verslagjaar is:

- toename in totale inkomste van 10,7% tot R5 877 miljoen (2016: R5 311 miljoen);
- afname in inkomstes uit toekennings en kontrakte wat met 3,7% afgeneem het tot R1 166 miljoen (2016: R1 210 miljoen);
- toename in gerealiseerde wins op beleggings van 131,9% tot R758 miljoen (2016: R327 miljoen);
- uitgawes van herhalende aard wat in 2017 met 8,9% toegeneem het tot R4 976 miljoen (2016: R4 571 miljoen);
- 'n totale surplus van R902,0 miljoen, teenoor die surplus van R740,8 miljoen in 2016, maar 'n tekort van R200,0 miljoen (2016: surplus van R95,5 miljoen) indien beleggingsinkomste en gerealiseerde wins op beleggings uitgesluit word – beleggingsinkomste en gerealiseerde wins op beleggings kan nie vir begrotingsdoeleindes in ag geneem word nie, aangesien die moontlikheid van herhaling van prestasie nie gewaarborg is nie;
- surplus van R20,7 miljoen (2016: R46,1 miljoen) op die hoofbegroting, dus die Universiteit se akademiese besigheid soos befonds deur die subsidie en studentegelde (die hoofkomponente word hieronder toegelig).

Altesaam R615,6 miljoen van die bogemelde surplus van R902,0 miljoen is toeskryfbaar aan beperkte fondse waaroor die Raad nie diskresie het nie. Die restantsurplus van R286,4 miljoen in onbeperkte Raadsfondse kan onder meer toegeskryf word aan:

- werklike uitgawes vir onder andere munisipale dienste, bankkostes, posgeld en versekering wat minder as die begrote uitgawes in die hoofbegroting is (R13,4 miljoen);
- werklike verhaling van effektiewe indirekte kostes van R6,1 miljoen meer as waarvoor daar begroot is;
- faktore soos die hoër as begrote inkomste uit renteverdienste en gerealiseerde wins by die vervreemding van beleggings, altesaam R472,8 miljoen; en
- konserwatiewe besteding ten opsigte van bedryfsuitgawes vanweë onsekerheid oor langtermyninkomste-verwagtings vir die Universiteit, waar die subsidieformule vir hoëronderwysinstellings tans hersien word.

Die 2017- finansiële resultaat is verder die gevolg van onder meer:

- konserwatiewe, geïntegreerde begrotingsbeplanning binne 'n aaneenlopende sesjaar- finansiële plan, met inbegrip van 'n gebeurlikheidsreserwe om onvoorsiene gebeure te kan bestuur;
- die voortdurende herontwerp en belyning van bedryfsprosesse om groter kostedoeltreffendheid te verseker; en
- die beskikbaarstelling van strategiese fondse ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat op die realisering van die visie en doelwitte van die Universiteit gerig is.

Die voormelde finansiële suksesse bied 'n goeie basis vir voortgesette proaktiewe finansiële beplanning en die verfyning van die finansiële model wat die Universiteit se strategiese doelwitte en fokusgebiede dien.

VERSLAGDOENINGSTANDAARDE

Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 is in ooreenstemming met die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings opgestel. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig tot en met die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening vir Hoëronderwysinstellings gedateer 9 Junie 2014), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die DHOO voor te lê wat aan *International Financial Reporting Standards* (IFRS) voldoen. Die Universiteit het reeds voor die publisering van die nuwe Regulasies die keuse uitgeoefen om aan IFRS te voldoen, met oorgangsdatum op 1 Januarie 2004.

Ingevolge artikel 4(3)(b) van die Wet op Openbare Oudit, no. 25 van 2004, kan die Ouditeur-Generaal enige instelling wat openbare befondsing ontvang, oudit. Die Ouditeur-Generaal het egter gekies om nie self die Universiteit Stellenbosch se oudit uit te voer nie, maar het wel spesifieke bykomende opdragte wat aandag moet geniet aan die Universiteit se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., gegee. Hierdie bykomende opdragte sluit in die oudit van nakomingswetgewing wat op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede van toepassing is, asook die oudit van prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, soos deur die Universiteit en die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding ooreengekom is. Vir die verslagjaar was die ministeriële inskrywingsteikens, soos in die tabel op bladsy 33 aangedui word, die enigste gekontrakteerde doelwit met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

INKOMSTE

Die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en in verhouding, verskyn in Tabel 1, met vergelykende syfers vir vorige jare.

Tabel 1
GROEI EN SAMESTELLING VAN INKOMSTE, TOTAAL EN PER HOOFKOMPONENT, 2013–2017

		2013	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %	2017	Toename / (Afname) 2016/2017 %
Totale inkomste van herhalende aard, waarvan:	**Rm**	**3 849**	**5 140**	33,6	**5 033**	(2,1)	**5 311**	5,5	**5 877**	10,7
Owerheidstoekennings		1 355	1 552	14,6	1 576	1,5	1 788	13,5	1 882	5,3
% van inkomste	%	35,2	30,2		31,3		33,7		32,0	
Studente-, inwonings- en ander gelde	Rm	986	1 074	9,0	1 233	14,8	1 130	(8,4)	1 282	13,5
% van inkomste	%	25,6	20,9		24,5		21,3		21,8	
Toekennings en kontrakte	Rm	690	869	25,9	910	4,8	1 210	33,0	1 166	(3,7)
% van inkomste	%	17,9	16,9		18,1		22,8		19,8	
Privaat skenkings	Rm	185	206	11,5	215	4,4	338	57,2	232	(31,6)
% van inkomste	%	4,8	4,0		4,3		6,4		3,9	
Verkope van dienste en produkte	Rm	79	193	144,3	182	(5,6)	191	4,7	204	7,0
% van inkomste	%	2,1	3,8		3,6		3,6		3,5	
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	Rm	303	947	212,5	546	(42,4)	327	(40,1)	758	131,9
% van inkomste	%	7,9	18,4		10,8		6,2		12,9	
Rente en dividende verdien	Rm	237	289	22,1	348	20,1	318	(8,5)	344	8,2
% van inkomste	%	6,2	5,6		6,9		6,0		5,9	
Ander	Rm	14	10	(32,5)	23	144,0	9	(61,6)	9	2,7
% van inkomste	%	0,4	0,2		0,6		0,3		0,1	

FIGUUR 1: INKOMSTE PER HOOFKOMPONENT, 2017



Soos uit Tabel 1 blyk, het die totale inkomste met 10,7% (2016: 5,5%) tot R5 877 miljoen (2016: R5 311 miljoen) toegeneem.

Figuur 1 toon die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, asook die relatiewe verhouding tot die totale inkomste.

Owerheidstoekennings het toegeneem met 5,3% (2016: 13,5%, waarby die finansiële reddingsboei deur die staat ingesluit is).

Die owerheidstoekennings bestaan uit ongeoormerkte subsidie-inkomste en geoormerkte toekennings, waar die ongeoormerkte subsidie-inkomste op grond van 'n berekening volgens 'n formule van die DHOO verdien word. Hierdie formule word tans hersien en daar is nog nie sekerheid wat die impak van die gewysigde subsidieformule op die Universiteit se inkomste sal wees nie. Die ongeoormerkte subsidie-inkomste word by die inkomste vir die Universiteit se hoofbegroting in ag geneem. Owerheidstoekennings sluit verder toekennings van aanverwante staatsinstellings soos die Nasionale Navorsingstigting (NNS) in.

Die US het 'n bydrae van R79,2 miljoen van die DHOO ontvang vir die begrote tekort vir 2016 (R113,5 miljoen) as gevolg van die 0%-toename in studie- en huisvestingsgelde. Die bedrag is intern verdeel in die verhouding waarin die tekort onstaan het, naamlik R59,7 miljoen na die hoofbegroting vir tekorte op studiegelde, en R19,6 miljoen na die huisvestingsbegroting vir tekorte op huisvestingsgelde. Hierdie was egter 'n eenmalige toekenning wat vir 2016 by owerheidstoekennings ingesluit is. Gevolglik was daar ook owerheidsinkomstes in die huisvestingsbegroting wat voorheen nooit subsidies ontvang het nie. Die rede hiervoor is dat dit 'n selfonderhoudende begroting moet wees wat bekostig kan word uit die huisvestingsgelde wat teen studente gehef word.

Verder is 'n eenmalige, addisioneel geoormerkte owerheidstoekenning van R300 miljoen vir die 2016/2017-boekjaar ten opsigte van die 0%-toename in 2016 by die subsidietoekenning gevoeg. Wat die addisioneel geoormerkte owerheidstoekenning betref, kry die US R1,1 miljoen (2017) en R0,516 miljoen (2018) vir die uitfasering van die 0%-toename in 2016. Die impak hiervan is in die 2017-jaarstate verreken en is ingesluit by owerheidstoekennings, aangesien die deurdra-effek van die reddingsboei vanaf 2017 bloot by die bloktoekennings van universiteite gevoeg is.

Inkomste uit studente- en ander[1] gelde het met 13,5% toegeneem (2016: afname van 8,4%).

Op 19 September 2016 het minister Nzimande die aankondiging oor die studentegelde-aanpassings vir 2017 gemaak. Die US het soos volg op die aankondiging gereageer:

- Die voorgestelde toename in studiegelde is beperk tot die 8%, soos ooreengekom in die sektor. Hierdie 8%-toename is toegepas op die 2015-basis, aangesien daar geen verhogings in 2016 was nie.
- Die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) het 'n versoek vir 'n 10%-toename gerig, aangesien die *#FeesMustFall*-proteste nie op bestuurskole afgestem is nie en hulle tariewe nou wesenlik minder as konkurrente sal wees, wat goedgekeur is.

Die addisionele styging word verklaar deur die USB-aanpassing van 10% (ongeveer R500 000 toename), asook 'n toename in die totale getal studente, te wete 'n 2%-styging in die getal voorgraadse studente (471 studente) en 'n 8%-styging in nagraadse studente (814 studente). Die toenames is egter in pas met inskrywingsbeplanning en plaas die US binne die ooreengekome inskrywingsperke soos met die DHOO ooreengekom.

Die 0%-aankondiging op 23 Oktober 2015 was ook op huisvestingsgelde van toepassing vir 2016 (in 2015 het die US 'n 10,7%-toename in huisvestingsgelde toegepas). Vir 2017 is 'n toename van 10% in huisvestingsgelde goedgekeur. Dit verteenwoordig die werklike koste vir huisvesting (wat 'n alleenstaande begroting is en dus selfonderhoudend moet wees). Die hoër toename (2 persentasiepunte meer as die 8%) is 'n direkte gevolg van die besluite oor lewensvatbare kontraktering wat einde 2015 in opvolging van die studenteprotes geneem is.

Die addisionele toename word ook verduidelik deur die uitgebreide kapasiteit (220 beddens op Tygerberg vanweë 'n nuwe koshuis) in 2017, asook leë beddens (2016: besettingsfaktor onder 100%), wat in 2017 reggestel is.

Die toename in studente- en ander inkomste[1] gaan met toenemende groei in die voorsiening vir onverhaalbare studentegelde gepaard en dit bly 'n uitdaging om studenteskuld tydig in te vorder. Hierdie druk het einde 2015 verhoog weens die *#FeesMustFall*-proteste en gevolglike aankondigings en verwagtings rakende gratis hoër onderwys. Daar is wel 'n tendens dat studente die vereffening van uitstaande skuld uitstel tot en met die volgende jaar se registrasie. 'n Verdere rede vir die groot toename in die uitstaande bedrag op jaareinde, is die uitstaande gelde vanaf NSFAS vir 2017 (ongeveer R42 miljoen).

Die US het sekere maatreëls in plek om die uitstaande studentegelde te bestuur, wat die volgende insluit: Studente met uitstaande skuld kan onder andere nie registreer vir 'n volgende studiejaar nie, tensy hulle 'n beurs het wat die uitstaande skuld en die eerste paaiement dek. Verder kan spesiale reëlings getref word vir die afbetaling van die eerste paaiement. Studente kry ook nie hulle graadsertifikate voor

[1]Ander gelde sluit inwonings- en lidmaatskapgelde in, asook ander items wat teen studenterekenings gehef mag word, soos deur die Studentegeldekomitee goedgekeur.

die uitstaande studiegelde betaal is nie. Die vestiging van 'n invorderingskantoor by die Universiteit in 2013 toon reeds dividende, tesame met verbeterde beheer oor metodes om verjaring van skuld te voorkom.

Die Universiteit het nie veel meer ruimte om in studentegetalle te groei nie, behalwe in Modus 2, wat 'n mengsel van aangesig-tot-aangesig-kontaksessies, telematiese uitsending en elektroniese leer insluit.

Toekennings en kontrakte het afgeneem met 3,7% (toename van 33,0% in 2016) tot R1 166 miljoen (2016: R1 210 miljoen).

'n Aantal groot meerjarige navorsingskontrakte het in 2017 ten einde geloop. Die verkoop van die verhuringsreg vir Academia gedurende 2016 het 'n eenmalige inkomste van R22 miljoen in 2016 teweeg gebring.

Gegewe die onsekerhede oor die ongeoormerkte subsidie-inkomste, is dit belangrik dat die inkomstestrome ten opsigte van toekennings, kontrakte en skenkings, asook die ontginning van kommersiële inkomstes, oor tyd 'n groter bydrae tot die Universiteit se totale inkomste sal lewer. Die diversifisering van die historiese befondsingsbronne, veral internasionale bronne, geniet tans besondere aandag. Die verhaling van steun- en institusionele kostes vanaf derde- en vyfdegeldstroom-aktiwiteite deur middel van die indirekte kosteverhalingskoers bring verligting op die hoofbegroting en het vanjaar redelike surplusse teenoor die begrote bedrae gerealiseer (weens 'n hoër effektiewe verhalingskoers). Die onderverhaling van hierdie kostes weens beperkings wat befondsers op die verhaling van kostes plaas, bly 'n uitdaging.

Inkomste uit **privaat skenkings** het afgeneem met 31,6% (2016: toename van 57,2%), van R338 miljoen tot R232 miljoen.

2016 was 'n uitskieterjaar met groot eenmalige skenkings, insluitend twee skenkings ter waarde van R80 miljoen. Die uitsonderlike groei wat in 2016 ervaar is, het egter effens afgeplat na meer realistiese vlakke. Hierdie geldstroom is in die laaste paar jaar suksesvol op die voorgrond geplaas. Die meeste van die fondse word egter ontvang vir beperkte aanwending. Dit is ook steeds 'n uitdaging om ongebonde skenkings te bekom, wat verligting ten opsigte van die US se hoofbegrotingsaktiwiteite kan bring.

Gerealiseerde wins met vervreemding van beleggings het toegeneem met 131,9% (2016: afname van 40,1%) tot R758 miljoen (2016: R327 miljoen). Die toename kan toegeskryf word aan die addisionele beleggingstrategie van die Raad se Beleggingskomitee om fondse vanaf die gebalanseerde portefeuljes na langtermyn-portefeuljes oor te plaas, met spesialismandate vir internasionale beleggings. Verder is fondse na 'n nuwe mediumtermyn-portefeulje oorgeplaas om die markrisiko vir die befondsing van die finansieringstekort op die kampusvernuwingsplan oor die volgende 10 jaar te bestuur. Die gerealiseerde winste met hierdie oorplasings word herkapitaliseer totdat die kampusvernuwingsplan se projekbeplanning kontantvloei benodig.

Daarby het die US in 2005 'n bemaking ontvang wat aan vruggebruik onderhewig was. Met die beëindiging van die vruggebruik in 2017 is die aandeleportefeulje met 'n wins van R239 miljoen gerealiseer, waarna die wins gekapitaliseer is.

UITGAWES

Die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en verhouding, verskyn in Tabel 2, met vergelykende syfers vir vorige jare.

Tabel 2
GROEI EN SAMESTELLING VAN UITGAWES, 2013–2017

		2013	Toename/ (Afname) 2012/ 2013 %	2014	Toename/ (Afname) 2013/ 2014 %	2015	Toename/ (Afname) 2014/ 2015 %	2016	Toename/ (Afname) 2015/ 2016 %	2017	Toename/ (Afname) 2016/ 2017 %
Totale uitgawes van herhalende aard:	**Rm**	**3 321**	7,5	**3 653**	10,0	**4 063**	11,2	**4 571**	12,5	**4 976**	8,9
Personeelkoste		1 602	10,1	1 730	8,0	1 939	12,1	2 172	12,0	2 332	7,3
% van uitgawes	%	48,2		47,3		47,7		47,5		46,9	
Waardever-mindering	Rm	222	11,0	241	8,6	252	4,7	288	14,1	283	(1,5)
% van uitgawes	%	6,7		6,6		6,2		6,3		5,7	
Finansierings-koste	Rm	13	(7,1)	23	75,7	17	(24,6)	18	(4,7)	35	93,7
% van uitgawes	%	0,4		0,6		0,4		0,4		0,7	
Beurse (netto)	Rm	316	17,0	338	7,0	403	19,1	442	9,7	456	3,2
% van uitgawes	%	9,5		9,3		9,9		9,7		9,2	
Huur, instand-houding en herstelwerk	Rm	129	4,9	147	14,1	212	44,1	212	(0,2)	224	5,8
% van uitgawes	%	3,9		4,0		5,2		4,6		4,5	
Ander bedryfs-uitgawes	Rm	1 039	1,1	1 175	13,0	1 240	5,6	1 439	16,1	1 646	14,4
% van uitgawes	%	31,3		32,2		30,5		31,5		33,1	

FIGUUR 2: UITGAWES PER HOOF-KOMPONENT, 2017



Figuur 2 toon die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent.

Die totale uitgawes vir 2017 het met 8,9% toegeneem (2016: 12,5%) tot R4 976 miljoen (2016: R4 571 miljoen), in vergelyking met die jaarlikse gemiddelde inflasiekoers vir 2017 van 5,3%. Indien die waardedaling op beleggings, wat in 2017 R135,7 miljoen beloop het, buite rekening gelaat word, is die toename in totale uitgawes 5,9%. Die Universiteit se voortgesette verfyning van begrotings- en bedryfsprosesse is op groter koste-effektiwiteit en verbeterde dienslewering gemik. Soos genoem was die US se 2017-begroting nie 'n volhoubare begroting oor die 6-jaar-beplanningshorison nie. Sekere ingrepe is in 2017 gemaak ten opsigte van begrotingstoekennings en spanderings op bepaalde kategorieë van institusionele uitgawes, wat ook tot 'n afplatting in uitgawes gelei het.

Verder is 'n groot komponent uitgawes aan direkte spandering op navorsingskontrakte gekoppel, wat beteken dit sal saam met die inkomstes fluktueer. Daardie inkomste-kategorie het 'n jaar-op-jaar-afname getoon vanaf 2016.

Gedurende 2016 is wesenlike addisionele kostes (R37,1 miljoen) aangegaan vir bykomende sekuriteit as gevolg van die studenteproteste. Daardie spandering was aansienlik laer (R2,8 miljoen) vir 2017.

Die toename in personeelkoste van 7,3% kan onder andere aan 'n algemene salarisaanpassing van 6% in 2017 vir alle kwalifiserende personeel toegeskryf word (die gemiddelde toename in indiensnemingskoste was 6,44%). Daar was geen aanpassing tussen 2016 en 2017 in die basisvergoedingsvlakke nie. Daarmee saam was daar 'n toename in nie-permanente personeel (toename van 99 jaar tot jaar).

Die Universiteit maak jaarliks 'n groot bydrae tot beurse vanuit die hoofbegroting. Vir 2017 het dit R129,0 miljoen (2016: R119,7 miljoen) beloop, en die spandering daarvan is ingesluit by die beurse waar die US as prinsipaal optree. In 2013 het die Raad ook vanuit diskresionêre fondse 'n bydrae van R25 miljoen oor 5 jaar vanaf 2014 tot 2018 gemaak vir die toekenning van werwingsbeurse. Van alle studente by die Universiteit ontvang 23% beurse en dit dek gemiddeld 67% van hulle skuld.

Gedurende 2017 het studente gapingsbefondsing van die DHOO ontvang om die 8%-toenames in studiegelde en inwoningsgelde goed te maak. Bestuur het ook besluit om, in pas met die regering se voorgestelde addisionele finansiële hulp vir die verlore middelgroepstudente, 'n tweepersentasiepunte-beurs (verskil tussen US se 10%-styging en DHOO-beurs vir 8%) te gee vir die kwalifiserende studente wat US-huisvesting gebruik. Gevolglik sal daardie inwoningstudente effektiewelik ook geen toename vir 2017 ervaar nie.

Die groei en samestelling van beurse word in Tabel 3 getoon.

Tabel 3
GROEI EN SAMESTELLING VAN BEURSE, 2013–2017

		2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %	2017	Toename / (Afname) 2016/2017 %
Totale uit-gawes van her-halende aard, waarvan:	**Rm**	**3 321**		**3 653**		**4 063**		**4 571**		**4 976**	
Beurse uitbetaal		531	10	588	11	659	12	725	10	767	6
% van uitgawes	%	16,0		16,1		16,2		15,9		15,4	
Prinsipaal	Rm	316	17	338	7	403	19	442	10	456	3,2
Agent		215	1,6	250	16,3	256	2,3	283	10,4	298	5,6
Gapings-befondsing		-		-		-		-		13	

BESKIKBARE FONDSE

Die Universiteit Stellenbosch plaas 'n baie hoë premie op goeie korporatiewe en finansiële bestuur en doen alles in sy vermoë om te verseker dat finansies deursigtig en oordeelkundig bestuur word. Deel van gesonde finansiële bestuur is om verantwoordbare vlakke van reserwefondse te bestuur met die oog op langtermyn- sistemiese volhoubaarheid (wat insluit dat akademiese gehalte deurgaans behou word). Reserwefondse is, in teenstelling met die openbare mening, nie 'n enkelbedrag geld wat eenkant lê en rente verdien nie, maar fondse in verskeie omgewings wat slegs volgens spesifieke riglyne aangewend mag word.

Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse, wat R9,562 miljard uitmaak, bestaan uit bedryfsfondse (fondse ontvang vir byvoorbeeld langtermyn-, eksterne kontrakte met die industrie), leningsfondse (studentelenings, wat weer terugvloei vir verdere studente-ondersteuning), skenkingsfondse (met voorwaardes van skenkers) en vastebate-fondse (byvoorbeeld uitdruklik vir die ontwikkeling van fasiliteite) met bepaalde voorwaardes vir aanwending, wat dit nie vir die diskresionêre aanwending deur die Raad beskikbaar maak nie. Die fondse mag dus slegs volgens die bepalingsvoorwaardes aangewend word.

Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend. Onbeperkte fondse, wat die balans van R1,223 miljard (2016: R1,161 miljard) beloop, word verder verdeel in fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is. 'n Voorbeeld hiervan is die Universiteit se Versekeringsreserwefonds waarvoor 'n afsonderlike reglement bestaan wat die aanwending daarvan bepaal, asook die Strategiese Fonds van die Universiteit en die balans van fondse uit omgewings wat ooreenkomstig goedgekeurde omgewingsplanne vir strategiese en bedryfsdoelwitte geoormerk is. Die balans van R571 miljoen (2016: R459 miljoen) is dus beskikbaar vir diskresionêre aanwending deur die Raad. Dit beloop 9,7% van die US se totale jaarlikse inkomste, oftewel ongeveer net een maand se inkomste, wat 'n baie lae vlak van gebeurlikheidsvoorsiening is (in vergeleke met 'n internasionale norm van drie maande).

Tabel 4 toon die groei in beskikbare fondse en langtermyn-beleggings oor die afgelope vyf jaar.

Tabel 4
GROEI VAN BESKIKBARE FONDSE EN LANGTERMYNBELEGGINGS, 2013–2017

		2013	Toename/ (Afname) 2012/ 2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/ 2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/ 2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/ 2016 %	2017	Toename / (Afname) 2016/ 2017 %
Fondse beskikbaar, waarvan:	**Rm**	**9 639**	8,2	**10 636**	15,5	**11 824**	10,3	**12 254**	3,6	**13 338**	8,8
Langtermyn beleggings		6 067	41,2	6 631	23,1	7 684	9,3	**7 893**	2,7	**8 889**	12,6
as % van fondse beskikbaar	%	62,9		62,3		65,0		**64,4**		**66,6**	

Tabel 5
SAMESTELLING VAN BESKIKBARE FONDSE, 2013–2017

		2013	Toename / (Afname) 2012/ 2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/ 2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/ 2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/ 2016 %	2017	Toename / (Afname) 2016/ 2017 %
Totale inkomste	**Rm**	**3 849**		**5 140**		**5 033**		**5 311**		**5 877**	
Beperkte fondse		5 856	18,0	6 792	16,0	7 624	12,3	8 553	12,2	9 563	11,8
Onbeperkte fondse		1 243	20,4	1 287	3,6	1 663	29,2	1 161	(30,2)	1 223	5,3
Geoormerkte reserwes		836	62,4	1 060	26,7	1 240	17,0	702	(43,4)	651	(7,1)
Ongeoormerkte reserwes		406	(21,4)	227	(44,0)	423	86,1	459	8,6	571	24,4
Totale fondse teen markwaarde beskikbaar		7 099	18,4	8 079	13,8	9 287	15,0	9 714	4,6	10 786	11,0
Ongeoormerkte reserwes as % van totale inkomste	%	10,6%		4,4%		8,4%		8,7%		9,7%	

Tabel 5 toon die samestelling van die Universiteit se fondse asook die persentasie wat ongeoormerkte reserwes (dus beskikbaar vir aanwending deur die Raad) van die totale inkomstes uitmaak.

Die Universiteit se beskikbare fondse en netto batewaarde het toegeneem en is finansieel gesond, maar daar is ook bepaalde risiko's wat in ag geneem moet word. Van die belangrikste risiko's wat geïdentifiseer is, is soos volg:

- die onbekende uitwerking wat die verwagte verandering in die subsidieformule asook moontlike studentegelde-regulasies op die Universiteit se hoofbegroting-geldstrome sal hê;
- die moontlike sektorregulasie van studentegelde-aanpassings;
- die impak van die land se ekonomiese toestand en graderings, asook die effek daarvan op groei in beleggings en beleggingsopbrengste, veral in die lig van die befondsing vir die Kampusvernuwingsplan;
- die wisselkoersimpak op inkomste uit skenkings en navorsingskontrakte; en
- studente se vermoë om rekeningverpligtinge na te kom.

Die Universiteit sal hierdie uitdagings deur sy strategiese benadering tot finansiële beplanning en bestuur aanpak.

LIKIDITEIT

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, sowel as die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

	2016	2017
	Rm	**Rm**
Bedryfsbates	1 018	1 037
Bedryfslaste	885	1 061
Verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste	1,15	0,98

Die Universiteit het op 31 Desember 2017 oor R774,1 miljoen (2016: R752,1 miljoen) se kontant en kontantekwivalente beskik, wat hoofsaaklik in opvraagbare deposito's belê is. Die beskikbare kontant, plus netto kontantvloei in 2018, sal voldoende wees om kapitaal- en ander verpligtings na te kom. Die Universiteit het die vermoë om die grootste gedeelte van sy langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer ten einde hom teen moontlike likiditeitsrisiko's te beskerm.

Mnr Manie Lombard
Hoofdirekteur: Finansies

Verslag van die

BEDRYFSHOOF

Groot openbare universiteite soos die Universiteit Stellenbosch (US) het etlike institusionele oogmerke en geen oorhoofse winsmotief nie. Nietemin impliseer sistemiese volhoubaarheid as 'n institusionele oogmerk en, by die US, 'n institusionele strategie dat die instelling 'n aantal sake-agtige kenmerke moet aanneem en ontwikkel om sy verskillende akademiese doelwitte op volhoubare wyse te bereik. Dít doen die US deur die afdelings Finansies, Fasiliteitsbestuur, Informasietegnologie, Innovus en Maties Sport, wat alles in die verantwoordelikheidsentrum Bedryf en Finansies geleë is, met die Bedryfshoof aan die stuur. Hieronder volg hoogtepunte van die US se vordering in die strewe na sistemiese volhoubaarheid gedurende 2017.

OPSKERPING VAN SAKEPROSESSE EN FONDSWERWING VIR FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID

OMSIGTIGE BEGROTING OM FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID TE VERSEKER

Die hoëronderwyssektor beleef reeds 'n aantal jaar finansiële druk, wat die afgelope tyd vererger is deur die druk van die *#FeesMustFall*-beweging, die gepaardgaande sekuriteitsonkoste, en beperkings op universiteite se vermoë om hulle studentegeld jaarliks genoegsaam aan te pas. Die US het nie dié druk vrygespring nie: Trouens, die eerste vooruitskatting van die Universiteit se hoofbegroting vir die tydperk 2018 tot 2023 het op 'n kumulatiewe tekort van R572 miljoen gedui. Hierdie resultaat was nie 'n algehele verrassing nie – dit was immers bekend dat die begroting van 2017 op mediumtermyn onvolhoubaar was.

In antwoord op hierdie beduidende risiko vir finansiële volhoubaarheid het die Afdeling Finansies verskeie alternatiewe scenario's ontwikkel, en 'n kombinasie van maatreëls is uiteindelik gekies en goedgekeur. Dít sal na verwagting enige tekorte oor die beplanningshorison van ses jaar verhoed. Die goedgekeurde begroting het sekere belangrike besluite ingesluit. Eerstens is 'n basislynaanpassing van 8% vir studentegeld en 9,2% vir die koste van US-huisvesting ingestel, plus gedifferensieerde aanpassings in sommige program- en modulefooie vir infasering vanaf 2018. Tweedens is 'n institusionele besluit geneem om indirekte kosteverhaling op aktiwiteite in die derde geldstroom te verhoog, besparingsmaatreëls oor 'n aantal bedrywighede in te stel, en beursfinansiering vanaf die hoofbegroting na die vierde geldstroom te verskuif. Daarbenewens sal volhoubaarheidsgerigte omkeerstrategieë in die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde sowel as Teologie aangevoor word.

Ondanks die fooiaanpassings is die US wat die meeste van sy voorgraadse programme betref steeds nié onder die duurste Suid-Afrikaanse universiteite nie. Deur die uitgebreide portefeulje voor- en nagraadse finansiële bystand wat die Universiteit bestuur, is 23% van ons studente boonop in 2017 teen 'n gemiddelde waarde van R56 310 met 67% van hulle studiegeld ondersteun. Studenteskuld is verantwoordelik bestuur en die vereiste verslae daaroor is aan die Oudit- en Risikokomitee en die Raad voorgelê.

Prof JWR de Villiers, eerste Viserektor (Bedryf en Studentesake), 1985

Prof Stan du Plessis Bedryfshoof

BEHOORLIKE EN VERANTWOORDELIKE OORSIGBESTUUR

Die doelwitte van die Bedryfshoof se verantwoordelikheidsentrum sluit die strewe na voortgesette verbetering in oorsigbestuur in. Vir dié doel pas die Universiteit die aanbevelings van die King III-goeiebestuurskode toe en voldoen aan die verslagdoeningstandaarde wat van die land se hoëronderwysinstellings vereis word. Toepassing van die King IV-beginsels wat in November 2016 gepubliseer is, is ook reeds van stapel gestuur.

Een voorbeeld van waardetoevoeging met betrekking tot professionele oorsigbestuur in die verslagjaar was die Universiteit se inwerkingstelling van 'n lewensvatbare kontrakteringsmodel vir dienste soos sekuriteit, spyseniering en skoonmaak. Ingevolge dié model, wat 'n gesonde balans handhaaf tussen die verskaffing van behoorlike, waardige werksgeleenthede enersyds en finansiële volhoubaarheid andersyds, het die US in 2017 tenders vir 'n aantal kontrakte aangevra én suksesvol aan buitemaatskappye toegeken, onderworpe aan die institusionele gedragskode. In sommige gevalle het die streng tenderproses ook interne diensteafdelings as 'n beter opsie geïdentifiseer. (Kyk ook "Tender- en aankoopprosedures", bladsy 20.)

Nóg 'n voorbeeld van oorsigbestuursvernuwing aan die US in 2017 was die goedkeuring van 'n Tegnologie- en Informasiekomitee (TIK) in pas met die King IV-aanbeveling in dié verband. Die TIK sal institusionele toesig oor tegnologie- en inligtingsoorsigbestuur, daaglikse inligtingsbestuur en tegnologiesteun verseker, gedagtig aan die afsonderlike dog oorvleuelende verantwoordelikhede verbonde aan inligtingsoorsigbestuur en -tegnologie. Hierdie samewerkingsprojek tussen die verantwoordelikheidsentrum van die Bedryfshoof en die Viserektor (Strategie en Internasionalisasie) is 'n belangrike platform om toe te sien dat inligtingstegnologie aan die US oor die hele instelling heen gekoördineer en volhoubaar geïntegreer word.

Die US se verbintenis tot die inwerkingstelling van die King-kodes impliseer ook vooruitgang op baie ander gebiede van goeie oorsigbestuur. Die instelling se eerste gekombineerde sekerheidsplan – 'n geïntegreerde plan wat die Universiteit se risikobestuursmodel vaslê – het byvoorbeeld in Mei voor die Raad se Oudit- en Risikokomitee gedien. En in 'n verdere poging om die US se risikoreaksie te verbeter, het die Oudit- en Risikokomitee 'n vierde toegewyde risikobestuursvergadering by sy jaarlikse vergaderingrooster ingesluit.

VOORSIENING VAN SLIM, GROEN, TOEKOMSGERIGTE FASILITEITE VIR 'N VOLHOUBARE, FUNKSIONELE KAMPUS

Die Raad het in September die Universiteit se uiters ambisieuse Kampusvernuwingsprojek, wat oor etlike jare strek, verder verleng en ook die begrotingsbestek met R1,46 miljard uitgebrei om twee enorme projekte in die fakulteite Ingenieurswese sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe in te sluit. Intussen is die herboude en aansienlik verbeterde Van der Sterr-gebou in 2017 heropen, terwyl die opgeknapte en uitgebreide HB Thom-teaterkompleks teen die begin van 2018 gereed sal wees.

'n Samevatting van vordering met groot inisiatiewe van die Kampusvernuwingsprojek, wat die instelling se vervaardigde kapitaal 'n reusehupstoot sal gee, verskyn hieronder:

VORDERING MET INISIATIEWE VAN DIE KAMPUSVERNUWINGSPROJEK

Projekbeskrywing	Waarde	Aanvang en vordering
Jan Mouton Leersentrum Die oprigting van 'n koolstofdoeltreffende fasiliteit met aanpasbare klaskamers, 'n atrium vol natuurlike lig en terrassitplek, tripelvolumesirkulasieruimtes, 'n oordekte deurgang, 'n restaurant en kelderparkeerplek op die Stellenbosch-kampus.	R257 m	Het in September 2017 begin
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Biomediese navorsingsfasiliteit Opknapping van bestaande Fisan-gebou en konstruksie van nuwe drieverdiepingaanbouing met kelderparkeerplek.	R977 m	Begin in 2019
Fakulteit Ingenieurswese Nuwe Plaveisellaboratorium, opknappings aan Meganiese Ingenieurswese-gebou sowel as laboratoriumruimtes.	R723 m	Begin in April 2018
Bellvilleparkkampus Nuwe lesingruimte- en kantooruitbreidings.	R136 m	Verwagte voltooiing in 2019
Drama: HB Thom-teaterkompleks Algehele vernuwing van elektriese en elektroniese infrastruktuur, verdigting, nuwe kleinteater.	R96 m	Verwagte voltooiing in Februarie 2018
Van der Sterr-herontwikkeling Verdigting en konstruksie van nuwe lesingsaalkompleks.	R111 m	Is in 2017 voltooi

Fasiliteitsbestuur, synde die bewaarder van fisiese fasiliteite op US-kampusse, volg 'n totalekostebenadering tot die ontwikkeling van nuwe fasiliteite en die verbetering van bestaandes. 'n Verdere voorrangsaak is om universele toegang te verseker sodat alle personeellede, studente en besoekers, ongeag hulle fisiese vermoëns, die Universiteit se fasiliteite kan gebruik. 'n Deurlopende projek op die Stellenbosch-kampus is die verskaffing van nuwe optieseveseldataroetes.

BENUT TEGNOLOGIE OM KAMPUSDOELTREFFENDHEID EN -PRODUKTIWITEIT TE VERBETER

Die Afdeling Informasietegnologie (IT), wat in Oktober 2017 na die Bedryfshoof se verantwoordelikheidsentrum verskuif het, is hard aan die werk om die US 'n slim, tegnologiegesteunde instelling te maak.

Belangrike verbeterings in 2017 sluit in die vestiging van 'n nuwe Departement Algemene Steundienste en 'n aansienlike uitbreiding van WiFi-konnektiwiteit op kampus, wat teen die einde van die verslagjaar 77% van alle skeduleerbare lesingsale ingesluit het. US-studente kan nou ook regstreeks lesings volg of materiaal hersien deur middel van die SunStream-diens. Die verantwoordelikheidsentrum Sosiale Impak, Transformasie en Personeel is boonop bygestaan met die inwerkingstelling van 'n sagtewarestelsel om die US se sosiale impak ten toon te stel.

'n Ander groot, voortgesette IT-projek is die oorskakeling vanaf die US se bestaande, ouer, monolitiese sagteware vir ondernemingshulpbronbeplanning na wat 'n moderne sagtewareportefeulje sal wees wat oor die bedryfsvermoëns beskik wat 'n toonaangewende navorsingsintensiewe

universiteit vereis. Die stelsel word gebruik om verskillende sentrale bedrywighede te bestuur, waaronder finansies, studente-inligting en fasiliteitsbestuur. Om kernelemente van die nuwe portefeulje in werking te stel, het die Afdeling IT in 2017 ten nouste met Finansies, die Registrateursafdeling en Fasiliteitsbestuur saamgewerk om vir die ingebruikneming van hulle onderskeie nuwe platforms voor te berei.

BESTUUR KAMPUSSEKURITEIT AS 'N VOLHOUBAARHEIDSRISIKO

Sekuriteit het op alle US-kampusse 'n risiko gebly, hoewel die studenteprotes wat die vorige twee jaar gekenmerk het, nie weer in 2017 kop uitgesteek het nie. Uitgebreide sekuriteitsdienste op alle kampusse sedert 2016 werp vrugte af, en studente en personeellede se persoonlike veiligheid op kampus het heelwat verbeter.

Tog het die tragiese moord op 'n US-student in die Stellenbosse middedorp die noue verband tussen veiligheid en vervoer beklemtoon vir 'n universiteitsgemeenskap waar die meeste personeellede en studente kampus toe pendel. Daarom maak die kampusmobiliteitsplan nou voorsiening vir bykomende aandpendeldienste vir studente wat buite die kampus woon. Om 'n mobiliteit- en parkeerstrategie met 'n langtermynfokus te lewer, moet die mobiliteitsplan egter verder ontwikkel word, veral in oorleg met Stellenbosch Munisipaliteit.

BEVORDER SPORT AS 'N STRATEGIESE BATE

Die US is terdeë bewus van die strategiese waarde van 'n sterk, goed bestuurde sportaanbod. Die instelling se sportfasiliteite is deesdae gesogte oefenbestemmings vir plaaslike en internasionale atlete, en word voortdurend opgeknap. Aan die suidelike punt van Stellenboschkampus is bouwerk aan die atletiekstadion by die ikoniese Coetzenburg-sportkompleks aan die gang, terwyl die Lentelussportveld en -klubhuis in die noorde ook opgeknap word. Albei projekte sal na verwagting in 2018 voltooi wees.

Maties Sport lewer 'n belangrike bydrae om uitnemendheid aan die US te bou en te handhaaf. Die US se atlete het in 2017 op hulle suksesse van die vorige jaar voortgebou. Maties Rugby het byvoorbeeld die nasionale USSA-kampioen-skapstoernooi gewen en in die Varsitybekertoernooi as naaswenners uit die stryd getree. Die volgende tabel toon van die ander uitmuntende sportprestasies in die verslagjaar.

SPORTEENHEID SE UITSONDERLIKE PRESTASIES

Sportgeleentheid	Maties Sport se prestasies
Varsity Sport	Die Maties-Fietsry-vrouespan wen die Varsity Sport-bergfietskompetisie. Maties Rugby kom tweede in Varsitybekertoernooi. Maties Hokkie-vrouespan wen silwer in die Varsity-hokkiekompetisie. Maties Netbal, Maties Krieket en Maties Sewesrugby eindig derde in hul onderskeie kompetisies.
Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)	Goud vir Maties Rugby, Maties Sewesrugby, Maties Fietsry, Maties Swem-vrouespan, Maties Waterpolo-manspan en Maties Kanoroei-vrouespan. Algehele tweede plek vir Maties Swem en silwer ook vir Maties Waterpolo-vrouespan, Maties Gimnastiek, Maties Kanoroei-manspan en Maties Branderplankry. Brons vir Maties Tennis, Maties Pluimbal en Maties Judo.
Wêreldparakampioenskappe	Nege lede van die Maties Parasportklub neem deel aan die Wêreldpara-atletiekkampioenskappe 2017. Maties-atlete wen 12 (dit is 80%) van Span SA se 15 medaljes: • Charl du Toit (HonsBEd-student): twee goue medaljes en een silwer; • Dyan Buis (HonsBEd-student): twee goud; • Ilse Hayes (alumna): twee silwer; • Anruné Liebenberg (BEd-student): twee silwer; • Reinhardt Hamman (klublid): silwer; • Arnu Fourie (alumnus): brons; en • Zanele Situ (klublid): brons. Christian Sadie verower drie silwer medaljes in die Wêreldparasport-swemkampioenskappe in Desember 2017.
Wêreldstudentespele (Somer Universiade)	Die USSA-span na die 29ste Somer Universiade in Taiwan in Augustus sluit die volgende Maties Sport-studenteatlete in: Justine Palframan (atletiek), Samantha Pretorius (atletiek), Jan-Louis Maritz (tennis), Emma Chelius (swem) en Lwazi Madi, Nic Downes, Jason Evezard, Jordan Rumbelow, Lood Rabie en Cameron Sugden (almal waterpolo). Palframan, die span se vaandeldraer, wen 'n silwer medalje in die 400 m.

Tog kweek Maties Sport nie net ons land se toekomstige sportsterre nie, maar help ook Stellenbosse studente holisties ontwikkel deur die akademiese sukses van begaafde studenteatlete aan te moedig. Die afgelope jaar het die 307 studente in Maties Sport se hoëprestasieprogram byvoorbeeld 'n suksessyfer van 83% behaal. Daarbenewens help skep die klem op die bevordering van 'n aktiewe leefstyl onder alle studente en personeellede 'n samehangende en betrokke US-gemeenskap. Maties Sport se diverse personeelkorps en verbintenis tot verteenwoordigende sportspanne ondersteun ook institusionele transformasie en, gevolglik, volhoubaarheid.

KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM EN DIE SKEP VAN SAKEGELEENTHEDE

Innovus, nóg 'n afdeling in die Bedryfshoof se verantwoordelikheidsentrum, dog ook 'n volfiliaal van die Universiteit, staan aan die stuur van die US se hoogs suksesvolle tegnologieoordragprogram.

Deur sy sake-inkubator, die Nedbank-Universiteit Stellenbosch LaunchLab, help vestig Innovus die US as 'n internasionaal gerekende entrepreneursuniversiteit: In die 2017/18-uitgawe van die internasionale UBI-studie van inkubators wat aan universiteite verbonde is, het die LaunchLab sy eweknieë in die skadu gestel. Dít het Innovus 'n prestigeryke toekenning besorg, wat in Februarie 2018 by die Wêreldinkubasieberaad in Toronto oorhandig sal word. As verdere bewys van die gehalte van innovasie wat uit die LaunchLab voortspruit, het CubeSpace, 'n Innovus-afwentelmaatskappy, in 2017 'n nanosatelliet na die Internasionale Ruimtestasie gelanseer, van waar dit in 'n wentelbaan geplaas is om wetenskaplike inligting in te samel.

Innovus bestuur ook die Universiteit se belang in sy maatskappyegroep, sowel as die Afdeling Kortkursusse en Kopiereg, en die US se handelsmerkportefeulje. Hierdie aktiwiteite sal voortaan al hoe belangriker word vir die Universiteit se finansiële volhoubaarheid as deel van wat as die vyfde geldstroom bekend is. Om dié geldstroom so ver moontlik uit te bou, is Innovus en die US se Afdeling Kommersiële Dienste in die verslagjaar saamgevoeg. Ná die samesmelting is Kommersiële Dienste herdoop tot SunKom (Universiteit Stellenbosch Kommersiële Dienste), wat die Neelsie-studentesentrum, US-koshuise, Maties Voedseldienste en -voldoening, die Botaniese Tuin, Maties Kopieerdienste, Maties Melk sowel as die pas opgeknapte Matie-winkel in die Neelsie én die US-winkel in die middedorp insluit. SunKom sal in die toekoms doeltreffende dienslewering ondersteun, kommersiële inkomste verhoog en 'n entrepreneurskultuur op kampus aanmoedig. 'n Voorbeeld hiervan is die sogenaamde Kunsteprojek, waarvoor SunKom en Innovus kragte saamsnoer met die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe om die volhoubare bestuur van die US se konsertsale, dramateaters en die Woordfees te verseker.

NASTREWING VAN OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

Teen die middel van 2017 het die droogte wat reeds sedert 2015 voortduur die Wes-Kaap in 'n waterkrisis gedompel. Sedertdien is die US se Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur die voorsitter van 'n gebeurlikheidskomitee en die koördineerder van 'n waterkrisisreaksieplan vir die Universiteit. Die plan behels die bestuur van watergebruik aan die vraagkant, sowel as verskeie maatreëls om aanbod te verhoog. Die lang lys maatreëls wat in dié verband ingestel is, sluit in:

- die voortgesette opsporing en herstel van waterlekkasies;
- die montering van waterdoeltreffende krane en stortkoppe;
- die installering van massameters vir beter monitering;
- die opvang van reënwater en die hergebruik van gryswater; en
- die instandhouding van bestaande en die sink van nuwe boorgate.

Tog, hoewel die waterkrisisreaksieplan daarop toegespits is om die US deur die erge droogte te help, is die waterdoeltreffendheidsmaatreëls deel van 'n groter volhoubaarheidsveldtog op kampus. 'n Ander belangrike komponent van hierdie veldtog is die Energiemeesterplan. Ingevolge dié plan het die US in 2017 al hoe meer hernubare energie op sy kampusse begin gebruik, so ver moontlik na meer energiedoeltreffende beligting oorgeskakel en elektrisiteitsverbruik per student aansienlik verlaag. Die volhoubaarheidsveldtog sluit ook inisiatiewe in om afval te verminder en te bestuur en die biodiversiteit en inheemse landskappe op US-kampusse te verbeter.

TOEKOMSVISIE

Die verantwoordelikheidsentrum van die Bedryfshoof sal in 2018 én daarna voortgaan om verantwoordelike finansiële bestuur en goeie oorsigbestuur toe te pas. Dit sal ook voortgaan om die fisiese infrastruktuur te ontwikkel waarmee die US sy kern- akademiese strategie kan verwesenlik, die IT-infrastruktuur te voorsien om nuwe vorme van pedagogie te bied, en die US se toonaangewende interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing te kommersialiseer. Sodoende sal ons 'n kernrolspeler bly in die Universiteit se strewe om sistemiese volhoubaarheid te verbeter, om die entrepreneurskultuur te skep wat hoër onderwys in die 21ste eeu vereis, en om die US uiteindelik studente én personeellede se voorkeurbestemming te maak namate die instelling sy tweede eeu as universiteit betree.

Verslag van die

VISEREKTOR

(Leer en Onderrig)

Die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig (L&O) is een van die belangrikste bydraers om die Universiteit Stellenbosch (US) die voorkeurinstelling vir tersiêre onderrig en leer onder alle Suid-Afrikaners te maak. Dít behels 'n volgehoue klem op relevante onderrigpedagogieë vir die moderne student en die lewering van wêreldklasgraduandi wat 'n verskil in Afrika kan maak. Deur sy afdelings sorg L&O dus dat die onderrigfunksies van die Universiteit doeltreffend ondersteun en leer by studente én personeel bevorder word. Sodoende word intellektuele kapitaal oorgedra en geoptimaliseer.

Oorhoofs help handhaaf die verantwoordelikheidsentrum die instelling se momentum van uitnemendheid. Uit 'n leer-en-onderrigoogpunt vereis dít akademiese programme van gehalte, vaardige en toegewyde akademici, 'n voorspoedige en verteenwoordigende studentekorps, doeltreffende akademiese administrasiestelsels en noodsaaklike steundienste aan die hele US. Dus beywer die verantwoordelikheidsentrum hom vir agt spesifieke strategiese doelwitte aan die hand van die strategiese prioriteite en temas in die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (IVS), die US se Strategie vir Onderrig en Leer van 2014 en die L&O-omgewingsplan. Die volgende afdelings bied terugvoering oor die vernaamste werksaamhede in 2017 om elk van dié doelwitte te bereik.

Prof WL Mouton, eerste Viserektor, 1975

Prof Arnold Schoonwinkel Viserektor (Leer en Onderrig)

UITNEMENDHEID IN LEER EN ONDERRIG

STREEF NA IMMER BETER, DOELTREFFENDER PROGRAM- EN STEUNDIENSLEWERING

Aan die vooraand van sy Eeufees in 2018 bly die US onwrikbaar daartoe verbind om voort te gaan om 'n doeltreffende leer- en onderrigomgewing van gehalte te verseker en sy nou reeds kenmerkende uitnemendheid te handhaaf. In die verslagjaar is verdere eksterne evaluerings van sewe akademiese departemente en agt steundiensteafdelings onderneem, en het 16 opvolg-/vorderingsverslae die lig gesien. Daarmee het die US sy vierde gehalteversekeringsiklus afgesluit. Terselfdertyd het 'n eksterne beoordeling van L&O en al sy steundiensteafdelings waardevolle insig gebied in die verantwoordelikheidsentrum se interne sinergie en algehele impak op die instelling. Die bevindinge sal as grondslag dien vir verdere doeltreffendheidsverbeteringe in die jare wat voorlê.

Die Universiteit het ook sy deelname aan die nasionale Gehalteversekeringsprojek (GVP) voortgesit. Hiervoor is 'n verslag oor die GVP-tweedefasetema "Kurrikulum" onder meer by die Raad op Hoër Onderwys ingedien.

SLYP VAARDIGHEDE, BOU AKADEMIESKAP EN BEVORDER PROFESSIONALISERING

Die US weet maar alte goed dat sy leer- en onderrigaanbod slegs so goed is soos diegene wat aangestel word om dit te voorsien. Daarom het die Universiteit sy inisiatiewe voortgesit om te sorg dat sy akademiese en L&O-steunpersoneel vir niemand terugstaan nie, met vaardighede wat by die beste ter wêreld kan kers vashou.

Dít het ingesluit die tiende jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie, die hersiene, semester lange PRONTAK (Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici) en drie aflewerings van die kortkursus oor gemengde onderrig en leer. Altesaam 37 navorsingsvoorstelle oor onderrig en leer is ingedien by die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO), wat 'n konstante stroom navorsingsuitsette help verseker en as 'n wegspringplek dien vir die US se suksesvolle onderriggenootskapskema. In streeksverband was die Universiteit medeaanbieder van die nagraadse diploma in hoëronderwyspedagogie vir akademiese personeellede wat hulle vaardighede wil verbeter. En om toppresteerder-akademici te beloon, het die US die afgelope jaar sy institusionele toekennings vir onderriguitnemendheid in werking gestel en by 'n galageleentheid aan 13 personeellede erkenning verleen.

Inisiatiewe wat spesifiek afgestem is op die verbetering van die L&O-steundiensteomgewing het ingesluit die US se kernrol om die *Journal of Student Affairs in Africa* by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) te laat akkrediteer. 'n Verdere twee uitgawes van dié vaktydskrif het verskyn, met bydraes deur 'n aantal US-personeel. Daarbenewens het die Universiteit die professionalisering van studentesake en verwante hoëronderwysdienste verder bevorder deur 'n Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie (Hoëronderwysbestuur) te registreer. Die program sal die werk van die US se eie personeel professionaliseer en terselfdertyd eweknieë van die res van Afrika lok.

VESTIG OPTIMALE ORGANISATORIESE STRUKTURE VIR UITNEMENDHEID IN ALLE OPSIGTE

Om beter in belanghebbendes se behoeftes te voorsien, het die US se Afdeling Studentesake 'n aantal nuwe strukture en senior aanstellings gekonsolideer. Met 'n nuwe senior direkteur aan die stuur, bestaan die Afdeling nou uit die drie sentrums van Studentevoorligting en -ontwikkeling, Studentegemeenskappe sowel as Studenteleierskap en -strukture. Elk staan onder leiding van 'n direkteur en het 'n goed gekwalifiseerde, bekwame en toegewyde personeelkorps wat gesamentlik daarna streef om studenteleierskap en die ko-kurrikulêre aanbod by die US te versterk. Die eksterne gehaltebeoordeling van 2017 het die sukses van hierdie nuwe struktuur bevestig.

VOORSIEN INNOVERENDE STELSELS OM UITNEMENDHEID TE ONDERSTEUN

Die paneelbord met infografika oor studente en personeel, finansiële aanwysers en statistieke wat in 2016 ontwikkel is, is in die verslagjaar verder uitgebrei. Dit bevat nou ook nasionale studente- en personeeldata, beplanningsinligting, finansiële inligting tot op departementele vlak, navorsingstatistieke en strategiese bestuursaanwysers. Senior personeellede het die paneelbord baie goed ontvang en verdere toevoegings soos inligting oor US-fasiliteite word vir die toekoms beplan.

STUDENTETOEGANG MET SUKSES

Die modulesuksessyfer is steeds 'n algemene kwantitatiewe maatstaf van studentesukses op akademiese gebied. By die US is dié syfer sedert 2010 pal in die omgewing van 85% – een van die hoogstes in die land.

MODULE-SUKSESSYFER VAN US-STUDENTE (%)

2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018*	2019*	2020*	2021*
83,2	83,4	84,9	85,9	85,1	86,7	85,9	87,1	85,2	85,1	85,0	85,0

*Teikens

'n Verdere bewys van studentesukses is die konsekwent hoë gemiddelde eerstejaarbehoudsyfer vir alle voorgraadse baccalaureusprogramme, wat vir die tydperk 2008–2017 op 88,1% te staan gekom het (2007–2016: 87,9%). Tog is die ganse US-waardeketting daarop afgestem om studente die tipe toegang te bied wat sukses in die hand werk, wat die volgende komponente insluit.

SKEP 'N BEVORDERLIKE KLIMAAT EN KULTUUR VIR SUKSES

Die Universiteit verstaan dat, benewens sy akademiese aanbod, studentesukses ook die uitskakeling van fisiese, sosiale, geestes- en ander hindernisse vir suksesvolle studie en persoonlike welstand impliseer. Vir dié doel is drie belangrike beleidsinisiatiewe vir volle inwerkingstelling vanaf 2018 afgehandel, naamlik die werk van die taakgroep oor die beëindiging van verkragtingskultuur, die skryf van 'n Beleid oor Universele Toegang sowel as die Beleid oor Diskriminasie en Teistering.

Voorbereidings is ook getref om die US se impakryke eerstejaarsteunaanbod na senior studente uit te brei. Die Senior Studente-ervaringprojek sal in 2018 steun en ontwikkeling onder tweede- en derdejaars sowel as nagraadse studente versterk. Voorts het die Universiteit se voorligting- en steundienste in 2017 altesaam 6 832 individuele psigoterapiesessies met studente gehad – byna dubbel soveel as die vorige jaar.

L&O erken sy verantwoordelikheid om die instelling teen die moontlike risiko van ongekontroleerde kampusaktivisme te beskerm. Daarom streef die verantwoordelikheidsentrum doelbewus na die vestiging van 'n kultuur waar aktivisme-ten-goede gevier word. In dié verband heet die gebou waarin die US se eenhede vir gestremdheid en gelykwaardigheid geleë is nou Simon Nkoli Huis, ter ere van die ontslape jong menseregteaktivis.

VERSTERK DIE KO-KURRIKULUM, STUDENTEBETROKKENHEID EN LEIERSKAP

In 'n poging om die ko-kurrikulum (die buiteklasleerervaring) uit te brei en te verdiep, is sewe ko-kurrikulêre programme wat die graduandi-kenmerke sowel as ander bevoegdhede ontwikkel, in 2017 geakkrediteer. Hierdie programme verskyn op gradedag op studente se transkripte om Stellenbosch-graduandi se aanstelbaarheid te verhoog en hulle toe te rus as agente vir verandering tot voordeel van die land. Nóg 'n suksesvolle SU Leads-konferensie het ook weer die ko-kurrikulêre ervaring ondersteun deur studente die vaardighede van verantwoordelike leierskap te leer.

Wat studentebetrokkenheid betref, het 'n beoordeling van die klusternawe – gemeenskaplike leer- en ontspanningsruimtes vir koshuis- en dagstudente – opwindende resultate opgelewer. Die byvoeging van 'n verdere twee nawe in 2018 sal die residensiële model vir US-studente verder versterk.

VROEG BEGIN, HALF GEWIN – VERSEKER SUKSES ONDER TOEKOMSTIGE STUDENTE

Een van die groot hindernisse vir tersiêre akademiese sukses is onvoldoende voorbereiding op skool. Afgesien van sy gewone skoolwerwingsveldtogte, het die US dus sy telematiese skoolprojek verder versterk, wat beoog om graad 10- tot graad 12-leerders se jaareindpunte te verbeter. Die 710 deelnemerskole in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap – van wie 167 in 2017 aangesluit het – ontvang jaarliks 100 uur se lesse in nege kernvakke wat deur die US se interaktiewe satellietplatform of met regstreekse internetstroming uitgesaai word.

GROOTTE EN VORM VAN US-STUDENTEKORPS

BOU DIE STUDENTEKORPS SONDER OM GEHALTE IN TE BOET

Die US se inligtingsessies, loopbaanvoorligting en opedae het duisende topstudente van diverse agtergronde gelok. Die instelling het meer as 33 000 voorgraadse aansoeke ontvang – 20% meer as die vorige jaar.

Gestroomlynde toelatingsprosesse het ook vrugte afgewerp wat betref die getal volledige aansoeke wat ontvang is: Bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-(BSIA-)studente het vir die eerste keer meer volledige aansoeke as hulle wit eweknieë ingedien – 9 709 en 8 311 onderskeidelik. Vir swart Afrikaanstudente in die besonder het volledige aansoeke met 10% toegeneem vergeleke met 2016.

Gedagtig daaraan dat kwantiteit nooit kwaliteit in gevaar moet stel nie, is die US trots daarop dat 'n verstommende 46% van sy nuwelingeerstejaarkohort van 2017 'n gemiddeld van 80% en hoër in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen behaal het. Altesaam 41% het met 'n gemiddeld van 70–79% geslaag. Toegelate nuwelinge met 'n eindeksamenpunt onder 70% het aansienlik afgeneem van byna 26% in 2013 tot 13% in 2017 (kyk die onderstaande grafiek).

VERSPREIDING VAN NUWELINGEERSTEJAARS SE GRAAD 12-UITSLAE, 2013–2017



PATROON OOR DIE AFGELOPE VYF JAAR

Die persentasie nuwelingeerstejaars (NE's) met 'n Graad 12-gemiddelde van 80% en hoër het jaarliks gestyg, met 'n skerp styging tussen 2015 en 2017. In 2015 het 'n derde NE's 80% of meer in Graad 12 behaal; in 2017 het hulle vermeerder tot 46%.

Hierteenoor het die persentasie NE's in die laer Graad 12-kategorieë vanaf 2013 tot 2017 gedaal, met die grootste daling in die kategorie onder 70%.

DIE STREWE NA 'N MEER DIVERSE STUDENTEKORPS

Koshuisplasing bly 'n kernfaktor in die US se strewe na 'n diverse studentekorps deur toegang vir studente van etlike verskillende gemeenskappe te verbreed. Die Universiteit het weer vier keer meer aansoeke as die beskikbare getal eerstejaarkoshuisplekke ontvang. Uiteindelike eerstejaarplasings het die mikpunt van 40% BSIA-studente en 5% internasionale studente oorskry. Die tabel hieronder toon die syfers vir alle voorgraadse koshuise op Stellenbosch. Plasingsyfers vir koshuise op Tygerbergkampus het ook die mikpunte oorskry: Altesaam 36% wit en 54% BSIA-eerstejaars het daar koshuisplek ontvang.

PROFIEL VAN EERSTEJAARSTUDENTE SE KOSHUISPLASING, 2016–2017

	Aantal		%	
	2016	**2017**	2016	**2017**
Bevolkingsgroep				
Wit	1 202	**1 176**	59,6	**56,5**
Swart Afrikaan, bruin, Indiër en Asiër	816	**907**	40,4	**43,5**
Swart Afrikaan	338	**388**	16,7	**18,6**
Bruin	417	**437**	20,7	**21,0**
Indiër	61	**82**	3,0	**3,9**
Asiër*	n.v.t.	**n.v.t.**	n.v.t.	**n.v.t.**
Taal				
Afrikaans	1 040	**929**	51,5	**44,6**
Nie-Afrikaans	978	**1 154**	48,5	**55,4**
Nasionaliteit				
Suid-Afrikaans	1 913	**1 954**	94,8	**93,8**
Internasionaal	105	**129**	5,2	**6,2**
Eerstegenerasiestatus				
1	821	**802**	40,7	**38,5**
2	1 158	**1 240**	57,4	**59,5**
Onbekend	39	**41**	1,9	**2,0**
Akademiese meriete				
80%+	1103	**1 238**	54,7	**59,5**
<80%	915	**845**	45,3	**40,6**
TOTAAL	2 018	**2 083**	100	**100**

* Toe hierdie data ontgin is, was 'Asiër' nog nie as 'n aparte dataveld vir studente beskikbaar nie.

Hierdie en ander pogings het 'n merkbare verbetering teweeggebring in die US se prestasie aan die hand van die vasgestelde institusionele registrasiemikpunt vir BSIA-nuwelingeerstejaars, soos die volgende tabel toon:

US SE PRESTASIE TEENOOR DIE GESTELDE INSTITUSIONELE REGISTRASIETEIKENS VIR BRUIN, SWART AFRIKAAN-, INDIËR- EN ASIËR-NUWELINGEERSTEJAARS, 2014–2017

Vlak	Studentetal				Raad se teiken			
	2014 (Junie)	2015 (Junie)	2016 (Junie)	**2017 (Junie)**	2014 (Junie)	2015 (Junie)	2016 (Junie)	**2017 (Junie)**
Totaal	**29 393**	**30 150**	**30 854**	**31 639**	*	*	*	*
Nagraads	9 915	10 051	10 154	**10 440**	*	*	*	*
Voorgraads	18 342	19 042	19 582	**19 844**	*	*	*	*
Nuwelingeerstejaars	5 182	5 371	5 102	**5 269**	4 830	5 131	4 977	5 129
% bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-(BSIA-) nuwelingeerstejaars	**35,7%**	**34,1%**	**35,2%**	**37,4%**	**30,7%**	**35,6%**	**37,2%**	**37,5%**

* Kyk ook die tabel "Ministeriële inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019 en Universiteit Stellenbosch se prestasie, 2014–2017" op bladsy 33.

Totale BSIA-studente as 'n persentasie van die volle US-studentekorps neem ook geleidelik toe:

ALLE BRUIN, SWART AFRIKAAN-, INDIËR- EN ASIËR-STUDENTE AS PERSENTASIE VAN VOLLE US-STUDENTEKORPS (%)

2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018*	2019*	2020*	2021*
32,9	32,9	33,1	34,6	36,6	37,8	38,7	**40,1**	42,7	44,5	45,8	48,3

*Teikens

Hoewel hierdie syfers bemoedigend is, sal pogings verstewig moet word om die studentekorps in die volgende paar jaar verder te diversifiseer en sodoende teen 'n moontlike toekomstige studentediversiteitsrisiko te waak. Kyk ons studenteprofiel in getalle op bladsy 53 en 54.

PROGRAMVERNUWING

Gereelde besinning oor die programaanbod word vereis om te sorg dat die US se programme relevant bly en kostedoeltreffend aangebied word. In dié verband het die Programadvieskomitee in 2017 altesaam 23 nuwe program-voorleggings vir goedkeuring, akkreditasie en registrasie by die owerhede ingedien met die oog op inwerkingstelling in 2019. (Vir programme wat in 2017 goedgekeur en geakkrediteer is, kyk bladsy 22.)

Die institusionele programvernuwingsprojek het behoorlik vaart gekry ná 'n werksessie deur die wêreldbekende leerinnoveerder prof Gilly Salmon. Elke fakulteit het een kandidaatprogram vir onmiddellike vernuwing geïdentifiseer, en ook 'n roetekaart opgestel vir die vernuwing van ander programme in die toekoms. Gesprekke tussen fakulteite in dié verband duur voort deur middel van die doelgeskepte forum van visedekane vir onderrig.

VERHOGING VAN MEERTALIGE PROGRAMAANBOD

Die US se nuwe Taalbeleid, wat die Universiteit posisioneer as 'n wêreldklasinstelling wat meertaligheid sonder uitsluiting bevorder, het in die verslagjaar in werking getree. Die beleid maak voorsiening vir drie aanbiedingswyses, naamlik Afrikaans en Engels afsonderlik vir onderverdeelde klasgroepe (parallelmedium), Afrikaans en Engels gesamentlik in onverdeelde klasgroepe, en hetsy Afrikaans of Engels ooreenkomstig die betrokke dosent se taalvaardigheid. Die krediete van modules wat op elk van hierdie wyses aangebied word, verskyn hieronder.

MODULEKREDIETE PER ONDERRIGMEDIUM	2014	2015	2016	2017	2018*	2019*	2020*	2021*
% modulekrediete wat in Engels/Afrikaans-parallel-medium aangebied word	16,6	15,4	17,5	**20,9**	20,5	22,0	23,5	25,0
% modulekrediete wat in sowel Engels as Afrikaans in dieselfde klas aangebied word	62,9	69,5	69,5	**64,6**	66,0	64,0	62,0	60,0
% modulekrediete wat in hetsy Engels of Afrikaans (enkelmedium) aangebied word	20,4	15,1	13,0	**14,5**	13,5	14,0	14,5	15,0

*Teikens

Die Taalsentrum het ook sy aanbieding gehandhaaf en uitgebrei. Dít sluit in kredietdraende kursusse oor akademiese geletterdheid, taalverwerwing en professionele kommunikasie (2 667 studente), skryfkonsultasies (4 537 konsultasies, ook op Tygerbergkampus en via Skype), kortkursusse oor akademiese skryfwerk (1 454 studente), Leeslaboratoriumkonsultasies (3 324 interaksies), vertaal- en redigeerdienste in alle plaaslike en 15 buitelandse tale, 'n kursus in kliniese kommunikasie in isiXhosa vir studente in geneeskunde en gesondheidswetenskappe, sowel as verdere terminologieontwikkeling in isiXhosa.

Om die nuwe Taalbeleid te ondersteun, is tolkdienste aansienlik uitgebrei. Die aanbod sluit nou ook waardebelaaide dienste soos potgooie, transkripsies en vertalings van PowerPoint-aanbiedings sowel as tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) in.

'n Verdere opwindende stap is die ontwikkeling van 'n nuwe Taalleernaaf, wat individuele plaaslike studente die geleentheid sal bied om hulle meertaligheid te verbeter. Sodra die fasiliteit gevestig is, is die plan om die diens in die toekoms ook aan eksterne kliënte te lewer.

INKORPORERING VAN INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIETEGNOLOGIE (IKT) VIR LEER EN ONDERRIG

Die Universiteit bly daartoe verbind om IKT in die US se leer- en onderrigpraktyke vas te lê, en het dus voortgegaan om die Raadsgefinansierde projek IKT in Leer en Onderrig van R218 miljoen te implementeer. Noudat alle optieseveselroetes tussen geboue voltooi is en 77% van klaskamers oor WiFi-konnektiwiteit beskik, kan die pas aangestelde fakulteitsgebaseerde gemengdeleerkoördineerders aan die werk spring om IKT sinvol by akademiese programme te integreer. 'n Verdere tree vorentoe wat infrastruktuur betref, was die aanvang van bouwerk aan die nuwe, hipermoderne Jan Mouton Leersentrum.

Namate IKT al hoe stewiger in die US se bedrywighede veranker word, hou die instelling aan vernuwe. Die Universiteit spog byvoorbeeld nou met twee suksesvolle massiewe oop aanlyn kursusse (MOOC's), die nuwe aanlyn leerontwerpdiens SUNOnline, die mobiele toepassing van die institusionele leerbestuurstelsel SUNLearn, en die vermoë om intydse interaktiewe virtuele klasse deur SUNStream aan te bied. Boonop is die US se vorige bedryfsintelligensiestelsel in 2017 suksesvol met die SUN-i-stelsel vervang. Die stelsel bied akkurate, geïntegreerde inligting vir beter besluitneming, en stelselgebruik neem fluks toe. Die proses om die US se bestaande studente-inligtingstelsel met 'n moderne 21ste-eeuse weergawe te vervang, het ook voortgeduur en reaksies op die Universiteit se aanvanklike versoek vir inligting word in die eerste semester van 2018 verwag.

BENUTTING VAN NUWE KENNISMARKTE

Die instelling se kundigheid op die gebied van interaktiewe satellietgebaseerde tegnologie en regstreekse internetstroming bied geleenthede om die US se kennismarkte verder uit te brei. Ook SUNOnline is 'n opwindende toevoeging in hierdie verband. Dié platform beoog om fakulteite aanlyn ontwerp- en steundienste te bied en sodoende pasgemaakte programme te skep wat in spesiale markbehoeftes voorsien.

Die Universiteit se telematiese program is steeds 'n belangrike komponent van markuitbreiding. Die program voorsien 'n tegnologiegemedieerde platform vir nagraadse aanbiedinge en word beskou as 'n belangrike voorloper van die omvattender tegnologiegemedieerde tipe aanbod wat vir die toekoms beoog word. Wanneer dit geïmplementeer is, sal 'n volwaardige telematiese aanbod onder meer vir die werk-en-leermark voorsiening maak deurdat studente op slegs sekere tye van die jaar op kampus hoef te wees, terwyl akademiese steun die res van die tyd meestal deur satelliet-, web- en ander leertegnologieë voorsien sal word.

FINANSIËLE STUDENTESTEUN

Die US volhard in sy verbintenis om kwalifiserende studente in nood finansieel by te staan deur staatshulpbronne te administreer en ook uit sy eie institusionele begroting te put.

Wat staatshulpbronne betref, word die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) tans aan streng doeltreffendheidsondersoeke onderwerp. Intussen het die regering onomwonde die behoefte uitgespreek aan openbare-privaat vennootskappe om steun vir arm studente en diegene in die "ontbrekende middel" te verbeter. Gevolglik het die staat kragte saamgesnoer met 'n aantal privaat entiteite om die Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) tot stand te bring. Die program wil uiteindelik tot en met 65% van alle ingeskrewe studente in aangewese vakrigtings finansier. Die US is deel van die ISFAP-proeffase en sal in 2018 tot en met 230 toekennings aan eerstejaars uit die ontbrekende middel in rigtings soos geneeskunde, fisioterapie, arbeidsterapie, ingenieurswese, aktuariële wetenskap en geoktrooieerde rekeningkunde voorsien. Om die ontbrekende middel verder te ondersteun, het die DHOO 'n fooiaanpassingstoekenning van 8% beskikbaar gestel om vir studiegeldverhogings by tersiêre instellings te vergoed. Alle studente met 'n bruto huishoudelike inkomste van minder as R600 000 per jaar het in 2017 vir hierdie steun in aanmerking gekom, en die US het meer as R12 miljoen aan 3 168 studente, waaronder NSFAS-begunstigdes, uitbetaal.

Daarbenewens is meer as R107 miljoen in beursfinansiering uit die US se eie hoofbegroting beskikbaar gestel om akademiese uitnemendheid te beloon, studente in nood te ondersteun en voorgraadse studentediversiteit te bevorder.

Nogtans, met al hoe meer studente wat op bystand staatmaak en toenemende druk op sowel staatshulpbronne as die Universiteit se hoofbegroting, is fondswerwing en fakulteitsgedrewe beurswerwingsinisiatiewe nou noodsaaklik. Om sy beursbronne te diversifiseer en teen die moontlike risiko van oorafhanklikheid van enige enkele bron te waak, gaan die Universiteit voort met daadwerklike pogings om sy getal beursskenkingsooreenkomste met die privaat sektor te verhoog.

SAMESTELLING VAN STUDENTEKORPS VOLGENS STUDIEVELD EN -VLAK, Junie 2017					
Fakulteite	**Geleentheid-studente**	**Nagraadse studente**	**Voorgraadse studente**	**Groottotaal**	**%-aandeel**
AgriWetenskappe	65	567	1 469	**2 101**	6,6%
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	346	3 480	5 181	**9 007**	28,5%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	307	1 699	2 473	**4 479**	14,2%
Ingenieurswese	161	922	2 998	**4 081**	12,9%
Krygskunde	7	97	525	**629**	2,0%
Lettere en Sosiale Wetenskappe	312	1 381	3 383	**5 076**	16,0%
Natuurwetenskappe	109	862	2 198	**3 169**	10,0%
Opvoedkunde	7	776	971	**1 754**	5,5%
Regsgeleerdheid	25	383	420	**828**	2,6%
Teologie	16	273	226	**515**	1,6%
Groottotaal	**1 355**	**10 440**	**19 844**	**31 639**	**100**
%-verdeling	**4,3%**	**33,0%**	**62,7%**	**100%**	

KWALIFIKASIES TOEGEKEN VOLGENS TIPE, 2017 (dataonttrekking Maart 2018)

Tipe kwalifikasie	Aantal toegeken	%
Voorgraadse diplomas en sertifikate	65	0,7
Algemene eerste baccalaureusgrade	2 640	29,2
Professionele eerste baccalaureusgrade	1 521	16,8
Nagraadse baccalaureusgrade	75	0,8
Nagraadse diplomas en sertifikate	1 355	15,0
Honneursgrade	1 462	16,2
Meestersgrade	1 622	17,9
Doktorsgrade	305	3,4
Totaal	**9 045**	**100**

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GESLAG, Junie 2017

Geslag	Studentetal	%
Vroulik	16 982	53,7
Manlik	14 656	46,3
Totaal	**31 639**	**100**

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS RAS, Junie 2017

Ras	Studentetal	%
Swart Afrikaan	6 018	19,0
Bruin	5 719	18,1
Indiër	952	3,0
Asiër	1	0,0
Wit	18 937	59,9
Weerhou	12	0,0
Totaal	**31 639**	**100**

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS HUISTAAL, Junie 2017

Huistaal	Studentetal	%
Afrikaans	12 168	38,5
Engels	14 999	47,4
Afrikaans/Engels	240	0,7
isiXhosa	1 084	3,4
Ander amptelike SA tale	1 828	5,8
Ander tale	1 320	4,2
Totaal	**31 639**	**100**

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS NASIONALE PROVINSIE, Junie 2017

Provinsie	Studentetal	%
Wes-Kaap	18 820	59,5
Gauteng	3 856	12,2
Onbekend	3 006	9,5
Kwazulu-Natal	2 088	6,6
Oos-Kaap	1 593	5,0
Noord-Kaap	571	1,8
Limpopo	508	1,6
Mpumalanga	480	1,5
Vrystaat	469	1,5
Noordwes	248	0,8
Totaal	**31 639**	**100**

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS NASIONALITEIT, Junie 2017

Nasionaliteit	Studentetal	%
Suid-Afrika	27 991	88,5
Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (uitgesonder Suid-Afrika)	1 872	6,0
Ander Afrika-lande	551	1,8
Res van die wêreld	1 225	3,7
Totaal	**31 639**	**100**

Verslag van die

VISEREKTOR

(Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)

Die Universiteit Stellenbosch (US) wil 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-vasteland wees. Die instelling wil dít vermag deur na uitnemendheid te streef, aan die voorpunt van sy gekose fokusgebiede te bly, erkenning vir sy navorsingsuitsette te kry, en ondernemend, innoverend en selfvernuwend te wees. Hiervoor is 'n gesonde balans nodig tussen kontinuïteit aan die een kant, en transformasie en vernuwing van die US se akademiese navorserskohort aan die ander. Terselfdertyd wil die US sosiaal relevant wees. In ons navorsingswerk streef ons immers nie net na akademiese sukses nie, maar ook na 'n sinvolle impak op die wêreld om ons.

Hierdie oogmerke word aktief nagejaag deur die verantwoordelikheidsentrum Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies (NI&NS). Deur die werksaamhede van sy verskillende afdelings het NI&NS in 2017 die Universiteit se status as 'n navorsingsleier verder gevestig en die instelling se intellektuele kapitaal versterk, soos die volgende afdelings toon.



Prof HW Rossouw, eerste Viserektor (Akademies), 1985

Prof Eugene Cloete Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)

AANSTEL VAN JONG AKADEMIESE STERRE

Deur die ontwikkeling van 'n nuwe geslag akademici, versterk NI&NS die Universiteit se navorsingsvermoë, vernuwe die navorserskohort, en help beskerm die US teen die risiko van stadige institusionele transformasie.

Een manier waarop dít gebeur, is deur 'n gestruktureerde steunprogram vir nuwelingnavorsers, wat gerugsteun word met finansiering uit die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se navorsingsontwikkelingstoelaag. Die program behels onder meer mentorleiding vir nuwelinge, wat tot dusver 145 jong navorsers met ervare mentors in aanraking gebring het om die mentees deur hulle PhD-studie sowel as deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se amptelike graderingsproses te ondersteun.

Nadoktorale genote, nóg 'n kernkomponent van ons jong navorserskohort, het sedert 2015 met 40% aangegroei tot 352 in 2017. Hierdie aansienlike toename word bestuur binne die parameters van die US se nuwe beleid oor nadoktorale genote, wat in Januarie 2017 in werking getree het. Die genote dra beduidend tot die instelling se navorsingsuitset by, soos die nadoktorale navorsingsdag teen die einde van die verslagjaar getoon het. Tog loop die program die risiko van onvoldoende menslike hulpbronne om die administratiewe las verbonde aan so 'n groot nadoktorale kohort te hanteer, en die uitbreiding van personeelvermoë behoort dus 'n strategiese prioriteit te wees.

Die Consolidoc-program, wat PhD-graduandi ná graduering tyd gun om die navorsing uit hulle tesisse te publiseer, werp steeds vrugte af. Die 12 Consolidoc-genootskappe wat in 2016 toegeken is, het op 38 artikels uitgeloop, en het vyf van die ontvangers in staat gestel om nadoktorale genootskappe te bekom. 'n Verdere 22 Consolidoc-genootskappe is in 2017 toegeken. Laastens het Thuthuka, die NNS se program vir nuwelingnavorsers, 41 navorsingstoekennings van bykans R2,5 miljoen beskikbaar gestel.

NADOKTORALE GENOTE AAN DIE US, 2012–2017



BEVORDERING VAN NAVORSINGSUITSETTE

VOORTDURENDE VERHOGING IN NAVORSINGSPRODUKTIWITEIT

Volgens die DHOO se amptelike verslag oor publikasies in 2016 (wat in 2017 beoordeel is) was die geweegde navorsingsuitset per voltydse US-personeellid (publikasies én nagraadse studente) 3,11. Die Universiteit se publikasieuitset per kop was 1,58. Daarmee was die US die produktiefste instelling in die land wat betref geweegde navorsingsuitsette per kop. Trouens, DHOO-syfers toon dat die US die afgelope sewe jaar in 'n ry die hoogste navorsingsuitset per voltydse akademiese personeellid van alle universiteite in die land gehandhaaf het. Boonop spog die US met die land se hoogste getal navorsingsitate per publikasie.

US-NAVORSINGSUITSETTE, 2012–2016*

Navorsingsuitsette	2011	2012	2013	2014	2015	2016
Geweegde navorsingsuitset per kop	2,37	3,08	2,97	3,03	2,92	3,11
Navorsingspublikasieuitset per kop	1,22	1,36	1,47	1,50	1,32	1,58
Getal geweegde navorsingsuitsette per voltyds ekwivalente onderrig- en-navorsingspersoneellid	1,83	2,41	2,33	2,50	2,53	2,64

*Die publikasieuitset van 2017 word in 2018 beoordeel.

Daarbenewens het die jaarlikse institusionele navorsingsverslag, *Research at Stellenbosch University*, weer 'n uitnemendheidsprys by die jaarlikse MACE- ("Marketing, Advancement and Communication in Education"-)konferensie ontvang – vir die sesde jaar agtereenvolgens.

'n Aansienlike toename in navorsingsuitsette impliseer natuurlik ook 'n gepaardgaande toename in maatreëls om die integriteit en etiekvoldoening van daardie navorsing te verseker. By die US word etiekbeoordeling behartig deur vyf komitees wat uit akademiese personeellede en gemeenskapslede bestaan. Lede staan hulle tyd vrywillig af om te help sorg dat die US se navorsing op 'n eties verantwoordelike manier geskied. Die beduidende toename in nuwe aansoeke wat voor hierdie vyf etiekkomitees dien, word hieronder aangetoon.

NUWE AANSOEKE BEOORDEEL DEUR US-ETIEKKOMITEES, 2013–2017

Komitee	2013	2014	2015	2016	2017
Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee 1 & 2	453	475	507	470	**555**
Navorsingsetiekkomitee: Humaniora	425	430	616	882	**1 285**
Navorsingsetiekkomitee: Sorg en Gebruik van Diere	32	41	41	50	**35**
Navorsingsetiekkomitee: Bioveiligheid en Omgewingsetiek (nuut)	-	-	-	4	**2**

Afgesien van die risiko van onetiese navorsing, hou die veranderende landskap van navorsingspublikasie ook nuwe uitdagings in. Eerstens is roofpublikasie kommerwekkend vir alle hoëronderwysinstellings, ook vir die US. Vir proaktiewe bewusmaking in hierdie verband is verskeie inligtingsessies in 2017 vir die Universiteit se navorsers aangebied. Tweedens plaas die nuwe, strenger beleidsvereistes met betrekking tot eise vir publikasiesubsidies van die DHOO nou 'n selfs swaarder administratiewe las op 'n reeds ooreiste Afdeling Navorsingsontwikkeling. Hierdie kwessies sal in die tydperk wat voorlê indringende aandag vereis.

INTERNASIONALE RANGLYSERKENNING VIR TOENAME IN NAVORSINGSUITSETTE

Die US handhaaf 'n genuanseerde benadering tot universiteitsranglyste: Akademiese uitnemendheid en gehalte bly ononderhandelbaar, en ons wend geen poging aan om die instelling se plek op enige ranglys kunsmatig te beïnvloed nie.

Nietemin is dit bemoedigend dat die Times Higher Education- (THE-)wêreld universiteitsranglys die US in 2017 in die kategorie 351–400 geplaas het (2016: kategorie 401–500), hoofsaaklik op grond van beter prestasie in die navorsingsafdeling van die ranglys. Dít bevestig die Universiteit se status as 'n toonaangewende navorsingsinstelling in die land en op die vasteland.

Die US se verbetering op die THE-ranglys kom kort ná die nuus dat die Universiteit ook verder teen die QS-wêreld universiteitsranglys uitgeklim het, wat die instelling nou tweede in Suid-Afrika plaas teenoor verlede jaar se derde plek.

SKEP 'N PLATFORM OM NAVORSINGSIGBAARHEID TE VERHOOG

Die US Kennisgids, 'n instrument waaraan 'n aantal afdelings van die Universiteit saamgewerk het, beoog om US-kundigheid vir die wêreld te ontsluit deur middel van 'n webkonsole, wat prominent op die instelling se webtuiste verskyn (http://www0.sun.ac.za/knowledge_directory/).

Die gids bied heelparty voordele: Nie net stel dit moontlike nasionale en internasionale navorsings- en bedryfsvennote in staat om US-kenners op te spoor nie, maar dit bevorder ook interdissiplinêre skakeling tussen die Universiteit se eie navorsers. Navorsers se biografiese beskrywings en skakels na hulle navorsingspublikasies is in 2017 by die gids ingesluit.

ONDERSTEUN NAVORSING MET 21STE-EEUSE BIBLIOTEEKRUIMTES, VOORPUNTTEGNOLOGIE EN VOLHOUBARE VERSAMELINGS

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens gaan voort om die Universiteit se kernwerksaamhede van navorsing, onderrig en leer te ondersteun deur toegang tot die jongste relevante inligtingshulpbronne, innoverende nuwe instrumente vir inligtingsopsporing en hipermoderne fasiliteite te bied.

Omvattende opknappings aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se takbiblioteek is in die verslagjaar voltooi. Wanneer die fasiliteit vroeg in 2018 sy deure open, sal dit gebruikervriendelike ruimtes en fasiliteite bied om in die behoeftes van hedendaagse mediese studente, navorsers en personeellede te voorsien. Argitekte is ook aangestel vir die opknapping van dele van die sentrale Universiteit Stellenbosch Biblioteek (voorheen die JS Gericke Biblioteek) – 'n projek wat tot twee jaar kan duur.

Buiten onlangse verbeteringe aan sy webtuiste, het die Biblioteek ook 'n vernuwende biblioteekbestuurstelsel en opsporingsinstrument in werking gestel om met die jongste tegnologie- en bedryfsprosesse in die akademiese biblioteekbedryf tred te hou. En om die bekendstelling van 'n pasgemaakte navorsingsdatabestuurstelsel op kampus te ondersteun, sluit die Biblioteekpersoneelkorps nou ook 'n navorsingsdatabestuurder in.

Pogings om 'n meer volhoubare intekenrekening te verseker is in die oorsigjaar voortgesit met 'n beoordeling van alle bestaande intekenings op vaktydskrifte en databasisse, en 'n ondersoek na alternatiewe vir intekening op omvattende elektroniese tydskrifpakkette. Dít het aansienlike besparings teweeggebring, wat welkome beweegruimte in die begroting vir 2018 geskep het.

Nuwe diensleweringsinisiatiewe, soos die instelling van 'n biblioteekstudenteadviesraad en die inwinning van kliënteterugvoer op witborde, help die Biblioteek- en Inligtingsdiens sy noodsaaklike diensaanbod verder verbeter.

HANDHAWING VAN NAVORSINGSUITNEMENDHEID

DESKUNDIGE NAVORSING BESORG US GESPESIALISEERDE NAVORSINGSLEERSTOELE

Die US se volgehoue navorsingsuitnemendheid blyk duidelik uit sy 44 navorsingsleerstoele – 25 as deel van die NNS se Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI) wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie gefinansier word, 18 wat deur ander borge gefinansier word, sowel as die leerstoel in Studies in Historiese Trauma en Transformasie wat die Universiteit onlangs met eie hulpbronne tot stand gebring het.

Twee leerstoele het in 2017 bygekom: Een in die Departement Agronomie word deur die multinasionale bier-en-drankmaatskappy AB InBev gefinansier, en beoog om Afrika se landboupotensiaal te ontgin. Die SARChI-leerstoel in suikerrietraffinering in die Departement Prosesingenieurswese is op sy beurt daarop toegespits om die ekonomiese lewensvatbaarheid van die suikerrietbedryf te verbeter.

As deel van die ontwikkeling van 'n nuwe strategiese raamwerk vir die Universiteit is 'n proses ook van stapel gestuur om met nuwe toegespitste navorsingsgebiede vorendag te kom waarmee die US sy tweede eeu as 'n navorsingsintensiewe universiteit kan betree. Die aanbevelings uit drie openbare raadplegende forums is gedurende die skryf van die instelling se nuwe Strategiese Raamwerk 2019–2024 in ag geneem.

NAVORSINGSUITSETTE IN DIE NUUS IN 2017

Onbekende geskiedenis van Suid-Afrikaanse families word opgeteken *Die US het 'n vyfjaartoekenning van die Andrew W Mellon Stigting ter waarde van $860 000 ontvang ter ondersteuning van die projek "The biography of an uncharted people" (www.unchartedpeople.org). Die projek wat in die Geskiedenisdepartement gesetel is, behels die transkribering van groot hoeveelhede historiese microdata om die onbekende geskiedenis van Suid-Afrikaanse families te vertel wat voorheen uit die nasionale marratief weggelaat is.*

Bydrae tot die staatskapingdebat *Die verslag* Betrayal of the promise: How South Africa is being stolen, *'n uitvloeisel van die US-byeengeroepte samewerkingsprojek* State Capacity Research, *het akademies bygedra tot openbare debat oor staatskaping in die land. Die projek, wat voorste navorsers van die universiteite Stellenbosch, Kaapstad, Witwatersrand en Johannesburg byeengebring het, is 'n treffende voorbeeld van die soort interdissiplinêre, interuniversitêre navorsing wat die US nastreef.*

Eerste mediese sentrum wat prosedure twee keer suksesvol uitvoer *In April het 'n US-Tygerberg Hospitaal-span 'n tweede penisoorplanting suksesvol uitgevoer – die eerste mediese sentrum wat dit regkry om hierdie prosedure twee keer suksesvol uit te voer. Die span het die wêreld se eerste penisoorplanting in Desember 2014 uitgevoer. Die prosedure behels uiters veeleisende mikrovaskulêre sjirurgie. Die oorplantings maak deel van 'n konsep-proefstudie om 'n kostedoeltreffende penisoorplantingsprosedure te ontwikkel wat in 'n tipiese teateromgewing in 'n openbare Suid-Afrikaanse hospitaal uitgevoer kan word.*

CubeSpace lanseer mikrosatelliet *Ook in April lanseer CubeSpace, 'n US-inisiatief wat by die Universiteit se LaunchLab ontwikkel is, sy eerste mikrosatelliet. ZA-AeroSat is aan 'n Atlas V-vuurpyl van Kaap Canaveral in die Verenigde State na die Internasionale Ruimtestasie gelanseer, vanwaar dit in Mei in 'n wentelbaan geplaas is. Dit volg op die hakke van die baanbrekersatelliete Sunsat in 1999, wat deur US-personeel en -studente gebou is, en SumbandilaSat in 2009, wat deur personeel van SunSpace gebou is – 'n vorige US-afwentelmaatskappy. ZA-AeroSat vorm deel van die internasionale QB50-projek, wat behels dat 50 mikrosatelliete, elk kleiner as 'n skoendoos, in 'n wentelbaan geplaas word om data oor die grootliks onverkende laer termosfeer 200–400 km bokant die aarde in te win.*

BYSTAND VIR DIE US SE TOENEMENDE GETAL UITMUNTENDE NNS-GEGRADEERDE NAVORSERS

Die Universiteit se 432 NNS-gegradeerde wetenskaplikes, waaronder 12 A-gegradeerde navorsers, getuig verder van die instelling se volgehoue gespesialiseerde navorsingsvermoë.

Ingrypende veranderinge in die NNS se graderingsgegronde aansporingsfinansieringskema is in September aangekondig. Hoewel dit ernstige gevolge inhou vir baie van die US se gegradeerde navorsers, wat op hierdie geld staatmaak, wil die Universiteit steeds graag die NNS-graderingstelsel in beginsel ondersteun – nie net as 'n kwalitatiewe, portuurbeoordeelde maatstaf van uitnemendheid nie, maar ook as 'n sleutel tot sekere mededingende NNS-finansieringsprogramme.

Daarom het die US 'n toekenning uit sy gebeurlikheidsfonds beskikbaar gestel om as buffer teen die skielike verandering in NNS-aansporingsfinansiering te dien. Die Universiteit se NNS-gegradeerde navorsers kan dus van die veronderstelling uitgaan dat hulle aansporingsfinansieringsvlakke vir 2018 dieselfde sal wees as wat hulle ingevolge die vorige NNS-reëls sou ontvang, terwyl die Universiteit langertermynplanne beraam.

VOLGEHOUE NAVORSINGSPRESTASIES ERKEN

Die Universiteit se akademiese en navorsingsteundienste-personeel het in die verslagjaar weer etlike gesogte eerbewyse ontvang. Dít sluit in:

- twee prestigeryke toekennings van die Royal Society van Suid-Afrika;
- vyf nuwe lede van die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie (ASSAf);
- agt finaliste by die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF)/South32-prysgeleentheid;
- die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) se prys vir vrouewetenskaplikes; en

NNS-GEGRADEERDE NAVORSERS AAN DIE US, 2012–2017



- twee toekennings by die jaarlikse prysgeleentheid van die DWT/SARIMA (Suider-Afrikaanse Navorsings-en-innovasiebestuursvereniging) vir die US se bydrae tot navorsingsbestuur in Suider-Afrika.

Die NI&NS-Viserektor, prof Eugene Cloete, het boonop 'n NSTF-prys ter erkenning van sy uitmuntende bydrae tot navorsing en innovasie in Suid-Afrika ontvang.

UITBOU VAN NAVORSINGSINNOVASIE

Innovasie is 'n noodsaaklike komponent van die US se navorsingsukses. Dit posisioneer die Universiteit as 'n plek van geleenthede wat die beste navorsers en studente van Afrika en die res van die wêreld lok. Die US se navorsingsuitsette het weer 'n aansienlike getal nuwe uitvindings opgelewer, soos die volgende grafiek toon:

PATENTSAMEWERKINGSVERDRAG (PCT) AANSOEKE UIT US-NAVORSING, 2009–2017



Die US se getal PCT-aansoeke oorskry steeds selfs dié van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), wat getuig van die instelling se vermoë om deur innovasie tot ekonomiese en maatskaplike verbetering in die land by te dra.

SKEP VAN VOLHOUBARE NAVORSINGSINKOMSTE DEUR NAVORSINGSVENNOOTSKAPPE

Om volhoubare navorsingsinkomste deur vennootskappe te skep, maak NI&NS van derdegeldstroom- (kontraknavorsing) sowel as vierdegeldstroombronne (filantropiese skenkings) gebruik.

Derdestroominkomste uit die 885 nuwe navorsingskontrakte wat in 2017 verwerk is, het R1 165,5 miljoen bedra, terwyl uitwaartse subkontrakte van net meer as R23 miljoen ook gesluit is. Laasgenoemde bedrag is minder as in 2016, hoewel die daling hoofsaaklik aan 'n sterker Suid-Afrikaanse rand toegeskryf kan word.

Deur THRIP (die program vir bedryfsgerigte tegnologie en menslike hulpbronne) is die US se bedryfsvennootskappe verder versterk. Drie-en-twintig projekte wat ingevolge die oorspronklike NNS-bestuurde THRIP gefinansier is, het hulle uitstaande toewysings vir 2016/17 ontvang en R23,3 miljoen is toegeken. Die Universiteit se bedryfsvennote het ook 15 projekvoorstelle ingedien by die nuwe THRIP, wat nou deur die Departement van Handel en Nywerheid (dti) bestuur word, en ses uitgesoekte projekte het uiteindelik R22,1 miljoen ontvang. In pas met dti-vereistes sal van hierdie finansiering vir navorsing en studenteopleiding by histories benadeelde instellings gebruik word.

DERDESTROOMINKOMSTE UIT KONTRAKNAVORSING, 2013–2017	2013	2014	2015	2016	2017
	R669,1 m	R864,2 m	R866,6 m	R1 210,2 m	R1 165,5 m

Verdere beduidende bronne van navorsingsinkomste in 2017 was samewerkings- en reistoelaes van sowat R14 miljoen van die NNS om bilaterale en multilaterale samewerking te versterk, en 'n toekenning van R1,8 miljoen van die HB & MJ Thom-trust vir studieverlof vir akademiese personeellede sowel as nagraadse studiebeurse. Die US was ook bevoorreg om twee projekspesifieke toekennings te ontvang – een van die Mellon-stigting ter ondersteuning van die projek "Biography of an Uncharted People" in die Departement Geskiedenis (R12,6 miljoen), en 'n ander van die Verenigde Koninkrykse Navorsingsrade vir die US se deelname aan die projek "Developing Resilient Nations – Towards a Public Health Early Warning System via Urban Water Profiling (ReNEW)" (R3 miljoen).

Soos vorige jare, het US-akademici weer aansoek gedoen om finansiering van die Europese Unie (EU) se uiters mededingende Horizon 2020-program vir navorsings- en innovasiefinansiering, sowel as ander EU-verwante finansieringskemas. Vyftien toekennings van altesaam R37 miljoen is in 2017 alleen toegestaan (2014–2017: R160 miljoen). US-navorsers en -studente was ook by 28 Erasmus+-toekennings betrokke, wat die totale getal EU-verwante navorsingsamewerkingstoekennings by die Universiteit op 107 te staan bring.

HANDHAWING VAN NAGRAADSE STUDENTESUKSES

'n Beduidende en suksesvolle nagraadse studentekorps is 'n belangrike bousteen van enige navorsingsintensiewe universiteit. In 2017 het die US 5 005 magister- en 1 703 doktorale studente gehad.

GETAL INGESKREWE MAGISTER- EN PHD-STUDENTE AAN DIE US, 2013–2017	2013	2014	2015	2016	2017
Magisterstudente	4 735	4 717	4 848	4 919	5 005
Doktorale studente	1 331	1 385	1 473	1 497	1 703
Totaal	**6 066**	**6 102**	**6 321**	**6 416**	**6 708**

Soos die vorige twee jaar, is 'n rekordgetal magister- en doktorsgrade ook in 2017 toegeken.

MAGISTER- EN DOKTORSGRADE TOEGEKEN AAN DIE US, 2013–2017	2013	2014	2015	2016	2017
Magistergrade	1 301	1 293	1 378	1 468	305
Doktorsgrade	225	234	267	278	305

Gedagtig aan NI&NS se kernrol om teen die risiko van onvoldoende studentediversiteit aan die US te waak, het bruin, swart Afrikaan, Indiër- en Asiër- (BSIA-)studente in die verslagjaar 'n stewige 49% van die nagraadse studentekorps uitgemaak, terwyl net meer as 19% van die nagraadse kohort internasionale studente was.

NAGRAADSE STUDENTEDIVERSITEIT, 2013–2017	2013	2014	2015	2016	2017
Persentasie bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-studente	46,0	46,0	47,0	48,0	49,0
Persentasie internasionale studente	18,3	17,8	19,0	19,2	19,0

Die Nagraadse Kantoor (NK) ondersteun nagraadse sukses met 'n diensaanbod wat voortdurend verbeter word, sowel as nagraadse finansiering- en vaardigheidsteun. 'n Nuwe, omvattende katalogus bied voornemende nagraadse studente nou 'n oorsig van die US se programaanbod, terwyl pasgemaakte oriënteringsessies oor die hele kampus nuwe nagraadse studente hulle voete help vind. Wat finansiering- en vaardigheidsteun betref, het die NK in 2017 beurse ter waarde van R234 miljoen bestuur (2016: R222 miljoen), met 'n welkome toename in beursgeld uit die bedryf, terwyl die US self R30 miljoen tot algehele nagraadse beurse bygedra het. Om nagraadse studente se navorsingsvaardighede te slyp, het die NK 20 navorsingsteunoriënterings vir 1 012 nagraadse studente aangebied, 1 096 deelnemers met werksessies vir die ontwikkeling van navorsingsvaardighede bereik, en 'n twee dae lange intensiewe opleidingsessie aangebied om nagraadse studente se akademiese skryfvaardighede te verbeter.

Die NK put ook uit die US se netwerke om die Universiteit se nagraadse omgewing konstant te verbeter. Een voorbeeld is sy deelname aan die EU Erasmus+-program getiteld *Enhancing Postgraduate Environments*. Deur dié intervensie werk ses Suid-Afrikaanse en ses Europese universiteite saam aan 'n stel Suid-Afrikaanse, gekontekstualiseerde hulpbronne om nagraadse omgewings te versterk. US-ontwikkelde e-hulpbronne wat in 2017 op die projekwebtuiste (postgradenvironments.com) gelaai is, sluit in *How is good scientific writing like good cooking, The research degree toolkit* en *The MoU between supervisor and postgraduate students*. Die NK bestuur boonop die Universiteit se gesamentlike graadprogramme met vennote soos KU Leuven en Vrije Universiteit. Vyf studente in gesamentlike PhD-programme het in Desember 2017 gegradueer, en 'n verdere vyf kandidate kom in Maart 2018 aan die beurt. Ooreenkomste oor nuwe gesamentlike grade is ook met die Universiteit van Hamburg (Duitsland), Macquarie-universiteit (Australië), die Universiteit van Coventry (Verenigde Koninkryk) en Université Claude Bernard Lyon 1 (Frankryk) aangegaan.

Nagraadse sukses *Die Nagraadse Kantoor ondersteun nagraadse sukses met sowel 'n diensaanbod wat voortdurend verbeter word, as met nagraadse finansiering- en vaardigheidsteun.*

Verslag van die

VISEREKTOR

(Strategie en Internasionalisasie)

Die onlangs gestigte verantwoordelikheidsentrum Strategie en Internasionalisasie (S&I) (voorheen Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie) help transformeer die Universiteit Stellenbosch (US) tot 'n toekomsfikse en wêreldwyd mededingende instelling. Derhalwe kan dit as 'n natuurlike uitvloeisel van die US se strewe na relevansie beskou word. Hierdie strewe is reeds 'n aantal jaar 'n kerndeel van die Universiteit se strategieë en planne, des te meer noudat die instelling volgende jaar sy tweede bestaanseeu betree. Ná verdere selfondersoek in die verslagjaar spog die verantwoordelikheidsentrum nou met 'n derde portefeulje, inligtingsoorsig-bestuur, benewens sy aanvanklike twee verantwoordelikheidsgebiede van strategiese inisiatiewe en internasionalisasie. Gesamentlik is hierdie drie portefeuljes daarop afgestem om te sorg dat die US in die behoeftes van 'n 21ste-eeuse hoëronderwysinstelling voorsien.

Deur 'n gekoördineerde strategie in die planne van die verskillende verantwoordelikheidsentrums, fakulteite, departemente, sentrums en eenhede te implementeer, streef S&I na optimale sinergie tussen die US se strategiese oogmerke, sakeplan en prestasieaanwysers (kyk bladsy 34). Op sy beurt is internasionalisasie daarop toegespits om die US na die wêreld te bring, en die wêreld na die US, en sodoende tot innoverende akademieskap, internasionale samewerking en nuwe kennisekonomieë plaaslik, in die streek en die res van die wêreld by te dra. Wat inligtingsoorsigbestuur betref, is die verantwoordelikheidsentrum hard aan die werk om die US se inligtingstelsels doeltreffend te moniteer, reguleer en beoordeel sodat die Universiteit meer doeltreffend kan wees met minder moeite.

Soos die volgende paragrawe toon, het hierdie drie portefeuljes in die verslagjaar heelwat vordering gemaak om toe te sien dat die US relevant bly in die dinamiese hoëronderwyslandskap, en vir die behoeftes van hedendaagse studente en werkgewers sowel as die land, streek en wêreld voorsiening maak.



Mnr Robert Kotzé, eerste Senior Administratiewe Beampte en stigter van die Kantoor vir Internasionale Verhoudings, 1993

Prof Hester Klopper eerste Viserektor (Strategie en Internasionalisasie)

LOODS STRATEGIESE INISIATIEWE

SKEP STRATEGIEË OM DIE US DIE TOEKOMS IN TE NEEM

Die verantwoordelikheidsentrum het in 2017 die ontwikkeling van die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 aangevoor, wat die bestaande Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 sal vervang wanneer dit volgende jaar verstryk. Ná uitgebreide oorlegpleging deur die Universiteit se institusionele en uitvoerende beplanningsforums is vyf taakgroepe op die been gebring om onderskeidelik oor die US se waardes, toekomstige grootte en vorm, navorsingstemas, strategiese prestasieaanwysers sowel as beurse en lenings te besin. Hulle aanbevelings, tesame met terugvoering uit studente- en personeelsessies, sal deel uitmaak van 'n eerste konsepvisie en -raamwerk wat vanaf vroeg in 2018 vir omvattende oorlegpleging beskikbaar behoort te wees.

Terselfdertyd is die jaarlikse uitgawe van die Institusionele Plan – dié keer vir die tydperk 2018–2023 – weer suksesvol voltooi en betyds in Desember by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien.

Sodra die nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 aanvaar is, sal dit die Institusionele Plan rig, wat optimale integrasie en koördinering sal verseker.

VOOR KERN- STRATEGIESE PROJEKTE AAN

'n Belangrike strategiese projek in 2017 was die voorbereidings en beplanning vir die US se Eeufees 2018. Gedagtig aan die ekonomiese klimaat en die Universiteit se reeds bedrywige akademiese jaar, is daar besluit om dié mylpaal hoofsaaklik met behulp van bestaande geleenthede op die US-kalender te gedenk en net enkele spesiale geleenthede selektief by te voeg. Die visuele identiteit, tema en uitdrukking vir die Eeufees is in Augustus op kampus bekend gestel. Planne vorder fluks, en die US sien daarna uit om aanstaande jaar "100 jaar van leer, groei en saam vorentoe beweeg" te gedenk.

Boonop het S&I fakulteite soos Opvoedkunde, Lettere en Sosiale Wetenskappe sowel as Teologie hulle sistemiese volhoubaarheid help verbeter met fakulteitspesifieke vernuwingstrategieë. Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is ook ondersteun om hulle akademiese voetspoor te vergroot met 'n nuwe voorgraadse verpleegkundeprogram en die uitbreiding van die kliniese platform na die Noord-Kaap.

BEVORDER INTERNASIONALISASIE

'N TOEKOMSFIKSE INTERNASIONALISASIEPLAN EN VERDERE STEUNSTRUKTURE

Nadat US Internasionaal met sy ses sentrums verlede jaar as 'n doeltreffender organisatoriese struktuur tot stand gebring is, het pogings om 'n internasionalisasiestrategie vir die US te ontwikkel in alle erns in die oorsigjaar begin. Aan die hand van die DHOO se pas gepubliseerde Konsepbeleidsraamwerk vir die Internasionalisasie van Hoër Onderwys in Suid-Afrika is 'n situasieskrif opgestel om as grondslag te dien vir 'n groter strategie oor internasionalisasie, wat na verwagting in die loop van 2018 voltooi sal word.

Verdere pogings om internasionalisasie by die US te veranker sluit in die vestiging van 'n institusionele advieskomitee oor internasionalisasie, wat teen die einde van die jaar die eerste keer vergader het. Dié komitee se opdrag is om US Internasionaal oor internasionalisasie te adviseer en internasionalisasie aan die Universiteit te help rig en bevorder. Al die verantwoordelikheidsentrums word op die komitee verteenwoordig.

'N UNIVERSITEIT VÁN AFRIKA, VÍR AFRIKA – 'N GROTER US-VOETSPOOR OP DIE VASTELAND

Deur sy Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) en die Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) het die US sy intervensies voortgesit om na medekennisbouers in Afrika uit te reik. 'n Belangrike komponent van die ASA se werksaamhede in 2017 was die koördinering van die al hoe groter verskeidenheid inisiatiewe van die Afrika Doktorale Akademie (ADA). Dít sluit in 'n doktorale winter- en somerskool (406 deelnemers altesaam) en gesamentlike doktorale skole in samewerking met Makerere-universiteit in Uganda (100 afgevaardigdes) en die universiteite van onderskeidelik Namibië en Malawi (300 afgevaardigdes altesaam). Die SSA was op sy beurt druk besig om die US se meer as 400 geregistreerde aktiewe samewerkingsprojekte in meer as 42 Afrikalande met meer as 600 Afrika-medewerkers te bestuur (kyk figuur). Die US het ook bilaterale ooreenkomste met 24 hoëronderwysinstellings op die vasteland gehandhaaf.

'n Verdere bewys van die instelling se sterk teenwoordigheid in Afrika is dat dit steeds die sekretariaat vir die NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE) voorsien. Die US gaan ook voort om pan-Afrika-inisiatiewe soos PERIPERI-U (vir sterker ramprisikovermoë) en TRECCAfrica I en II (vir beter bestryding van klimaatsverandering en hulpbronuitputting) te ondersteun, en neem aktief deel aan die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA).

Hierdie al hoe groter voetspoor maak die US duidelik 'n aanloklike bestemming vir studente van elders in Afrika, wat tans 58% van alle internasionale studente en 84,3% van alle internasionale nagraadse studente aan die Universiteit uitmaak. Tog kan uitwaartse studentemobiliteit van die US na ander Afrikalande verbeter. Vir dié doel is PhD-studente en jong navorsers in 2017 na Makerere vergesel, en word 'n voorgraadse afvaardiging na Wes-Afrika vir volgende jaar beplan.

US SE SAMEWERKINGSPROJEKTE IN AFRIKA



WYER INTERNASIONALE NETWERKE BUITE DIE VASTELAND – BLY MOBIEL EN IN VERBINDING

Die US se *Global Engagement Centre* (GEC) reël sowel inwaartse as uitwaartse mobiliteit vir niegraadstudente. Die Sentrum het in die verslagjaar verskeie niegraadprogramme vir 981 inkomende internasionale studente gekoördineer. In- en uitwaartse studente- en personeelmobiliteit bly die vuurproef vir volhoubare internasionalisasie.

In dié verband was altesaam 3 648 nie-Suid-Afrikaanse studente in 2017 by die US geregistreer, waaronder 'n aansienlike 1 225 van lande buite Afrika.

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS NASIONALITEIT, Junie 2017

Nasionaliteit	Studentetal	%
Suid-Afrika	27 991	88,5
Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (uitgesonder Suid-Afrika)	1 872	6,0
Ander Afrika-lande	551	1,8
Res van die wêreld	1 225	3,7
Totaal	**31 639**	**100**

NIEGRAADPROGRAMME VIR INKOMENDE INTERNASIONALE STUDENTE

Program	Studentetal
Kortprogramme (pasgemaak volgens tuisinstelling se vereistes)	63
US Internasionaal-winterskool (drie weke lange program Junie/Julie)	129
Uitruilprogramme (vanaf vennootinstelling; behels kwytskelding van klasgeld)	332
Freemovers (*Study Abroad-studente*, betaal volle fooi)	342
Geaffilieerde studente (korttermynnavorsingsbesoeke/-internskappe)	115
Totaal	**981**

Die inwaartse niegraadkohort versterk nie net diversiteit en verleen 'n internasionale element aan die US-klaskamer en -navorsingsomgewing nie, maar is ook 'n belangrike inkomstebron wat die US in die verslagjaar R9,5 miljoen in die sak gebring het. Met dié inkomste kon die Universiteit onder meer 332 uitwaartse studentemobiliteitsgeleenthede ondersteun en R4,1 miljoen in reis- en uitruilbeurse toeken.

UITWAARTSE NIEGRAADMOBILITEIT VIR US-STUDENTE

Program	Studentetal
Semesteruitruilprogramme, 1ste semester (na vennootinstellings; kwytskelding van klasgeld, plus ander voordele)	33
Semesteruitruilprogramme, 2de semester	62
Somer- en winterskole by vennote	124
Onafhanklike somer- en winterskole	56
Winterkamp, Xiamen, China	16
Oorsese konferensietoelaes vir PhD-kandidate	23
KU Leuven-US-dinkskrum	18
Totaal	**332**

BEKENDSTELLING VAN 'N BAANBREKERSTELSEL VIR GEÏNTEGREERDE INTERNASIONALISASIEDATA

Aangesien besluitnemers en navorsers dikwels nie data oor internasionale samewerking geredelik beskikbaar het nie, het die US die ontwikkeling van 'n vernuwende elektroniese databasis aangevoor wat die inligting van al sy netwerke, vennootskappe en samewerkings bevat. Hierdie gespesialiseerde en pasgemaakte inligtingstelsel beoog om kliënteverhoudingsbestuur met internasionale vennootskapsbestuur en internasionale aktiwiteite te kombineer, en terselfdertyd by bestaande databronne soos die US se menslikehulpbron- en studente-inligtingstelsels aan te sluit. Die ontwikkeling daarvan sal 'n innoverende eerste wees. Die stelsel sluit die inligtingskomponente van personeelmobiliteit en -aktiwiteite, internasionale besoekers aan die US, vennootskapsbestuur en internasionale projekte in. Dit sal in die volgende maande verder verbeter en uitgebrei word.

ONTWIKKEL INLIGTINGSOORSIGBESTUUR

WAARDESKEPPING DEUR DIE INSTELLING VAN DIE PORTEFEULJE INLIGTINGSOORSIGBESTUUR

Die nuwe Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (wat die voormalige Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning insluit) laat geen gras onder sy voete groei nie, en het ná sy formele bekendstelling in Oktober dadelik sy strukture en prosedures gereed gekry. Inligtingsoorsigbestuur se verantwoordelikhede is om 'n inligtingsvisie en -roetekaart vir die US te ontwikkel, inligting- en IT-strategieë met mekaar te versoen, en tegnologie- en inligtingsoorsigbestuur te implementeer. Verder sal dit 'n inwerkingstellingsraamwerk vir die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)/Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) bestuur en teen inligting- en kubersekuriteitsrisiko's waak. Dít sal gedoen word deur die drie sentrums vir Institusionele Inligting, Studente-

inligtingstelselondersteuning en Besigheidsintelligensie. 'n Taakgroep oor inligtingsoorsigbestuur sal bykomende steun bied. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur word ook op die Rektoraat se Tegnologie- en Informasiekomitee verteenwoordig.

VERANTWOORDELIKE BESTUUR VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die hele Universiteit is van persoonlike inligting deurtrek. Beleide en privaatheidskennisgewings lewer dalk bewys van die US se formalistiese voldoening aan tersaaklike wette soos POPIA en PAIA. Tog vereis volle verwesenliking van die grondwetlike reg op privaatheid in al die Universiteit se werksaamhede heelwat opleiding- en bewusmakingswerk, sowel as verskeie steuninstrumente.

In hierdie verband het die US onder aanvoring van sy Institusionele Inligtingsbeampte in 2017 privaatheidskennisgewings vir alle institusionele mobiele toepassings ontwikkel en uitgereik, en 'n soortgelyke kennisgewing vir die institusionele korporatiewe webtuiste opgestel. Boonop is finansiering bekom en voorbereidingswerk gedoen vir 'n omvattende privaatheidsbewusmakingsveldtog wat vanaf vroeg in 2018 van stapel gestuur sal word, gevolg deur die ontwikkeling van privaatheidsopleidingsmateriaal. Werk aan 'n nuwe stel regulasies vir die werwing van US-werknemers as navorsingsdeelnemers en vir navorsing met die US se persoonlike en institusionele inligting het ook begin. Op nasionale vlak is die US 'n gewaardeerde bydraer tot 'n taakgroep van Universiteite Suid-Afrika om 'n POPIA-gedragskode vir die hoëronderwyssektor te ontwikkel, wat na verwagting enige regulasieonsekerhede en ander kwessies uit die weg sal ruim.

Om die risiko's verbonde aan privaatheid en persoonlike inligting te bestuur, word 'n formele stel privaatheidsregulasies en 'n inligtingskendingsprosedure tans opgestel. 'n Pas aangestelde US-arbeidsprokureur sal ook die Universiteit sy privaatheidsrisiko's in interne administratiewe werksaamhede help hanteer.

VOORUITSKOUING

Met sy organisatoriese struktuur nou stewig in plek sien S&I daarna uit om sy mandaat in die jare wat voorlê verder te implementeer. Spesifieke fokusgebiede sal wees om Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019–2024 met die verantwoordelikheidsentrum se eie strategiese planne en dié van fakulteite en steundiensteafdelings te versoen, en dit dan met ywer en toewyding in werking te stel. Toekomstige internasionalisasieaktiwiteite sal baat vind by die internasionalisasiestrategie sodra dit in 2018 voltooi word. Daarbenewens sal die bykomende formele funksie van inligtingsoorsigbestuur tot doeltreffender en meer innoverende gebruik van die instelling se inligting en IT bydra. Dít sal toesien dat die US in sy eie en belanghebbendes se behoeftes voorsien en aan alle tersaaklike wetgewing, kontraktuele ooreenkomste en interne beleide voldoen.

Tog sal S&I in die meer nabye toekoms die Universiteit se Eeufees 2018-projek help deurvoer en hierdie kern-strategiese inisiatief ten volle benut om die US-handelsmerk te versterk.

Verslag van die

VISEREKTOR

(Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)

Die verantwoordelikheidsentrum Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP) dra by tot die Universiteit se institusionele strewe om deur sy menslike hulpbronne 'n transformerende impak op die samelewing te hê. Terselfdertyd moedig die verantwoordelikheidsentrum institusionele transformasie aan en hou 'n goed toegeruste, gesonde en goed bestuurde personeelkorps in stand, wat die instelling se menslike en verhoudingskapitaal bewaar en bou.

Deur sy afdelings Menslike Hulpbronne, die Transformasie-kantoor, Sosiale Impak, die Kampusgesondheidsdiens, die Universiteitsmuseum en die Universiteit Stellenbosch (US) Woordfees is SITP goed geplaas om die US se sosiale impak te bevorder, en om deur die instelling se personeellede, studente, alumni en vennote transformasie binne sowel as buite die Universiteit teweeg te bring. Dít is juis wat die verantwoordelikheidsentrum aanhou doen het in 2017, soos die volgende oorsig toon.

Prof Julian Smith, eerste Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) 2008

Prof Koopman Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)

BEVORDERING VAN SAMELEWINGS-GERIGTE VAKKUNDIGHEID

INSTITUSIONALISEER SOSIALE IMPAK VERDER

Nadat die Senaat die US se Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) teen die einde van 2016 goedgekeur het, is daar in 2017 aansienlike vordering gemaak om strukture tot stand te bring vir die volle implementering van die plan.

Twee belangrike stappe ingevolge die SPSI was die instelling van 'n Sosiale Impak-komitee van die Senaat (SIK[S]) en 'n Sosiale Impak-kennisplatform (SIKP). Die SIK(S) het hulle eerste ontmoeting gehad en sewe temas oor sosiale impak ontwikkel. Dié temas, wat met die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte strook, is sedertdien by die proses vir die ontwikkeling van 'n nuwe visie en strategiese raamwerk vir die Universiteit ingevoer. Die SIKP is op sy beurt ook amptelik bekend gestel, en bied interne en eksterne belanghebbendes nou onmiddellike inligting oor die US se inisiatiewe op die gebied van sosiale impak, wat beter samewerking tot gevolg het.

Die inwerkingstelling van die SPSI het ook tot die ontwikkeling van 'n strategiese bestuursaanwyser vir sosiale impak gelei. Daarbenewens is oriënteringsessies vir personeellede en studente aangebied – eersgenoemde om die steunstrukture en kampvegters vir sosiale impak by die Universiteit aan nuwe akademiese personeellede bekend te stel, en laasgenoemde om nuwelingstudente met die US se inisiatiewe vir sosiale impak sowel as die sterk kultuur van studentevrywilligerdiens te laat kennis maak.

By die jaarlikse Simposium oor Sosiale Impak is hierdie én ander werk ter bevordering van sosiale impak deur die US se vakkundiges, navorsers en studente erken en gevier.

BOU VAARDIGHEDE EN VAKKUNDIGHEID VIR SOSIALE IMPAK

Om sosiale impak behoorlik by die US te veranker, moet personeellede en studente se bevoegdheid op die terrein van sosiale impak versterk word. In dié verband het personeellede van die Afdeling Sosiale Impak twee nasionale en twee internasionale konferensies bygewoon en toegespreek, terwyl die Viserektor vir SITP en kollegas die leierskonferensie van die Talloires-netwerk vir 2017 in Meksiko bygewoon het.

'n Kursus oor studentevrywilligerdiens het in die vierde semester begin om studente se vaardighede in plaaslike gemeenskapskakeling te slyp. Die kursus word deur Matie Gemeenskapsdiens gekoördineer en aangebied. Wanneer die opleiding in Maart 2018 ten einde loop, is die verwagting dat studente hulle nuwe vaardighede sal gebruik om verskeie gemeenskapsgebaseerde projekte van stapel te stuur.

WERK SAAM EN SKAKEL MET GEMEENSKAPPE

Wat betref projekte wat die gemeenskap op 'n meer direkte wyse baat, het die US-afdeling van die internasionale Golden Key-erevereniging Mandeladag gevier deur die jaarlikse *Toasties for Tummies*-veldtog op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus in vennootskap met Matie Gemeenskapsdiens aan te bied. Die 340 vrywilligers wat deelgeneem het, het 11 000 toebroodjies voorberei en na 56 organisasies in die munisipale gebied Stellenbosch, Tygerberghospitaal en die omliggende Wes-Kaapstreek versprei.

Op die gebied van meer formele gemeenskapskakeling het die Universiteit deur die Afdeling Sosiale Impak voortgegaan om nuwe vennootskappe met die samelewing te smee en bestaandes te handhaaf. Verhoudings met die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC) is in die staande komitees CHEC-Wes-Kaapse regering en CHEC-Stad Kaapstad versterk, terwyl memorandums van verstandhouding met die munisipaliteite van Saldanhabaai, Hessequa, Drakenstein, Eden, die Kaapse Wynland en Breedevallei in stand gehou is.

Nóg 'n onmisbare skakel tussen die US en sy omliggende gemeenskappe is die Universiteitsmuseum, wat toenemend as 'n veilige ruimte vir transformasiegerigte gesprek en inklusiewe burgerskap dien. Verskeie openbare lesings en rolprentvertonings sowel as inisiatiewe soos kunswandelinge op Woensdae het meer as 24 500 besoekers gelok. Die museum se inisiatiewe om na diegene buite die Universiteit se grense uit te reik, was ook nie tot plaaslike gemeenskappe beperk nie: Die entiteit het ook besoek van heelparty internasionale vennote ontvang en referate by internasionale konferensies en geleenthede gelewer. Boonop is die museumdirekteur aangestel as 'n navorsingsgenoot van die museum by die Michigan-staatsuniversiteit, wat van die US se al hoe sterker impak getuig.

Verteenwoordigers van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het ook húlle stempel buite kampus- en landsgrense afgedruk deur aan die tweejaarlikse konferensie van die SA Sportgeneeskundige Vereniging deel te neem, en referate te lewer by die jaarlikse winterberaad oor sportgeneeskunde in Utah en die jaarvergadering van die Amerikaanse Kollege vir Sportgeneeskunde in Colorado. KGD het voorts twee gevallestudies en 'n navorsingsartikel in internasionale portuurbeoordeelde wetenskaplike vaktydskrifte gepubliseer. In pas met die doelwit om die grootste moontlike publiek te bedien, het kliniese personeel met Maties Sport se Hoëprestasie-eenheid saamgewerk om die Maties USSA- en Varsity Sport-spanne in hulle onderskeie kragmetings by te staan, en het onder meer saam met die spanne gereis. By 85 groot massatoeskouergeleenthede op kampus was KGD ook byderhand met mediese nooddienslewering. Laastens het KGD se sportgeneeskundiges en fisioterapeute op 'n rotasiegrondslag kliniese en onderrigdienste gelewer by die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) se kliniek vir sportgeneeskunde en ortopedie by Tygerberghospitaal.

Verskeie geleenthede op die US se kalender van strategiese skakeling was ook op verhoudingsbou met die publiek toegespits. Dít sluit in die verhoogproduksie *The Fall*, die Oscar en Rose Mpetha-gedenklesing ter viering van Menseregtedag, 'n Afrikadag-simposium en 'n Vrouedag-jazzkonsert.

VERBREDING VAN TOEGANG EN SKEP VAN ONTWIKKELINGSGELEENTHEDE

Om na ander groot Stellenbosse werkgewers uit te reik en ontwikkeling tot voordeel van alle inwoners van die dorp te bevorder, het die US 'n vergadering met Stellenbosch Munisipaliteit, Capitec, Investec, Mediclinic, PSG, PwC en Remgro belê. Hier is kwessies soos misdaad en veiligheid, verkeer en vervoer, water en elektrisiteit, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling sowel as entrepreneurskap en innovasie bespreek. Na aanleiding van suksesvolle soortgelyke inisiatiewe in die Verenigde Koninkryk en Verenigde State is die gedagte om die unieke geleenthede van 'n universiteitsdorp gesamentlik te ontgin om Stellenbosse uitdagings die hoof te bied.

As die Universiteitsmuseum se bydrae om ontwikkelingsgeleenthede in die US se omliggende gemeenskappe te skep, is 565 leerders van 21 skole op 'n begeleide toer van die museum en opvoedkundige besprekings oor uitgesoekte kunswerke getrakteer. As gevolg van hierdie blootstelling het baie van die leerders 'n sterk begeerte uitgespreek om in die nabye toekoms aan die US te studeer.

Die US het ook sy vennootskap met die erfenisprojek e'Bosch voortgesit, wat onderlinge respek en vertroue tussen Stellenbossers wil bou en die dorp wil laat saamstaan. Een manier om dít te doen is deur gesprek aan te moedig, wat 'n hoofdoel was van die 100% Stellenbosch-erfenisvieringsgeleentheid in Erfenismaand, waar die dokumentêr *Verlange* vertoon is. Die video – 'n spesiale opdragwerk – het nege vroue van die munisipale gebied Stellenbosch die geleentheid gebied om hulle stem te laat hoor en oor hulle assosiasies met die woord "verlange" na te dink. 'n Verdere uitkoms van die vennootskap tussen die US en e'Bosch was die graduering van 15 vrywilligers in die e'Bosch-geborgde gemeenskapsleierskapkursus van 2017. Die kursus rus gemeenskapsleiers toe om beheer te neem van ontwikkeling in hulle eie gemeenskappe, en kultuur- en erfenisintervensies te fasiliteer.

Die US Woordfees, wat in 1999 as 'n deurnagpoësiefees begin het, is deesdae een van die voorste kuns-en-kultuurfeeste in die land en spog met 'n tien dae lange program van meer as 500 produksies, gesprekke, lesings en kunsuitstallings. In 2017 het die geleentheid meer as 50 000 besoekers ontvang, 72 319 kaartjies verkoop en weer kreatiewe werk van gehalte vir die grootste moontlike gehoor aangebied. Só word toegang tot die kunswêreld in 'n meertalige, inklusiewe en vriendelike omgewing verbreed. Die isiXhosa-skooldramaprogram *Buya!*, wat ook onder die Woordfeessambreel tuishoort, sluit nou reeds 46 deelnemerskole in die Wes-Kaap in. By die *Buya!*-fees in Mei is 36 nuwe isiXhosa-toneelstukke opgevoer. Daarbenewens het die projek Woorde Open Wêrelde (WOW) – nóg 'n Woordfees-inisiatief, en die US se grootste skoolvennootskapsprojek – voortgegaan om 'n liefde vir lees en leer by jong leerders aan te wakker. Die verskillende leer- en opvoedkundige wedstryde onder die WOW-naam word in ál nege provinsies van die land aangebied, en 674 skole het deelgeneem.

Laastens het *Interkultur*, toonaangewende organiseerder van internasionale koorkompetisies en -feeste, die US Koor vir die vyfde jaar in 'n ry as die beste amateurkoor ter wêreld aangewys. Die koor bied waardevolle nasionale en internasionale blootstelling aan baie studente wat nie andersins die geleentheid sou hê nie.

TOEVOEGING TOT ONS WAARDEPROPOSISIE DEUR 'N BETER PERSONEELKORPS

SKEP 'N GEBALANSEERDE ARBEIDSMAG VIR 'N 21STE-EEUSE INSTELLING

Die US besef menslikehulpbronbestuur gaan oor meer as werksure en salarisse. By 'n 21ste-eeuse instelling behels dit 'n versigtige koorddans tussen geïntegreerde talentbestuur, leierskapsontwikkeling, die regte werk-lewe-balans, diensbillikheid, veranderings- en transformasiebestuur, en 'n strategiese sakevennootskap tussen lynbestuur en werknemers. Die Afdeling Menslike Hulpbronne het hierdie fyn balans in 2017 gehandhaaf en die US se reputasie as voorkeurwerkgewer in die Suid-Afrikaanse hoër-onderwyssektor verder verstewig.

Hoofsaak is om die regte arbeidsmag te verseker wat getalle, vaardighede, posvlakke en gesindheid betref om die Universiteit se strategieë uit te voer en sy doelwitte te bereik. Hiervoor is 'n aantal senior aanstellings in die loop van die jaar gedoen, wat nie net die US se personeelvaardighede 'n hupstoot gegee het nie, maar ook diversiteit verbeter het. Prof Danie Brink het by prof Mohammad Karaan oorgeneem as Dekaan: AgriWetenskappe, terwyl prof Reggie Nel as die nuwe Dekaan: Teologie aangestel is. Die US se nuwe Dekaan: Lettere en Sosiale Wetenskappe is prof Anthony Leysens. Daarbenewens het die Universiteit prof Ingrid Woolard se aanstelling as Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe afgehandel en ons sien daarna uit om haar in die eerste semester van 2018 te verwelkom. Dr Leslie van Rooi het die pos van Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie aanvaar en mnr Gerhard Lipp is tot Senior Direkteur: Regsdienste bevorder.

GESTROOMLYNDE PROSESSE VIR DOELTREFFENDE PERSONEELBESTUUR

Hoewel ryk in geskiedenis, vernuwe dié bykans 100 jaar oue instelling voortdurend, en sy menslikehulpbronpraktyke is geen uitsondering nie. Om met hedendaagse behoeftes tred te hou, het die Afdeling Menslike Hulpbronne 'n elektroniese gemengdeleerprogram vir prestasiebestuur in werking gestel, wat in die tweede semester deur meer as 500 personeellede voltooi is.

Verdere vernuwing sluit in die bekendstelling van 'n leierskaps- en bestuursontwikkelingsprogram vir personeellede, die desentralisasie van akademiese aanstellings en bevorderings na fakulteite, en die voltooiing van 'n werknemervoordele- en kultuur-en-klimaatopname. Om in personeel se spesifieke opleidingsbehoeftes te voorsien, is personeelontwikkelingsplanne aan opleidingsintervensies gekoppel. Vergoedingspariteit tussen genders was nóg 'n belangrike saak, en onbillike vergoedingspraktyke is verder uitgewis.

BOU 'N DIVERSE EN TRANSFORMASIEGERIGTE PERSONEELKORPS

Die US se personeelkorps is 'n belangrike instrument vir transformasie aan die Universiteit. Daarom word verskuiwings in personeeldiversiteit fyn dopgehou om transformasie aan die instelling te meet. Om optimale diversiteit in alle aanstellings en bevorderings te verseker, en die verteenwoordiging van werknemers uit onderverteenwoordigde groepe oor die hele US te versnel, is die multijaarpersoneelplanne verder verbeter en uitgebrei.

'n Beduidende ontwikkeling in die verslagjaar was die aanstelling van 'n Direkteur: Diensbillikheid, wat strategieë vir die versnelling van personeeldiversiteit sal ondersoek. Dié aanstelling het binne die raamwerk van die US se pas goedgekeurde, omvattende Diensbillikheidsbeleid en -plan geskied. 'n Diensbillikheidskomitee is ook tot stand gebring om vordering met personeeldiversiteitsmikpunte te moniteer. Natuurlik begin die strewe na diversiteitsmikpunte reeds by die versekering van 'n diverse aansoekerpoel. In dié verband is die normale adverteerproses met omvattende strategiese werwingsaksies aangevul.

Bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA) personeellede het in 2017 altesaam 23% van die algehele akademiese diensstaat by die US uitgemaak (2016: 22%) en wit akademiese personeel 77% (2016: 78%). Wat diensbillikheidsvlakke onder bestuurs- en nieakademiese personeellede van die US betref, was dit bestendig op 58% BSIA-personeel (2016: 57%) en 42% wit personeellede (2016: 43%). Personeeldiversiteit is dus aan die verbeter, maar die tempo waarteen dit gebeur, verg aandag.

Persentasie-aandeel van permanente personeel uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërbevolkingsgroepe (%)	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2023
	40,0	41,0	43,0	43,2	43,8	45,6	**46,7**	55,0

Hoewel die aantal akademiese personeellede met gestremdhede van 6 in 2016 tot 8 in 2017 toegeneem het, het hul persentasieaandeel afgeneem tot 0,7% (2016: 1%) as gevolg van 'n toename in die algehele akademiese diensstaat (2016: 1 071; 2017: 1 088). Die aantal nieakademiese personeel met gestremdhede het toegeneem van 15 in 2016 tot 22 in 2017, wat hul persentasie-aandeel van die algehele nieakademiese diensstaat effens laat toeneem het van 0,6% tot 0,9%.

ONS MENSLIKE KAPITAAL SE DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN AKADEMIESE PERSONEELLEDE BY DIE US, 2017

				Buitelanders					Persentasies (%)			
Fakulteit	BSIA	Wit	Totaal	BSIA	Ander	Totaal	Groototaal	Personeel met gestremdhede	BSIA	Wit	Buitelanders	Personeel met gestremdhede
AgriWetenskappe	19	69	**88**	2	4	6	**94**	2	22	78	6,4	2,1
Lettere en Sosiale Wetenskappe	43	151	**194**		6	6	**200**	2	22	78	3,0	1,0
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	36	184	**220**	5	2	7	**227**	1	16	84	3,1	0,4
Opvoedkunde	26	23	**49**			0	**49**		53	47	0,0	0,0
Ingenieurswese	11	111	**122**	5	2	7	**129**	1	9	91	5,4	0,8

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN AKADEMIESE PERSONEELLEDE BY DIE US, 2017 vervolg

				Buitelanders					Persentasies (%)			
Fakulteit	BSIA	Wit	Totaal	BSIA	Ander	Totaal	Groot-totaal	Personeel met gestremdhede	BSIA	Wit	Buite-landers	Personeel met gestremdhede
Regsgeleerdheid	7	23	**30**		1	1	**31**	1	23	77	3,2	3,2
Geneeskunde en Gesond-heidswetenskappe	58	91	**149**	1	2	3	**152**	1	39	61	2,0	0,7
Natuurwetenskappe	35	132	**167**	3	10	13	**180**		21	79	7,2	0,0
Teologie	8	16	**24**			0	**24**		33	67		0,0
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)	1		**1**			0	**1**					0,0
Bedryfshoof		1	**1**			0	**1**					0,0
Groottotaal	244	801	**1 045**	16	27	43	**1 088**	8	23%	77%	4,0%	0,7%

BSIA = bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërpersoneel

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN BESTUURS- EN NIEAKADEMIESE PERSONEELLEDE BY DIE US, 2017

				Buitelanders					Persentasies (%)			
Fakulteit	BSIA	Wit	Totaal	BSIA	Ander	Totaal	Grootto-taal	Personeel met gestremdhede	BSIA	Wit	Buite-landers	Personeel met gestremdhede
AgriWetenskappe	68	43	**111**			0	**111**	3	61	39	0	2,7
Bedryfshoof	350	221	**571**			0	**571**	4	61	39	0	0,7
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	58	63	**121**			0	**121**		48	52	0	0
Geneeskunde en Gesond-heidswetenskappe	230	151	**381**	3	4	7	**388**	2	60	40	1,8	0,5
Hoofdirekteur: Finansies	4	3	**7**			0	**7**		57	43	0	0
Hoofdirekteur: Menslike Hulp-bronne	17	5	**22**			0	**22**		77	23	0	0
Ingenieurswese	64	46	**110**	2	2	4	**114**		58	42	4	0
Innovus en SunKom	4	4	**8**			0	**8**	1	50	50	0	12,5
Korporatiewe Kommunikasie	0	1	**1**			0	**1**		0	100	0	0
Krygskunde	1	2	**3**			0	**3**		33	67	0	0
Lettere en Sosiale Wetenskappe	65	40	**105**	1		1	**106**	2	62	38	0,9	1,9
Natuurwetenskappe	77	74	**151**	1		1	**152**		51	49	1	0
Opvoedkunde	34	18	**52**			0	**52**		65	35	0	0
Regsgeleerdheid	9	9	**18**			0	**18**		50	50	0	0
Teologie	7	7	**14**			0	**14**		50	50	0	0
Viserektor: Leer en Onderrig	144	152	**296**	1		1	**297**	7	49	51	0,3	2,4
Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies	94	95	**189**			0	**189**	1	50	50	0	0,5
Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	88	44	**132**			0	**132**	2	67	33	0	1,5
Ander	20	14	**34**	1		1	**35**		59	41	3	0
Groottotaal	1 334	992	**2 326**	9	6	15	**2 341**	22	57%	43%	0,6%	0,9%

BSIA = bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërpersoneel

Noudat sy Transformasiekantoor ten volle in werking is, is SITP goed toegerus om die US teen die risiko van swak personeeldiversiteit en institusionele transformasie te help beskerm. In dié verband was die goedkeuring en inwerkingstelling van die Transformasieplan 'n belangrike fokuspunt in die oorsigjaar. Verskeie maatreëls is ingestel om bestaande praktyke en beleide met die plan te versoen. Dít het ingesluit die vorming van 'n taakgroep oor visuele regstelling, wat naamgewing vir US-geboue en -lokale sowel as die vernuwing van openbare ruimtes, simbole en fasiliteite moet moniteer en rig om te sorg dat niemand uitgesluit voel nie. Die hersaamgestelde Institusionele Transformasiekomitee (ITK) het ook goeie leiding en advies gebied en die vestiging van fakulteitsgebaseerde transformasiekomitees sowel as 'n ITK vir studente aangevoor.

Om personeellede met die nodige gereedskap en vaardighede toe te rus om institusionele transformasie te bevorder, het die US se werksessies oor transformasievaardighede 'n verdere 250 werknemers bereik, terwyl 'n transformasiewoordelys en intergeloofsriglyne ook die lig gesien het. Boonop het die US se eerste Transformasie-indaba teen die einde van 2017 as 'n platform gedien waar meer as 100 personeellede en studente gedagtes oor die bevordering van die Transformasieplan kon uitruil. Gesprekke oor kwessies soos die dekolonisasie van die kurrikulum, visuele regstelling, universele toegang vir gestremdhede, verkragtingskultuur en die bou van 'n instaatstellende institusionele klimaat en kultuur het waardevolle insigte gebied, wat as grondslag vir transformasiewerk in 2018 sal dien.

VOORSIEN IN PERSONEELBEHOEFTES TE MIDDE VAN VERANDERING

Die hoëronderwyssektor is die afgelope tyd deur al hoe meer onstuimigheid, spanning, oorgang en verandering gekenmerk. As 'n verantwoordelike werkgewer, moet die US toesien dat personeellede bygestaan word om hierdie eise te hanteer. Hiervoor is daar in 2017 sterk klem geplaas op omvattende personeelwelstand en sosiale interaksie.

Inisiatiewe in hierdie verband het ingesluit die jaarlikse Pretloop en Sportdag, waaraan 874 personeellede geesdriftig deelgeneem het, sowel as gesondheidsiftings vir 678 werknemers van verskillende fakulteite en steundiensomgewings. Die US se personeelsteun-en-adviesdiens het met 223 werknemers gekonsulteer.

FIKSE EN FLUKSE PERSONEEL EN STUDENTE VIR 'N TOEKOMSFIKSE US

KGD vervul 'n kernrol om 'n gesonde personeel- en studentekorps te verseker, en het in die verslagjaar met 24 939 studente en personeellede gekonsulteer. Tygerberg-kampuskliniek het sy spreekure aangepas om in mediese studente se behoeftes te voorsien, en het sodoende sy toeganklikheid beduidend verbeter.

Danksy die strukturering van kostedoeltreffende pakkette en 'n suksesvolle institusionele beroepsgesondheidsprogram het die vraag na KGD se fisioterapiedienste aansienlik toegeneem, en is 1 689 kantoorbesoeke ook afgelê om kantoorergonomie te verbeter. Om siekte te behandel en te bestry, is projekte van stapel gestuur om kampusgebruikers van hipertensie en borskanker bewus te maak.

Pogings om beserings en gestremdheid te voorkom het ingesluit gesondheidsassesserings vir 251 Matie-hoëprestasieatlete voor deelname, die verspreiding van riglyne vir beseringsvoorkoming op sosiale media, en die opleiding van studentevrywilligers in die noodbestuur van ernstige kontaksportbeserings.

Voorsiening in personeelbehoeftes te midde van verandering *Die hoëronderwyssektor is die afgelope tyd deur al hoe meer onstuimigheid, spanning, oorgang en verandering gekenmerk. As 'n verantwoordelike werkgewer, moet die US toesien dat personeellede bygestaan word om hierdie eise te hanteer. Hiervoor is daar in 2017 sterk klem geplaas op omvattende personeelwelstand en sosiale interaksie.*
Hier is die Wilgenhof-koshuispersoneel, 1919.

Verslag insake

RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR

Soos enige ander organisasie, word die Universiteit Stellenbosch (US) van tyd tot tyd aan risiko's blootgestel wat die bereiking van sy strategiese en bedryfsdoelwitte kan ontwrig en volhoubaarheid in die wiele kan ry.

Oor die afgelope agt jaar het die Universiteit risikobestuur tot 'n kernaspek van korporatiewe toesig ontwikkel. In 2009 het die instelling 'n verankerde risikobestuursmodel aanvaar wat risiko's op alle gebiede bepaal en dit dan so ver moontlik bestuur daar waar dit ontstaan. Dié model, wat mettertyd verder verbeter is, is in 2013 aan 'n interne oudit onderwerp. Voorstelle uit die oudit is in werking gestel en risikobeoordeling is verbeter om vir aanvanklike én na-intervensiebeoordeling voorsiening te maak.

Die Raad se aanvaarding van die Risikobestuursbeleid in 2015 het die grondslag gelê vir 'n verbeterde risiko-bestuursraamwerk vir die US, wat in 2017 in werking gestel is en voortdurend verbeter word. Volgens hierdie raamwerk ondersteun risikobestuur aan die US institusionele bestuurs-prosesse, en lê risiko-eienaars voortdurend risiko's vir bestuurstoesig in die Universiteit se elektroniese risikoregister vas. Risiko's wat institusionele bestuurstoesig vereis, word na die verantwoordelikheidsentrums se onderskeie risikobestuurskomitees en daarna na die Rektoraat se Risikobestuurskomitee (RBK) verwys. Die risikoregister word as bylaag ingesluit by die Rektor se risikobestuursverslag wat voor die Oudit- en Risikokomitee van die Raad dien.

MONITERING, HERSIENING EN KONTROLE IN PAS MET 'N GEKOMBINEERDE SEKERHEIDSMODEL

In pas met die aanbevelings van die King III-kode en die Instituut vir Interne Ouditeure, het Deloitte, die Universiteit se interne ouditdiensverskaffer, die US se gekombineerde sekerheidsmodel in 2016 help ontwikkel om die verskillende sekerheidsdienste en -werksaamhede aan die Universiteit te koördineer en te optimaliseer. Ná die publikasie van die King IV Report on Corporate Governance for South Africa (King IV) is die drie linies van gekombineerde sekerheid tot vyf uitgebrei. Gekombineerde sekerheid berus op risikobestuur, en die gekombineerde sekerheidsmodel klaar rolle en funksies op, besin oor die jongste ontwikkelings op die gebied, en dra tot beter kommunikasie en doeltreffender risikobestuur en -beheer by.

Risikobestuur het gedurende die verslagjaar sowel internasionaal as plaaslik ontwikkel met 'n bygewerkte publikasie deur COSO (die Komitee van Borgorganisasies van die Treadway-kommissie) in September, en die bekendstelling van King IV met spesifieke verwysing na risikobestuur. Hoewel daar nog werk voorlê om 'n ten volle geïntegreerde risikobestuursprogram vir die US te ontwikkel, het die program verder gegroei deur die gesamentlike inisiatiewe van 'n risikobestuurstaakgroep wat uit die Hoofdirekteur: Finansies, die Direkteur: Risikobestuur en die Finansiële Kontroleur bestaan. Die Finansiële Kontroleur is ook verantwoordelik vir die koppeling tussen die risikoregister en die gekombineerde sekerheidsverslag.

Die verbeteringe aan die risikobestuursfunksie het ook 'n hersiening van die opdrag aan die Rektoraat se RBK vereis. Die bygewerkte opdrag is in September 2017 vir beoordeling en goedkeuring aan die Rektoraat voorgelê.

RISIKOBEOORDELING EN -PRIORITISERING

In die strewe na 'n nuwe, verbeterde en volwaardige risikobestuursproses het die US in 2017 'n bygewerkte weergawe van sy risikoregistersagteware in werking gestel. Bykomende funksies sluit die volgende in:

- Risiko-eienaars lys die bestaande prosesse of kontroles om risikoblootstelling te beperk, en dui ook die veronderstelde doeltreffendheid daarvan aan.
- Daar word van risiko-eienaars verwag om oor die hoofoorsake van geïdentifiseerde risikogebeure na te dink ten einde oorsake in plaas van gevolge te hanteer.
- 'n Uitgebreide formaat vir die risikotemperingsaksieplan stel risiko-eienaars in staat om die vereiste temperingsaksies deur verskillende amptenare aan te dui, sowel as die voltooiingsdatum van elke aksie.
- Uitgebreide risikoklassifikasies vul die institusionele organisatoriese struktuur aan. Vir elke risikoklassifikasie word 'n senior bestuurder as institusionele klassifikasie-eienaar aangestel, wat vir die beoordeling en prioritisering van oorblywende risiko's verantwoordelik is.

Risikoklassifikasie-eienaars is individueel opgelei en touwys gemaak om ná sekondêre risikobeoordelings toesigverslae oor elke klassifikasie op te stel. In hierdie verslae beoordeel klassifikasie-eienaars die risiko's en verwys dié met die hoogste blootstelling vir hersiening na die Rektoraat se RBK, en daarna na die Rektoraat self.

Verdere werk moet gedoen word om 'n ten volle geïntegreerde risikobestuursprogram te ontwikkel. Om sinvolle dubbelvlakrisikobeoordelings te kan onderneem, sal prosesse aangevoor word om strategiese en bedryfsrisiko's as moontlike toekomstige risikogebeure eerder as institusionele kwessies te identifiseer. Daarbenewens sal die risikoregisterrekords deur die hele instelling bygewerk word. Klassifikasie-eienaars, omskrywings en beginsels van risiko-eienaarskap is van die onderwerpe wat die Rektoraat se RBK sal bespreek en beoordeel.

SKEPPING VAN DIE RISIKOHITTEKAART

Die verbetering van die risikobestuursproses was ook 'n geleentheid om die proses vir die skepping van die Universiteit se gebruiklike risikohittekaart opnuut in oënskou te neem. Daar is aanbeveel dat die risikohittekaart opgestel word op grond van alle risiko's wat klassifikasie-eienaars ná hulle sekondêre risikobeoordelings na die Rektoraat verwys. Sodoende sal die Rektoraat se RBK en die Rektoraat self hoëvlaktoesig kan hou oor elke risikoklassifikasie, wat hulle in staat sal stel om meer spesifiek op die hoërprioriteitsrisiko's in plaas van 'n menigte bedryfsrisiko's te konsentreer.

BEPALING VAN RISIKOAPTYT

Volgens die COSO-raamwerk vir ondernemingsrisikobestuur is risikoaptyt 'n breedgebaseerde beskrywing van die gewenste hoeveelheid risiko wat 'n entiteit in die strewe na sy missie sal aanvaar. Aangesien die verantwoordelikheidsentrums se risikobestuurskomitees hoofsaaklik op bedryfsrisiko's konsentreer, het die risikobestuurstaakgroep aanbeveel dat die bepaling van risikoaptyt aan die Rektoraat se RBK oorgelaat word. Die taakgroep het die volgende proses vir die bepaling van risikoaptyt voorgestel om strategiese bestuur aan te vul:

- Die Rektoraat oorweeg en prioritiseer risiko's verbonde aan die bereiking van strategiese doelwitte (bepaling van strategiese risiko's by die jaarlikse institusionele beplanningsessie).
- Die Rektoraat oorweeg buitengewone risiko's wat die realisering van een of meer strategiese risiko's beïnvloed.
- Die risikobestuurstaakgroep stel gepaste risiko-aptytverklarings op.
- Die Rektoraat keur die konseprisikoaptytverklarings goed vir aanbeveling by die Oudit- en Risikokomitee van die Raad.
- Die Raad keur die risikoaptytverklarings goed en magtig daarmee die US om sekere risiko's in die strewe na sy strategiese oogmerke te aanvaar.

STRATEGIESE BESTUUR VAN HOËORDERISIKO'S

Die risikobestuursproses ondersteun institusionele bestuur, want risiko-eienaars lê deurlopend risiko's vir bestuurstoesig in die Universiteit se elektroniese register vas. Institusionele risiko's word voortdurend in toesig- en hersieningsvergaderingsiklusse van ses maande hersien. Die verantwoordelikheidsentrums se risikobestuurskomitees verwys risiko's wat institusionele bestuurstoesig vereis na die Rektoraat se RBK. Waar dit sinvol is, word hoëorde-strategiese en bedryfsrisiko's aan die Universiteit se strategiese prioriteite gekoppel (sien volgende bladsy). Die US is besig om sy institusionele strategie te hersien. Nuwe strategiese prioriteite word dus in 2018 bekend gestel. Om blootstelling aan hierdie risiko's te beperk, word dit op die middel- tot lang termyn strategies tot aanvaarbare toleransievlakke bestuur.

Die volgende tabel bied 'n samevatting van die US se hoëorderisiko's gedurende die verslagjaar, en die maatreëls wat die instelling getref het om dit te bestuur. Raadpleeg ook die verskillende verantwoordelikheidsentrums se verslae vir verdere inligting oor hoe hierdie risiko's in 2017 hanteer is. Die US se finansiële risiko's word in die finansiële verslag bespreek.

Interne risiko's wat sedert 2016 tot aanvaarbare vlakke beperk is, is onvoldoende belegging in sport, 'n vermindering in beurse van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS), die oordrag van THRIP (die program vir bedryfsgerigte tegnologie en menslike hulpbronne) na die Departement van Handel en Nywerheid, die finansieringstekort vir die nuwe Jan Mouton Leersentrum weens stygende boukoste, studentediversiteit, en kritiek op sowel die stand van transformasie as die Taalbeleid.

Prof Stan du Plessis (Bedryfshoof)
Voorsitter van die Rektoraat se Risikobestuurskomitee



Strategiese bestuur van hoëorderisiko's
Die Universiteit het ervaring met rampe, soos hierdie brand by Huis ten Bosch in 1983, maar het met verloop van tyd geleer om risiko's strategies te bestuur.

RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE			
Prioriteit	**Hoëorderisiko**	**Ons reaksie**	**Verant-woordelik-heidsentrum**
Verbreed toegang	Onvoldoende lesingsaalvermoë vir toenemende studentetal*	Bouwerk aan die Jan Mouton Leersentrum het in September 2017 begin nadat die US 'n privaat skenking ontvang het om die finansie-ringstekort vir die sentrum te oorbrug. Die Raad het ook sowat R121 miljoen beskikbaar gestel. Voltooiing van die verdigting van die Van der Sterrgebou, en oprigting van 'n nuwe lesingsaalkompleks. Vernuwing van elektriese en elektroniese infrastruktuur by die HB Thom-teater, sowel as verdigting en die aanbouing van 'n nuwe kleinteater. Vir verdere beoogde inisiatiewe van die Kampusvernuwingsprojek, raadpleeg bladsy 45.	Bedryfshoof
	Staking van aansporingsfinansiering deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS)	Beoordeling van die beleid oor indirekte kosteverhaling in samewerking met die Afdeling Finansies. Herbeoordeling van die Universiteit se nagraadse beursbesteding om te sorg dat studente optimaal gefinansier word. Skakeling met nasionale en internasionale finansieringsagentskappe. Posisionering van ons navorsers om suksesvol om finansieringsgeleenthede mee te ding.	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)
	Personeeldiversiteit	R70 miljoen bewillig vir die diversifisering van veral senior akademiese personeel. Beoog 40% verteenwoordiging vir aangewese groepe in akademiese personeelkorps.	Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)
Behou momentum van uitnemendheid	Volhoubare instandhouding van fisiese fasiliteite*	Volhoubare instandhouding ingereken by die Kampusvernuwingsprojek. Vermoëverbeteringe deur die interne oorplasing van 'n senior projek-bestuurder na die Kampusvernuwingsprojek, en die verkryging van 'n projekbestuurskonsultant vir Eiendomsdienste om met opknappings-projekte te help.	Bedryfshoof
	Blootstelling aan gebou- en bergbrande*	Plasing van 'n groep diverse deskundige belanghebbendes op gereedheidsvoet as 'n gebeurlikheidskomitee vir brandbestuur. Voortdurende aandag aan brandblootstelling. Regstellende maatreëls is ná die oudit van 2016 getref en uitvoerige oudits van 'n verdere 26 geboue word tans onderneem.	Bedryfshoof
	Moontlike bewering van onetiese navorsingspraktyke aan die US	Formele ondersoekprosesse en beleide is gereed om bewerings billik en deursigtig te hanteer. Hantering van respondente of klaers wat nie die uitkoms as billik aanvaar nie of wat versuim om te voldoen.	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)
	Vermoëbeperkings stel Universiteit aan ondeurdagte regsadvies en -dokumente bloot	Voorkom ondeurdagte regsadvies deur 'n kombinasie van interne en eksterne regsvermoë en -dekking. Stel 'n Regsrisikoreglement in samehang met die Voldoenings-reglement op. Pas bestaande riglyne toe vir die keuring en goedkeuring van kommersiële kontrakte, die bestuur van litigasie en ander regsdokumente.	Rektor
	Toenemende litigasie ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), wat binnekort ten volle in werking tree	Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om voldoening aan privaatheidswetgewing te hanteer en te verseker. Dit sluit in die hersiening van alle tersaaklike bestaande beleide en prosedures, die toepassing van 'n assesseringsinstrument om institusionele voldoening te beoordeel, en die insluiting van beste praktyke by bewusmakingsprogramme vir alle afdelings.	Viserektor (Strategie en Internasionalisasie)
	Verouderende IT-infrastruktuur en onvoldoende perso-neelvermoë om voort-durende veranderinge te bestuur en stelsels en dienste te imple-menteer en in stand te hou*	Ondersoek na organisatoriese struktuur. Saamgroepering van gespesialiseerde kennisbronne. Skep ruimte vir kernwerksaamhede in die IT-begroting om reaksie te verbeter.	Bedryfshoof

RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE Vervolg			
Prioriteit	**Hoëorderisiko**	**Ons reaksie**	**Verant-woordelik-heidsentrum**
	Onvoldoende kubersekuriteit*	'n Kubersekuriteitskantoor is in die Afdeling IT tot stand gebring en 'n voltydse kubersekuriteitsfunksionaris is aangestel. Daarna is 'n assessering onderneem en verskeie tegniese bedryfsregstellings aangevoor, wat blootstelling doeltreffend beperk.	Bedryfshoof
	Moontlike ontwrigting van Universiteitsbedry-wighede deur stu-denteaktivisme*	Bepaal wettige alternatiewe en ontwikkel riglyne om regmatige protesoptrede te bevorder. Stel gebeurlikheidskomitees aan om situasies te bestuur wat kernbedrywighede kan ontwrig. Bring taakgroepe tot stand om aktivismesnellers, soos beweerde verkragtingskultuur, studentegeld en kontraktering, te ondersoek. Implementeer 'n lewensvatbare kontrakteringsmodel vir voortgesette dienste (kyk bladsy 20 en 44).	Bedryfshoof
Bevorder sosiale impak	Voldoening aan beroepsgesondheid-en-veiligheidsvereistes	Beoordeel die stand van die beroepsgesondheid-en-veiligheids-(BGV-)funksie by die Universiteit. Die BGV-funksie doen verslag aan die pas aangestelde tegniese adviseur in die Afdeling Eiendomsdienste.	Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)
	Toenemende blootstelling aan veral gewelddadige misdaad*	Werk saam met eksterne vennote deur die Stellenbosch Sekuriteitsinisiatief, waarvan die US 'n stigterslid is. Voortgesette implementering van 'n omvattende voorkomende en reaktiewe sekuriteitstrategie, met sigbare patrollies en bewusmaking van die kampusgemeenskap deur 'n omvattende kommunikasieveldtog. Hernude pogings om veiligheid in die omgewing van Coetzenburg te verseker. Kyk bladsy 46 vir meer oor die bestuur van kampussekuriteit.	Bedryfshoof
	Roofpublikasies en -uitgewers, onder meer die kaping van vaktydskrifte	Sterk bewusmaking onder ons navorsers van die gevaar van roofpublikasies en -uitgewers sowel as gekaapte tydskrifte wanneer navorsers aangemoedig word om in ooptoegangspublikasies te publiseer.	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)
	Droogte in die Wes-Kaap*	'n Gebeurlikheidskomitee oor die droogtereaksieplan is tot stand gebring om voldoening aan vlak 5-waterbeperkings te verseker (kyk bladsy 46 onder "Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid"). Installeer 'n waterfiltreer-en-verpakkingsaanleg om watervoorsiening aan Bellvillepark vanaf die steengroef te verseker. Sink 'n boorgat by Tygerberg, waar 'n ondergrondse opgaardam bestaan. Herstel lekkasies en vervang toebehore in geboue met waterdoeltreffende toerusting, soos spesiale stortkoppe. Voer ons droogtereaksiekommunikasieplan oor waterbesparing uit om personeellede en studente deur middel van MFM, nuusbriewe, artikels, plakkate en sosiale media te bereik.	Bedryfshoof
WAARDES > Uitnemendheid • Medeverantwoordbaarheid • Empatie • Innovasie • Diensbare leierskap			

* Hierdie risiko's beïnvloed ons sistemiese volhoubaarheid. Lees verder oor ons aksies om sistemiese volhoubaarheid te verseker in die verslag van ons Bedryfshoof op bladsy 44.

Ons

FAKULTEITSVERSLAE

Die kernbesigheid van die Universiteit Stellenbosch word deur ons tien fakulteite uitgevoer. Gesamentlik behels hierdie kernbesigheid leer en onderrig, navorsing en innovasie, internasionalisasie en sosiale impak.

Ons kernbesigheid lewer voordelige uitkomste soos volg:

- Die besigheid van leer en onderrig lewer akademies gekwalifiseerde studente wat toegerus is vir die werkswêreld.
- Die besigheid van navorsing en innovasie genereer nuwe kennis wat noodsaaklik is vir die vooruitgang van die mensdom.
- Die besigheid van internasionalisasie versterk uitnemendheid deur vennootskappe en die uitruil van intellektuele kapitaal.
- Die besigheid van sosiale impak vergemaklik die praktiese tweerigting deel van kennis met die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap en die Universiteit.

Agt van ons Universiteit se tien fakulteite is op die hoofkampus op Stellenbosch geleë, naamlik AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en die grootste deel van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die res van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is op die Bellvilleparkkampus geleë in die vorm van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) en die USB Bestuursontwikkeling Beperk. Die oorblywende twee fakulteite is die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus en die Fakulteit Krygskunde by die kusdorp Saldanhabaai. Meer oor hierdie fakulteite is beskikbaar op die Universiteit se webwerf by www.sun.ac.za.

Fakulteit

AGRIWETENSKAPPE

Die Fakulteit AgriWetenskappe is 'n kernrolspeler om die uitdagings van Suid-Afrikaanse landbou en bosbou die hoof te bied, en te verseker dat die land se natuurlike hulpbronne sowel eties as wetenskaplik benut en bestuur word. Ons beklee die 23ste plek op die BRICS-ranglys en is onder die wêreld se voorste 100 op die jongste QS-wêreldranglys, wat ons steeds die topfakulteit vir studie in landbou en bosbou in Afrika maak. Dít maak ons net meer vasbeslote om voort te gaan om onderrig en toegepaste navorsing van gehalte op landbouwetenskaplike gebied te lewer.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Wat onderriguitnemendheid betref, het ons in 2017 steeds op programvernuwing gekonsentreer met 'n deeglike hersiening van die programaanbod en module-inhoud op terreine soos gewasproduksie, bewaringsekologie, veekundige wetenskappe sowel as wingerd- en wynkunde. Dít het in noue samewerking met eksterne belangegroepe, waaronder die Suid-Afrikaanse landbousektor en internasionale medewerkers en moderators, plaasgevind. Die programvernuwingsproses word ondersteun deur die voortgesette ontwikkeling van pedagogie en didaktiek deur die Fakulteit se koördineerder van gemengde leer, Kathryn Wirth. As 'n verdere bewys van ons onderriguitnemendheid, het Marianne McKay van die Departement Wingerd- en Wynkunde 'n beurs van die Universiteit se Sentrum vir Onderrig en Leer ontvang ter erkenning van haar bydraes tot uitnemendheid in haar vakrigting. Boonop is die Departement Voedselwetenskap nou boaan die lys van Afrikadepartemente op dié gebied en val in die kategorie 76-100 op die Times Higher Education-vakranglys.

Die Fakulteit spog met 'n groot nagraadse studentekohort. Altesaam 295 magister- en 208 PhD-kandidate was vir 2017 geregistreer en 103 magister- en 38 PhD-studente het afgestudeer.

'n Aantal van ons navorsers en studente het in die verslagjaar eerbewyse ontvang. Prof Karen Esler is byvoorbeeld as die Afrika-streeksredakteur van die vaktydskrif *Conservation Biology* aangewys. Johané Nienkemper-Swanepoel het die Helga en Wolfgang Gaul-stigting se toekenning vir uitmuntende navorsing van die Internasionale Federasie van Klassifikasieverenigings ontvang, terwyl die prestigeryke *Journal of Ecology* se Harper-prys vir die beste referaat deur 'n nuwelingnavorser aan Martina Treurnicht, 'n PhD-student in Bewaringsekologie, toegeken is. Heinrich Jantjies en Johann Boonzaaier, albei PhD-studente in Landbou-ekonomie, het die Internasionale Voedsel- en Landbousakebestuursvereniging se gevallestudiewedstryd vir studente gewen. Daarbenewens het die voorgraadse Voedselwetenskapstudente Stephanie du Toit, Emma Phillips en Philippa Grylls onderskeidelik goue, silwer en brons toekennings van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie ontvang vir hulle voorleggings oor verpakkingsmateriaal en verbandhoudende tegnologie (kyk die foto heel regs bo).

'n Verdere mylpaal, waarmee die Universiteit Stellenbosch (US) nou die toon aangee in genetiese navorsing oor koring tot voordeel van die plaaslike bedryf, was die bekendstelling van die Planteteeltlaboratorium by Welgevallen-proefplaas. Die fasiliteit, wat uit die werk van die Departement Genetika spruit, maak deel uit van die nasionale Koringteeltplatform, wat daarop toegespits is om nuwe saadvariëteite te ontwikkel wat Suid-Afrika se strawwe klimaat kan weerstaan en terselfdertyd groter opbrengste kan lewer.

Die Fakulteit het ook weer 'n aantal internasionale geleenthede aangebied, waaronder die konferensie van die Internasionale Vereniging vir Hortologie, die sewende Konferensie oor Gehaltebestuur in Verskaffingskettings, die tweede Internasionale Simposium oor Sierplante, en die jaarlikse belanghebbendekonferensie van die Streeksnetwerk vir Landboubeleidsnavorsingsinstitute (ReNAPRI).

Prof Al Perold, eerste Dekaan: Fakulteit Landbouwetenskappe, 1918

Prof Danie Brink Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe

GRAADKWALIFIKASIES TOEGEKEN



VERBREDING VAN TOEGANG

Dit bly 'n voorrangsaak om so toeganklik moontlik vir 'n diverse groep studente en personeellede te wees. In 2017 het ons die diversiteit van ons akademiese personeel 'n verdere hupstoot gegee met twee aanstellings as deel van die Nasionale Navorsingstigting se nGAP-inisiatief. Ons het ook ons inskrywingsmikpunte vir studentediversiteit bereik. Daarbenewens is diversiteit verder versterk met 'n groter vroulike nagraadse kohort (wat nou 52% van alle nagraadse studente uitmaak) en 'n sterker teenwoordigheid uit ander Afrikalande (8% van die totaal).

Die AgriWetenskappe-inskrywingsplan beoog om diversiteit uit te brei en studente se akademiese profiel te verbeter. Tesame met akademiese studentesteun deur middel van monitering en tutorleiding, is die einddoel om studentesukses en deursetsyfers na nagraadse studie te verhoog. Nóg 'n belangrike program wat skoolleerders se belangstelling in landboustudie aanwakker, is *AgriSciences@Maties* sowel as die US Sentrum vir Studentewerwing se bedrywighede.

Wat studentefinansiering betref, het die merietebeurs-program sy eerste drie leerders van Wes-Kaapse landbouskole geregistreer. Met die hulp van verskeie landboubedrywe kon ons ook ons finansiële steun aan studente met 'n verdere 48 voorgraadse beurse uitbrei.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons is verbind tot die soeke na oplossings vir die ontwikkelingsuitdagings van die land en vasteland. Daarom het ons 'n komitee oor sosiale impak saamgestel, wat nou ons navorsingsbedrywighede en -uitkomste met werklike behoeftes van die gemeenskap, waaronder kleinboere, verbind. Ons bande met kernbelanghebbendes in die bedryf is selfs sterker noudat toonaangewende bedryfsvennote soos Hortgro Science, Citrus Research International, AgriSA en Agricolleges International vanaf die Landbounaaf op Welgevallen werk. Dít versterk die Fakulteit se klem op toegepaste navorsing en maak dit moontlik om waardevolle uitsette vir landbounywerhede te ontwikkel.

Buite ons Fakulteit neem ons ook steeds deel aan RUFORUM (die streeksuniversiteitsforum vir vermoëbou in landbou) en het 'n aantal personeellede in die bestuurstrukture van nasionale en internasionale akademiese verenigings gedien. Die jongste toevoeging in dié verband is dr Lynn Hoffman, wat tot ondervoorsitter van Sierplante Suid-Afrika verkies is.

VOORUITSKOUING

In die tydperk wat voorlê, sal ons navorsers veral daarop konsentreer om die landbou-impak van die voortslepende droogte te temper en die landboubedryf in die toekoms meer bestand teen klimaatsfaktore te maak. Vir hierdie doel sal die magisterprogram oor volhoubare landbou uitgebrei word om hulpbronbestuur in te sluit, wat tot op PhD-vlak aangebied sal word. AgriWetenskappe sal ook 'n meer omvattende skakelingstrategie volg, met inbegrip van vermoëbou en navorsing om landbou-ontwikkeling in Afrika te ondersteun. Studentemobiliteit en personeelontwikkeling, veral steun vir nuwelingakademici, sal 'n prioriteit wees. Ons sal voorts graag ons huidige kohort nagraadse genote van 48 verder wil uitbrei, sowel as ons getal navorsingsgenote wat deur die bedryf geborg word.

Erkenning vir uitnemendheid in Voedselwetenskap *Dié trotse ontvangers van goue, silwer en brons sertifikate van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie is, van links na regs, Stephanie du Toit, Emma Phillips en Philippa Grylls, saam met hulle studieleier, prof Marena Manley.*

Ontwikkeling van saadvariëteite vir 'n strawwe klimaat *Die bekendstelling van die Planteteeltlaboratorium is onder meer bygewoon deur, van links na regs, prof Eugene Cloete (Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie), die Minister van Wetenskap en Tegnologie, Naledi Pandor, en laboratoriumhoof Willem Botes.*

Fakulteit

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is 'n innoverende, waardegebaseerde fakulteit met 'n beduidende sosiale impak deur akademiese uitnemendheid. Die Fakulteit het in 2017 voortgegaan om sy deel te doen om die Universiteit Stellenbosch se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 uit te voer deur uitnemendheid te handhaaf, toegang te verbreed en sosiale impak te versterk.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Ons strewe om ons momentum van uitnemendheid te behou, word ondersteun deur 'n uitnemende programaanbod wat diverse studente van oor die hele Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld lok. Ongeveer 1 556 nuwelingeerstejaars het aan die begin van 2017 geregistreer. Die Fakulteit het altesaam 9 007 ingeskrewe studente gehad, van wie 5 181 (59,3%) voorgraads was. Ons het 1 664 diplomas en grade in Desember toegeken – die meeste vir 'n jaareindplegtigheid tot dusver – waarvan 181 cum laude verwerf is. Met die Maart 2018-seremonie bygereken, het ons altesaam 3 238 kwalifikasies in 2017 toegeken.

Verskeie projekte het studentesukses help verhoog. Dít sluit in 'n modulementorprogram met die oog op eerstejaarmodules, sowel as tutoriaalprogramme. OPTIMUS, ons ko-kurrikulêre program vir die holistiese ontwikkeling van top- voorgraadse studente, wat verlede jaar bekend gestel is, het 'n tweede jaarkohort van 32 studente ingeneem. Innoverende onderrigbenaderings, waaronder die "omgekeerde klaskamer", word saam met tegnologie ingespan om in groot klasse gemengde leer te fasiliteer en die klaservaring te verbeter. Ons dosente bly boonop aan die voorpunt van onderrig- en leervernuwing deur onderrigseminare, kortkursusse in inligtings- en kommunikasietegnologie sowel as verskeie opleidingsgeleenthede by te woon. Gesamentlik het hierdie inisiatiewe 'n gemiddelde voorgraadse moduleslaagsyfer van 82,6% opgelewer.

Op nagraadse vlak is ons besonder trots op ons getal PhD-inskrywings, wat tot 156 aangegroei het, terwyl ons 33 PhD's vir die jaar toegeken het. Die Nagraadse Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (oftewel GEM), wat voltydse PhD-studente hulle grade binne 'n korter gemiddelde tyd help voltooi, het 29 studente bygestaan, terwyl 19 jong akademici deel was van STEM, die personeelweergawe van die Nagraadse Skool. STEM beoog om 'n aansienlike verhoging teweeg te bring in die getal personeellede met PhD's, wat tans 36,1% van die Fakulteit se personeelkorps uitmaak.

Altesaam 36 van ons navorsers het in die verslagjaar met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting gespog. Daarbenewens het ons navorsingsuitset per akademiese personeellid 'n rekordhoogtepunt van 0,59 bereik, ten spyte daarvan dat die personeelkorps die afgelope dekade bykans verdubbel het.

Prof P Serton, eerste Dekaan: Fakulteit Handel, 1926–1930

Prof Johan Malan Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

As 'n verdere bewys van ons volgehoue uitnemendheid, het ons Bestuurskool sy driedubbele akkreditasie behou, terwyl die Gesondheidsberoepsraad ook weer ons Departement Bedryfsielkunde vir die opleiding van psigometriste en bedryfsielkundiges geakkrediteer het.

Ná uitgebreide opknappings en aanbouings by die brandbeskadigde Van der Sterr-gebou was ons dankbaar om die akademiese jaar 2017 met aansienlik verbeterde fasiliteite te begin om voortgesette uitnemendheid te onderstut. Ons kon ook ons inkomste uit subsidies, klasgeld en derdestroomfinansiering handhaaf. Voorts het ons studentegetalle tot 'n kostedoeltreffende dosent:student-getalsverhouding bygedra, wat in die oorsigjaar op 26,1 voltyds ekwivalente studente per akademiese personeellid gestaan het.

VERBREDING VAN TOEGANG

Wat die verbreding van toegang betref, was 35,5% van ons algehele studentekorps en 26,3% van voorgraadse studente in die oorsigjaar uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)groepe. Die teiken is om die voorgraadse syfer teen 2020 tot 38,9% te verhoog deur 'n wye verskeidenheid fakulteitsprojekte. Dít sluit in die Projek Zero-beurse, die studenteambassadeursprojek, toegespitste werwing en die uitbreiding van die parallelmediumtaalaanbod, wat studente in staat stel om in hulle voorkeurtaal te studeer en wat meertaligheid as 'n bate ondersteun.

Daar was heelwat vordering in 2017 om Projek Zero meer volhoubaar te maak deur nuwe ooreenkomste te onderteken, soos met die BANKSETA, om toeganklikheid verder te verhoog. Die hoogs suksesvolle Thuthuka-program, wat toegespits is op die ontwikkeling van geoktrooieerde rekenmeesters uit die aangewese groepe, het sy tiende bestaansjaar gevier, en word al hoe wyer ondersteun. Boonop het die Bestuurskool vier van sy akademiese programme op 'n gemengdeleerplatform aangebied, waardeur studente van oor die hele wêreld toegang kon kry.

Om toegang 'n verdere hupstoot te gee, is 40% van die betaalbare studiegeld in die Fakulteit deur verskeie lenings en beurse gedek.

Tog vorder pogings om die diversiteit van die Fakulteit se akademiese personeel te verbeter stadig. Altesaam 16% van die akademiese personeel en 48% van die nieakademiese en uitvoerende personeelkorps was in 2017 uit die BSIA-groepe. Die werwing en behoud van BSIA-akademici vir die onderskeie gespesialiseerde vakgebiede bly 'n groot uitdaging.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons het voortgegaan om ons sosiale impak deur vakkundige aktiwiteite te versterk.

Professor Pregala Pillay, ons visedekaan vir sosiale impak en transformasie, en direkteur van die Universiteit se Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie (ACCERUS), is as die bekleër van die leerstoel in teenkorrupsiestudie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters aangestel. Voorts is ons leerstoel in ekonomiese en maatskaplike beleidstudie vir 'n verdere vyf jaar hernu, en het ons 'n nuwe Sentrum vir Mededingingsreg en -ekonomie op die been gebring. Deur hierdie platforms beoog ons om tot gesonde sakepraktyke en korporatiewe bestuur in die land by te dra.

Die Departement Logistiek het 'n langtermynooreenkoms met STC Group Holdings onderteken om 'n opleidings-akademie op die been te bring wat op hawens, logistiek en vervoer sal konsentreer. En ons Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap het sy bande met Schroders verder versterk om navorsing te onderneem en simposia aan te bied.

Verdere aktiwiteite met 'n impak op die samelewing was onder meer die Departement Bedryfsielkunde se loopbaanvoorligtingsdienste aan nabygeleë skole, leierskaps-ontwikkeling vir skoolhoofde, en vaardigheidsontwikkeling vir leerlingdokters. Die Skool vir Publieke Leierskap het met 'n uitnemende navorsingsuitset en 'n aantal kortkursusse in die openbare sektor se behoeftes voorsien, terwyl die Bestuurskool se Kleinsake-akademie swart entrepreneurs van Kaapstad en Aliwal-Noord hulle vaardighede help verbeter het.

Uit 'n volhoubaarheidsoogpunt het die brand in 2015 gelei tot die vergroting en herinrigting van die Van der Sterr-gebou deur 'n groot nuwe lesingsaalkompleks met vier lesingsale in die vierkant van die gebou op te rig – 'n groot toevoeging tot ons fisiese hulpbronne in 2017. Druk op die beskikbare ruimte word egter steeds op die Bellvillepark-kampus ervaar.

VOORUITSKOUING

Namate ons gereed maak om die Fakulteit se eeufees in die volgende dekade te vier, is ons optimisties dat ons 'n beduidende impak op onderrig van gehalte, navorsing en die gemeenskap het. Onmiddellike prioriteite is voortgesette programvernuwing en die implementering van buigsame assessering vanaf 2018, wat sal wegdoen met minimum predikaatpunte as 'n vereiste vir eksamentoelating. Daarbenewens is daar planne om die ruimtetekort op Bellvilleparkkampus aan te vul deur die lesingsaalkapasiteit daar ook uit te brei en die leer- en leefareas te vergroot en te moderniseer. Laastens sal die uitbreiding van ons derde geldstroom 'n voorrangsaak bly om op die lange duur volhoubaarheid te verseker.

Vir 'n beter toekoms *Die Departement Bedryfsielkunde se studente besig met beroeps-voorligting in Cloetesville, Stellenbosch.*

Vennootskappe maak 'n verskil met beurse *Thuthuka-beursontvangers woon sy tienjaarviering by.*

Projek Zero *Prof Stan Du Plessis in samespreking met lede van Projek Zero, 'n beursinisiatief wat tesame met die Universiteit se werwing- en merietebeurse, die student se volle universiteitsrekening dek.*

Fakulteit

GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch (US) streef daarna om medici en gesondheidswetenskaplikes op te lei wat gesondheid sal bevorder, siekte sal voorkom en optimale gesondheidsorg en rehabilitasie sal voorsien. Ons graduandi moet wetenskaplik geletterd, tegnies en kultureel bevoeg, samewerkend, eties en vol deernis wees. 'n Deurslaggewende element hiervan is om 'n kultuur te skep wat diversiteit, inklusiwiteit en persoonlike ontwikkeling op prys stel.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Wat uitnemendheid in onderrig en leer betref, het 'n ongeëwenaarde 17 MB,ChB-studente in 2017 met onderskeiding gegradueer – die meeste tot nog toe in die geskiedenis van die Fakulteit. Op nagraadse vlak het ons getal PhD-studenteregistrasies die afgelope tien jaar met ongeveer 200% toegeneem van slegs 62 in 2005 tot die huidige sowat 200.

Tog rus ons nie op ons louere nie. Om ons onderrig- en leerpraktyke verder te verbeter, het ons die driedimensionele mediese sagteware *Primal Pictures* aangeskaf, wat studente en personeellede interaktiewe beelde van anatomiestrukture sowel as aanlyn leermateriaal bied. En met ons nuwe elektroniese klinieseplasings- en kurrikulumbeplanningsinstrument sal ons alle akademiese bedrywighede beter kan beplan en die kurrikulum doeltreffend kan bestuur. Daarbenewens sal ons voortgesette proses om die MB,ChB-kurrikulum te vernuwe na verwagting 'n meer studentegerigte kursus oplewer, met 'n sterk klem op die noodsaaklike kennis, vaardighede en houdings om 21ste-eeuse uitdagings die hoof te bied en in die behoeftes van die Suid-Afrikaanse gesondheidstelsel te voorsien. Terselfdertyd sal dit 'n geleentheid skep om nagraadse intreeprogramme en tussenkwalifikasies bekend te stel.

As een van die voorste drie gesondheidswetenskapfakulteite in Afrika, doen ons ook voorpuntnavorsing in samewerking met 'n uitgebreide netwerk internasionale en plaaslike vennote. Ons lewer die hoogste getal publikasie-eenhede van alle US-fakulteite en ongeveer 25% van alle vaktydskrifartikels van die Universiteit. Ses van die beste 20 nadoktorale US-navorsers in 2017 het boonop uit ons geledere gekom.

Tog bly toegewyde navorsingstyd vir klinici 'n uitdaging teen die agtergrond van fiskale besuiniging. Om dít te help oorbrug, het ons 'n PhD-fakulteitsbeurs vir klinici-navorsers op die been gebring, en bied ons ook toegang tot kliniese navorsingsmentors. 'n Groot tree vorentoe wat die vernuwing en uitbreiding van ons navorsingsfasiliteite betref, is die nuwe biomediese navorsingsfasiliteit van R977 miljoen wat die US Raad goedgekeur het en na verwagting teen 2022 voltooi sal wees.

Ons personeellede het weer uitmuntend presteer. Prof Soraya Seedat, uitgelese professor en uitvoerende hoof van die Departement Psigiatrie, het 'n Kanselierstoekenning vir navorsingsuitnemendheid ontvang. Daarbenewens het prof André van der Merwe en 'n span kollegas van die Fakulteit en Tygerberghospitaal, wat voorheen die eerste suksesvolle penisoorplanting ter wêreld uitgevoer het, hierdie veeleisende prosedure in 2017 suksesvol herhaal.



Prof Francie van Zijl, eerste Dekaan, Fakulteit Geneeskunde, 1956

Prof Jimmy Volmink, Dekaan: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Nietemin is die behoud van uitnemendheid duur. Ons werk hard om ons finansieringstrome te diversifiseer en ons derde geldstroom uit te brei. Nogtans kan ons nie slegs op navorsingsfinansiering staatmaak nie. Daarom het ons met die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge saamgewerk om 'n pasgemaakte fakulteitsbevorderingstrategie te ontwikkel. Prioriteite sluit in om finansiering vir studentelenings, gesubsidieerde leerstoele en navorsingsinfrastruktuur te voorsien. Die uitbreiding van ons kortkursus- en voortgesette professionele ontwikkelingsaanbod versterk ons geldstrome verder.

VERBREDING VAN TOEGANG

Om 'n verwelkomende omgewing vir almal te verseker, het die Dekaan se Advieskomitee oor Transformasie sy lede in 2017 uitgebrei en met oorlegpleging begin om 'n Fakulteitstransformasiehandves op te stel. Ons kernwaardes is gewysig om deernis in te sluit, terwyl die aanhef van die Grondwet in Afrikaans, Engels en isiXhosa nou prominent op kampus vertoon word. Dit herinner ons dat die waardes wat in ons Grondwet verskans is in ons werkplekke en daaglikse lewens tot uiting moet kom.

Om te sorg dat geen voorgraadse student om finansiële redes uitgesluit word nie, het ons daarin geslaag om R85 miljoen se beurse aan 1 649 studente toe te ken. Dit het 'n bydrae van R1,4 miljoen uit ons Fakulteit se Beurs- en Leningsfonds ingesluit. Danksy 'n nuwe vennootskap met Standard Bank het studente wat andersins weens 'n gebrek aan aanvullende sekuriteit nie vir finansiële bystand in aanmerking sou kom nie, nou toegang tot lenings. Ons het ook persoonlike ongeluksversekering bekom, wat dekking bied vir verskeie ongeluksverwante omstandighede vir alle studente, waaronder MIV ná naaldprikbeserings.

Ons pas aangestelde bestuurder van studentesake, me Khairoonisa Foflonker, sal studentesteun verder onderstut en as 'n sentrale kontakpunt tussen ons studentesteunstrukture, koshuisstrukture, ko-kurrikulêre aktiwiteite en akademiese programme dien.

Pogings om ons studentekorps te diversifiseer werp vrugte af, hoewel teen 'n stadige tempo.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons vervul steeds 'n leiersrol op die gebied van landelike gesondheid en die opleiding van plattelandse gesondheidsberoepslui. Ons Ukwanda Landelike Kliniese Skool op Worcester bly 'n model van uitnemendheid. Ons het in 2017 ook die vestiging van 'n navorsingseenheid by Ukwanda aangevoor om meer studies oor landelike gesondheid aan te moedig.

In pas met ons doelwit om relevant te bly vir die behoeftes van die vasteland het ons jaarlikse Afrikadagsimposium weer op aktuele kwessies gekonsentreer. Dít het ingesluit die dekolonisasie van die onderwys, en die belang van tussengenerasiegesprekke om Afrika-universiteite te transformeer.

Verskeie vakkundige bedrywighede gedurende die verslagjaar het tot 'n meer gesonde en gesondheidsbewuste samelewing bygedra. Ons Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg het byvoorbeeld met die US se Departement Joernalistiek saamgewerk om 'n internasionale beraad oor kwaksalwery en pseudowetenskap aan te bied. Hier het deelnemers gewaarsku teen die gevare van kwaksalwery, en van die pseudowetenskap aan die kaak gestel wat as "fopnuus" in die media beland en die welstand van die samelewing bedreig. Die geleentheid het veral klem gelê op die behoefte aan bewysgebaseerde gesondheidsorg wat op grondige navorsing berus en die belang van behoorlike openbare wetenskapskommunikasie in 'n leservriendelike vorm. In ander impakryke bydraes het ons personeellede en studente insulienweerstandigheid, niersiekte, obesiteit, die verband tussen dermbakterieë en posttraumatiese stressteuring, die behoefte aan behoorlike hidrasie, die risiko van wanvoeding by ouer mense, harsingskuddingbeserings sowel as die voordele van borsvoeding bestudeer.

Van ons navorsers was ook betrokke by die reëlings van die eerste Globale Bewysspitsberaad in Kaapstad. Die tema was *Using Evidence. Improving Lives* en het die aandag op bewysgebaseerde benaderings vir gesondheid en sosiale beleid en ontwikkeling gevestig en dit bevorder.

Ter viering van Mandeladag 2017 het ons studente en personeellede meer as 1 500 toebroodjies gemaak en saam met 1 500 houers sap aan pasiënte in Tygerberghospitaal geskenk, 'n verdere 1 000 toebroodjies in Khayelitsha versprei, en 607 serpe ingesamel en onder hospitaalbuitepasiënte uitgedeel.

VOORUITSKOUING

Terwyl ons trots ons prestasies van 2017 vier, hou ons die visie en missie van die Fakulteit en Universiteit in die oog en bly ons bedag op die moontlike bedreigings en risiko's waarvoor ons in die huidige onsekere finansiële omgewing te staan kom. Ons sien veral daarna uit om ons hersiene MB,ChB-program in 2020 van stapel te stuur, en om dop te hou hoe ons nuwe hipertegnologiese biomediese navorsingsfasiliteit begin vorm aanneem oor die volgende paar jaar.

VOORGRAADSE STUDENTEDIVERSITEIT



NAGRAADSE STUDENTEDIVERSITEIT



Fakulteit

INGENIEURSWESE

Die Fakulteit Ingenieurswese is een van die Universiteit Stellenbosch se vlagskipfakulteite. Die wêreldklasingenieurs wat ons oplei, dra tot die ekonomiese ontwikkeling van die land en 'n beter lewensgehalte vir inwoners by. Ons uitmuntende navorsing en konsultasiedienste voeg boonop waarde toe tot die bedryf en vul ons finansieringstrome aansienlik aan.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Ons goeie reputasie het ons in 2017 weer 'n groot eerstejaarinname besorg, met 'n uitstekende opdaagkoers. Ons voorgraadse slaagsyfer van 86% het vir die eerste keer sedert 2011 die 85%-merk verbygesteek. Dít dui op die kaliber studente wat ons lok, die toewyding van ons onderrigpersoneel, en die gehalte van ons programme. Ons studentekorps het vir die tweede jaar in 'n ry ook die Kanseliersmedaljewenner opgelewer: Me Jacqueline Kazmaier het 'n gemiddeld van 89,7% oor haar vier studiejare in die program BIng (Bedryfsingenieurswese) behaal, en onderskeidings deur die bank (kyk bladsy 99). Sy is die vierde vroue-ingenieurstudent sedert 2003 wat hierdie gesogte toekenning wen.

Op nagraadse vlak gaan ons navorsingsbedrywighede steeds van krag tot krag. Ons getal nagraadse studente het die afgelope dekade verdrievoudig. Ons is veral trots op die toename in ons getal PhD's van nege in 2006 toegeken tot 43 in die verslagjaar. Daarmee saam het ons publikasies ewe beduidend toegeneem, en het ons die tweede hoogste geweegde navorsingsuitset per akademikus by die Universiteit. 'n Onafhanklike studie het ook bevind dat ons studente hulle magister- en doktorsgrade binne die kortste gemiddelde tyd van alle ingenieursfakulteite in Suid-Afrika voltooi – 'n merkwaardige prestasie om by ons onderrig-en-leerrekord in te sluit.

Wat personeeluitnemendheid betref, is twee van ons akademici, proff James Bekker en Jan van Vuuren, met toekennings van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurswese vereer ter erkenning van hulle bydraes tot bedryfsingenieurswese in die streek. Prof Maarten Kamper, voorsitter van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, het 'n Kanselierstoekenning vir uitnemendheid ontvang, terwyl ons akademiese kohort met graderings van die Nasionale Navorsingstigting met 'n verdere ses aangegroei het tot 43.

Om volgehoue uitnemendheid te ondersteun, het die Raad die begroting van R723 miljoen vir die opknapping van ons Ingenieurswese-kampus goedgekeur. Hierdie omvattende projek bestaan uit 'n algehele vernuwing, opknapping en verdigting van ons 50 jaar oue fasiliteite om vir meer studente en personeellede en moderne onderrig-, werks- en laboratoriumomgewings voorsiening te maak. Voorts verseker ons sterk bande met die bedryf ons van 'n derdestroominkomste van ongeveer R150 miljoen per jaar, wat ons toekenning uit die Universiteit se hoofbegroting ewenaar en noodsaaklik is om finansieel volhoubaar te bly.

Prof HL Reitz, eerste Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese, 1944–1948

Prof Wikus van Niekerk Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese

VERBREDING VAN TOEGANG

Ons studente kom uit 'n betreklik klein groep, naamlik matriektoppresteerders met onderskeidings in wiskunde en fisiese wetenskappe. In die lig van die strawwe mededinging om die beste studente te werf, het ons 'n toegewyde program-en-studentewerwer, ook met die oog daarop om toppresteerders uit die bruin-, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgemeenskappe te werf en diversiteit sodoende 'n hupstoot te gee.

Twaalf van ons huidige studente het byvoorbeeld in 2017 meer as 100 voornemende swart ingenieurstudente gebel om hulle in hulle moedertaal van die positiewe ervaring as 'n Matie-ingenieurstudent te vertel. Om kontinuïteit en volgehoue steun te verseker, sal hierdie 12 studente aanstaande jaar ook as "makkers" vir hulle rekrute dien, 'n oog oor hulle hou en hulle help inskakel. Ander werwingsinisiatiewe het ingesluit 'n suksesvolle Ingenieurswinterweek, loopbaanuitstallings, skoolbesoeke, veldtogte om onvolledige aansoeke op te volg, en die versterking van bande met beursmaatskappye.

Ons hou aan werk om 'n meer verwelkomende omgewing vir almal te skep. In hierdie verband het ons 'n Fakulteitstransformasiekomitee tot stand gebring, wat uit verteenwoordigers van ál vyf ons departemente bestaan. Soortgelyke komitees sal in elke departement saamgestel word om die bestuur oor gepaste aksies en projekte te adviseer om 'n verwelkomende omgewing vir personeellede en studente uit diverse agtergronde te handhaaf.

Om op 'n meer alledaagse vlak 'n toeganklike, gebruiker-vriendelike omgewing te skep, het ons ook 'n nuwe, moderne en ruim kafeteria, *The Chalkboard*, geopen. Die fasiliteit word deur 'n professionele spysenieringsmaatskappy bedryf, voorsien etes aan ons al hoe groter studentekorps, en dien terselfdertyd as 'n bymekaarkomplek.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Weens die aard van ons navorsing het dit 'n direkte positiewe impak op die samelewing. Ons het in 2017 voortgegaan om met die bedryf te skakel en sodoende probleme tot voordeel van die groter gemeenskap op te los. 'n Paar opwindende nuwe projekte sluit in 'n nano-elektriese biosensorhandtoestel wat 'n enkele druppel bloed gebruik om kanker vroeër en goedkoper op te spoor, hipertegnologiese opsporingstelsels om renosterstropery te bekamp, waardetoevoeging tot landbouprodukte en afvalbuitebande, en navorsing oor brande in informele nedersettings.

Ons maak ook al hoe meer naam met ons werk om natuurlike hulpbronne te bewaar. 'n Goeie voorbeeld is die slimwatermeter wat prof Thinus Booysen, sy span van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en 'n newemaatskappy van die Universiteit, BridgIoT (*Bridge to the Internet of Things*), ontwerp het. Dié vernuwende meter, wat Dropula gedoop is, bied verbruikers volledige inligting oor hulle daaglikse watergebruik met die uitdruklike doel om gebruikergedrag te verander. In 'n proef by Laerskool Stellenbosch het die slimwatermeter die skool se daaglikse waterverbruik met byna 70% verminder. Nadat hulle op die radiostasie Cape Talk van die suksesse by die eerste skool gehoor het, het Shoprite die tegnologie by die Sekondêre Skool Hector Peterson in Wallacedene op die proef gestel, waar verbruik ook drasties gedaal het. Die *#SmartWaterMeterChallenge* is in November in vennootskap met Shoprite, Cape Talk, BridgIoT, Pragma en later ook die Wes-Kaapse onderwysdepartement van stapel gestuur (http://www.schoolswater.co.za/). Maatskappye kon 'n skool vir twee fases van die intervensie borg, naamlik instandhouding van loodgieterswerk, gevolg deur gedragsverandering. Altesaam 93 maatskappye het 358 skole geborg.

VOORUITSKOUING

Met die nuwe dekaan, prof Wikus van Niekerk, aan die stuur verwag die Fakulteit in 2018 sy vyfjaarlikse akkreditasiebesoek van die Ingenieursraad, en beplan voorts om sy doktorale en nadoktorale studentekorps te vergroot. Ons sal ook verdere bande met die bedryf smee om relevant te bly in ons onderrig en navorsing, en terselfdertyd bykomende geldstrome te ontsluit. Hiervoor sal ons multidissiplinêre vlagskipprojekte of -navorsingsgebiede identifiseer wat by die werk van internasionale navorsingsgroepe aansluit.

Studente werf graad 12's vir ingenieurstudie *Ons studentewerwer, August Engelbrecht (heel links, agter), by die 12 studente wat aan 'n telethon deelgeneem het om graad 12's van hulle positiewe ervaring as huidige Matie-ingenieurstudente te vertel.*

Slim watermeter Dropula verlaag waterverbruik drasties *Na die sukses van die slimwatermeterproef by Laerskool Stellenbosch het Shoprite BridgIoT genader om die projek ook by die Sekondêre Skool Hector Peterson in Wallacedene op die proef te stel. Die projek was so suksesvol dat dit gelei het tot die landwye #SmartWaterMeterChallenge by skole (*https://youtu.be/J-zvG0mjqP4*) met korporatiewe borge. Op die foto staan, van links, Debbie Schäfer (LUR vir Onderwys in die Wes-Kaap), Cheroline Ripunda (US-magisterstudent en lid van die BridgIoT-span), Mike Mavovana (hoof van die Sekondêre Skool Hector Peterson) en Lumka Schoeman (Afdeling Korporatiewe Maatskaplike Belegging, Shoprite).*

Fakulteit

KRYGSKUNDE

Die Fakulteit Krygskunde, wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie in Saldanhabaai, streef daarna om 'n leier op sy gebied te wees. Ons werk ten nouste saam met die Departement van Verdediging om soldate toe te rus met die kennis en karakter wat die 21ste-eeuse veiligheidskonteks vereis om hulle land in die Nasionale Weermag en die veiligheidskluster te dien

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die werksverhouding tussen die Fakulteit en die Departement van Verdediging is in die loop van 2017 versterk met die ondertekening van 'n hersiene memorandum van ooreenkoms. Die nuwe ooreenkoms bevat 'n duideliker omskrywing van die hoëronderwysdienste wat ons voorsien, sowel as maatreëls om 'n leeromgewing te skep waar studente sowel as personeellede kan gedy. Met hierdie sterk samewerkingsgrondslag het die Militêre Akademie teen die internasionale ranglyste uitgeklim, en beklee nou die sewende plek wêreldwyd.

Ons ses voorgraadse, nege BMil-honneurs- en sewe magisterprogramme sowel as die PhD in Krygskunde maak ons 'n uitnemende akademiese tuiste vir baie. Die Fakulteit het aan die begin van 2017 nóg 'n kohort van 79 eerstejaarleerders van alle takke van die Weermag by 'n amptelike parade verwelkom.

Wat senior studente betref, het ons in die verslagjaar 94 grade toegeken. Vyf daarvan is cum laude verwerf, en 24 grade was nagraadse kwalifikasies. Kandidaatoffisier RM Mahlangu was die ontvanger van die eresabel vir 2017. Die sabel word toegeken aan 'n student wat oor die drie jaar van die BMil-program as 'n akademiese presteerder én gedissiplineerde soldaat uitgeblink het.

Op die gebied van personeeluitnemendheid het medeprofessor Abel Esterhuyse 'n prestigeryke gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang, en het kommandeur HAP Smith 'n PhD in Geografie van die Universiteit Stellenbosch verwerf. Ons akademieskap het 'n hupstoot ontvang toe die Sekuriteitsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA) drie nuwe navorsingsgenote – drs Juliette Koning (Oxford Brookes-bestuurskool), Math Noortmann (Sentrum vir Vertroue, Vrede en Maatskaplike Verhoudings, Universiteit van Coventry) en Christian Bueger (Universiteit van Cardiff) – verwelkom het. Boonop het prof Thomas Mandrup, wat as buitengewone medeprofessor aangestel is, hom vanaf Maart 2017 by ons aangesluit.

Sowat ses maande later het die boek *The African Standby Force, Quo Vadis?* met profs Mandrup en Francois Vreÿ, SIGLA-koördineerder, as mederedakteurs verskyn. Ons navorsingsuitset is verder versterk met majoor David Katz se boek *South Africans versus Rommel: The untold story of the Desert War in World War II* en dr Ntsikelelo Breakfast, senior dosent in militêre politieke wetenskap, se meningsartikel "The defence force an essential part of society in SA" in *The Herald.*



Kolonel Pieter de Vos, eerste Dekaan: Fakulteit Krygskunde, 1950

Prof Sam Tshehla Dekaan: Fakulteit Krygskunde

Die Fakulteit het sy internasionale reputasie van uitnemendheid gestand gedoen deur met die Koninklike Deense Weermagkollege saam te werk om die vyfde tweejaarlikse Konferensie oor Strategiese Teorie in Addis Abeba, Ethiopië, aan te bied. Die geleentheid het ondersoek ingestel na Afrika se veiligheidstriade, en klem gelê op die wisselwerking tussen leierskap en sekuriteitsbestuur op die vasteland en sy omringende oseane. Vooraanstaande rolspelers van die Afrika-unie was onder meer daar.

Laastens het die Militêre Akademie-klas van 1967 hulle 50-jaarreünie gevier. Die groep sluit gerekende militêre leiers van die kaliber van viseadmiraal Johan Retief, voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Vloot, in. Hulle vieringe het beklemtoon dat ons met elke student wat suksesvol gradueer, ons missie vervul om toekomstige militêre leiers van uitnemende onderrig te voorsien.

VERBREDING VAN TOEGANG

Om toegang tot hoër onderwys vir almal te help verbreed, bied ons akademiese vennootskap met die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) deur die MPhil in Sekuriteitsbestuur senior offisiere in die Departement van Verdediging én senior bestuurders in die veiligheidskluster toegang tot verdere opleiding, en gevolglik beter loopbaanvooruitsigte. Die program is die mees senior offisierskursus van die SANW, en suksesvolle lede word gewoonlik in pas met internasionale en Afrika-militêre tendense tot die militêre rang van brigadier-generaal bevorder. Hierdie MPhil-program het in 2017 'n verdere een graduandus opgelewer.

Daarbenewens sal die nuwe BMil in Verdedigingsintelligensie en die Nagraadse Diploma in Verdedigingstudie, wat albei in 2019 begin, ons nie net 'n geleentheid bied om ons personeelkorps verder te transformeer nie, maar ons ook help om in meer studente se behoeftes te voorsien.

Verder het sewe kandidate wat via die interaktiewe telematiese onderrigplatform gestudeer het, hul BMil-grade in 2017 verwerf.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Hedendaagse militêre organisasies moet méér doen as net troepe en bevelvoerders oplei – graduandi behoort ook 'n aanvoeling vir maatskaplike behoeftes te hê. Deur die Trans Enduro-oefening word jong offisiere se fisiese uithouvermoë en leierskapsvaardighede getoets, terwyl hulle ook met die praktiese uitdagings van gemeenskapsdiens kennis maak. In die verslagjaar het studente weer vir dié geleentheid oor 'n tydperk van tien dae van Port Elizabeth na Saldanha gereis. Onderweg het hulle aan uithourenne op land en see deelgeneem en gemeenskapsdiens verrig, soos om kinder- en ouetehuise skoon te maak en skoolgeboue te verf. Sodoende het hulle geld ingesamel vir Matie Gemeenskapsdiens en MASIZA, die Militêre Akademie se gemeenskapsdiensorganisasie.

Om tot die groter samelewing by te dra, het SIGLA met die Amerikaanse Agentskap vir Verdedigingsrisikobeperking (DTRA) en Marinemisdaadondersoekdiens (NCIS) saamgewerk om die eerste Internasionale Werksessie oor die Bestryding van Seebedreigings om die Afrikavasteland aan te bied. Die werksessie, wat in Mei op Stellenbosch plaasgevind het, was daarop toegespits om samewerking te versterk om bedreigings op see te bekamp, en was die eerste in 'n beplande tweejaarlikse reeks oor transnasionale veiligheidskwessies.

VOORUITSKOUING

Onderhandelinge om ons personeelkorps in pas met die Universiteit Stellenbosch sowel as die Departement van Verdediging se beleide verder uit te brei en te transformeer, sal in die volgende jaar of wat voortduur. Dít behoort ons uiteindelik in staat te stel om meer studente in te neem, onder andere op die interaktiewe telematiese onderrigplatform vir webgebaseerde leer.

Die twee nuwe programme wat in 2019 begin, bied 'n gulde geleentheid in dié verband en sal ons akademiese korps na verwagting met 'n bykomende 15 poste uitbrei.

50-jaarreünie gevier *Op die foto is die klas van 1967, wat in 2017 hulle 50-jaarreünie gevier het. In die middel van die groep is US alumnus en voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Vloot, vise-admiraal Johan Retief. Die groep staan ook bekend as MA 67.*

Toekenning vir akademiese presteerder en gedissiplineerde soldaat *Weermaghoof generaal Solly Shoke oorhandig die eresabel aan kandidaatoffisier RM Mahlangu.*

Fakulteit

LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe spog met 'n ryke en diverse akademiese projek wat oor die lettere, tale en sosiale wetenskappe heen strek en alle fasette van die samelewing insluit. Ons hef tradisionele dissiplinêre grense op en leer sodoende ons studente hoe om krities te dink en die status quo te bevraagteken. Op dié manier verbeter ons ook hulle aanstelbaarheid en rus hulle toe as betrokke burgers van Suid-Afrika, Afrika en die wêreld.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Met 74 navorsers met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting, 40 nadoktorale genote, vier navorsingsleerstoele en een sentrum van uitnemendheid, is die Fakulteit 'n leier in akademiese en navorsingsuitnemendheid. Dié uitnemendheid is in 2017 gehandhaaf: Ons het 1 592 kwalifikasies, waaronder meer as 288 honneurs-, 193 magister- en 57 doktorsgrade, toegeken en ons navorsingsuitset met 'n stewige 43% verhoog.

Prof Lydia van Niekerk, professor in Nederlands 1922, eerste vroulike professor wat by die Universiteit aangestel is

Prof Anthony Leysens Dekaan: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

GEMIDDELDE NAVORSINGSUITSET VAN LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE, 2015–2016

Jaar	Boeke	Boek-hoofstukke	Vaktyd-skrifartikels	Internasionale konferensie-referate	Nasionale konferensie-referate	Totaal
2015	5,2	11,8	196,1	2,9	1,0	216,8
2016*	72,5	73,0	248,1	3,0	1,4	398,1

*2017-resultate word in 2018 gerapporteer.

Uitmuntende personeelprestasies het nogmaals ons statuur in die akademiese en navorsingsgemeenskap bevestig. Prof Lambert Engelbrecht (Maatskaplike Werk) het die prestigeryke Stalsprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot sy vakrigting ontvang. Kanselierstoekennings vir navorsingsuitnemendheid is aan proff Grace Musila (Engels) en Leslie Swartz (Sielkunde) toegeken, terwyl prof Swartz sowel as proff Ashraf Kagee en Mark Tomlinson tot die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie (ASSAf) toegelaat is.

Ons uitnemende internasionale reputasie blyk ook duidelik uit etlike spesiale projekte waarby ons personeellede en studente betrokke is. Dít sluit in die Departement Musiek se vennootskap met die Universiteit van Leeds, Verenigde Koninkryk, om die simposium *Out of the Shadows: Rediscovering Jewish Music and Theatre* aan te bied. Die US Kamerkoor is gekies om as residentkoor aan die Hong Kongse Koorfees deel te neem, en het gehore in vervoering gehad. Nóg 'n hoogtepunt was die Koorafdeling se voortgesette samewerking met die Ludwig Maximilian-universiteit, München, wat tot kollokwiums deur besoekende professore en internasionale studenteuitruilbesoeke gelei het.

Verdere inisiatiewe wat op lang termyn uitnemendheid sal uitbou, sluit in die Fakulteit se navorsingsnaaf wat in die verslagjaar aangevoor is, die bestaande onderrig-en-leernaaf, sowel as die Fakulteit se internasionalisasiestrategie met sy sterk klem op die uitbreiding van ons voetspoor op die vasteland.

VERBREDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit het in 2017 sy werksaamhede voortgesit om 'n meer diverse groep studente en personeellede van toegang te voorsien.

Altesaam 46,3% van voorgraadse en 44% van nagraadse studente was uit die aangewese groepe. Terselfdertyd het navorsing die afgelope jaar gedui op vaardigheidsleemtes met betrekking tot matriekprestasie, gender en sosio-ekonomiese status in die Fakulteit se al hoe meer diverse studentekorps. Om dus toegang met sukses te verseker, sal inisiatiewe vir akademiese steun, soos lees-, skryf- en denkvaardigheidsontwikkeling, in die toekoms verstewig word.

Maar hoewel studentediversiteit en ons administratiewe personeel se diversiteitsprofiel verbeter (laasgenoemde van 55% in 2016 tot 62%), bly ons diversiteitsprofiel onder akademiese personeellede 'n uitdaging (van 21% in 2016 tot 22%). Ons het voortgegaan met pogings om belowende diversiteitskandidate van buite sowel as uit eie geledere proaktief te werf. Om ons eie toevoer van kandidate te verseker, is 'n beleid aanvaar om moontlike toekomstige akademici onder voorgraadse derdejaars te identifiseer en hulle aan te moedig om tot op minstens magistervlak te studeer. Ook die aanstelling van nadoktorale genote bied 'n geleentheid om moontlike diversiteitsakademici te identifiseer en van mentorleiding te voorsien.

Om toegang tot samewerkende navorsing op die vasteland te verbreed, het ons steeds aktief as lid van die PANGeA-netwerk van Afrika-geesteswetenskapsfakulteite gedien. Dié netwerk is uitgebrei en sluit nou ook navorsingsamewerking, gesamentlike studieleiding sowel as die genootskapsprogram vir nuwelingakademici, PANGeA-Ed, in.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Sosiale impak is 'n kerndeel van ons onderrig en leer, en is veranker in ons akademiese projek.

Driehonderd studente in die Departement Maatskaplike Werk word byvoorbeeld elke jaar vir praktykonderrig (diensleer) by sowat 40 welsynsorganisasies geplaas, waar hulle onder ongeveer 55 maatskaplike werkers se toesig werk. Op sy beurt het die Departement Sielkunde verskeie projekte in ekonomies benadeelde gemeenskappe in die Wynlandstreek ontwikkel. Ons Departement Visuele Kunste bied 'n MA in Kunsonderrig aan wat op volhoubaarheid en kritiese burgerskap konsentreer, terwyl voorgraadse ontwerpkursusse omgewingsvolhoubare en maatskaplik bewuste ontwerppraktyke insluit. Die Dramadepartement se projekte vir toegepaste teater bevorder weer toeganklike, impakryke opvoerings.

Projekte ter bevordering van sosiale impak in die Musiekdepartement neem musiek na gebiede soos Cloetesville, Idasvallei, Kayamandi, Kylemore en Vlottenburg. Die Departement se Nagtegaal-projek lewer uitvoerings by tehuise vir verswaktes en bejaardes in omliggende gemeenskappe, en die Canticum Novum-studentekoor tree dikwels in landelike gemeenskappe op. Boonop is die Departement se ensembles en die Endler-konsertreeks lank reeds daarvoor bekend dat dit musiek vir 'n groter gehoor toeganklik maak.

Wat meer direkte akademiese bydraes tot die samelewing betref, het die Departement Geskiedenis 'n toekenning van R14 miljoen van die AW Mellon-stigting vir die navorsingsprojek *Biography of an Uncharted People* ontvang. Dié projek help vertel die tot dusver onvertelde verhale van diegene wat histories van die Suid-Afrikaanse narratief uitgesluit is. Daarbenewens is een van die eerste graduandi van die Fakulteit se Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorasie (CRUISE), mnr Risenga Maluleke, as Suid-Afrika se nuwe Statistikus-Generaal en hoof van Statistieke Suid-Afrika aangestel. Buite landsgrense het Filosofieprofessor Johan Hattingh 'n kernbydrae gelewer om die Verklaring van Etiekbeginsels insake Klimaatsverandering te formuleer wat UNESCO by sy 39ste sessie in Parys, Frankryk, aanvaar het. Prof Hattingh was die voorsitter van die groep van 24 kenners wat die eerste konsepte moes opstel.

Prestigeryke Stalsprys *Prof Lambert Engelbrecht (middel), voorsitter van die Departement Maatskaplike Werk, ontvang die Stalsprys vir sy invloedryke navorsing van prof Wessel Pienaar, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (links), terwyl prof Anthony Leysens, Dekaan: Lettere en Sosiale Wetenskappe, toekyk.* (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

VOORUITSKOUING

Die Fakulteit se sistemiese volhoubaarheid bly 'n groot onmiddellike uitdaging. In die jaar wat voorlê, sal ons akademiese aanbod deeglik hersien word, en sal ons vernuwend dink oor hoe ons nuwe kennismarkte kan bereik. Terselfdertyd behoort ons organisatoriese struktuur te reageer op die behoefte om 'n internasionaal relevante, buigsame en innoverende voorkeurbestemming te wees.

Ons verwelkom hierdie unieke geleentheid om met 'n vernuwingsprojek te begin met die doel om die voorste geesteswetenskapsfakulteit in Suid-Afrika te word, terwyl ons ook ons teenwoordigheid op die vasteland en in die res van die wêreld verder versterk.

Fakulteit

NATUURWETENSKAPPE

Die Fakulteit Natuurwetenskappe is daartoe verbind om studente 'n algemeen vormende opvoeding in die natuurwetenskappe te gee, met 'n stewige grondslag in die wiskunde, fisika, chemie en biologie. Hierdie grondslag is noodsaaklik om ons graduandi teen die agtergrond van die Vierde Industriële Revolusie op die eise van die werkplek voor te berei. Daarbenewens is die Fakulteit 'n gevierde kennisvennoot wat die samelewing deur impakryke navorsing en bedryfsamewerking help ontwikkel.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Voorgraadse studentesyfers het die afgelope vyf jaar met 6% toegeneem. Altesaam 88% van die eerstejaarinname van 2017 was toppresteerders met 'n gemiddelde graad 12-punt van 70% en hoër, met inbegrip van 'n groter getal bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)studente. Hoewel die persentasie voorgraadse studente wat hulle grade binne die gewone tydsduur plus twee jaar voltooi volgens die Universiteit se standaarde steeds ondergemiddeld is, is die gemiddelde moduleslaagsyfer aan die verbeter – van 77% in 2008 tot 83% in 2017. In die lig van die dinamiese hoëronderwysomgewing sal die Fakulteit in die tydperk wat voorlê belangrike strategiese besluite oor sy voorgraadse kurrikulums moet neem. Die Aardwetenskappe-program is die eerste wat omvattende vernuwing sal ondergaan.

Nagraadse inskrywings in die Fakulteit het oor die tydperk 2013–2017 met 16% toegeneem, en met 'n verstommende 34% vir PhD-studente alleen. Met 139 MSc- en 54 PhD-grade wat in 2017 toegeken is, is nagraadse uitsetsyfers ook steeds hoog.

Die Fakulteit roem op sy navorsingsuitnemendheid. Altesaam 73% van sy navorsers beskik oor graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), en 11 navorsingsleerstoele en vier sentrums van uitnemendheid is ook in Natuurwetenskappe geleë. In hierdie verband het prof Bubacarr Bah, voorheen verbonde aan die Universiteit van Texas, hom in die verslagjaar as bekleër van die Humboldt-leerstoel in Grootdataontleding by die Fakulteit se Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe aangesluit. Sy amptelike verbintenis met die Departement Wiskundige Wetenskappe sal die nuwe Sentrum vir Bio-informatika en Berekeningsbiologie, 'n tussenfakulteitsinisiatief, help versterk.

Die volgehoue uitnemendheid van die Fakulteit se personeellede en studente is met volop toekennings beloon. Prof Harald Pasch het die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut se goue medalje ontvang, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Havenga-prys vir fisiese wetenskappe aan prof Hendrik Geyer toegeken, en prof Len Barbour is met die Kanselierstoekenning vir navorsingsuitnemendheid vereer. Prof Resia Pretorius was die naaswenner in die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) se jaarlikse toekennings vir uitgelese vrouewetenskaplikes in die natuurwetenskappe en ingenieurswese. Wat uitnemendheid onder studente betref, het Sunel de Kock die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap (oftewel S^2A^3) se medalje vir die beste MSc-natuurwetenskapstudent aan die Universiteit Stellenbosch (US) vir 2017 ontvang, en Jana Botha die Dekaansmedalje vir volgehoue uitnemende prestasie. Nonkululeko Radebe het die Borealis-plakkaatprys by 'n internasionale konferensie oor polimeerontleding en -tipering gewen, en Megan Mitchell die Wyndham-prys vir die beste mondelinge voorlegging by die jaarkonferensie van die Fisiologievereniging van Suider-Afrika. Boonop het PhD-studente Therina du Toit en Carol Mahachi elk 'n L'Oréal-UNESCO-streeksgenootskap vir vrouewetenskaplikes in Afrika suid van die Sahara ontvang.

Nietemin verg uitnemende onderrig en navorsing duur fasiliteite en toerusting. En hoewel die Fakulteit se inkomste die afgelope vyf jaar met 24,5% toegeneem het, het koste eweneens met 32,3% gestyg. Die afname in statutêre inkomste, waaronder NNS-toelaes, is veral kommerwekkend. 'n Deeltydse aanstelling is dus gemaak om bykomende finansiering vir beurse en toerusting te werf.



Dr Duthie, eerste dosent in Botanie, 1902

Prof Louise Warnich Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe

VERBREDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit het sy diversiteitsmikpunt vir 2017 gehaal, maar die verbetering van sy diversiteitsprofiel bly 'n kern-strategiese doelwit. Die voorgraadse diversiteitsprofiel bly laag, selfs al het BSIA-studente sedert 2013 met 20% toegeneem. Wat genderdiversiteit betref, is 58% van voorgraadse studente vroue. 'n Pas aangestelde bemarkings- en werwingsbeampte sal voortaan met die Sentrum vir Studentewerwing saamwerk om diversiteitsverbeteringe te bespoedig.

Die diversiteitsprofiel op nagraadse vlak het sedert 2013 met 13% toegeneem en BSIA-studente het in 2017 bykans 40% (285) van die algehele nagraadse kohort uitgemaak. Dit bly 'n uitdaging om 'n voldoende toevoer nagraadse studente op alle vlakke te handhaaf om ons mikpunt van 60 PhD-graduandi per jaar te haal. Daarom is die verkryging van nagraadse beurse 'n strategiese oogmerk.

Met betrekking tot personeeldiversiteit maak BSIA-personeellede 51% van die nieakademiese personeelkorps uit, dog slegs 21% van akademiese aanstellings. Weens die tekort aan kandidate met 'n PhD in wetenskaplike vakrigtings bly dit moeilik om ons mikpunte in hierdie verband te haal. Die beduidendste finansieringsbron om personeeldiversiteit te verbeter is die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se nGAP-program, wat in 2017 'n derde pos aan die Fakulteit toegestaan het, naamlik in die Departement Wiskundige Wetenskappe.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Fakulteit is vasbeslote om wetenskap vir die samelewing te beoefen, en het dus by sy eerste navorsingstentoonstelling 50 plakkate vir meer as 100 bedryfsrolspelers en alumni aangebied. Hierdie inisiatief van die Fakulteit se adviesraad bevorder samewerking en maak ons navorsing meer sigbaar.

Ons wetenskaplikes en studente het voortgegaan met relevante navorsing vir 'n beter samelewing. Prof Brian van Wilgen van die DWT/NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie was hoofouteur van 'n statusverslag oor biologiese indringing in Suid-Afrika. Die verslag is die omvattendste studie van dié probleem tot nog toe. Navorsers van die Departement Plant- en Dierkunde het op hulle beurt met die Sharksafe-versperring vorendag gekom as 'n kostedoeltreffende, omgewingsvriendelike alternatief vir konvensionele afskriktoestelle vir haaie, en is as naaswenners in die konsepwedstryd by die Suid-Afrikaanse Innovasieberaad aangewys. In die lig van die Wes-Kaapse waterkrisis het 'n groep nagraadse Chemiestudente die nuus gehaal met hulle vernuwende maatreëls om tot 3 000 liter water per week in hulle laboratorium te bespaar. Nagraadse studente van die Departement Aardwetenskappe was ewe bekommerd oor die droogte en het bykans R150 000 deur skarefinansiering ingesamel om die volhoubaarheid van die land se grondwaterhulpbronne te ondersoek.

VOORUITSKOUING

Die Fakulteit sien uit na die Universiteit se Eeufeesherdenking in 2018 as 'n geleentheid om te besin en homself te herposisioneer. Tog sal wetenskaplike uitnemendheid, maatskaplike relevansie en toekomsgerigte, praktiese studenteopleiding altyd deel bly van ons etos.

INGESKREWE NAGRAADSE STUDENTE 2013–2017



Skaregefinansierde studie oor die volhoubaarheid van Suid-Afrika se grondwaterhulpbronne *Die Aardwetenskappe-studente wat hulle studie met behulp van skarefinansiering gedoen het. Van links, MSc-student Jared van Rooyen en BScHons-medestudente Yaa Agyare-Dwomoh en Zita Harilall (sit voor) saam met hulle studieleier, dr Jodie Miller (regs agter). Foto: Stefan Els*

Fakulteit

OPVOEDKUNDE

Die Fakulteit Opvoedkunde is trots op sy nadenkende onderrig- en leerprogramme van gehalte. Waarin die Fakulteit hom egter werklik onderskei, is sy verbintenis tot navorsing wat nie net met 'n wyd uiteenlopende sosiopolitieke landskap rekening hou nie, maar ook verskeie stemme insluit en na nuwe en hersiene menings luister. Dít sorg uiteindelik dat ons, as vakkundiges, op die samelewing se behoeftes ingestel bly en reageer.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

In die verslagjaar het ons weer uitmuntende onderwysnavorsing onderneem, met 'n sterk klem op maatskaplikegeregtigheidsopvoeding om met die Universiteit se tema van maatskaplike geregtigheid te strook. Ons navorsingsuitsette het in sowel getal as gehalte toegeneem. Dít sluit in 83 artikels in portuurbeoordeelde vaktydskrifte en altesaam 29 boeke en boekhoofstukbydraes tot internasionaal gepubliseerde manuskripte. Ons navorserskohort met graderings van die Nasionale Navorsingstigting het in 2017 tot 16 aangegroei, wat ons reputasie as 'n toonaangewende navorsingsgedrewe onderwysfakulteit versterk.

Die werwing, behoud en beloning van uitmuntende personeellede is noodsaaklik om uitnemendheid te handhaaf. Die afgelope jaar het ons die openbare intellektueel en voormalige visekanselier van die Universiteit van die Vrystaat, prof Jonathan Jansen, in ons midde verwelkom. As 'n uitgelese professor in die Fakulteit, gee hierdie A-gegradeerde wetenskaplike klas en doen navorsing oor skoolbeheer, -bestuur, -leierskap en -beleid, en dien ook as 'n mentor vir nagraadse studente. Daarbenewens het twee lede van die Fakulteit Kanselierstoekennings ontvang – professor Lesley le Grange vir sy bydraes tot kurrikulumvernuwing, en dr Trevor van Louw, direkteur van die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP), vir die vestiging van SUNSEP as 'n leier op die gebied van opvoedkundige ontwikkeling.

Die Fakulteit gaan ook voort om graduandi van formaat op te lewer. So byvoorbeeld het onderwysstudent MK Nompumza teen die einde van 2017, skaars 'n maand nadat twee Rektorstoekennings aan hom toegeken is, 'n prestigeryke Mandela Rhodes-beurs ontvang. Boonop het ons honneurs-, magister- en doktorale uitsette konsekwent gebly, en is 231 kwalifikasies op hierdie vlakke toegeken. Die Fakulteit het voorts 194 professionele BEd-kwalifikasies en 188 nagraadse onderwyssertifikate oorhandig.

VERBREDING VAN TOEGANG

As 'n fakulteit, is ons ernstig oor ons verantwoordelikheid om deur die onderwys maatskaplike geregtigheid te bevorder. In hierdie verband bly ons bewus van die behoefte aan toeganklike, relevante programme; programme wat spreek tot elke student van waar ook al in die land, op die vasteland of elders ter wêreld wat ons drumpel oorsteek of wil oorsteek. Daarom wil die Fakulteit in sy programaanbod nuut dink oor die onderwys en horisonne verbreed – ons wil méér bied as blote tegniese onderwyseropleiding deur nuwe vorme van onderrig te aanvaar en 'n meer diverse groep studente van toegang te voorsien.

Prof GG Cillié, eerste Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde, 1927

Prof Yusef Waghid Waarnemende Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde

Een manier om dít te bereik, is deur ons aanbod uit te brei om ook geïntegreerde e-leer in te sluit. In hierdie verband was 2017 die eerste jaar wat ons die buigsame BEd-honneursprogram deur 'n gemengdeleerbenadering geïmplementeer het. Die program het daarin geslaag om studente te bereik wat dalk nie andersins die geleentheid sou hê om aan die Universiteit Stellenbosch (US) te studeer nie. Die lesse wat ons hieruit geleer het, sal in die volgende paar jaar goed te pas kom om die regte balans tussen afhanklikheid van tegnologie, persoonlike outonomie en sosiale skakeling te verseker. As 'n verdere hupstoot vir toegang vir die grootste moontlike studentekohort, is ons PhD- en magisterinskrywings veral goedgesind teenoor studente van Afrika.

Om toegang tot die US in die algemeen te verbreed, het SUNSEP voortgegaan om 'n leiersrol te vervul, veral deur sy universiteitsvoorbereidingsprogramme SciMathUS en *Hope@Maties*. Altesaam 41 voormalige SciMathUS- en 92 voormalige *Hope@Maties*-studente het in 2017 aan die US gegradueer. SciMathUS alleen het tussen Desember 2005 en Maart 2018 meer as 200 US-gegradueerdes opgelewer, van wie 45 tweede kwalifikasies (grade of diplomas) en meer as tien 'n derde kwalifikasie aan die US verwerf het.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Graduandi van die US se Fakulteit Opvoedkunde behoort uiteindelik kritiese denkers te wees wat toegerus is om maatskaplik verantwoordelike bydraes tot die samelewing te lewer. Deur sy eie voorbeeld probeer die Fakulteit hierdie graduandi-kenmerke van vroeg reeds by onderwysstudente inprent.

In dié verband het die Fakulteit in die loop van 2017 etlike menings- en ander artikels oor aktuele maatskaplike kwessies die lig laat sien. Bydraes het oor verskeie onderwysverwante sake in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing gehandel – van die waarde van meertalige onderwys, die strewe na maatskaplike verandering deur die onderwys, en die kernrol van leersteunonderwysers, tot hoe om toekomstige onderwysers op diversiteit in die klas voor te berei, wenke vir leer later in die lewe, die nasionale leeskrisis, en die risiko's verbonde aan fooivrye onderwys. Hierdie bydraes het in die openbare media verskyn en sodoende 'n opbouende bydrae tot die nasionale onderwysdialoog gelewer en die Fakulteit se statuur as 'n denkleier in die samelewing bevestig.

Die Fakulteit het onderwysstudente ook op 'n meer direkte wyse met 'n begrip van hulle transformasierol as voornemende opvoeders toegerus deur 'n kortkursus oor leierskap in die onderwys aan te bied. Hierdie ko-kurrikulêre kursus, 'n samewerkingsprojek met die US se Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling, het studente anders oor die onderwys en hulle rol as opvoeders in die samelewing laat dink.

In 'n poging om Suid-Afrikaanse skoolonderwys te verbeter, dra SUNSEP tot die Fakulteit se sosiale impak by deur met sy beroepsleeraanbod na bestaande opvoeders uit te reik. Hierdie program het in 2017 nuwe terrein ontgin deur sy eerste onderwyseropleidingsessie met behulp van videostroming aan te bied. Sodoende kan die Fakulteit nou onderwysers in verafgeleë landelike gebiede bereik en hulle onderrigvaardighede help bou en slyp.

Ons impak strek ook tot in die internasionale domein, waar die Fakulteit 'n robuuste kundigheidsbasis help bou het om internasionale onderwysuitdagings die hoof te bied. Meer as 150 afgevaardigdes van 11 lande het byvoorbeeld in Maart 2017 die sesde Nagraadse Studieleidingskonferensie van die Fakulteit se Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys bygewoon. Met die tema *Postgraduate supervision: Spaces, journeys and new horizons* was die geleentheid daarop toegespits om die nagraadse omgewing by hoëronderwysinstellings wêreldwyd te verbeter. 'n Paar maande later het die Fakulteit se Eenheid vir Navorsing oor Wiskundeonderwys (ENWOUS) die 18de Internasionale Konferensie oor die Onderrig van Wiskundige Modellering en Toepassings gereël. Hierdie byeenkoms, waar meer as 130 afgevaardigdes van 20 lande saamgetrek het, was die eerste aflewering van dié tweejaarlikse konferensie wat op die Afrikavasteland aangebied is. Hier kon deelnemers beste praktyke vir wiskundeonderrig en -leer uitruil.

VOORUITSKOUING

Ondanks ons beduidende vooruitgang en vele bydraes, bly ons bewus van die volhoubaarheidsuitdagings van ons onderwyseropleidingsprogramme, in besonder die BEd. Met die nodige institusionele ondersteuning is ons egter vol vertroue dat die beoogde hersiening van die Fakulteit se programme, navorsing en infrastruktuurreëlings uiteindelik tot groter volhoubaarheid en waarde sal lei.

SciMatUS bied 'n tweede kans om vir universiteitstudie te kwalifiseer *Die SciMathUS-program is 'n universiteitsvoorbereidingsprogram wat onderrig in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe of Rekeningkunde aan onderrigbenadeelde leerders bied. Na een jaar van onderrig kan leerders met verbeterde punte by tersiêre instansies vir keuringsprogramme aansoek doen. Sedert sy aanvang in 2001 het SciMathUS 323 US-graduandi opgelewer, sommige met meer as een kwalifikasie.*

Fakulteit

REGSGELEERDHEID

Die Fakulteit Regsgeleerdheid het in 2017 voortgegaan om Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie, die oppergesag van die reg en die regswetenskap te help uitbou deur die volgehoue insette van sy uitmuntende personeellede, studente en medewerkers.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Onder leiding van die nuwe Dekaan, prof Nicola Smit, bly ons personeellede, studente en graduandi aan die voorpunt van hulle vakrigtings.

Prof Sandra Liebenberg, bekleër van die HF Oppenheimer-leerstoel in menseregtereg, het haar pligte as Afrikastaats-verteenwoordiger in die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte (CESCR) voortgesit. Prof Juanita Pienaar en dr Mary Nel het institusionele toekennings vir onderskeidelik navorsings- en onderriguitnemendheid ontvang, en prof Marius de Waal 'n Kanselierstoekenning vir navorsing. Theo Broodryk, die bestuurder van die Regshulpkliniek, het sy doktorsgraad verwerf, terwyl proff Gerhard Kemp en Annika Rudman onderskeidelik 'n B3- en C2-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang het. Dít bring ons totale getal personeellede met 'n LLD op 26 te staan (84% van die algehele personeelkorps), en dié met 'n NNS-gradering op 14 (35% van die totaal). As verdere bewys van ons akademici se voortgesette loopbaanvordering is twee intreeredes in die loop van die jaar gelewer en nog twee personeellede tot professor bevorder.

Ter uitbreiding van ons regsonderrig en navorsingsfokus, het ons verskeie seminare en konferensies aangebied wat gerekende vakkundiges as gasdosente en deelnemers gelok het, waaronder prof Christopher Yukins, die Lynn David-navorsingsprofessor in Staatsverkrygingsreg aan George Washington-universiteit, en prof Sam Amoo van die Universiteit van Namibië.

Wat uitnemendheid onder studente betref, het die Fakulteit 237 grade vir die akademiese jaar 2017 toegeken, waaronder 65 magistergrade en 10 doktorsgrade. Om aanstelbare, maatskaplik betrokke graduandi op te lewer, plaas ons veral klem op die reg-in-aksie en internasionalisasie. In dié verband het die LLB-finalejaarstudente Lerato Melato en Charissa Barden hulle in September 2017 goed van hulle taak gekwyt in die Afrika-menseregteskynhofkompetisie in Mauritius. En 'n maand later het ons studente ons trots gemaak in die LexisNexis-skynhofwedstryd in Pretoria, waar Kathleen Henning en Jodie Muller tot die eindronde deurgedring het. Boonop het die studentevaktydskrif *Responsa Meridiana* weer verskyn en sodoende 'n trotse tradisie voortgesit wat tot 1964 teruggevoer kan word.

Ons doen ook moeite om ons studente aan die reg in wêreldverband bloot te stel: Vyftien studente het die afgelope jaar uitruilgeleenthede benut en tien vennootuniversiteite in Duitsland, Nederland en Finland besoek.



Prof Henry Fagan, eerste lektor in Regsgeleerdheid, 1919

Prof Nicola Smit Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid

Selfs ons alumni hou aan uitblink. Twee van ons voormalige LLB-studente, Letlhogonolo Mokgoroane (2013) en Jenalee Harrison (2014), het prestigeryke internasionale beurse vir LLM-studie in die buiteland ontvang. Mokgoroane het die Sonke-genootskap vir gesondheid en menseregte ontvang om aan die Universiteit van Kalifornië te studeer, en Harrison die Chevening-beurs en finansiering van die Cambridge-trust vir verdere studie aan die Universiteit van Cambridge.

Wat ons programaanbod betref, het die Raad op Hoër Onderwys (RHO) ons LLB-program voorlopig geakkrediteer en ons is vol vertroue dat volle akkreditasie in 2018 sal volg. Gedagtig daaraan dat 'n uitnemende regsprogramaanbod voortgesette vernuwing en gehalteversekering vereis, het die Fakulteit met 'n programvernuwingsproses begin, wat sal ag slaan op die bevindinge van die RHO se nasionale verslag oor die LLB. Ons nuwe LLM in Arbeidsreg en die LLM in Alternatiewe Geskilbeslegting is ook goedgekeur.

VERBREDING VAN TOEGANG

As 'n betreklik klein fakulteit, is finansiële volhoubaarheid 'n beduidende kwessie en bly ons afhanklik van die derde (kommersiële) en vierde geldstrome (filantropiese skenkings). In dié verband is ons besonder dankbaar teenoor ons getroue alumni wat voortgaan om die Dekaansfonds en die Regsfakulteittrust te ondersteun om ons uitnemendheid te help handhaaf.

Pogings om ons studentekorps te diversifiseer het in die oorsigjaar aansienlik gevorder danksy ons Dekaansfonds en werwingsbeurse, en individue uit die aangewese groepe maak nou 37,4% van voorgraadse en 26,1% van nagraadse studente uit. Uit die Dekaansfonds kon die Fakulteit 16 nagraadse beurse aan nagraadse studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe toeken. US-werwingsbeurse is aan 49 nuwelingeerstejaarstudente uit die aangewese groepe toegeken. Die klem op groter diversiteit sal in die volgende jaar voortduur, en so ook pogings om met behulp van toegespitste kortprogramme toegang vir die werk-en-leermark te verbreed.

Nóg 'n voorrangsaak is die werwing van personeellede uit die aangewese groepe, ongeag ons lae personeelomset en die finansiële beperkinge op die skep van nuwe poste. Ons het in 2017 daarin geslaag om 'n nGAP-pos in die Departement Privaatreg te bekom. Voorts het ons 'n diensbillikheidsplan aanvaar, waarvan die mikpunte in 2018 hersien sal word as deel van die RHO-voorwaarde vir die akkreditasie van ons LLB-program.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Van sy nuwe, meer toeganklike adres in Crozierstraat gaan ons Regshulpkliniek voort om regs- en opvoedingsdienste aan laer-inkomsteverbruikers te voorsien. Dié entiteit se betrokkenheid by baanbrekersake, soos die uitspraak deur die Konstitusionele Hof wat sekere voorwaardes van besoldigingsbeslagleggingsbevele onwettig verklaar het, is die soort impakryke inisiatief wat lewens verander.

Ons Eenheid vir Afrikaverkrygingsreg het op sy beurt met die Konrad Adenauer-stigting en die Kantoor van die Openbare Beskermer saamgewerk om ondersoekers van die Openbare Beskermer op te lei en na goeie openbare oorsigbestuur te help streef.

As ons bydrae tot die nasionale diskoers, het die Fakulteit gesiene sprekers soos regter Mahomed Navsa van die Hoogste Hof van Appèl en die afgetrede Konstitusionele Hof-regter Albie Sachs na gespreksessies genooi. Dié regsgeleerdes het oor aktuele kwessies soos menseregte en die oppergesag van die reg as 'n skans teen korrupsie en wanadministrasie sowel as die Grondwet as 'n instrument vir dekolonisasie en gelykheid gesels. Ook professor Geo Quinot van Publiekreg het tot die Fakulteit se impak buite kampusgrense bygedra met sy verkiesing tot voorsitter van AdJASA, die Suid-Afrikaanse vereniging vir administratiewe geregtigheid, 'n organisasie sonder winsoogmerk wat administratiewe geregtigheid landwyd bevorder.

VOORUITSKOUING

Die Fakulteit Regsgeleerdheid het hom as 'n sentrum van uitnemendheid gevestig, en sal voortaan daarop konsentreer om sy navorsingsuitset, magister- en doktorale deursetsyfers, sosiale impak sowel as studente- en personeeldiversiteit verder te versterk. Dit sal gepaardgaan met voortgesette besinning oor kurrikulumvernuwing om aan die voorpunt van regsonderrig te bly.

Die Regshulpkliniek verander lewens ten goede
Die Regshulpkliniek span befondsing deur verskeie donateurs in tot voordeel van laerinkomstegemeenskappe deur die lewering van gratis regsadvies, regsopleiding, navorsing en navorsingsuitsette. Behalwe vir die Fakulteit Regsgeleerdheid, dra die volgende donateurs ook by: Regshulp Suid-Afrika, die Claude Leon-stigting, die Oopsamelewing-stigting vir Suid-Afrika, die Het Jan Marais-fonds, die Lombardi-trust en die Prokureursgetrouheidsfonds. Op die foto verskyn personeel van die Regshulpkliniek (van links na regs) mnr S van der Merwe, me N Roode, dr T Broodryk (bestuurder), me M Posthumus-Meyjes en mnr C Julius.

Nuwe professor vir die Departement Handelsreg
Prof Sadulla Karjiker en sy vrou Nazeera by sy intreerede, wat ook gedien het as die openbare lesing oor intellektuele-eiendomsreg van 2017. Hy is die bekleër van die Anton Mostert-leerstoel in Intellektuele-eiendomsreg.

NNS-gegradeerde navorser word professor in die Departement Publiekreg *Prof Annika Rudman (middel) by haar intreerede. Saam met haar op die foto is prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies), en die Dekaan van die Fakulteit, prof Nicola Smit.*

Fakulteit

TEOLOGIE

Die Fakulteit Teologie wil 'n samelewing help bou waarin vrede, geregtigheid en deernis natuurlike omstandighede is. Dít is 'n al hoe dringender roeping in die lig van die golf van "onderwyswanhoop" wat dreig om die tersiêre sektor te oorweldig, sowel as erge finansiële en politieke druk op akademiese infrastruktuur.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Ons reputasie van uitnemendheid is in die verslagjaar bevestig met ons insluiting by die voorste 100 teologiese instellings ter wêreld op die QS-wêreld universiteitsranglys. Hierdie vlak van uitnemendheid het ons deur die werk en prestasies van ons begaafde personeellede en studente bereik.

Personeellede van Teologie het verskeie eerbewyse ontvang. Emeritus uitgelese professor Dirkie Smit is as bekleër van die Rimmer en Ruth de Vries-leerstoel vir gereformeerde teologieë oor die sending en publieke lewe by die Princeton-kweekskool in Amerika aangestel. Dié aanstelling erken sy merkwaardige loopbaan as internasionale navorser, opvoeder en kerkleier. Prof Nadine Bowers-du Toit is tot voorsitter van die Vereniging vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika verkies, prof Juliana Claassens het die Amerikaanse Katolieke Publikasievereniging se hoogste eerbewys vir 'n monografie ontvang, en dr Nadia Marais het die Lombard-prys van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke gewen. Daarbenewens het prof Elna Mouton haar suksesvolle akademiese loopbaan in Desember op 'n hoogtepunt afgesluit toe sy die Universiteit se prestigeryke Kanselierstoekenning ontvang. Mouton is 'n ware baanbreker en was onder meer die eerste vrou aan die stuur van 'n Suid-Afrikaanse teologiefakulteit.

Ons studente het ook uitmuntend presteer. Altesaam 121 kwalifikasies is toegeken, waaronder 47 magistergrade en 18 doktorsgrade. As bewys van die relevansie van ons onderrig en leer, het PhD-studente Didier Kasongo (Praktiese Teologie) en Marthie Momberg (Sistematiese Teologie) aktuele artikels op grond van hulle onderskeie tesisse die lig laat sien, wat goed ontvang is in die algemene media. Boonop was ons Christian Sadie een van die medaljewenners vir swem by die Paralimpiese Spele van 2017 in Meksiko.

As 'n gerekende bydraer tot die plaaslike en internasionale vakgebied van teologie, het die Fakulteit weer 'n aantal konferensies en geleenthede aangebied. Dít het die jaarkonferensies van die nasionale verenigings vir Praktiese Teologie, Kerkgeskiedenis, Nuwe Testament en Sistematiese Teologie ingesluit. Vir ons jaarlikse Teologiese Dag was ons bevoorreg om eerwaarde Moss Nthla, algemene sekretaris van die Evangeliese Alliansie van Suid-Afrika, as hoofspreker te hê. Voorts het ons prof Bagele Chilisa van die Universiteit van Botswana as hoofspreker by 'n konferensie oor teologie- en godsdienstudie in Afrika verwelkom, kollegas van die Protestantse Teologiese Universiteit in Nederland vir 'n konsultasie oor *Justice for strangers and the right to be particular* ontvang, en 'n Reformasie 500-konferensie met proff Michael Welker, John de Gruchy en Allan Boesak aangebied. Ons vyfde jaarlikse winterskool het die Hervorming 500 jaar gelede herdenk. Hier het ons besin oor die behoefte aan voortdurende hervorming van die kerk, samelewing en mense. Laastens was die hoofspreker by die derde Russel Botman-gedenklesing die afgetrede Konstitusionele Hof-regter Zak Yacoob, wat oor godsdiensfilosofie, -praktyk en die Grondwet gepraat het.



Prof AA Moorrees, eerste Dekaan: Fakulteit Teologie, 1918

Prof Reggie Nel Dekaan: Fakulteit Teologie

Om die vereiste hulpbronne te bekom om volgehoue uitnemendheid in die toekoms te ondersteun, het ons 'n strategiese aksieplan vir finansiële volhoubaarheid saamgestel. Dit sluit in die infasering van eksterne finansiering vir tien poste oor twee dekades, en 'n spesifieke klem op die uitbreiding van ons derde en vierde geldstroom

VERBREDING VAN TOEGANG

Ons glo die pad na uitnemendheid is diversiteit. Ons akademiese personeel van die aangewese groepe trek by 33% en ons adminisratiewe personeel by 50%. 'n Momentopname van ons studentediversiteitsprofiel in 2017, sowel as vergelykende syfers vir die vorige jaar, sien soos volg daar uit:

VERGELYKENDE STUDENTEDIVERSITEITSPROFIEL, 2016–2017		
Geslag Voorgraads	2016	2017
Mans	134	**116**
Vroue	98	**110**
Geslag Nagraads	2016	2017
Mans	233	**225**
Vroue	94	**68**

VERGELYKENDE STUDENTEDIVERSITEITSPROFIEL, 2016–2017		
Ras Voorgraads	2016	2017
Swart Afrikaan	56	**41**
Bruin	118	**110**
Indiër en Asiër	0	**1**
Wit	58	**74**
Ras Nagraads	2016	2017
Swart Afrikaan	104	**99**
Bruin	73	**73**
Indiër en Asiër	6	**5**
Wit	144	**114**
Taal Voorgraads	2016	2017
Afrikaans	103	**125**
Engels	93	**81**
IsiXhosa	16	**8**
Ander	20	**12**
Taal Nagraads	2016	2017
Afrikaans	114	**107**
Engels	138	**115**
IsiXhosa	13	**21**
Ander	62	**50**

Hoewel die Fakulteit reeds een van die mees diverse op kampus is, bly verdere verbetering 'n voorrangsaak. Daarom is 'n taakgroep op die been gebring om werwingsmoontlikhede te ondersoek, sowel as die moontlike aanbieding van teologieloopbaanvoorligting deur middel van sosiale media. 'n Omsigtige taalbeleid wat gevoelig bly vir studente se behoeftes maak voorsiening vir taaldiversiteit.

Verdere toeganklikheidsinisiatiewe sluit in die voortgesette dekolonisasie van die BTh-program, visuele regstelling van ons fakulteitsruimtes, en ondersoekende gesprekke met die vernaamste kerke om die mees gemarginaliseerde Wes-Kaapse gemeenskappe toegang tot Teologie-eerstejaarmodules te bied. Eksterne finansiering is bekom om laasgenoemde inisiatief in 2018 en 2019 te ondersteun.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons personeellede en studente het deur die hele verslagjaar voortgegaan om in hulle gemeentes en gemeenskappe 'n sosiale impak te hê. Dit het diensleer, preke, omgewingsaksies en armoedeverligting ingesluit.

Ander impakryke werktuie was ons nuwe Gendereenheid in die Beyers Naudé-sentrum vir Publieke Teologie, en die Ekumeniese Sentrum vir Leierskapsontwikkeling en Gemeentestudies (Ekklesia). Eersgenoemde hanteer genderkwessies deur navorsing en onderrig op kampus en in geloofsgemeenskappe aan te moedig en te koördineer, terwyl laasgenoemde kort leerprogramme vir verskeie plaaslike gemeenskappe aanbied.

Die Fakulteit skram allermins weg van die kompleksiteite van hedendaagse Suid-Afrika. In dié verband het dr Dion Forster by die vyfde Stellenbosch Forum-lesing die hoogs omstrede kwessie van vergifnis tussen swart en wit Suid-Afrikaners verken. In dieselfde trant het die lesing van die *Institute for the Healing of Memories* (IHOM), waarvoor ons as medeborg gedien het, oor kontemporêre gebeure in die Verenigde State en Suid-Afrika nagedink, en oor hoe versuim om teen onreg op te tree die volgende sewe geslagte se toekoms in gevaar kan stel.

Om ons internasionale impak verder te versterk, het ons 'n ooreenkoms met die Oxford-sentrum vir Godsdiens en Publieke Lewe onderteken. Dié ooreenkoms kan 15 leiers van die Anglikaanse Kerk in Afrika en Asië die geleentheid bied om oor die volgende paar jaar PhD's aan die Universiteit Stellenbosch te voltooi.

VOORUITSKOUING

Ons het die afgelope dekade ongelooflike groei beleef, en is trots op wat ons bereik het. Tog plaas dit ook ons hulpbronne onder druk. Met behulp van ons nuwe maatreëls vir finansiële volhoubaarheid en volgehoue akademiese uitnemendheid mik ons egter al hoe hoër om ons wêreldreputasie te handhaaf, en bly ons terselfdertyd stewig veranker in ons Afrika-realiteit.

In die nuus *Die afgetrede Konstitusionele Hof-regter Zak Yacoob het die Fakulteit se derde Russel Botman-gedenklesing in Oktober 2017 gelewer.*

Die Universiteit erken
UITNEMENDHEID

Ere-
GRADE

Die Universiteit het in die verslagjaar sestien eregrade toegeken – aan Omar Badsha, Glenda Elizabeth Gray en Marcus Reuter in Desember 2017, en in Maart 2018, ter herdenking van die Universiteit se Eeufees, Max du Preez, Musa Dube, Trueman Thandabantu Goba, Peter Anthony Jones, Mervyn King, Thabo Cecil Makgoba, Patrice Tlhopane Motsepe, Jannie Mouton, André Nel, Brian Percival O'Connell, Sandra Prinsloo, Imtiaz Ismail Sooliman en Christine van den Wyngaert.

1.

2.

3.

4.

5.

6.

7.

8.

1. **Omar Badsha** ontvang die DPhil, *honoris causa*, as uitnemende dokumentêre fotograaf, aktivis en historikus wat deur die vaslegging van die verhale van gewone mense se buitengewone bydraes tot 'n demokratiese Suid-Afrika, ons land se verlede nog vir vele toekomstige geslagte sal ontsluit en ons jongmense sal toerus om betrokke en kritiese burgers te wees.
2. **Musa W Dube** ontvang die DTh, *honoris causa,* vir die bekendstelling van 'n nuwe manier van Bybellees in die soeke na geregtigheid vir almal, waaronder Afrikavroue en nasies wat steeds die gevolge van kolonisasie dra, en die innoverende ontginning van haar dissipline om MIV en vigs in Afrika te bestry, synde 'n treffende voorbeeld van sosiaal betrokke vakkundigheid.
3. **Max du Preez** ontvang die DPhil, *honoris causa*, vir die inlui van 'n nuwe era vir Afrikaanse joernalistiek deur sy beginselvaste en waagmoedige ondersoekende joernalistiek, sy onwrikbaarheid as kritiese stem vir geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, en sy voortgesette geloofwaardigheid as morele kompas op ons reis om ons demokrasie te beskerm.
4. **Trueman Thandabantu Goba** ontvang die DIng, *honoris causa*, vir sy voortreflike bydrae om nasionale sleutelinfrastruktuur te voorsien, sy kernrol in die ontwikkeling en transformasie van Suid-Afrikaanse siviele ingenieurswese, sy diens as 'n denkleier wat nasionale nywerheid bevorder, en sy belegging in die samelewing deur jong aspirant-ingenieurs die pad na sukses te wys.
5. **Glenda Elizabeth Gray** word vereer met die DSc, *honoris causa,* vir haar knap leiding aan die stuur van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, haar baanbrekernavorsing om diegene met chroniese siektes 'n beter lewe te gee, haar revolusionêre werk om die MIV/vigs-pandemie te stuit, en haar sosiale impak deur die wetenskap vir die samelewing te laat werk.
6. **Peter Anthony Jones** ontvang die DSc, *honoris causa*, vir sy internasionale baanbrekerswerk ter bevordering van die mediese wetenskap en tegnologie, sy ontdekking van epigenetika en vernuftige omskakeling van sy uitvindings in kliniese behandelings wat miljoene kankerpasiënte wêreldwyd nuwe hoop bied, en sy voorbeeld van die innoverende gees waarna elke US-student moet streef.
7. **Mervyn King** ontvang die DCom, *honoris causa,* vir sy uitsonderlike strewe na meer verantwoordelike, inklusiewe korporatiewe oorsig, sy bydrae tot die verbetering van korporatiewe deursigtigheid en openbaarmaking, sy klem op ondernemings se sosiale impak en langtermynvolhoubaarheid, en vir sy navolgenswaardige voorbeeld van betrokke burgerskap en verantwoordelike leierskap.
8. **Thabo Cecil Makgoba** ontvang die DTh, *honoris causa*, as die samelewing se morele kompas wat die waardes van menswaardigheid, wedersydse respek, geregtigheid en blywende vrede prakties uitleef, vir sy opregte verbintenis tot onderwys van gehalte vir almal, en sy bydrae om as nugter stem die samelewing sy weg deur onstuimige tye te help baan.

9.

10.

11.

12.

13.

14.

15.

16.

9. **Patrice Tlhopane Motsepe** ontvang die DCom, *honoris causa*, vir sy besondere entrepreneursvernuf en innoverende sakepraktyke, sy voorbeeld van verantwoordelike korporatiewe burgerskap, etiek en verantwoordbaarheid, en sy onbaatsugtige steun vir lewensbelangrike sake in Suid-Afrika, Afrika én die wêreld om armoede, werkloosheid, ongeletterdheid en siekte te bestry.
10. **Jannie Mouton** ontvang die DCom, *honoris causa*, vir sy ongeëwenaarde visie en sakevernuf, sy veerkragtigheid en volharding, sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing, en sy onbaatsugtige belegging in onderwys van gehalte vir huidige en toekomstige geslagte, waarmee hy volgehoue uitnemendheid by sy alma mater ondersteun.
11. **André E Nel** ontvang die DSc, *honoris causa,* vir sy veelvuldige hoëvlak- en immer uitnemende bydraes tot die wetenskap van nanogeneeskunde, allergie en immunologie, wat nie net die mediese wetenskap en tegnologie wêreldwyd bevorder nie, maar 'n voortgesette tasbare impak het om die wêreld veilig, gesond en omgewingsvriendelik te maak.
12. **Brian Percival O'Connell** ontvang die DEd, *honoris causa*, vir sy onvermoeide werk om sy instelling as een van die bestes in Afrika te vestig, sy toewyding aan die volle spektrum van Suid-Afrikaanse onderwys, en sy visionêre leierskap in die sektor in die geheel om te sorg dat onderwys nooit weer net 'n bevoorregte paar beskore is nie.
13. **Sandra Prinsloo** ontvang die DPhil, *honoris causa*, vir haar blywende impak op plaaslike kuns en kultuur as teater-, rolprent en televisie-ikoon, haar bydrae tot die vestiging van die Suid-Afrikaanse kultuurskat, en die benutting van haar vaardighede om waarde toe te voeg tot die lewens van kwesbare groepe in die samelewing.
14. **Markus A Reuter** ontvang die DIng, *honoris causa*, vir sy uitmuntende bydrae tot die wetenskap, tegnologie en bedryf van metaalproduksie, herwinning en hulpbrondoeltreffendheid, en sy volgehoue bemagtiging van jong ingenieurs om die volgende generasie denkleiers te word en die taak oor te neem om 'n volhoubare toekoms vir almal te verseker.
15. **Imtiaz Ismail Sooliman** ontvang die DSc, *honoris causa*, vir die stigting van *Gift of the Givers* as 'n uitnemende werktuig vir noodleniging en hoop, die behendige toepassing van sy mediese opleiding om rampgeteisterde en kwesbare mense se lot te verbeter, en sy leierskap om ander te inspireer om ook die samelewing te dien.
16. **Christine van den Wyngaert** ontvang die LLD, *honoris causa*, vir haar voortreflike bydraes tot menseregte en internasionale strafreg as 'n regter in internasionale howe en tribunale, haar akademiese stiptheid in die publikasie van invloedryke naslaanwerke oor die straf- en internasionale strafreg, en waardetoevoeging tot die Universiteit Stellenbosch se regsaanbod deur haar jare lange verhouding met die instelling.

Kanseliers-

MEDALJE

Me Jacqueline Kazmaier, wat die graad BIng in Bedryfsingenieurswese cum laude verwerf het, het die Universiteit Stellenbosch se Kanseliersmedalje vir 2017 ontvang. Dit was die tweede jaar in 'n ry wat die medalje aan 'n Ingenieurstudent oorhandig is. Die medalje word jaarliks toegeken aan 'n finalejaar- of nagraadse student wat uitnemend presteer het, en is die hoogste eerbewys wat die Universiteit aan 'n student kan verleen.

Me Kazmaier, 'n boorling van Namibië, het in 2014 vir die graad BIng in Bedryfsingenieurswese ingeskryf. Sy het die seldsame prestasie behaal om gedurende die vier jaar lange kursus al haar modules met onderskeidings te slaag. Boonop het sy die afgelope drie jaar met die beste algehele gemiddeld in Bedryfsingenieurswese gespog. Haar gemiddeld oor die vier jaar was 89,7%.

As 'n akademiese toppresteerder is Kazmaier sedert 2014 lid van die internasionale erevereniging Golden Key, die wêreld se voorste kollegiale vereniging wat aan uitmuntende akademiese prestasies erkenning verleen. Maar, reken sy, dit gaan oor meer as net boeke, klas bywoon en nimmereindigende studie. "Jy moet 'n goeie balans handhaaf. Ná my eerste jaar, toe ek oor naweke en ná klas meer dinge begin doen het wat ek geniet, het ek agtergekom dat ek eintlik beter begin presteer as voorheen; my raad aan ander studente sou dus wees om jou stokperdjies net soveel as jou universiteitswerk te doen," sê Kazmaier.

Buiten dat sy haar vaardighede in fotografie, videografie en grafiese ontwerp geslyp het, was sy ook aktief betrokke by die bestuurskomitee van die Universiteit Stellenbosch se Duitse Karnavalvereniging (MatieKa); DASUS, 'n vereniging vir hoofsaaklik Duitssprekende studente wat hulle by die Matiegemeenskap help inskakel, sowel as die Universiteit se *Consulting Society*. As musiekliefhebber het Kazmaier ook in 2015 en 2016 geesdriftig aan die Sêr-sangkompetisie deelgeneem. Daarbenewens het sy deur haar studie tyd ingeruim vir sportkragmetings as lid van Maties Branderplankry sowel as Maties Vlugbal.

Kazmaier beplan om haar studie op Stellenbosch voort te sit met 'n MIng in Bedryfsingenieurswese. Haar nagraadse studie sal 'n uitruilbesoek van ses maande aan München insluit.

Kanseliers-

TOEKENNINGS

Die Universiteit Stellenbosch se Kanselierstoekennings vereer van die voorste akademici aan die instelling vir hulle volgehoue bydraes tot uitnemendheid op die gebied van navorsing, leer en onderrig, en sosiale impak.

Prof Len Barbour, bekleër van die navorsingsleerstoel in nanogestruktureerde funksionele materiale, word as 'n wêreldleier op die gebied van vastetoestandsupramolekulêre chemie beskou, en is een van slegs drie A-gegradeerde chemici in Suid-Afrika. Hy het 'n wêreldklaslaboratorium aan die Universiteit Stellenbosch gevestig, waar hy 'n produktiewe navorsingsgroep lei wat beduidend tot die Universiteit se wetenskaplike navorsingsuitset bydra. Hy is al met verskeie toekennings vereer, waaronder die SASOL-prys vir innoveerder van die jaar en die goue medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut.

Uitgelese professor **Christo Boshoff**, voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur en visedekaan van navorsing in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, konsentreer in sy navorsing op diensgehalte as 'n mededingende strategie, die bestuur van diensherstel, skaalontwikkeling, en subjekte se neurofisiologiese reaksies op gebrekkige dienslewering. Sy werk het hom 'n B-gradering van die Nasionale Navorsingstigting besorg. Hierdie 18 jaar lange redakteur van *Management Dynamics* het al 127 vaktydskrifartikels gepubliseer, tot ses handboeke bygedra en 96 akademiese referate by plaaslike en internasionale konferensies gelewer.

Privaatregprofessor **Marius de Waal** bly aan die voorpunt van navorsing oor die sakereg, erfreg en trustreg. Hierdie B2-gegradeerde navorser het reeds 28 boekhoofstukke en 40 artikels in portuurbeoordeelde vaktydskrifte die lig laat sien en tot sewe boeke bygedra. Sy toewyding aan sy vakrigting het hom reeds drie keer 'n Alexander von Humboldtstipendium vir navorsing besorg. De Waal is ook besoekende professor by die Universiteit van Parys Descartes (Parys V) en beklee die wisselleerstoel van die Belgiese *Journal of Private Law*.

Gedurende sy 35 jaar diens het **Neels Fourie** kernbydraes tot leer- en onderrigsteun, stelsels- en prosesvernuwing en dienslewering aan die Universiteitsgemeenskap gelewer. As adjunkregistrateur van studenteadministrasie het hy die Universiteit se eerste verlengde graadprogramme, die stelsel vir interne en eksterne moderering, sowel as buigsame assessering help ontwikkel. Hy het ook bygedra tot die bekendstelling van e-stelsels vir selfregistrasie, hertoelatingsaansoeke en die indiening van tesisse en proefskrifte. Fourie neem aan verskeie streeks- en nasionale forums deel en lewer bydraes tot verskillende nasionale beleide.

Prof Maarten Kamper, voorsitter van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, is 'n gevestigde deskundige van formaat op die gebied van elektriese masjiene en motore. Hierdie B-gegradeerde wetenskaplike se navorsing oor rekenaargesteunde ontwerp en die beheer van reluktansie-, permanentemagneet- en induksie-elektriese motore word nasionaal én internasionaal hoog aangeskryf. Op volhoubaarheidsgebied span hy ook sy kundigheid vir hernubare-energietoepassings in. Kamper is 'n gerekende medewerker van die bedryf, waaronder die proses- en nywerheidsoutomatisasiereus ABB in Swede, en mederedakteur van *IEEE Transactions on Industry Applications*.

As vergoedingsbestuurder by die Universiteit Stellenbosch, is **Japie Kotzé** die toonbeeld van uitmuntende en relevante professionele akademiese steundienslewering. Hy is 'n leier op die gebied van vergoeding en verbandhoudende kwessies in die plaaslike hoër onderwys, en bestuur ook die Universiteit se aansienlike pensioenfondsportefeulje. Deur sy verbintenis tot menswaardigheid en ontfermende geregtigheid het hy laerinkomstepersoneel toegang tot bekostigbare mediese versekering gegee, vergoedingspariteit verseker en die Universiteit se parameters vir lewensvatbare kontraktering help implementeer. Dít het die Universiteit Stellenbosch 'n voorkeurwerkgewer in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor gemaak.

Uitgelese professor **Lesley le Grange** se innovasie op die gebied van kurrikula en onderrig maak hom 'n kernbydraer tot die Universiteit se strewe na uitnemendheid deur voortgesette kurrikulumvernuwing. Sy herkiesing tot ondervoorsitter van die Internasionale Vereniging vir die Bevordering van Kurrikulumstudie in 2017 getuig van sy kundigheid op kurrikulumontwikkelingsterrein. Hy het al verskeie toekennings ontvang, waaronder agt Rektorstoekennings vir uitnemendheid, twee Viserektorstoekennings vir navorsingsproduktiwiteit, en 'n medalje vir beste jong navorser, die Santam-medalje vir navorsingsuitnemendheid en 'n erepenning, alles van die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika.

Hooffinansiesdirekteur **Manie Lombard** lei 'n span van 140 wat 'n noodsaaklike steundiens aan die Universiteit lewer. Met Lombard se omsigtigheid en vernuf is die Universiteit se begroting van R6 miljard en omvattende risikobestuursprogram in veilige hande. As kernrolspeler in die Tygerberg-inhaalinstandhoudingsprojek van R233 miljoen en die Kampusvernuwingsprojeksakeplan van R3,7 miljard, help hierdie geoktrooieerde rekenmeester en geregistreerde ouditeur boonop die Universiteit om wêreldklasfasiliteite vir wêreldklasonderrig te voorsien. Daarbenewens is hy 'n gewaardeerde sektorbydraer as lid van die finansiële uitvoerende forum van Hoër Onderwys Suid-Afrika.

Professor Elna Mouton was die eerste vrouedosent in die Fakulteit Teologie, en die eerste en, tot dusver, enigste vrouedekaan van 'n teologiefakulteit in Suid-Afrika. Sy blink uit as 'n uitsonderlike, geliefde dosent. Boonop is Mouton se werk as mederedakteur en medewerker in 2016 beloon met die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir die projek *Living with Dignity*, wat geslagsgelykheid en waardigheid in Afrika uit meer as 20 Afrikateoloë se oogpunt ondersoek. Haar loopbaan getuig van 'n onwrikbare verbintenis tot onderrig en die bevordering van gelykheid en waardigheid vir almal.

As gerekende vakkundige oor Afrikaletterkunde en openbare intellektueel, beywer medeprofessor **Grace Musila** haar vir studies van Afrika, deur Afrika. Sy is ook 'n gewaardeerde genoot van die Cardiff-regsfakulteit, die Cadbury-stigting en die Amerikaanse Vereniging vir Afrikastudie (ASA), Program vir Geesteswetenskappe in Afrika (AHP) en Sentrum vir Geesteswetenskappe (NHC). Haar monografie van 2015, *A death re-told in truth and rumour*, wat verskillende vertolkings van die moord op die Brit Julie Ann Ward in die Maasai Maranatuurreservaat verken, word geloof vir die gesofistikeerde hantering van die sosiale geskiedenis en folklore.

Anita Nel, uitvoerende hoof van Innovus en senior direkteur van innovasie en besigheidsontwikkeling, het die Universiteit Stellenbosch se tegnologieoordragkantoor as voorloper op sy gebied gevestig. Met Nel aan die stuur bou Innovus die Universiteit se innovasie- en intellektuele-eiendomsportefeulje behendig uit en kommersialiseer die instelling se uitvindings. Sy hou ook toesig oor die Universiteit se handelsmerkportefeulje, SunKom, die Afdeling Kopiereg en Kortkursusse, die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab-sake-inkubator en 25 afwentelmaatskappye. As 'n gewaardeerde lid van nasionale en internasionale komitees, hou Nel die Universiteit aan die voorpunt van innovasie.

Soraya Seedat, uitgelese professor in psigiatrie, is 'n gerekende klinikus-wetenskaplike met 'n beduidende impak op kliniese praktyk en beleid, en word wêreldwyd in wetenskaplike literatuur aangehaal. Haar navorsing het haar die Departement van Wetenskap en Tegnologie/ Nasionale Navorsingstigting se leerstoel in posttraumatiese stressteuring sowel as mededirekteurskap van die Mediese Navorsingsraad se Eenheid vir Angs- en Stressteurings besorg. Eerbewyse wat al aan Seedat toegeken is, sluit in genootskappe van die Wêreldfederasie van Verenigings vir Biologiese Psigiatrie sowel as die Lundbeck-instituut én 'n toekenning van die Amerikaanse Angssteuringsvereniging.

Uitgelese sielkundeprofessor **Leslie Swartz** is 'n gevierde navorser, gesaghebbende kenner en internasionale konsultant oor geestesgesondheid- en gestremdheidskwessies. Hierdie lid van die Wetenskapakademie van Suid-Afrika (ASSAf) en B-gegradeerde navorser spits hom tans toe op navorsing oor toegang tot gesondheidsorg vir kwesbare mense in Afrika, taaltoegang tot geestesgesondheidsorg, en die bou van navorsingsvermoë onder organisasies vir persone met gestremdhede in Suider-Afrika. Sy werk is al met vele eerbewyse bekroon, waaronder die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Dr Antoinette van der Merwe van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking is 'n gerekende leier in die bevordering en akademieskap van onderrig en leer. Sy het die Afdeling toegerus om uitnemende, vernuwende, meertalige en IKT-gesteunde onderrig en leer aan bestaande én nuwe kennismarkte te bied. Buite die Afdeling het sy al in verskeie oudit- en evalueringspanele, as 'n beoordelaar van die Nasionale Navorsingstigting en 'n eksterne eksaminator en moderator vir nagraadse studente gedien. Haar volgehoue uitnemendheid as bevorderaar van onderrig en leer het haar reeds vier Rektorstoekenning vir uitnemende diens besorg.

As direkteur van die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP), het **dr Trevor van Louw** die Sentrum 'n nasionale voetspoor op die gebied van opvoedkundige ontwikkeling gegee. Deur SUNSEP se universiteitsvoorbereidingsprogramme SchiMathUS en *HOPE@Maties* – laasgenoemde deur Van Louw persoonlik aangevoor – verbeter leerders hulle graad 12-punte én kans op toegang tot die hoër onderwys, terwyl sewe gevorderde diplomakursusse weer onderwyservermoë bou. Dié driemalige ontvanger van 'n Rektorstoekenning, nagraadse studieleier en openbare spreker blink uit in die verbreding van toegang en die versterking van sosiale impak vir die Universiteit.

Ons

GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening 104

Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die Universiteit Stellenbosch 105

Rekeningkundige beleid 108

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie 114

Gekonsolideerde inkomstestaat 115

Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste 116

Gekonsolideerde staat van veranderings in fondse 117

Gekonsolideerde staat van kontantvloeie 118

Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële jaarstate 119

Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir

FINANSIËLE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, 'n lopende saak is, en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van sy oudit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hy het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.

Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële posisie, die resultate van bedrywighede, veranderings in fondse en kontantvloei redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op *International Financial Reporting Standards* (IFRS) gegrond word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 108 tot 144 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:

Mnr GM Steyn
Voorsitter van die Universiteitsraad

Prof SA du Plessis
Bedryfshoof

Prof DP du Plessis
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

18 Junie 2018

Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

MENING

Ons het die gekonsolideerde finansiële state van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 108 tot 144, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2017, en die gekonsolideerde inkomstestaat, state van omvattende inkomste, veranderings in fondse en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2017, en die gekonsolideerde finansiële prestasie en gekonsolideerde kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, wet nr. 101 van 1997.

GRONDSLAG VIR MENING

Ons het ons oudit ooreenkomstig *International Standards on Auditing* (ISAs) uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die gekonsolideerde finansiële state-afdeling van ons verslag.

Ons is onafhanklik van die Universiteit in ooreenstemming met die *International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants* (IESBA kode) en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die vereistes en die IESBA kode vervul.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RAAD

Die Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde finansiële state is die Raad daarvoor verantwoordelik om die Universiteit Stellenbosch se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die Raad beplan om die Universiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde finansiële state geneem word sal beïnvloed.

'n Verdere beskrywing van ons verantwoordelikhede vir die oudit van die gekonsolideerde finansiële state is ingesluit in die bylaag tot die ouditverslag.

VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE JAARLIKSE PRESTASIEVERSLAG

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesenlike bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag. Ons het prosedures uitgevoer om bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons prosedures spreek die gerapporteerde prestasie inligting aan, wat gebaseer moet wees op die goedgekeurde prestasie beplanningsdokumente van die Universiteit. Ons het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasiemaatstawwe in die beplanningsdokumente oorweeg nie. Ons prosedures het ook nie die openbaarmakings of stellings wat verband hou met beplande prestasie strategieë en inligting vir toekomstige periodes wat ingesluit mag wees in die gerapporteerde prestasie inligting gedek nie. Ons bevindinge dek dus nie hierdie aangeleenthede nie.

Ons het die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel, in lyn met die kriteria ontwikkel vanaf die prestasiebestuur en rapporteringsraamwerk soos gedefinieer in die algemene kennisgewing, vir die volgende geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag van die Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:

Doelwitte	Bladsy in die jaarverslag
Doelwit 1 – om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 2 – om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 3 – om die goedgekeurde gegradueerde sukseskoers doelwit te behaal	33
Doelwit 4 – om die goedgekeurde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik	34

Ons het prosedures uitgevoer ten einde vas te stel of die gerapporteerde prestasie inligting voldoende aangebied is en of die prestasie konsekwent is met die geselekteerde prestasie beplanningsdokumente. Ons het verder prosedures uitgevoer om vas te stel of die maatstawwe en verwante doelwitte meetbaar en relevant is en ons het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig is.

Ons het nie enige wesenlike bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting om te rapporteer vir die volgende doelwitte nie:

- om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal
- om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars inskrywingsgetalle doelwit te behaal
- om die goedgekeurde gegradueerde sukseskoers doelwit te behaal
- om die goedgekeurde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik

BEHALING VAN BEPLANDE TEIKENS

Verwys na die jaarverslag op bladsye 33 en 34 vir inligting oor die behaling van beplande teikens vir die jaar.

VERSLAG OOR OUDIT VAN NAKOMING VAN WETGEWING

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesenlike bevindinge oor die nakoming van die Universiteit met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing. Ons het prosedures uitgevoer ten einde bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons het nie enige gevalle van wesenlike nie-nakoming met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing, soos uiteengesit in die algemene kennisgewing uitgereik in terme van die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, geïdentifiseer nie.

ANDER INLIGTING

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die jaarverslag anders as die finansiële jaarstate en die Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening ingesluit in die finansiële jaarstate. Ander inligting sluit nie die gekonsolideerde finansiële state, ons ouditeursverslag daaroor en die geselekteerde doelwitte ingesluit in die jaarverslag waarop ons spesifiek rapporteer in die ouditverslag in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde finansiële state en ons bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die gekonsolideerde finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

INTERNE BEHEER

Ons het die relevante interne beheer in ag geneem tydens ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing. Ons doelwit is egter nie om enige vorm van gerusstelling daaroor uit te spreek nie. Ons het nie enige wesenlike gebrekke in interne beheer geïdentifiseer wat ingesluit hoef te word in hierdie verslag nie.

ANDER VERSLAE

Ons vestig u aandag op die volgende aanstellings deur verskeie partye uitgevoer wat 'n impak het, of mag hê op die aangeleenthede wat in die Universiteit se finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting, nakoming tot relevante wetgewing en ander aangeleenthede gerapporteer word. Hierdie verslae vorm nie deel van ons mening oor die finansiële state of ons bevindinge op die gerapporteerde prestasie inligting of nakoming van wetgewing nie.

29 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2017 deur ons uitgereik wat handel oor befondsing vanaf verskeie donateurs en Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befondsing. Hierdie verslae het periodes gedek wat strek van 1 Januarie 2014 tot 31 Julie 2017.

12 Donateur befondsing ouditverslae en nie-oudit gerusstellingsverslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2017 deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2015 tot 31 Desember 2016.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: NH Döman
Geregistreerde Ouditeur
Stellenbosch
18 Junie 2018

Bylaag –

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE OUDIT

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit van die gekonsolideerde finansiële state en die prosedures wat uitgeoefen is op die gerapporteerde prestasie inligting vir geselekteerde doelwitte en die Universiteit se nakoming met die geselekteerde onderwerpe.

FINANSIËLE STATE

Tesame met ons verantwoordelikhede vir die oudit van die gekonsolideerde finansiële state soos omskryf in die ouditverslag, doen ons ook die volgende:

- identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Universiteit se interne beheer nie.
- evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die Raad gemaak is.
- kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die Raad se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die Universiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die Universiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- verkry voldoende toepaslike ouditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besigheidsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons ouditmening.

KOMMUNIKASIE MET DIEGENE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR BESTUUR

Ons kommunikeer met die Raad oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Ons bevestig ook aan die Raad dat ons voldoen aan die relevante etiese vereistes wat verband hou met onafhanklikheid en kommunikeer alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelik geag kan word om 'n impak op ons onafhanklikheid te hê en waar van toepassing toepaslike maatreëls.

Rekeningkundige

BELEID

Die rekeningkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

1. VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word op die historiesekoste-grondslag opgestel, soos deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom gewysig.

Daar word by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS op 'n aantal kritieke rekeningkundige ramings gesteun. Die bestuur moet by die toepassing van die Universiteit se rekeningkundige beleide sy diskresie gebruik. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellings en ramings vereis, word in aantekening 1 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

STANDPUNTE, VERTOLKINGS EN WYSIGINGS AAN GEPUBLISEERDE STANDPUNTE WAT GEDURENDE DIE JAAR DIE EERSTE KEER TOEGEPAS IS

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings is gepubliseer ten opsigte van bestaande standpunte wat verpligtend geraak het vir die finansiële jaar wat op 1 Januarie 2017 begin het, en wat die Universiteit die eerste keer toegepas het. Die toepassing van onderstaande het nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gehad nie. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

Wysiging aan IAS 7	*'Cash flow statements' on disclosure requirements*
Wysiging aan IAS 12	*'Income taxes' on recognition of deferred tax assets for unrealised losses*
Wysigings aan IFRS 12	*'Disclosure of interests in other entities' on disclosure requirements*

STANDPUNTE EN WYSIGINGS AAN BESTAANDE STANDPUNTE WAT NOG NIE EFFEKTIEF IS NIE

Sekere nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend is vir rekeningkundige tydperke wat op of na 1 Januarie 2018 of later begin, en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is soos volg:

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan affekteer

IFRS 9	*'Financial instruments' (2009 & 2010), on financial liabilities, derecognition of financial instruments, financial assets and general hedge accounting* (effektief 1 Januarie 2018)

IFRS 9 spreek die klassifikasie en meting van finansiële bates aan en vervang die veelvuldige klassifikasie- en metingsmodelle in IAS 39 met 'n enkele model wat slegs twee klassifikasie kategorieë bevat, naamlik geamortiseerde koste en billike waarde. IFRS 9 bevat ook riglyne oor finansiële laste en vir die onterkenning van finansiële instrumente.

Alhoewel IFRS 9 die klassifikasie van sekere finansiële instrumente verander, word daar verwag dat die metingsbasis van die Universiteit se bates en laste onveranderd gaan bly onder die nuwe beginsels. Handels- en ander debiteure word gehou ten einde slegs kapitaal en rente in te vorder en sal voortgaan om gemeet te word teen geamortiseerde koste. Lenings en handels- en ander krediteure sal ook steeds teen geamortiseerde koste gemeet word. Die Universiteit het 'n beduidende portefeulje van beskikbaar vir verkoop beleggings wat bestaan uit beide skuld- en ekwiteitsinstrumente waarvan alles tans gemeet word teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (BWAOI). Die Universiteit sal voortgaan met die meting van skuldinstrumente teen BWAOI onder IFRS 9 aangesien dit die besigheidsmodel van die Universiteit is om slegs kapitaal en rente te hou en in te vorder, asook te verkoop. Die bedoeling ten opsigte van ekwiteitsinstrumente is om die BWAOI opsie te kies. Die Universiteit verwag nie dat die nuwe verwagte kredietverlies waardedalingsmodel 'n wesenlike effek gaan hê op die berekening van die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde nie, alhoewel die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentelenings kan verhoog as die verwagte verliese oor die leeftyd van die lening in ag geneem word. Bestuur is in proses om studentelenings verder te stratifiseer in kategorieë met verskillende betalingsprofiele of waarborge.

IFRS 15 en wysiging aan IFRS 15	*'Revenue from contracts with customers'* (effektief 1 Januarie 2018)

IFRS 15 is 'n enkele, omvattende inkomste erkenningsmodel vir alle kontrakte met kliënte om te lei tot groter konsekwentheid ten opsigte van die erkenning en openbaarmaking van inkomste. Inkomste word erken op grond van die vervulling van prestasie verpligtinge wat plaasvind wanneer beheer oor goedere of dienste oorgedra word na 'n kliënt.

Inkomste moet erken word op 'n punt in tyd of oor tyd, afhangend van die prestasie verpligtinge wat gekoppel is aan afsonderlike elemente van die kontrak met die kliënt. Die Universiteit het vyf inkomstestrome, naamlik 1) Owerheidstoekennings, 2) Studente-, inwonings- en ander gelde, 3) Toekennings en kontrakte, 4) Privaat skenkings, en 5) Verkope van dienste en produkte. Daar word verwag dat die tydsberekening en meting van die Universiteit se inkomste nie wesenlik gaan verander as gevolg van die implementering van IFRS 15 nie. Gebaseer op 'n voorlopige beoordeling van die impak, blyk toekennings en kontrakte die enigste inkomstestroom te wees wat geaffekteer gaan word deur die standpunt. Alhoewel die Universiteit reeds in die meeste gevalle navorsingsinkomste oor die termyn van die kontrak erken, is bestuur besig om individuele kontrakte te ontleed met spesifieke fokus op kontrakte met veelvuldige prestasie verpligtinge waar die meting van die vordering nie noodwendig oor tyd moet geskied nie. Owerheidstoekennings word uitgesluit uit die omvang van IFRS 15 en erken in terme van IAS 20. Studente-, inwonings- en ander gelde loop op in 'n akademiese jaar en word nie erken oor periodes wat oor veelvuldige finansiële jare strek nie. Skenkings waaraan geen beperkings gekoppel is nie, word erken wanneer dit ontvang word, of andersins uitgestel in lyn met prestasieverpligtinge. Produkte word meestal gelewer by die punt van verkoop, en verkope van dienste word reeds erken oor tyd en bevat nie veelvuldige prestasie elemente nie.

IFRS 16	*'Leases'* (effektief 1 Januarie 2019)

Die nuwe standpunt adresseer die definisie van 'n huur, die erkenning en meting van hure en lê beginsels neer vir die rapportering van nuttige inligting vir gebruikers van finansiële state oor die huur aktiwiteite van beide huurders en verhuurders. 'n Sleutel verandering is dat die meeste bedryfshure op die staat van finansiële posisie erken sal moet word.

Die Bestuur is tans in proses om die impak van die nuwe standpunt te ondersoek, maar daar sal geen effek op die Universiteit se gekonsolideerde finansiële jaarstate in die volgende jaar wees nie.

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan hê nie

Wysigings aan IFRS 10	*'Consolidated financial statements' and IAS 28,'Investments in associates and joint ventures'* (effektiewe datum uitgestel)
IFRS 17	*'Insurance contracts'* (effektief 1 Januarie 2021)
IFRIC 22	*'Foreign currency transactions and advance consideration'* (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 2	*'Share-based payments'* (effektief 1 Januarie 2018)
IFRIC 23	*'Uncertainty over income tax treatments'* (effektief 1 Januarie 2019)
Wysigings aan IFRS 4	*'Insurance contracts'* (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IAS 40	*'Investment property'* (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 1	*'First-time adoption of IFRS'* (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IAS 28	*'Investments in associates and joint ventures'* (effektief 1 Januarie 2018)

2. KONSOLIDASIEGRONDSLAG

FILIALE

Alle entiteite (insluitend spesial doel entiteite) waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werksaamhede uit te oefen, word by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates in 'n besigheidskombinasie verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die verskil tussen die koste van verkryging en die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisiewaarde verantwoord. Die resultate van filiale wat gedurende die jaar aangekoop is, word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.

Die Universiteit erken enige niebeherende belange in die filiaal op 'n verkryging-tot-verkryging grondslag teen die billike waarde of teen die niebeherende belang se proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates van die filiaal.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, behalwe 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n belegging het en ten opsigte waarvan hy vanweë die aard en die omvang van sy belegging die vermoë het om 'n beduidende invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappye word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswins en -verlies van geassosieerde maatskappye in die gekonsolideerde inkomstestaat en die naverkrygingsbewegings in reserwes in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygingsbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde

maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappye word tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappye word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappye uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van geassosieerde maatskappye word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

3. BUITELANDSE VALUTA

FUNKSIONELE EN AANBIEDINGSGELDEENHEID

Items wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit bedrywig is (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand aangebied, wat die Universiteit se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is.

TRANSAKSIES EN SALDO'S

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat by die vereffening van sodanige transaksies ontstaan en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwe, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehoopte waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur professionele waardeerders teen billike waarde gewaardeer word.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloei van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waardes deur geswore waardeerders gewaardeer word.

Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek.

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbeperkte leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaardes af te skryf.

Reswaardes en waardeverminderingskoerse is soos volg:

	Reswaarde %	Waardever-mindering %
Grond	100	-
Geboue	-	1,3-20,0
Rekenaartoerusting	-	33,3
Ander toerusting en voertuie	0-40	5-25
Biblioteekboeke	-	100

Die nutsdure van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die verkoop van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

5. ONTASBARE BATES

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die sagteware geamortiseer. Die sagteware wat aan die jaareinde binne hierdie kategorie val, se verwagte nutsduur is 10 jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarsagteware aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Die surplus van die koste van verkryging bo die billike waarde van die groep se aandeel in die identifiseerbare netto bates, word erken as klandisiewaarde. Klandisiewaarde is nie onderhewig aan amortisasie nie en word jaarliks getoets vir waardedaling. Ontasbare bates sluit rekenaarsagtewarelisensies en klandisiewaarde in.

6. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente sluit in kontant en kontantekwivalente, afgeleide instrumente, beleggings, debiteure en lenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates word soos op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit klassifiseer finansiële bates volgens die volgende kategorieë: debiteure en lenings; beleggings beskikbaar vir verkoop en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins en verlies in die gekonsolideerde inkomstestaat. Die Universiteit klassifiseer finansiële laste volgens die volgende kategorieë: handels- en ander krediteure en rentedraende lenings. Die klassifikasie word bepaal deur die doel waarvoor die bate of las verkry is. Die bestuur bepaal die klassifikasie by aanvanklike erkenning.

DEBITEURE EN LENINGS

Debiteure en lenings is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Debiteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar is, word dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiteure en lenings word teen die geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak, en ná toelating vir kredietverliese ten opsigte van die uitstaande bedrag. 'n Toelaag vir kredietverliese word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalings ingevorder sal word nie. Die bedrag van die toelaag is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers, verteenwoordig.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetaling van uitstaande skuld word as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate word verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling word in die gekonsolideerde inkomstestaat as 'n bedryfsuitgawe erken. Wanneer die debiteur of lening oninvorderbaar is, word dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhaling van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomstestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, behalwe valutatermyn-kontrakbates, word as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer word, bestaan uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekkings.

BELEGGINGS BESKIKBAAR VIR VERKOOP

Beleggings word as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer en word deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon. Beleggings word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe as die Universiteit beoog om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings word soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkope verbind. Veranderings in billike waardes word in ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs en die kosprys van die belegging word by vervreemding van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings word onterken wanneer die reg op kontantvloei verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Die billike waarde van genoteerde beleggings word op huidige markpryse gegrond. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak.

Die Universiteit bepaal teen elke jaareinde, indien daar objektiewe bewyse bestaan, of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan is 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sodanige bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies word bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalings wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingsverliese wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, word nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggeskryf indien daar latere verhalings is nie.

AFGELEIDE INSTRUMENTE

Bates en laste ten opsigte van afgeleide instrumente, met inbegrip van valutatermynkontrakte, word as 'teen billike waarde met aanpassings deur die inkomstestaat' geklassifiseer. Hierdie instrumente word erken teen billike waarde soos op die datum waarop die afgeleide kontrak aangegaan word. In die daaropvolgende tydperke word dit teen billike waarde herwaardeer. Winste en verliese op afgeleide instrumente word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handels- en ander krediteure, behalwe valutatermyn-kontraklaste, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak.

RENTEDRAENDE LENINGS

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, behalwe indien die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg het om betaling vir minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

7. NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werksaamhede van 'n universiteit is.

8. SKENKINGS ONTVANG

Skenkings word teen die billike waarde soos op die datum van die skenking, gegrond op eksterne waardasies, getoon.

9. VOORRAAD

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word teen die kosprys getoon, op die grondslag van gemiddelde koste, of die netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopskoste.

10. WAARDEDALING VAN NIEFINANSIËLE BATES

Bates met 'n onbepaalde nutsduur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir moontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bate se billike waarde, minus enige verkoopskoste, of die gebruikswaarde daarvan, wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroepeer op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedalings word aan elke jaareinde hersien vir 'n moontlike omswaaiing van die waardedaling wat reeds erken is.

11. INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste word erken teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is.

Donasie-inkomste word erken wanneer dit toeval.

Studente- en inwoningsgeld word erken na gelang die diens gelewer word.

Sentrale owerheidstoekennings word erken in die tydperk waarvoor dit ontvang word. Owerheidstoekennings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat die toekenning ontvang sal word en dat die Universiteit sal voldoen aan al die voorwaardes wat daaraan gekoppel word. Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek. Die toekenning word as inkomste verantwoord deur die waardevermindering wat toegeken en in die inkomstestaat getoon word.

Navorsingstoekennings word oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepalings van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektiewerentekoers-metode toe te pas. Wanneer 'n toelating van kredietverliese ten opsigte van 'n debiteur geskied, verminder die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiewe rentekoers verdiskonteer. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiewe rentekoers erken.

Tussendepartementele inkomste word uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien word, word op die volgende grondslae erken:

- Dividendinkomste – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.
- Huurinkomste – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- Toevallige verkope en dienste – wanneer die goedere oorgedra word, of in die periode waarin die dienste gelewer word.

12. HURE

Die Universiteit huur eiendom en toerusting. Huurkontrakte waar die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Huurooreenkomste waar die Universiteit, as huurder, aansienlik al die risiko's en voordele van eienaarskap ontvang, word as bruikhure geklassifiseer. Bruikhure word aan die begin van die huurtermyn teen die laagste van die markwaarde van die gehuurde eiendom en die huidige waarde die minimum huurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling het 'n las- en 'n finansieringskoste-element en word daarvolgens verdeel. Die ooreenstemmende huurverpligting, na aftrekking van finansieringskoste, word in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken. Die finansieringskoste-element word oor die huurtermyn in die gekonsolideerde inkomstestaat erken ten einde 'n konstante termynkoers van finansieringskoste op die uitstaande verpligting vir elke verslagdoeningstydperk te erken. Die eiendom en toerusting wat deur middel van bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die kortste van die nutsduur of die huurtermyn van die bate gedepresieer.

13. VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer die Universiteit 'n huidige wettige of afgeleide verpligting het as gevolg van 'n verpligtende gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het en wat waarskynlik tot 'n uitvloei van hulpbronne in die vorm van ekonomiese voordele sal lei om die verpligting te vereffen, en 'n redelike raming van die bedrag van die verpligting moontlik is. Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die verwagte toekomstige uitgawes om die verpligting te vereffen, verdiskonteer teen die markverwante koers vir soortgelyke voorsienings. Veranderings in die waarde van voorsienings as gevolg van tydsverloop word as rente erken.

14. PERSONEELVOORDELE

NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE EN GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA

Na-aftrede mediese voordele word aan afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is. Alle werknemers word verplig om aan die groeplewensversekeringskema deel te neem. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die dienstydperk erken. Die verpligting ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele is die teenswoordige waarde van die verpligting soos aan die jaareinde, minus die billike waarde van planbates en enige aanpassings vir aktuariële wins of verlies en verstreke dienskoste. Die verpligting word minstens elke drie jaar aktuarieel deur 'n onafhanklike aktuaris bereken. Aktuariële wins en verliese word onmiddellik in die ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken.

PENSIOENVERPLIGTINGS

Bydraes word maandeliks aan die US Aftredefonds, 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit, gemaak. 'n Vastebydrae-plan is 'n pensioenplan waar die Universiteit vaste bydraes aan 'n eksterne fonds maak en wat erken word as 'n uitgawe in die periode waarin die dienste gelewer word.

LANGDIENSVOORDELE

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris (met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000). Die Universiteit erken 'n las en die gepaardgaande uitgawe na gelang die verpligting oploop.

15. UITGESTELDE BELASTING

Uitgestelde belasting word volgens die aanspreeklikheidsmetode voorsien op tydelike verskille van belastingpligtige filiale van die Universiteit. Uitgestelde belasting verteenwoordig die belastinguitwerking van tydelike verskille tussen die belastingbasisse van bates en laste en die drawaardes daarvan vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Uitgesteldebelasting-bates en –laste word bereken teen die verwagte heersende belastingkoers wanneer die bate gerealiseer word of die aanspreeklikheid vereffen word, gegrond op belastingkoerse (en belastingwette) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is. Uitgesteldebelasting-bates word slegs erken in die mate dat die verhaalbaarheid daarvan waarskynlik is. Uitgestelde belasting word nie voorsien indien dit uit die aanvanklike erkenning van bates en laste as gevolg van ander transaksies as besigheidskombinasies spruit nie en soos op die transaksiedatum nie rekeningkundige wins of verlies of belasbare inkomste of vasgestelde verlies beïnvloed nie.

16. FONDSE

Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfsfondse, lenings, skenkings en vastebatefondse waaraan spesifieke voorwaardes vir hul aanwending verbonde is. Onbeperkte fondse kan deur die Raad volgens sy eie oordeel aangewend word. In die poel van onbeperkte fondse is fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is en daarom nie vir ander oogmerke aangewend kan word nie.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 2017

	Aan-tekeninge	2017 R000	2016 R000
BATES			
NIEBEDRYFSBATES		**14 219 261**	12 895 559
Eiendom, boeke en toerusting	4	**5 084 044**	4 782 785
Ontasbare bates	5	**5 158**	2 144
Langtermynbeleggings	6	**8 888 708**	7 893 329
Belegging in geassosieerde maatskappye	7	**6 391**	5 254
Langtermyngedeelte van handels- en ander debiteure	8	**231 871**	208 410
Uitgestelde belasting	9	**1 885**	2 875
Bedryfshuurbate	11	**1 204**	761
BEDRYFSBATES		**1 037 177**	1 018 273
Voorraad	10	**6 671**	4 932
Handels- en ander debiteure	8	**256 191**	261 150
Korttermyngedeelte van bedryfshuurbate	11	**200**	67
Kontant en kontantekwivalente	24	**774 115**	752 124
TOTALE BATES		**15 256 438**	13 913 832
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE			
FONDSE BESKIKBAAR		**13 338 103**	12 254 208
Onbeperkte fondse: geoormerkte fondse	2	**651 493**	701 654
Onbeperkte fondse: ongeoormerkte fondse	2	**571 491**	459 461
Beperkte fondse	2	**9 562 516**	8 553 334
		10 785 500	9 714 449
Eiendomsherwaardasiereserwe	2	**2 538 731**	2 538 731
Niebeherende belange	2	**13 872**	1 028
NIEBEDRYFSLASTE		**857 531**	774 371
Rentedraende lenings	3	**202 411**	144 790
Personeelvoordele	26	**655 120**	629 581
BEDRYFSLASTE		**1 060 804**	885 253
Handels- en ander krediteure	12	**1 049 726**	871 206
Uitgestelde belasting	9	**-**	598
Korttermyngedeelte van rentedraende lenings	3	**11 078**	13 449
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		**15 256 438**	13 913 832

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

	Aan-teke-ninge	Opvoed-kundig & algemeen Onbeperk R000	Opvoed-kundig & algemeen Beperk R000	Opvoed-kundig & algemeen Totaal R000	Studente- en personeel-huisvesting Beperk R000	2017 Totaal R000	2016 Totaal R000
TOTALE INKOMSTE		**2 818 885**	**2 723 802**	**5 542 687**	**334 798**	**5 877 485**	**5 311 428**
HERHALENDE ITEMS							
Owerheidstoekennings		1 368 644	489 421	1 858 065	24 326	**1 882 391**	1 708 638
Owerheidstoekennings: reddingsboei komponent		-	-	-	-	**-**	79 274
Studente-, inwonings- en ander gelde		898 080	83 123	981 203	301 224	**1 282 427**	1 129 965
Toekennings en kontrakte		71 634	1 093 919	1 165 554	-	**1 165 554**	1 210 219
Privaat skenkings		7 277	224 293	231 570	-	**231 570**	338 442
Verkope van dienste en produkte		314	203 730	204 043	-	**204 043**	190 676
Subtotaal		**2 345 949**	**2 094 486**	**4 440 435**	**325 550**	**4 765 985**	4 657 215
Rente en dividende verdien	17	57 508	277 693	335 201	9 248	**344 449**	318 241
Wins by vervreemding van eiendom, boeke en toerusting		(108)	4 984	4 875	-	**4 875**	6 118
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	18	415 317	343 051	758 368	-	**758 368**	327 049
Ekwiteitswins in geassosieerde maatskappye		-	-	-	-	**-**	1 370
Valutawins		220	3 588	3 808	-	**3 808**	1 434
		2 818 885	**2 723 802**	**5 542 687**	**334 798**	**5 877 485**	5 311 428
TOTALE UITGAWES		**2 161 353**	**2 585 832**	**4 747 185**	**228 329**	**4 975 513**	**4 570 604**
HERHALENDE ITEMS							
Personeelkoste	14	1 412 797	885 480	2 298 277	33 346	**2 331 624**	2 172 202
Akademies professioneel		768 598	258 761	1 027 359	-	**1 027 359**	961 927
Ander		644 199	626 719	1 270 919	33 346	**1 304 265**	1 210 276
Ander bedryfs-uitgawes	16	647 362	1 512 340	2 159 701	162 778	**2 322 479**	2 092 489
Waardevermindering en amortisasie	16	101 194	173 226	274 420	9 026	**283 445**	287 872
Subtotaal		**2 161 353**	**2 571 046**	**4 732 398**	**205 150**	**4 937 548**	**4 552 563**
Finansieringskoste		-	11 769	11 769	23 179	**34 948**	18 041
Ekwiteitsverlies in geassosieerde maatskappye		-	3 018	3 018	-	**3 018**	-
		2 161 353	**2 585 832**	**4 747 185**	**228 329**	**4 975 513**	**4 570 604**
TOEDELING NA/(VAN) RESERWES		-	77 425	77 425	(77 425)	**-**	-
OORPLASING (VAN)/ NA RESERWES		(371 187)	400 231	29 044	(29 044)	**-**	-
		(371 187)	477 656	106 469	(106 469)	**-**	-
SURPLUS VIR DIE JAAR		**286 345**	**615 626**	**901 971**	**-**	**901 971**	740 823
Toeskryfbaar aan houer		286 345	614 497	900 842	-	**900 842**	741 050
Toeskryfbaar aan nie-beherende belang		-	1 129	1 129	-	**1 129**	(227)
SURPLUS VIR DIE JAAR		**286 345**	**615 626**	**901 971**	**-**	901 971	**740 823**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

	Aan-teke-ninge	Opvoed-kundig en algemeen	Studente- en personeel-huisvesting	Filiaal-maat-skappye	Lenings-fondse	Skenkings-fondse	Vaste batefondse	Nie-beherende belange	Totaal
		R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000
31 DESEMBER 2016									
Surplus vir die jaar		**741 050**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(227)**	**740 823**
Ander omvattende inkomste									
Items wat geherklassifiseer kan word na wins en verlies									
Billikewaarde-reserwe									
- Realisasie na inkomstestaat		(99 608)	(7 872)	-	-	(197 307)	(22 262)	-	**(327 049)**
- Aanpassing vir die jaar		20 622	1 588	(195)	-	9 755	4 982	-	**36 752**
Toedeling na/(van) reserwes		(137 500)	73 900	23 078	22 131	393 780	(375 389)	-	**-**
Oorplasings (van)/na reserwes		72 528	(42 443)	-	31 829	(153 892)	91 979	-	**-**
Item wat nie geherklassifiseer gaan word na wins en verlies nie									
Aktuariële verlies vir die jaar	26	(23 447)	-	-	-	-	-	-	**(23 447)**
TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE		**573 646**	**25 173**	**22 883**	**53 961**	**52 335**	**(300 689)**	**(227)**	**427 079**
31 DESEMBER 2017									
Surplus vir die jaar		**900 842**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**1 129**	**901 971**
Ander omvattende inkomste									
Items wat geherklassifiseer kan word na wins en verlies									
Billikewaarde-reserwe									
- Realisasie na inkomstestaat									
- gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings		(218 981)	(17 434)	-	-	(475 712)	(46 241)	-	**(758 368)**
- waardedalings-verlies erken op beleggings		36 541	2 939	-	-	89 121	7 089	-	**135 690**
- Aanpassing vir die jaar		214 692	17 268	(875)	-	523 618	41 650	-	**796 353**
Toedeling na/(van) reserwes		(784 612)	81 152	8 623	8 961	277 158	397 870	10 848	**-**
Oorplasings (van)/na reserwes		90 981	(77 425)	-	17 659	(96 123)	64 908	-	**-**
Item wat nie geherklassifiseer gaan word na wins en verlies nie									
Aktuariële wins vir die jaar	26	7 381	-	-	-	-	-	-	**7 381**
TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE		**246 843**	**6 500**	**7 748**	**26 620**	**318 063**	**465 276**	**11 977**	**1 083 027**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN FONDSE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

	Opvoed-kundig en algemeen	Studente- en personeel-huisvesting	Filiaal-maat-skappye	Lenings-fondse	Skenkings-fondse	Vaste batefondse	Nie-beherende belange	Totaal
	R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2016	3 443 209	192 796	460	314 545	3 266 814	4 608 049	(2 051)	**11 823 821**
Surplus vir die jaar	741 050	-	-	-	-	-	(227)	**740 823**
Verandering in beheer van filiale	-	-	-	-	-	-	3 306	**3 306**
Ander omvattende inkomste vir die jaar	(167 405)	25 173	22 883	53 960	52 335	(300 690)	-	**(313 744)**
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2016	**4 016 854**	**217 969**	**23 343**	**368 505**	**3 319 149**	**4 307 359**	**1 028**	**12 254 208**
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2017	4 016 854	217 969	23 343	368 505	3 319 149	4 307 359	1 028	**12 254 208**
Surplus vir die jaar	900 842	-	-	-	-	-	1 129	**901 971**
Verandering in beheer van filiale	-	-	-	-	-	-	867	**867**
Ander omvattende inkomste vir die jaar	(653 997)	6 500	7 748	26 620	318 063	465 276	10 848	**181 058**
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2017	**4 263 699**	**224 469**	**31 091**	**395 125**	**3 637 212**	**4 772 635**	**13 872**	**13 338 103**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

	Aan-teke-ninge	2017 R000	2016 R000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE			
Kontant ontvang uit owerheidstoekennings		**1 967 210**	1 822 912
Kontant ontvang uit studente-, inwonings- en ander gelde		**1 210 319**	1 104 889
Kontant ontvang uit privaat skenkings		**238 152**	362 734
Kontant ontvang uit toekennings en kontrakte		**1 111 515**	1 330 921
Kontant ontvang uit verkope van dienste en produkte		**204 043**	190 676
Kontant betaal vir personeelkoste		**(2 278 548)**	(2 152 625)
Kontant betaal vir voorrade en dienste		**(2 042 865)**	(2 192 053)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	23	**409 825**	467 454
Plus: Rente ontvang	19	**243 119**	226 855
Dividende ontvang	20	**109 404**	88 443
Min: Rente betaal	21	**(11 526)**	(130)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite		**750 822**	782 622
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		**(728 774)**	(644 875)
Toevoeging tot beleggings		**(5 988 801)**	(4 124 947)
Vervreemding van beleggings		**5 789 775**	4 090 593
Toevoeging tot eiendom, boeke en toerusting		**(536 486)**	(613 938)
Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting		**6 738**	3 417
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE			
Afname in rentedraende lenings	22	**(58)**	(3 218)
NETTO TOENAME IN KONTANT- EN KONTANTEKWIVALENTE		**21 990**	134 530
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR		**752 124**	617 594
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR	24	**774 115**	752 124

1. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN OORDEEL

Die Bestuur se ramings en oordeel word deurlopend geëvalueer en word gegrond op vorige ondervinding en ander faktore, wat toekomstige verwagtings insluit en vir die gegewe omstandighede as redelik geag word.

Gevolglik sal die rekeningkundige ramings wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate gebruik word, nie noodwendig met die werklike uitkoms in daaropvolgende tydperke strook nie. Die onderstaande ramings en veronderstellings kan 'n wesenlike invloed op die drabedrae van bates en laste hê.

PERSONEELVOORDELE

'n Aantal aannames word in die voorsiening vir personeelvoordele gemaak. Verwys na aantekening 26 vir die aannames.

Die wesenlike aannames is 'n verdiskonteringskoers van 9,9% (2016: 9,9%), 'n mediese inflasiekoers van 8,8% (2016: 9,3%) en 'n verwagte aftreeouderdom van 65 jaar (2016: 65 jaar).

	2017	2016
Die effek van 'n 1% toename in die verdiskonteringskoers sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope verpligting	**(9,80%)**	(10.1%)
Die effek van 'n 1% afname in die verdiskonteringskoers sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope verpligting	**11.8%**	12.1%
Die effek van 'n 1% toename in die mediese inflasiekoers sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope verpligting	**11.3%**	11.6%
Toename in die huidige diens- en rentekoste	**12.5%**	12.9%
Die effek van 'n 1% afname in die mediese inflasiekoers sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope verpligting	**(9.5%)**	(9.8%)
Afname in die huidige diens- en rentekoste	**(10.5%)**	(10.8%)
Die effek van 'n toename van 1 jaar in die verwagte aftreeouderdom sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope verpligting	**(1.9%)**	(2.0%)
Die effek van 'n afname van 1 jaar in die verwagte aftreeouderdom sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope verpligting	**2.0%**	2.1%

Die Universiteit se beleid oor aftreeouderdom bepaal dat werknemers op 65 jaar aftree. Ná ouderdom 65 kan diens tot maksimum ouderdom 70, gegrond op deurlopende bevredigende prestasie, voortgesit word. Vir berekeningsdoeleindes word die normale en verwagte aftreeouderdom dus as 65 geag.

WAARDEDALING VAN UITSTAANDE STUDENTEGELDE EN -LENINGS

Die jaarlikse voorsiening vir die waardedaling van studentelenings word gegrond op die aanname dat studente teen gemiddeld prima (2016: prima) lenings in die mark kan aangaan. Hierdie aanname word op navrae by verskeie finansiële instellings gegrond. Studentelenings word as delgingspligtig of niedelgingspligtig gekategoriseer. 'n Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van hulle lenings word gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student val. Die agterstallige studentelenings word jaarliks vir die skep van 'n toelaag vir kredietverliese oorweeg.

Toelating vir kredietverliese ten opsigte van uitstaande studentegelde word op historiese tendense gegrond. Die waarskynlikheid van invordering word oorweeg en 'n toelaag vir kredietverliese word op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld word kleiner na gelang die skuld ouer raak en gevolglik word 'n groter toelaag vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie word toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

WAARDEDALING VAN BELEGGINGS

Die Universiteit bepaal die beduidendheid van 'n afname in die billike waarde na laer as die kosprys met inagneming van die volatiliteit van die waarde van die spesifieke instrument. 'n Afname van 20% laer as die kosprys of wat langer as 12 maande duur, word geag beduidend te wees.

NUTSDUUR EN RESWAARDES VAN EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

Die nutsduur van grond word as onbepaald geag. Gevolglik word geen waardevermindering ten opsigte van grond erken nie. Die nutsdure en reswaardes van ander bates word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

MARKWAARDE VAN GEBOUE

Twee metodes word toegepas om die markwaarde van geboue te bepaal. Die eerste is die direk vergelykbare metode, waarvolgens waarde met verwysing na die werklike verkoopsprys van vergelykbare eiendom vasgestel word. Die tweede is om 'n waardasie op die potensiële verhuringsinkomste, met inagneming van

die unieke aard van die Universiteit se eiendomme en okkupasiekoerse, te grond.

Die herwaardasie van geboue soos op 1 Januarie 2004 ingevolge IFRS 1, *First-time adoption of International Financial Reporting Standards*, word gegrond op die volgende sleutelaannames:

- Die geboue sal onder normale marktoestande in die mark geplaas en verhandel word.
- Al die eiendomme van die Universiteit Stellenbosch sal nie gelyktydig in die oop mark geplaas word nie.
- Waar daar titelbeperkings teen eiendomme geregistreer is wat die verkope daarvan beperk of verhoed, sal sodanige titelbeperkings, waar moontlik, by wyse van die Wet op Opheffing van Beperkings, no. 84 van 1967, opgehef word voordat die eiendomme in die mark geplaas word.

2. FONDSSALDO'S

Die opgehoopte saldo's soos op 31 Desember is soos volg:

	Beperk	Onbeperk	Eiendoms-her-waardasie-reserwe*	Billike-waarde-reserwe	Nie-beherende belange	Totaal
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
2017						
Opvoedkundig en algemeen	**3 213 708**	**668 133**	**-**	**381 858**	**-**	**4 263 699**
Studente- en personeelhuisvesting	**194 068**	**-**	**-**	**30 401**	**-**	**224 469**
Filiaalmaatskappye	**30 993**	**-**	**-**	**98**	**-**	**31 091**
Leningsfondse	**395 125**	**-**	**-**	**-**	**-**	**395 125**
Skenkingsfondse	**2 463 708**	**343 960**	**-**	**829 544**	**-**	**3 637 212**
Vastebate-fondse	**2 153 269**	**-**	**2 538 731**	**80 635**	**-**	**4 772 635**
Niebeherende belange	**-**	**-**	**-**	**-**	**13 872**	**13 872**
	8 450 871	**1 012 093**	**2 538 731**	**1 322 536**	**13 872**	**13 338 103**
2016						
Opvoedkundig en algemeen	2 861 545	736 711	-	349 607	-	3 947 863
Studente- en personeelhuisvesting	148 351	-	-	27 628	-	175 979
Filiaalmaatskappye	22 369	-	-	974	-	23 343
Leningsfondse	352 412	-	-	-	-	352 412
Skenkingsfondse	2 124 761	268 851	-	692 516	-	3 086 128
Vastebate-fondse	2 050 588	-	2 538 731	78 136	-	4 667 455
Niebeherende belange	-	-	-	-	1 028	1 028
	7 560 026	1 005 562	2 538 731	1 148 861	1 028	12 254 208

Die toedeling van die billikewaardereserwe is soos volg:

	Fondse teen boekwaarde	Allokasie van billikewaarde-reserwe	Fondse teen markwaarde
	R000	R000	R000
2017			
Beperkte fondse	**8 450 871**	**1 111 645**	**9 562 516**
Onbeperkte fondse	**1 012 093**	**210 891**	**1 222 984**
Geoormerkte fondse	**651 493**	**-**	**651 493**
Ongeoormerkte fondse	**360 600**	**210 891**	**571 491**
	9 462 964	**1 322 536**	**10 785 500**
2016			
Beperkte fondse	7 560 026	993 308	8 553 334
Onbeperkte fondse	1 005 562	155 553	1 161 115
Geoormerkte fondse	701 654	-	701 654
Ongeoormerkte fondse	303 908	155 553	459 461
	8 565 588	1 148 861	9 714 449

* Die eiendomsherwaardasiereserwe hou verband met 'n eenmalige herwaardasie wat in 2004 gemaak is toe die Universiteit IFRS vir die eerste keer toegepas het. 'n IFRS 1 vrystelling is gebruik waarvolgens die billike markwaarde van geboue geag hul kosprys te wees op datum van oorgang na IFRS.

	2017	2016
	R000	R000

3. RENTEDRAENDE LENINGS

Een lening by die staat met 'n vaste rentekoers in gelyke halfjaarlikse betalings eindigende 2018 terugbetaalbaar	**67**	192
Verskeie lenings by ander finansiële instellings met verskillende rentekoerse en termyne in halfjaarlikse betalings terugbetaalbaar	**43 101**	41 650
Bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se verskillende motorskemas	**38 667**	40 052
Bruikhuurverpligting	**131 654**	76 344
	213 489	158 237
Min: Gedeelte binne een jaar terugbetaalbaar	**(11 078)**	(13 449)
	202 411	144 790

Die aflosdatums van rentedraende lenings is soos volg:

Binne een jaar	**67**	3 225
Tussen twee en vyf jaar	**44 434**	40 244
Ná vyf jaar	**168 988**	114 768
	213 489	158 237

Die gemiddelde rentekoers ten opsigte van lenings beloop soos aan die jaareinde 15,6% (2016: 13,6%).

Motorlenings deur werknemers verskuldig word by handels- en ander debiteure (verwys na aantekening 8) ingesluit. Al die lenings, met uitsondering van die motorskemas, het vaste rentekoerse. Die rentekoerse van motorskemas is aan die prima koers gekoppel.

Die minimum bruikhuurbetalings is betaalbaar soos volg:

Binne een jaar	**17 507**	10 781
Tussen twee en vyf jaar	**88 248**	54 337
Ná vyf jaar	**541 706**	310 896
Totale betalings	**647 461**	376 014
Min: finansieringskoste betaalbaar	**(515 807)**	(299 670)
	131 654	76 344

Die huidige waarde van bruikhuurbetalings is soos volg:

Binne een jaar*	**(8 014)**	(4 505)
Tussen twee en vyf jaar*	**(28 024)**	(15 333)
Ná vyf jaar	**167 692**	96 182
	131 654	76 344

*Rente gekapitaliseer in aanvanklike periodes van die huur het kapitale terugbetalings oorskry

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

	2017			2016		
	Kosprys	Opgehoopte waardever-mindering	Netto dra-bedrag	Kosprys	Opgehoopte waardever-mindering	Netto dra-bedrag
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
Grond	**15 679**	**-**	**15 679**	15 679	-	15 679
Geboue	**5 397 766**	**1 069 060**	**4 328 706**	4 992 336	893 939	4 098 397
Rekenaartoerusting	**455 677**	**368 682**	**86 995**	413 853	345 988	67 865
Ander toerusting en voertuie	**1 079 571**	**426 907**	**652 664**	1 028 134	427 290	600 843
Biblioteekboeke	**668 260**	**668 260**	**-**	673 955	673 955	-
	7 616 953	**2 532 909**	**5 084 044**	7 123 956	2 341 171	4 782 785

	Grond	Geboue	Rekenaar-toerusting	Ander toerusting en voertuie	Biblioteek-boeke	Totaal
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
2017						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	**15 679**	**5 238 213**	**413 853**	**1 028 134**	**673 955**	**7 369 834**
Min: Owerheidstoekenning	**-**	**(245 877)**	**-**	**-**	**-**	**(245 877)**
Herstateerde kosprys	**15 679**	**4 992 336**	**413 853**	**1 028 134**	**673 955**	**7 123 957**
Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar	**-**	**(893 939)**	**(345 988)**	**(427 290)**	**(673 955)**	**(2 341 171)**
Netto begindrawaarde	**15 679**	**4 098 397**	**67 865**	**600 844**	**-**	**4 782 785**
Netto toevoegings en vervreemdings	**-**	**323 271**	**65 159**	**114 528**	**81 660**	**584 618**
Waardevermindering per gekonsolideerde inkomstestaat	**-**	**(92 962)**	**(46 029)**	**(62 708)**	**(81 660)**	**(283 359)**
Netto einddrawaarde	**15 679**	**4 328 706**	**86 995**	**652 664**	**-**	**5 084 044**

	Grond	Geboue	Rekenaar-toerusting	Ander toerusting en voertuie	Biblioteek-boeke	Totaal
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
2016						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	15 679	4 646 754	385 736	915 815	576 588	6 540 573
Min: Owerheidstoekenning	-	(242 509)	-	-	-	(242 509)
Herstateerde kosprys	15 679	4 404 245	385 736	915 815	576 588	6 298 063
Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar	-	(673 462)	(317 431)	(273 863)	(576 588)	(1 841 344)
Netto begindrawaarde	15 679	3 730 783	68 305	641 953	-	4 456 719
Netto toevoegings en vervreemdings	-	453 441	44 088	17 840	98 568	613 938
Waardevermindering per gekonsolideerde inkomstestaat	-	(85 827)	(44 529)	(58 949)	(98 568)	(287 872)
Netto einddrawaarde	15 679	4 098 397	67 865	600 843	-	4 782 785

Die register met volledige besonderhede van grond en geboue is by die kantore van die Universiteit beskikbaar.

Eiendom op Stellenbosch waarop 'n notariële verband ter waarde van R191,6 miljoen (2016: R191,6 miljoen) geregistreer is, word by grond ingesluit. Die regte ingevolge die verhuringsooreenkoms is aan die finansierder gesedeer.

Werk in proses ter waarde van R404,9 miljoen (2016: R507,4 miljoen) word by die koste van geboue ingesluit. Geen waardevermindering word ten opsigte van werk in proses erken nie.

Die Universiteit huur eiendomme deur middel van bruikhure met termyne wat wissel van 15 tot 20 jaar en dit word ingesluit by die koste en opgehoopte waardevermindering van geboue.

5. ONTASBARE BATES

	2017			2016		
	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Netto dra-bedrag	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Netto dra-bedrag
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
Oracle HRMS	**13 913**	**13 913**	**-**	13 913	13 913	-
Klandisiewaarde	**5 158**	**-**	**5 158**	2 144	-	2 144
	19 071	**13 913**	**5 158**	16 057	13 913	2 144

6. LANGTERMYNBELEGGINGS

	2017 R000	2016 R000
Die billike waardes van langtermynbeleggings soos op 31 Desember is soos volg:		
Kapitale markte	**938 053**	683 733
Aandele	**7 205 382**	6 590 649
Genoteerde aandele	**7 202 658**	6 586 485
Ongenoteerde aandele	**2 724**	4 164
Geldmark	**743 049**	597 851
Ander	**2 224**	21 096
	8 888 708	7 893 329

Die gemiddelde rentekoers wat soos aan die jaareinde op staatseffekte van toepassing was, is 8,5% (2016: 9,1%) en op vaste deposito's 6,25% (2016: 6,5%).

Die Universiteit se beleggingsportefeuljes word deur professionele batebestuurders onder die toesig van die Beleggingskomitee van die Raad bestuur.

	2017	2016
	R000	R000

7. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE EN FILIAAL MAATSKAPPYE

7.1 BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

Name	Getal aandele	Belang en effektiewe stemreg
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	350	35,0%
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	557	22,3%
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	30	25,0%
Custos Media Technologies (Edms) Bpk	856	26,3%
Bridgiot (Edms) Bpk	400	36,5%
Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk	5 000	50,0%
Vulamanz (Edms) Bpk	48	40,0%
Sun Magnetics (Edms) Bpk	48	40,0%

7.1.1 Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**3 259**	5 661
Netto aandeel in wins/(verlies) van geassosieerde maatskappy	**1 027**	(2 402)
Deel van voorbelaste wins/(verlies)	**2 088**	(1 375)
Deel van belasting	**(623)**	(615)
Dividende verdien	**(438)**	(412)
Saldo aan die einde van die jaar	**4 286**	3 259

7.1.2 Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk

Belegging gemaak	**2 992**	-
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	**(2 876)**	-
Saldo aan die einde van die jaar	**116**	-

7.1.3 GeoSUN Africa (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**1 162**	744
Netto aandeel in (verlies)/wins van geassosieerde maatskappy	**(136)**	418
Saldo aan die einde van die jaar	**1 026**	1 162

7.1.4 Custos Media Technologies (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**343**	-
Belegging gemaak	**1 700**	1 500
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	**(1 262)**	(1 157)
Saldo aan die einde van die jaar	**781**	343

7.1.5 Bridgiot (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**289**	-
Belegging gemaak	**-**	1
Netto aandeel in (verlies)/wins van geassosieerde maatskappy	**(437)**	288
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	**148**	-
Saldo aan die einde van die jaar	**-**	289

	2017	2016
	R000	R000

7.1.6 Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk

Belegging gemaak	**5**	-
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	**(997)**	-
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	**992**	-
Saldo aan die einde van die jaar	**-**	-

7.1.7 Vulamanz Water Systems (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**-**	-
Belegging gemaak	**-**	1
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	**(898)**	(1)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	**898**	-
Saldo aan die einde van die jaar	**-**	-

7.1.8 Sun Magnetics (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	**202**	-
Belegging gemaak	**-**	1
Netto aandeel in (verlies)/wins van geassosieerde maatskappy	**(20)**	201
Saldo aan die einde van die jaar	**182**	202
Totale belegging in geassosieerdes	**6 391**	5 254

7.1.9 Bates, laste en wins van Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

Niebedryfsbates	**9 710**	9 159
Bedryfsbates	**16 803**	14 355
Totale bates	**26 513**	23 514
Langtermynlaste	**2 365**	3 272
Bedryfslaste	**4 061**	1 083
Totale laste	**6 426**	4 355
Wins	**2 604**	4 912

7.1.10 Bates, laste en verlies van Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk

Niebedryfsbates	**3 474**	4 301
Bedryfsbates	**17 475**	6 705
Totale bates	**20 949**	11 006
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**225**	334
Totale laste	**225**	334
Verlies	**(10 366)**	(4 575)

	2017	2016
	R000	R000
7.1.11 Bates, laste en wins van GeoSUN Africa (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**237**	306
Bedryfsbates	**2 141**	2 557
Totale bates	**2 378**	2 863
Niebedryfslaste	**150**	-
Bedryfslaste	**394**	2
Totale laste	**544**	2
Wins	**113**	1 671
7.1.12 Bates, laste en verlies van Custos Media Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**147**	134
Bedryfsbates	**3 981**	3 192
Totale bates	**4 128**	3 326
Niebedryfslaste	**6 007**	1 790
Bedryfslaste	**107**	1 347
Totale laste	**6 114**	3 137
Verlies	**(5 136)**	(2 826)
7.1.13 Bates, laste en (verlies)/wins van Bridgiot (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**116**	6
Bedryfsbates	**3 325**	713
Totale bates	**3 441**	719
Niebedryfslaste	**600**	-
Bedryfslaste	**3 313**	-
Totale laste	**3 913**	-
(Verlies)/wins	**(1 159)**	719
7.1.14 Bates, laste en verlies van Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**779**	-
Bedryfsbates	**1 788**	-
Totale bates	**2 567**	-
Niebedryfslaste	**4 547**	-
Bedryfslaste	**23**	-
Totale laste	**4 570**	-
Verlies	**(1 944)**	-
7.1.15 Bates, laste en verlies van Vulamanz Water Systems (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**10**	10
Bedryfsbates	**729**	536
Totale bates	**739**	546
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**795**	-
Totale laste	**795**	-
Verlies	**(2 244)**	(1 249)
7.1.16 Bates, laste en wins van Sun Magnetics (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**97**	31
Bedryfsbates	**1 671**	861
Totale bates	**1 768**	892
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**83**	45
Totale laste	**83**	45
Wins	**848**	505

7.2 BELEGGING IN FILIAAL MAATSKAPPYE

	2017	2016
	R000	R000
7.2.1 Bates, laste en wins van Stellenbosch Trust		
Niebedryfsbates	**1 677 587**	1 537 603
Bedryfsbates	**45 287**	43 835
Totale bates	**1 722 874**	1 581 438
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**87 668**	90 530
Totale laste	**87 668**	90 530
Omvattende inkomste vir die jaar	**418 593**	377 764
7.2.2 Bates, laste en wins/(verlies) van InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**11 615**	7 082
Bedryfsbates	**1 259**	1 200
Totale bates	**12 874**	8 282
Niebedryfslaste	**5 984**	-
Bedryfslaste	**409**	2 569
Totale laste	**6 393**	2 569
Omvattende inkomste/(verlies) vir die jaar	**3 870**	(1 491)
7.2.3 Bates, laste en wins van USB Bestuursontwikkeling Bpk		
Niebedryfsbates	**5 954**	3 774
Bedryfsbates	**37 565**	32 474
Totale bates	**43 519**	36 248
Niebedryfslaste	**239**	1 898
Bedryfslaste	**17 093**	10 300
Totale laste	**17 332**	12 198
Omvattende inkomste vir die jaar	**392**	90
7.2.4 Bates, laste en wins van Aquastel (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**1 744**	1 573
Bedryfsbates	**40**	57
Totale bates	**1 784**	1 630
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**323**	320
Totale laste	**323**	320
Omvattende inkomste vir die jaar	**151**	555
7.2.5 Bates, laste en wins van Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**832**	58
Bedryfsbates	**5 049**	6 161
Totale bates	**5 881**	6 219
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**2 501**	3 061
Totale laste	**2 501**	3 061
Omvattende inkomste vir die jaar	**730**	861

	2017	2016
	R000	R000
7.2.6 Bates, laste en wins/(verlies) van Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**18**	150
Bedryfsbates	**31**	93
Totale bates	**49**	243
Niebedryfslaste	**5 765**	5 747
Bedryfslaste	**-**	41
Totale laste	**5 765**	5 788
Omvattende inkomste/(verlies) vir die jaar	**20**	(583)
7.2.7 Bates, laste en wins van Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**8 580**	8 659
Bedryfsbates	**7 013**	3 741
Totale bates	**15 593**	12 400
Niebedryfslaste	**475**	913
Bedryfslaste	**2 423**	2 089
Totale laste	**2 898**	3 002
Omvattende inkomste vir die jaar	**4 312**	2 046
7.2.8 Bates, laste en (verlies)/wins LaunchLab (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	**6 470**	8 989
Bedryfsbates	**9 699**	5 428
Totale bates	**16 169**	14 417
Niebedryfslaste	**-**	598
Bedryfslaste	**3 191**	2 206
Totale laste	**3 191**	2 804
Omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar	**(304)**	210
7.2.9 Bates, laste en wins van Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust		
Niebedryfsbates	**33 176**	33 176
Bedryfsbates	**24 797**	23 386
Totale bates	**57 973**	56 562
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**4 026**	4 026
Totale laste	**4 026**	4 026
Omvattende inkomste vir die jaar	**15 011**	14 933
7.2.10 Bates, laste en wins van Stellenbosch Regsfakulteit Trust		
Niebedryfsbates	**38 229**	42 278
Bedryfsbates	**16 131**	-
Totale bates	**54 360**	42 278
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**-**	-
Totale laste	**-**	-
Omvattende inkomste vir die jaar	**2 021**	201

	2017	2016
	R000	R000
7.2.11 Bates, laste en wins van Stellenbosch Finansieringsvennootskap		
Niebedryfsbates	**-**	21 131
Bedryfsbates	**32 824**	52 295
Totale bates	**32 824**	73 426
Niebedryfslaste	**-**	-
Bedryfslaste	**4 234**	11 409
Totale laste	**4 234**	11 409
Omvattende inkomste vir die jaar	**9 443**	13 533

8. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Studentegelde	**103 046**	75 482
Studentegelde verskuldig	**264 086**	197 498
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde	**(161 040)**	(122 016)
Studentelenings	**105 308**	112 262
Studentelenings verskuldig	**236 053**	212 271
Min: Waardedaling weens niemarkverwante rentekoerse	**(23 974)**	(21 884)
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentelenings	**(106 771)**	(78 125)
Handelsdebiteure	**98 215**	132 828
Handelsdebiteure verskuldig	**102 844**	136 187
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van handelsdebiteure	**(4 629)**	(3 359)
Motorlenings	**44 651**	45 173
Rente en dividende op beleggings ontvangbaar	**10 556**	18 630
Versekeringseis ontvangbaar	**12 769**	21 368
Ander	**113 518**	63 817
	488 062	469 560
	(231 871)	(208 410)
Min: Langtermyngedeelte van motorlenings	**(30 267)**	(30 088)
Min: Langtermyngedeelte van studentelenings voor inagneming van toelaag vir kredietverliese	**(201 604)**	(178 322)
	256 191	261 150

Verwys na aantekening 28 vir bedrae uitstaande deur verwante partye wat hierbo ingesluit is.

Alle niebedryfsdebiteure is binne vyf jaar vanaf die finansiële jaareinde ontvangbaar.

STUDENTEGELDE

Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Die skuld word op grond van historiese invorderingsukses beoordeel. Die waarskynlikheid van invordering word oorweeg en 'n toelaag vir kredietverliese word op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld word kleiner na gelang die skuld ouer raak en gevolglik word 'n groter toelaag vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie word toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

Die ouderdomsontleding van uitstaande studentegelde ten opsigte waarvan 'n waardedaling erken is, is soos volg:

Een jaar	**124 571**	80 450
Tussen een en vyf jaar	**10 264**	14 179
Vyf jaar en ouer	**8 505**	9 276
Oorhandig	**120 746**	93 592
Totaal	**264 086**	197 498

Die beweging in die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	**122 016**	92 554
Verhoging in voorsiening vir die jaar	**39 958**	30 611
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	**(934)**	(1 149)
Saldo aan die einde van die jaar	**161 040**	122 016

Die verhoging in die toelaag vir die jaar, asook onverhaalbare skuld afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

	2017	2016
	R000	R000

STUDENTELENINGS

Studentelenings word teen laer as markverwante rentekoerse toegestaan. 'n Waardedaling ten opsigte van uitstaande studentelenings word by erkenning van die lening bereken.

Studentelenings word as delgingspligtig of niedelgingspligtig gekategoriseer. 'n Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van hulle lenings word gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student val. Soos aan die jaareinde het studente wat nie delgingspligtig was nie, se lenings R79,5 miljoen (2016: R74,2 miljoen) beloop en geen toelaag vir kredietverliese word ten opsigte van hierdie groep nodig geag nie. Studente wat delgingspligtig was, se lenings het R156,5 miljoen (2016: R138,1 miljoen) beloop, waarvan R39,4 miljoen (2016: R41,9 miljoen) nie agterstallig was nie. Geen toelaag vir kredietverliese word nodig geag vir die lenings wat nie agterstallig is nie. Agterstallige studentelenings het R117,1 miljoen (2016: R96,2 miljoen) beloop. Die agterstallige studentelenings word jaarliks vir die skep van 'n toelaag vir kredietverliese oorweeg.

Die beweging in die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentelenings is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	**78 125**	64 723
Verhoging in voorsiening vir die jaar	**29 355**	13 719
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	**(710)**	(317)
Saldo aan die einde van die jaar	**106 771**	78 125

Die verhoging in die toelaag vir die jaar, asook onverhaalbare skulde afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Soos aan die jaareinde beloop handelsdebiteure en ander debiteure wat ten volle presteer, R157,6 miljoen (2016: R144,7 miljoen).

Ander debiteure sluit 'n aantal kleiner debiteure in wat nie 'n beduidende geskiedenis van wanbetaling toon nie en waarvan die kredietwaardigheid goed is. Weens die aard van inkomste gehef, wat hoofsaaklik bestaan uit navorsingsverwante inkomste waarvoor kontrakte bestaan, word debiteure jonger as vier maande nie vir toelating vir kredietverliese oorweeg nie. Die ouderdomsontleding van agterstallige debiteure is soos volg:

Tussen een en vier maande	**45 696**	44 317
Ouer as vier maande	**21 248**	28 996
Totaal	**66 944**	73 313

Debiteure ouer as vier maande word vir toelating vir kredietverliese oorweeg. Die beweging in die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van debiteure is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	**3 359**	4 677
Verhoging/(verlaging) in voorsiening vir die jaar	**5 021**	(589)
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	**(3 751)**	(729)
Saldo aan die einde van die jaar	**4 629**	3 359

MOTORLENINGS

Die invorderbaarheid van motorlenings wat deur werknemers verskuldig is, word as hoogs waarskynlik geag en gevolglik word geen toelaag vir kredietverliese ten opsigte van hierdie kategorie geskep nie (verwys na aantekening 3).

RENTE EN DIVIDENDE OP BELEGGINGS ONTVANGBAAR

Die bedrae is van die Universiteit se beleggingsbestuurders ontvangbaar. Die Universiteit se beleggingsportefeuljes word deur professionele batebestuurders bestuur en die bedrae word dus as ten volle invorderbaar beskou.

	2017	2016
	R000	R000

9. UITGESTELDE BELASTING

Die beweging in die uitgesteldebelasting-bate en -las is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	**2 277**	2 934
Beweging gedurende die jaar:		
Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting	**(392)**	(657)
Saldo aan die einde van die jaar	**1 885**	2 277
Die uitgesteldebelasting-saldo bestaan uit die volgende:		
Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting - bate	**1 885**	2 875
Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting - las	**-**	(598)
Saldo aan die einde van die jaar	**1 885**	2 277

'n Uitgesteldebelasting-bate word vir belastingverliese erken slegs in die mate waartoe verhaling waarskynlik is.

Die beweging in uitgestelde belasting vir die jaar word by 'Ander bedryfsuitgawes' ingesluit in die gekonsolideerde inkomstestaat.

10. VOORAAD

Voorraad bestaan uit die volgende items:

Skryfbehoeftes	**1 697**	424
Verbruikbare material	**4 974**	4 508
	6 671	4 932

11. BEDRYFSHUURBATE

Die netto bedryfshuurbate is soos volg saamgestel:

Bedryfshuurbate	**1 404**	828
Bedryfshuurlas	**-**	-
	1 404	828

Die verwagte beweging in die netto bedryfshuurbate is soos volg:

Bedryfshuurbate	**1 404**	828
Binne een jaar ontvangbaar	**(200)**	(67)
Binne twee tot vyf jaar ontvangbaar	**(710)**	(761)
Na vyf jaar ontvangbaar	**(494)**	-
	-	-

12. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handelskrediteure	**20 293**	29 019
Studentegelde vooruit ontvang	**131 299**	113 037
Opgelope vergoedingskoste	**62 656**	53 862
Opgelope uitgawes	**50 111**	62 792
Opgelope verlofverpligting	**180 193**	169 353
Inkomste anders as studentegelde vooruit ontvang	**319 346**	212 036
NRF deposito	**71 800**	71 800
Interstruktuursaldo's (STIAS, WAT, MGD)	**79 160**	80 189
Ander	**134 867**	79 118
	1 049 726	**871 206**

Verwys na aantekening 28 vir bedrae betaalbaar aan verwante partye wat hierbo ingesluit is.

	2017	2016
	R000	R000

13. VERPLIGTINGS

Die volgende verpligtings het soos op 31 Desember met betrekking tot geboue, biblioteekboeke en -tydskrifte bestaan ten opsigte van kapitaalkontrakte goedgekeur of bestellings geplaas:

Geboue	**134 490**	270 390
Biblioteekboeke en –tydskrifte	**621**	356
	135 111	270 746

14. PERSONEELKOSTE

Vergoeding en byvoordele	**2 298 704**	2 137 173
Toename in die voorsiening vir personeelvoordele deur die gekonsolideerde inkomstestaat	**32 877**	34 955
Toename in die voorsiening vir langdiensvoordele deur die gekonsolideerde inkomstestaat	**43**	74
	2 331 624	2 172 202
Aktuariële (wins)/verlies ingesluit in omvattende inkomste	**(7 381)**	23 447
	2 324 243	2 195 649

Die getal permanente werknemers (wat vaste termyn werknemers insluit) is 3 443 (2016: 3 441).
Die getal niepermanente werknemers is 1 464 (2016: 1 365).

15. PERSONEELKOSTE: UITVOERENDE BESTUUR

Die volgende inligting ten opsigte van bedrae wat werklik gedurende die finansiële jaar toegeval het, word verskaf om aan die Wet op Hoër Onderwys (no. 101 van 1997, soos gewysig) en die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings (afdeling 7.8) te voldoen.

Naam	Amp	Aard	Totale waarde 2017	Tydperk	Totale waarde 2016	Tydperk
			R000		R000	
Prof WJS de Villiers	Rektor en Visekanselier	Vergoeding uitbetaal	**4 239**	Jan – Des 2017	4 001	Jan – Des 2016
		Bonus uitbetaal	**330**	Jan – Des 2017	300	Jan – Des 2016
Prof A Schoonwinkel	Viserektor (Leer en Onderrig)	Vergoeding uitbetaal	**2 377**	Jan – Des 2017	2 195	Jan – Des 2016
		Verlof uitbetaal	**-**		81	Jan – Des 2016
Prof SA du Plessis	Aangewese Bedryfshoof	Vergoeding uitbetaal	**2 309**	Jan – Des 2017	-	
Prof TE Cloete	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse studies)	Vergoeding uitbetaal	**2 325**	Jan – Des 2017	2 173	Jan – Des 2016
		Addisionele vergoeding betaal	**-**		3	Jan – Des 2016
Prof L van Huyssteen	Bedryfshoof	Vergoeding uitbetaal	**2 961**	Jan – Des 2017	2 794	Jan – Des 2016
		Verlof uitbetaal	**320**	Jan – Des 2017	-	
Prof NN Koopman	Viserektor (Sosiale impak, Transformasie en Personeel)	Vergoeding uitbetaal	**2 348**	Jan – Des 2017	1 735	Jun – Des 2016
		Verlof uitbetaal	**155**	Jan – Des 2017	-	
		Addisionele vergoeding uitbetaal	**-**		385	Jun – Des 2016
Prof HC Klopper	Viserektor (Strategie en Internasionalisasie)	Vergoeding uitbetaal	**2 315**	Jan – Des 2017	910	Aug – Des 2016

Betaling aan Raadslede vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings:

Betaal aan	Getal lede	Bywoning van vergaderings Gemiddelde waarde	Terugbetaling van uitgawes Totale waarde
		R000	R000
Raadsvoorsitter	1	-	-
Raadslede	29	-	123

Geen vergoeding word vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings aan Raads- of komiteelede betaal nie.

	2017	2016
	R000	R000

16. TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes sluit die volgende in:

Waardevermindering en amortisasie

Geboue	**92 962**	85 827
Rekenaartoerusting	**46 029**	44 529
Ander toerusting en voertuie	**62 708**	58 948
Biblioteekboeke	**81 660**	98 568
Amortisasie	**86**	-
	283 445	287 872

Ander bedryfsuitgawes

Beurse	**455 974**	441 887
Huur	**67 130**	75 015
- Geboue	**52 154**	64 713
- Toerusting	**14 976**	10 302
Instandhouding en herstelwerk	**156 616**	136 565
Ouditeursvergoeding	**5 185**	4 629
Vir statutêre oudit		
- Voorsiening vir huidige jaar	**2 695**	2 315
- Ondervoorsiening in vorige jaar	**-**	235
Vir ander ouditdienste	**2 285**	1 576
Vir ander konsultasiedienste	**205**	503
Interne oudit	**4 465**	2 759
Forensiese oudit	**1 215**	2 106
Toename in toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde, studentelenings en handelsdebiteure	**71 030**	43 875
Waardedaling van beleggings	**135 690**	-
Ander uitgawes[1]	**1 425 174**	1 385 653
	2 322 479	2 092 489
Beurse deur US bestuur	**767 393**	724 503
- Eie fondse en navorsingskontrakte	**455 974**	441 887
- Agentskapsverhouding (insl. NSFAS)	**298 435**	282 616
- Gapingsbefondsing	**12 984**	-

[1]Ander uitgawes sluit onder andere navorsingsuitgawes, konsultasie- en ander dienste, reis- en verblyfkoste en nutsdienste in

	2017	2016
	R000	R000

17. RENTE EN DIVIDENDE VERDIEN

Rente ontvang	- bedryfsbeleggings	**59 312**	46 693
	- niebedryfsbeleggings	**117 762**	127 511
	- ander	**57 971**	55 594
Dividende ontvang		**109 404**	88 443
		344 449	318 241

18. GEREALISEERDE WINS BY VERVREEMDING VAN BELEGGINGS

Wins uit billikewaarde-reserwe gerealiseer	**758 368**	327 049

19. RENTE ONTVANG

Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar	**18 630**	15 687
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	**235 045**	229 798
Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar	**(10 556)**	(18 630)
	243 119	226 855

20. DIVIDENDE ONTVANG

Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar	**-**	-
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	**109 404**	88 443
Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar	**-**	-
	109 404	88 443

21. FINANSIERINGSKOSTE BETAAL

Bedrag aan die begin van die jaar betaalbaar	**-**	-
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	**34 948**	18 041
Aanpassing vir nie-kontantvloei items	**(7 377)**	(17 911)
Bedrag aan die einde van die jaar betaalbaar	**(16 045)**	-
	11 526	130

22. REKONSILIASIE VAN LASTE VOORTSPRUITEND UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE

Bedrag aan die begin van die jaar	**158 239**	114 964
Nie-kontantvloei items:		
Bruikhure	**48 218**	45 000
Opgelope finansieringskoste	**20 491**	8 652
Minus:		
Finansieringskoste betaal	**(13 399)**	(7 161)
Kapitale terugbetalings	**(58)**	(3 216)
Balans aan die einde van die jaar	**213 491**	158 239

	2017	2016
	R000	R000

23. REKONSILIASIE VAN SURPLUS MET KONTANTVLOEIE

Surplus volgens die gekonsolideerde inkomstestaat	**901 971**	740 823
Aanpassings vir:		
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	**(758 368)**	(327 049)
Rente en dividende ontvang	**(344 449)**	(318 241)
Finansieringskoste	**34 948**	18 041
Wins by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting	**(4 875)**	(6 118)
Terugskryf van waardedaling van eiendom	**-**	(22 565)
Toename in voorsiening vir verlofgratifikasie	**10 840**	14 865
Toename in voorsiening vir personeelvoordele	**32 920**	35 029
Toename in toelaag vir kredietverliese tov studentegelde, studentelenings en handels-debiteure	**71 030**	43 875
Waardevermindering	**283 445**	287 872
Waardedaling van beleggings	**135 690**	-
Toename/(Afname) in belegging in geassosieerde maatskappye	**3 018**	(1 151)
Aanpassing op bedryfshuurbate	**(576)**	(8 726)
Donasie van eiendom, boeke en toerusting	**(16 787)**	(4 578)
Bedryfsinkomste voor bedryfskapitaalveranderings	**348 808**	452 077
Verandering in bedryfskapitaal	**61 019**	15 377
(Toename)/Afname in handels- en ander debiteure	**(82 073)**	2 246
Toename in voorraad	**(1 739)**	(846)
Toename in handels- en ander krediteure en personeelvoordele	**144 255**	5 250
Afname in bedryfshuurbate	**576**	8 726
Kontant deur bedrywighede gegenereer	**409 825**	467 454

24. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Gunstige banksaldo's	**192 205**	278 634
Korttermynbeleggings in kontant	**581 910**	473 490
	774 115	752 124

Die gemiddelde rentekoers vir 2017 ten opsigte van kontant en kontantekwivalente beloop soos aan die jaareinde 8,1% (2016: 8%).

Die Universiteit se fasiliteite by banke wat jaarliks hersien word	**204 932**	171 055

Soos aan die jaareinde was net 'n gedeelte van die fasiliteit vir motorlenings opgeneem. Die gedeelte wat opgeneem is, word by rentedraende lenings ingesluit. Verwys na aantekening 3.

25. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

Die Universiteit se aktiwiteite stel hom aan sekere besigheids- en finansiële risiko's, naamlik markrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko, bloot. Die Universiteit se oorkoepelende risikobestuursprogram fokus op die geïdentifiseerde bedryfsrisiko's sowel as die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die potensieel nadelige uitwerking op die Universiteit te minimaliseer.

25.1 BESIGHEIDSRISIKO'S

Die hoofbesigheidsrisiko's van die Universiteit, soos deur die Bestuur geïdentifiseer, sien soos volg daaruit:

- Die pas van transformasie en verbreding van toeganklikheid.
- Die groeiende druk op die ongeoormerkte staatsubsidie aan universiteite.
- Infrastruktuurtekorte en die hoë koste van deurlopende instandhouding van fasiliteite.
- Druk op studie- en inwoningsgelde agv sektorwye protesaksies (*#FeesMustFall*).
- Sektorwye regulering van studentegelde.

Hierdie risiko's word deurlopend gemoniteer en die gepaste stappe gedoen om dit ten beste te bestuur.

	2017	2016
	R000	R000

25.2 MARKRISIKO

Die aktiwiteite van die Universiteit stel hom aan verskeie markrisiko's, insluitende valutarisiko, prysrisiko en rentekoersrisiko, bloot.

(a) VALUTARISIKO

As gevolg van internasionale transaksies in ander geldeenhede as die Suid-Afrikaanse rand (die Universiteit se funksionele geldeenheid), word die Universiteit aan valutarisiko blootgestel. Hierdie risiko spruit uit toekomstige finansiële transaksies asook erkende bates en laste, wat veral in VS-dollar, pond en euro gedenomineer is. Valutarisiko van toekomstige finansiële transaksies word bestuur deur vooruitdekking deur middel van valutatermynkontrakte uit te neem.

Indien die wisselkoers soos op 31 Desember 2017 met 5,0% verstewig/verswak het, met alle ander faktore konstant, sou die surplus vir die jaar soos volg vergroot/(verklein) het:

CHF	**1**	-
EURO	**59**	39
GBP	**67**	27
SEK	**-**	2
USD	**240**	397
	367	465

Valutatermynkontrakte word aangegaan om die blootstelling aan wisselkoersskommelings ten opsigte van sekere transaksies te bestuur. 'n Omsigtige benadering met betrekking tot vooruitdekking word gehandhaaf.

Op 30 November 2015 het die US Raad goedgekeur dat wisselkoersverliese wat ontstaan a.g.v die verskil tussen die wisselkoers gebruik vir begrotingsdoeleindes en die koers soos waarteen die Biblioteek se buitelandse betalings werklik aangegaan word, uit die wisselkoerswinste op buitelandse beleggings befonds word.

Die volgende bedryfsbates en -laste ten opsigte van buitelandse valutatransaksies, soos in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon, word nie deur valutatermynkontrakte vooruit gedek nie:

	Valuta 2017	Rand-waarde 2017	Valuta 2016	Rand-waarde 2016
	000	R000	000	R000
Handelsdebiteure				
CHF	**2**	**28**	-	-
SEK	**-**	**-**	32	46
EURO	**82**	**1 187**	54	770
GBP	**82**	**1 337**	33	542
USD	**396**	**4 794**	588	7 931
Netto valutabate		**7 346**		9 289

	2017	2016
	R000	R000

(b) PRYSRISIKO

Die Universiteit word aan prysrisiko ten opsigte van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop blootgestel. Indien die aandeleprys van die aandele komponent van die portefeulje soos op 31 Desember 2017 met 10,0% gestyg/gedaal het en alle ander faktore konstant gebly het, sou die billikewaarde-reserwe vir genoteerde aandele met R720,3 miljoen (2016: R658,6 miljoen) vermeerder/verminder het. 'n 10,0% styging/daling op die sekuriteitebeurs soos op 31 Desember 2017 sou 'n toename/afname van R93,8 miljoen (2016: R70,2 miljoen) in die billikewaarde-reserwe vir kapitale markte instrumente tot gevolg gehad het.

Die Universiteit word nie direk aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

(c) RENTEKOERSRISIKO

Die rentekoerseienskappe van nuwe en bestaande lenings word deurlopend hersien. Die Universiteit het vir die jare geëindig 31 Desember 2017 en 2016 geen ooreenkomste met betrekking tot rentekoersafgeleide instrumente gesluit nie.

Indien die rentekoers ten opsigte van saldo's by banke soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R7,7 miljoen (2016: R7,5 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van rentedraende beleggings soos aan die jaareinde met 100 basispunte toegeneem/afgeneem het, sou die surplus vir die jaar met R7,4 miljoen (2016: R6,0 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van die bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se onderskeie motorskemas soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R0,4 miljoen (2016: R0,4 miljoen) afgeneem/toegeneem het.

25.3 LIKIDITEITSRISIKO

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek. Kontantbeleggings wat R223,9 miljoen (2016: R109,8 miljoen) beloop, is ook by langtermynbeleggings ingesluit.

Bedryfsbates	**1 037 177**	1 018 273
Bedryfslaste	**1 060 804**	885 253
Verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste	**0,98**	1,15

Finansiële laste

	Drabedrag	Kontraktuele kontantvloei	< 1 jaar	1–5 jaar	> 5 jaar
31 DESEMBER 2017	R000	R000	R000	R000	R000
Rentedraende lenings	**213 489**	**747 311**	**34 102**	**159 005**	**554 204**
Handels- en ander krediteure	**599 081**	**599 081**	**599 081**	**-**	**-**
Totale finansiële laste	**812 570**	**1 346 392**	**633 183**	**159 005**	**554 204**
31 DESEMBER 2016					
Rentedraende lenings	158 239	486 839	20 374	131 605	334 860
Handels- en ander krediteure	546 133	546 133	546 133	-	-
Totale finansiële laste	704 372	1 032 972	566 507	131 605	334 860

25.4 KREDIETRISIKO

Kredietrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele. Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid kliënte en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Kontantsurplusse word slegs by finansiële instellings met goeie kredietwaardigheid belê. Geen wesenlike kredietrisiko bestaan soos op 31 Desember 2017 en soos op 31 Desember 2016 waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie. Handels- en ander debiteure word ná aftrekking van enige toelaag vir kredietverliese getoon.

25.5 RAMING VAN BILLIKE WAARDE

Die billike waardes van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop word op die gekwoteerde markpryse soos aan die jaareinde gegrond. Die gekwoteerde markprys verwys na die sluitingsprys op die laaste sakedatum voor die jaareinde. Die billike waardes van ongenoteerde beleggings wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasiemetodes, gegrond op marktoestande soos aan die jaareinde, bepaal. Billike waardes van die res van die finansiële instrumente word op grond van verdiskonteerde kontantvloeimodelle bepaal. Handels- en ander debiteure en -krediteure en rentedraende lenings se nominale waardes minus waardedalings en toelaes vir kredietverliese word geag die billike waardes daarvan te wees.

Billikewaarde-metings word volgens onderstaande hiërargie openbaar:

Vlak 1 Gekwoteerde pryse volgens aktiewe markte vir identiese bates en laste.

Vlak 2 Ander insette as gekwoteerde pryse wat direk (pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse) verkry word.

Vlak 3 Insette vir bates en laste wat nie op beskikbare markdata gegrond word nie.

Bates soos op 31 Desember 2017 teen billike waarde getoon:

	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
	R000	R000	R000	R000
Kapitale markte	**938 052**	**-**	**-**	**938 052**
Aandele				
- Genoteerde aandele	**7 202 658**	**-**	**-**	**7 202 658**
- Ongenoteerde aandele	**-**	**2 724**	**-**	**2 724**
Geldmark	**743 049**	**-**	**-**	**743 049**
Ander	**2 224**	**-**	**-**	**2 224**
	8 885 984	**2 724**	**-**	**8 888 708**

Die billike waarde van genoteerde beleggings, staatseffekte, vaste deposito's en ander beleggings word op huidige markpryse gegrond. Ander beleggings bestaan hoofsaaklik uit kontantinstrumente wat deel van die Universiteit se langtermynbeleggingspoel uitmaak. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak. Soos op 31 Desember 2016 was staatseffekte, genoteerde aandele, vaste deposito's en ander beleggings as vlak 1 geklassifiseer en ongenoteerde aandele as vlak 2.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie op die sekuriteitebeurs verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietegnieke bepaal. Hierdie tegnieke neem hoofsaaklik beskikbare markdata in ag. Die gebruik van entiteitspesifieke ramings word beperk. Indien insette net uit beskikbare markdata bestaan, word die instrument op vlak 2 getoon. Spesifieke waardasietegnieke sluit die gebruik van gekwoteerde of handelaarspryse van soortgelyke instrumente in, met inagneming van risikofaktore.

Indien enige van die insette nie op beskikbare markdata gegrond word nie, word die item op vlak 3 getoon.

25.6 BESTUUR VAN BESKIKBARE FONDSE

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse ten einde te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend.

26. PERSONEELVOORDELE

BYDRAES TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS (USAF)

USAF, wat op 1 November 1994 ontstaan het en deur die Wet op Pensioenfondse van 1956 (soos gewysig) beheer word, is 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die fonds word minstens elke drie jaar deur 'n onafhanklike aktuaris gewaardeer. Die fonds beskik oor bates van R3 733,2 miljoen (2016: R3 341,0 miljoen) soos op 31 Desember 2017 en die ledetal beloop 3 570 (2016: 3 545). Ledebydraekoerse wissel tussen 10% en 35% van pensioengewende verdienste. Die aktuaris het verklaar dat die fonds finansieel gesond is.

Totale bydraes betaal het R234,5 miljoen (2016: R208,1 miljoen) beloop. Die mees onlangse oudit is vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 gedoen en 'n ongekwalifiseerde mening is uitgespreek.

ANDER VOORDELE

Na-aftrede mediese voordele word aan sekere afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is.

Die groeplewensversekeringskema voorsien lewensversekering by die dood van die lid. Lidmaatskap van die skema is vir alle permanente werknemers van die Universiteit verpligtend.

Die verpligtings word minstens elke drie jaar deur die onafhanklike aktuaris aktuarieel bereken en op 'n jaarlikse grondslag hersien. 'n Volledige aktuariële waardasie is soos op 31 Desember 2017 gedoen. Die mees onlangse aktuariële waardasie is op 18 Januarie 2018 gedoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2019 gedoen word.

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekteerde-eenheidskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

	2017	2016
Verdiskonteringskoers	**9,9%**	9,9%
Verbruikers prysindeks	**6,8%**	7,3%
Mediese inflasie	**8,8%**	9,3%
Salarisinflasie	**8,3%**	8,8%
Verwagte gemiddelde aftreeouderdom	**65,0**	65,0
Ouderdomsverskil in jare tussen hooflid en gade	**4,0**	4,0
Inkomste by aftrede	**75,0%**	75,0%
Proporsie by aftrede getroud	**75,0%**	75,0%
Groeplewens proporsie by aftrede getroud	**90,0%**	90,0%
Maksimum ouderdom vir weeskindbydraes	**21,0**	21,0
Voortsetting by aftrede	**100,0%**	100,0%

Rekonsiliasie van die drabedrag:

	2017			2016		
	Mediese verpligting	Groep-lewens-versekering	Totaal	Mediese verpligting	Groep-lewens-versekering	Totaal
	R000	**R000**	**R000**	R000	R000	R000
Verpligting aan die begin van die jaar	**573 921**	**52 385**	**626 306**	526 491	41 413	567 904
Aanpassings in die gekonsolideerde inkomstestaat:						
- Huidige dienskoste	**6 688**	**3 007**	**9 695**	6 543	2 292	8 835
- Rentekoste	**54 987**	**5 064**	**60 051**	54 573	4 318	58 891
- Verwagte bydraes deur die werkgewer betaalbaar	**(34 516)**	**(2 353)**	**(36 869)**	(30 767)	(2 004)	(32 771)
Aktuariële (wins)/verlies in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste	**(13 170)**	**5 789**	**(7 381)**	17 081	6 366	23 447
	587 910	**63 892**	**651 802**	573 921	52 385	626 306

	2017	2016
	R000	R000
Die aktuariële (wins)/verlies is aan die volgende faktore toeskryfbaar:		
Verandering in die verdiskonteringskoers	**(32 462)**	(8 893)
Verandering in die verwagte koste inflasie	**(254)**	8 610
Verandering in demografiese aannames	**16 917**	16 314
Verandering in ledetalle en –besonderhede	**8 418**	7 416
	(7 381)	23 447
Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:		
Voortgesette lede	**463 619**	439 432
Indienslede	**188 183**	186 874
	651 802	626 306

Die verwagte toename in die verpligting vir die volgende 12 maande is R32,0 miljoen (2016: R33,4 miljoen).

LANGDIENSVOORDELE

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris, met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000.

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

Aktiewe lede	**3 318**	3 275
Totale verpligting	**655 120**	629 581

Opsomming van data vir vyf jaar:

	2017	2016	2015	2014	2013
	R000	R000	R000	R000	R000
Huidige waarde van verpligting	**655 120**	629 581	571 105	546 735	495 756
Aktuariële (wins)/verlies as gevolg van ondervinding	**(254)**	8 610	(28 378)	10 726	31 698

27. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit word ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet van normale inkomstebelasting vrygestel. Sommige van die filiale van die Universiteit is wel belastingpligtig. Verwys na aantekening 9.

28. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

28.1 ONDERSTAANDE INSTANSIES WORD GEAG VERWANTE PARTYE VAN DIE UNIVERSITEIT TE WEES.

Die gekonsolideerde finansiële state soos op 31 Desember 2017 sluit die volgende trusts en vennootskappe in:

TRUSTS EN VENNOOTSKAPPE

Naam van trust/vennootskap	Aard van aktiwiteite	Lening R
Stellenbosch Trust	Fondswerwing en belê van skenkingsfondse	Nul
Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust	Belegging in eiendom vir onderrig en navorsingsaktiwiteite	Nul
Stellenbosch Regsfakulteit Trust	Bevoordeling van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat vir lede van die algemene publiek toeganklik is	Nul
Stellenbosch Finansieringsvennootskap	Leen van fondse ingevolge die vennootskapsooreenkoms	Nul

Die Universiteit het soos op 31 Desember 2017 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

ONGENOTEERDE FILIALE

Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandelebesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Unistel Eiendomme (Edms) Bpk	Dormant	100%	Zero	Nul
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	Kommersialisering van intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit vir navorsing, opleiding en gemeenskaps-interaksie	100%	Zero	5 983 580

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het soos op 31 Desember 2017 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappye gehad:

ONGENOTEERDE FILIALE EN GEASSOSIEERDES

Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandelebesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
USB Bestuursontwikkeling Bpk	Ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingsprogramme en verskaffing van konsultasiedienste	54,8%	4 317 980	Nul
Aquastel (Edms) Bpk	Ontginning van akwakultuurtegnologie	100%	1 000	Nul
Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk	Uitgewery en drukdienste	55%	1 000	Nul
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	Verskaffing van genetiese, diagnogtiese en toetsingsdienste vir mense en diere	35%	4 586 000	Nul
Unistel Tegnologie (Edms) Bpk	Dormant	100%	1 000	Nul
Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk	Verskaffing van sportverwante dienste (kommersialisering van sportbates)	100%	1 000	913 490
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	Kommersialisering van nanovesel-tegnologie	22,3%	2 992 000	Nul
Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk	Kommersialisering van windenergie-genereringstegnologie	74%	1 000	Nul
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	Diensverskaffing aan die sonenergiebedryf	25%	417 000	Nul
LaunchLab (Edms) Bpk	Ondersteun entrepeneurskap op die kampus deur netwerk-geleenthede, mentorskap en bekostigbare huurtariewe in 'n entrepeneursvriendelike omgewing	100%	1 000	Nul
Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk	Ontwikkeling van gepatenteerde sintetiese longtegnologie	50%	1 000	Nul
Custos Media Technologies (Edms) Bpk	Verskaffing van digitaleregtebestuur op digitale materiaal met kopiereg	26,3%	1 701 000	Nul

ONGENOTEERDE FILIALE EN GEASSOSIEERDES *Vervolg*

Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandelebesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Sun Magnetics (Edms) Bpk	Die ontwikkeling en verkoop van induktansie ekstraksie en magnetiese veld berekening sagteware vir geïntegreerde stroombaan verifikasie (insluitend vir supergeleiding geïntegreerde stroombane)	40%	48	Nul
Bridgiot (Edms) Bpk	Die ontwikkeling van 'n internet van dinge platform wat daarop gemik is om huishoudelike en ander elektronika aan die wolk te verbind	36,5%	400	Nul
Vulamanz (Edms) Bpk	Die gebruik van 'n gepatenteerde "Capillary Ultrafiltration" Membraan Nanotegnologie om hoë gehalte drinkwater te produseer	40%	733 187	Nul

Uitvoerende bestuurslede word ook geag verwante partye van die Universiteit te wees. Verwys na aantekening 15 vir 'n lys van die uitvoerende bestuurslede en betalings aan hulle gedurende die jaar.

	2017 R000	2016 R000

28.2 TRANSAKSIES MET VERWANTE PARTYE

Transaksies met verwante partye sluit in die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste, asook beleggingsinkomste wat verdien is.

Belanghebbers het gedurende die jaar geen wesenlike belang gehad in enige wesenlike ooreenkoms van die Universiteit of enige van sy filiale wat tot 'n botsing van belange aanleiding kan gee nie.

Transaksies tussen die Universiteit Stellenbosch en sy filiale word by konsolidasie uitgeskakel.

28.2.1 Inkomste

Vanaf filiale:		
Uitkering van geoormerkte skenkings vanaf Stellenbosch Trust	**274 296**	375 542
Dienste	**35 964**	35 103
Rente en dividende	**202**	147
	310 462	410 792

28.2.2 Uitgawes

Aan filiale:		
Dienste	**33 903**	32 235
Rente	**227**	162
Bydraes gemaak	**4 198**	-
	38 328	32 397

28.2.3 Bedrae soos aan die jaareinde uitstaande

Ontvangbaar van:		
Filiale	**72 180**	78 234
Betaalbaar aan:		
Filiale	**7 085**	3 789

28.2.4 Lenings aan verwante partye toegestaan

Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk	**913**	1 318
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	**5 984**	-
	6 897	1 318

Die lening aan Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk dra rente wat aan die prima koers gekoppel is en het vaste terugbetalingsterme. Die lening aan InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk dra geen rente nie en het geen vaste terugbetalingterme nie.

	2016 R000

29. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Universiteit waarborg 'n persentasie van die uitstaande bedrag ten opsigte van verbandlenings van kwalifiserende werknemers. Die maksimum blootstelling soos aan die jaareinde beloop R24 829 (2016: R69 535).

30. VERGELYKENDE SYFERS

Staatseffekte, voorheen getoon as 'n afsonderlike kategorie onder langtermynbeleggings, en ander effekte, voorheen ingesluit in ander beleggings (verwys na nota 6), is geherklassifiseer as "Kapitale markte" beleggings in 2017. Die vergelykende syfers is aangepas om die herklassifikasie te reflekteer. Die uitwerking daarvan is soos volg:

Afname in Staatseffekte	(576 736)
Afname in Ander beleggings	(106 997)
Toename in Kapitale markte	683 733

31. LOPENDE SAAK

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel op 'n lopende saak grondslag, aangesien die Raad elke rede het om te glo dat die Universiteit voldoende hulpbronne in plek het om aan te gaan met besigheid vir die volgende twaalf maande.

32. GEBEURE NA BALANSSTAATDATUM

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

33. BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (BBSEB)

Die Universiteit meet sy BBSEB-status teen die generiese telkaartmaatstawwe van die Departement van Handel en Nywerheid, met uitsluiting van die eienaarskap maatstawwe. Volgens die jongste beoordeling van die Universiteit se BBSEB status, wat in Mei 2017 gedoen is, het die Universiteit 'n telling van 64.62 behaal en daardeur 'n vlak 8-bydraerstatus verkry.

GLOSSARIUM

TERME EN VERKLARINGS	
aangewese groepe	Mense wat aan die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- of Asiër-groepe (BSIA) behoort.
A-gegradeerde navorsers	Navorsers wat as wêreldleiers op hul onderskeie navorsingsterreine beskou word.
eienskappe van gegradueerdes	Om volhoubare hoop in Afrika te skep, streef die Universiteit Stellenbosch daarna om elke gegradueerde, deur die loop van sy of haar studie, met wenslike en blywende karaktereienskappe toe te rus. 'n Stellenbosch gegradueerde is: • 'n ondersoekende gees (aanvaar verantwoordelikheid vir 'n lewenslange leer en aanwending van kennis, dink krities en kreatief); • 'n betrokke burger op plaaslike, streeks- en globale vlak (tree verantwoordelik teenoor die samelewing en omgewing op, oefen doeltreffende leierskap uit, neem in 'n diverse, veeltalige gemeenskap deel, skep geleenthede vir ander as 'n maatskaplike entrepreneur); • 'n dinamiese, professionele persoon (pas kennis toe en dra dit oor, gryp geleenthede aan en los probleme op, is innoverend, gebruik volhoubare en doeltreffende tegnologie, tree eties op); en • sosiaal en intellektueel 'n goed afgeronde individu (trek voordeel uit geleenthede vir persoonlike groei – kultureel, intellektueel en sportlewe, soek verrykende ervarings, neem ingeligte en weldeurdagte besluite).
geldstrome	Die Universiteit se finansiële kapitaal is tot onlangs in vier geld- (inkomste-) strome ingedeel, wat genommer word om dit maklik van mekaar te onderskei. Die vier geldstrome berus op verskillende finansiële insette, naamlik: • *eerste geldstroom*: die staatsubsidie; • *tweede geldstroom:* die studie- en huisvestingsgeld wat studente betaal; • *derde geldstroom*: verdienste uit (kontrak)navorsing en verbandhoudende konsultasiekontrakte; en • *vierde geldstroom*: filantropiese skenkings en erflatings. 'n *Vyfde geldstroom* is onlangs bygevoeg. Hierdie stroom sal voortaan 'n al hoe belangriker rol speel deur inkomste te skep uit die doeltreffender benutting en kommersialisering van die Universiteit se bates.
gemengde leer	'n Samewerkende stelsel wat tegnologieë soos webgebaseerde, satelliet- en mobiele toepassings met persoonlike leer en onderrig kombineer vir meer buigsaamheid (toegang ongeag tyd) én mobiliteit (toegang ongeag plek). Gemengde leer verhoog interaksie tussen sowel studente as tussen personeellede en studente, en verbeter terselfdertyd toegang tot hulpbronne.
Horizon 2020	Die Europese Unie se grootste navorsings- en innovasiebefondsingsprogram ooit met die oog op uitnemende wetenskap, bedryfsleierskap en die aanpak van maatskaplike uitdagings. Befondsing word oor 'n sewejaartydperk – van 2014 tot 2020 – aan verskeie tipes projekte beskikbaar gestel, gewoonlik in 'n raamwerk van drie tot vier jaar per projek.
indirekte kosteverhaling	'n Algemene praktyk in die hoëronderwyssektor wat die Universiteit in staat stel om die indirekte koste van ekstern gefinansierde projekte (derde geldstroom) van sy kliënte te verhaal deur 'n toeslag op te lê vir regs-, finansiële, menslikehulpbron-, navorsingsbestuurs-, informasietegnologie- en biblioteekdienste, asook ondersteuning met intellektuele eiendom.
kennis- en ander vennootskappe	Formele, institusionele vennootskappe met burgerlike samelewingsorganisasies, plaaslike regerings of munisipaliteite, die Wes-Kaapse provinsiale regering, die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, die nasionale departemente van Verdediging en Militêre Veterane, kerke (Teologie), Elsenburg (AgriWetenskappe), ensovoorts. Hierdie vennootskappe word gewoonlik deur 'n formele memorandum van verstandhouding gerig.
kluster-hub	Studente wat nie in koshuise woon nie word in een van die tien wyke van die Privaatstudenteorganisasie ingedeel. Die wyke is saam met nabygeleë koshuise in ses klusters gegroepeer om studentegemeenskappe te vorm. Vir elke kluster word 'n hub gebou, waarvan twee reeds klaar is, naamlik amaMaties en Wimbledon. Só kan dagstudente dieselfde voordele as koshuisstudente geniet, soos ondersteuning deur mentors en 'n goed ingerigte plek om tussen klasse na toe te gaan.
Kuali	Kuali is 'n oopbronsagtewarepakket vir die administratiewe bestuur van hoëronderwysinstellings. Dit behels sagtewarestelsels vir finansiële bestuur, navorsingsadministrasie, studentedienste, biblioteekbestuur, bedryfskontinuïteit en werksvloei. (www.kuali.org)
lewensvatbare kontraktering	Die Universiteit se lewensvatbarekontrakteringsmodel, as 'n alternatief tot inkontraktering, handhaaf 'n gesonde balans tussen die verskaffing van behoorlike, waardige werksgeleenthede enersyds en finansiële volhoubaarheid andersyds. Die model sal van krag word namate bestaande kontrakte verval en die model stel die Universiteit in staat om op 'n deursigtige manier die optimale oplossing te vind vir die verskaffing van noodsaaklike dienste soos skoonmaakdienste. Die onderliggende beginsels van die model sluit in menswaardigheid; volhoubaarheid van die US; finansiële haalbaarheid; deursigtigheid en vertroulikheid; insette van belanghebbendes; ondertekening van 'n gedragskode; korporatiewe oorsig; en beste wedersydse voordeel.
module	'n Module is 'n eenheid wat bestaan uit 'n stel klasse of lesings, seminare of praktiese sessies wat 'n onderdeel van 'n vak vorm.
nagraadse baccalaureusgrade	Baccalaureusgrade wat as tweede, gevorderde baccalaureus geneem kan word, byvoorbeeld BPhil en die twee- of driejarige LLB-graad. HonsB-grade is hierby uitgesluit.
omgekeerde klaskamer	'n Pedagogiese model waarin die tipiese lesing- en huiswerkelemente van 'n kursus omgeswaai word. Die term word algemeen gebruik vir byna enige klasstruktuur waar opnames van lesings vooraf gekyk en oefeninge dan in die klas gedoen word. (*Educause*, Februarie 2012)

parallelmediumonderrig	Onderrig word in aparte klasse in Afrikaans en in Engels aangebied.
program	'n Kombinasie van modules waaruit 'n leerplan (kurrikulum) vir 'n graadkwalifikasie saamgestel word, byvoorbeeld BA, BEd, Blng, BRek, BSc. Ook bekend as leerprogram of studieprogram. Daar word onderskei tussen voorgraadse baccalaureusprogramme – die eerste universiteitskwalifikasie in 'n spesifieke rigting – en nagraadse programme – programme wat volg op die eerste kwalifikasie, byvoorbeeld nagraadse diploma-, honneurs-, magister- en doktorsgraadprogramme. Ons onderskei ook tussen 'n graadprogram, diplomaprogram en sertifikaatprogram.
samelewingsgerigte vakkundigheid	'n Wetenskaplike en samelewingsbenadering tot sosiale impak waardeur kapasiteit gebou word deur middel van transdissiplinêre samewerkende metodologieë.
sakemodel	'n Organisasie se sisteem waarvolgends dit sy sakeaktiwiteite in uitsette en uitkomste omsit met die oogmerk om aan die organisasie se strategiese doelwitte te voldoen en waarde te skep oor die kort, medium en lang termyn.
skeduleerbare lesinglokale	Lokale wat deur middel van ons administratiewe stelsel bespreek kan word binne die beperkings van die universiteitsrooster en hulbronne.
swart	In hierdie verslag word swart nie generies gebruik vir "swart, bruin, Indiër en Asiër" nie, maar slegs vir swart (Afrikaan).
Taalbeleid en -plan	Beskikbaar by www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/language.
tolking	Onderrig word in óf Afrikaans óf Engels aangebied en 'n tolk sal dan die les na die ander taal fluistertolk. Die tolk gebruik 'n kop- of handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.
Visie 2030	Die Universiteit, as 'n 21ste-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing. **Inklusiwiteit** konsentreer op individue se talente en bydraes; **innovasie** handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied; studente en akademici wy hul energie aan die skep van die **toekoms** deur waagmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer; **ontdekking** geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word, en die Stellenbosch-ervaring lewer **denkleiers** op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dít alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees. (US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018: 17)
volkostebenadering	In fasiliteitsbestuursverband, 'n benadering wat erken dat die organisasie hom tot 'n uitgebreide kosteketting verbind wanneer hy 'n bepaalde fasiliteitsoplossing bekom. Deur aanvanklike koste (kapitaalbelegging, aankoop en installasie) sowel as toekomstige koste (energie, bedryf, instandhouding, kapitaalvervanging en finansiering) in ag te neem, help beperk hierdie benadering algehele koste deur dit met alternatiewe te vergelyk.

BEREKENING VAN STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

STRATEGIESE PRIORITEIT	STRATEGIESE BESTUURSAANWYSER (SBA)	BEREKENING
Verbreed toegang	**Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe**	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal studente wat by die US op die amptelike sensusdatum ingeskryf is (A). Bepaal die totale aantal studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër-, en Asiër-bevolkingsgroepe wat op die amptelike sensusdatum by die US ingeskryf is (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum, in die Salaris MH-groep (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) van die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde vrouepersoneellede (slegs primêre aanstellings) in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe aangebied word[4]	Tel die krediete van alle voorgraadse modules aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van alle voorgraadse modules bymekaar, uitsluitende die NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B).

BEREKENING VAN STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS Vervolg

STRATEGIESE PRIORITEIT	STRATEGIESE BESTUURSAANWYSER (SBA)	BEREKENING
Behou momentum van uitnemendheid	**Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe aangebied word[4]**	Tel die krediete van alle voorgraadse modules aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van alle voorgraadse modules bymekaar, uitsluitende die NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B).
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in ENKELTAAL óf Afrikaans óf Engels aangebied word[4]	Tel die krediete van alle voorgraadse modules aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van alle voorgraadse modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B).
	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel (slegs primêre aanstellings), in die Salaris MH-groep, op die amptelike sensusdatum (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel (slegs primêre aanstellings) met doktorale kwalifikasie, in die Salaris MH-groep, op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Die verhouding geweegde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal meestersgrade toegeken (A), asook die aantal geakkrediteerde publikasie-eenhede geproduseer deur die US (B). Vir dieselfde akademiese jaar, bepaal die aantal doktorale kwalifikasies toegeken (C), asook die aantal voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellede (D). Bereken die SBA as [1x(A+B) + 3x(C)] gedeel deur D.
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente (%)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal voltyds-ekwivalente studente (A). Bepaal dan die aantal voltyds-ekwivalente-graadkrediete vir dieselfde jaar (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
Bevorder impak op samelewing	**Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweeg met studievlak, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid**	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal ingeskrewe voorgraadse voltyds-ekwivalente studente (A), die aantal ingeskrewe honneurs en voltyds-ekwivalente studente (B), die aantal ingeskrewe meestersgraad voltyds-ekwivalente studente (C), en die aantal ingeskrewe doktorale voltyds-ekwivalente studente (D). Vir dieselfde jaar, bepaal die aantal voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellede (E). Bereken die SBA as [1x(A) + 2x(B) + 3x(C) + 4x(D)] gedeel deur E.
	Persentasieaandeel van derde geldstroom[1] in US se totale inkomste[2]	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale derdestroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste[2]	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale vierdestroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig[3]	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale personeelvergoeding (A). Bepaal dan die totale personeelvergoeding wat nie uit die hoofbegroting bekostig word nie (B). Bereken die SBA as (A - B) gedeel deur (A).

Notas

1. Derde geldstroom uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
2. Totale inkomste uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
3. Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy finansies om te verseker dat die Universiteit as 'n lopende onderneming in hoër onderwys voortbestaan. Fondse kan beperk of onbeperk wees. Beperkte fondse bestaan uit bedryfsfondse, lenings, skenkings en vastebatefondse waaraan spesifieke voorwaardes vir hul aanwending verbonde is. Onbeperkte fondse kan deur die Raad volgens sy eie oordeel aangewend word. In die poel van onbeperkte fondse is fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is en daarom nie vir ander oogmerke aangewend kan word nie. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die teikens, wat vir 2017 tot 2023 gestel is, beïnvloed.
4. Hierdie SBA's is nuwe aanwysers en vervang die twee voriges aangaande die medium van onderrig.

AFKORTINGS

ARUA	*Alliance for Research Universities in Africa*
BA	Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte
BEd	Baccalaureus in die Opvoedkunde
BIng	Baccalaureus in die Ingenieurswese
BSc	Baccalaureus in die Natuurwetenskappe
BSIA	bruin, swart (Afrikaan), Indiër en Asiër
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
dti	Departement van Handel en Nywerheid
FGGW	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
GEC	*Global Engagement Centre*
HEMIS	*Higher Education Information Management System*
HonsBEd	Honneurs-baccalaureus in die Opvoedkunde
HonsBSc	Honneurs-baccalaureus in die Natuurwetenskappe
IF	Institusionele Forum
IFRS	*International Financial Reporting Standards* (= internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde)
IKT	informasie- en kommunikasietegnologie
<IR>	*integrated reporting* (= geïntegreerde verslaggewing)
IVS	Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018
KGD	Kampusgesondheidsdiens
King III	*King Report on Governance for South Africa 2009; King Code of Governance Principles for South Africa 2009*
King IV	*King IV Report on Corporate Governance for South Africa 2016*
nGap	*New Generation of Academics programme*
NNS	Nasionale Navorsingstigting
NSFAS	National Student Financial Aid Scheme
ORK	Oudit- en Risikokomitee van die Raad
PCT	*patent cooperation treaty* (= patentsamewerkingsverdrag)
PhD	Doktor in die Wysbegeerte
Prof	Professor
SANW	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
SARChI	*South African Research Chairs Initiative*
SBA	strategiese bestuursaanwyser
SR	Studenteraad
SUNCEP	*Stellenbosch University Centre for Pedagogy*
SunKom	Stellenbosch Universiteit Kommersiële Dienste
THRIP	*Technology and Human Resources for Industry Programme*
TIA	Tegnologie-innovasie-agentskap
UK	Universiteit van Kaapstad
UP	Universiteit van Pretoria
UPE	Universiteit van Port Elizabeth – nou Nelson Mandela Universiteit
US	Universiteit Stellenbosch
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
Witw	Universiteit van die Witwatersrand



Die voorbladfoto toon die ou Pawiljoenveld *waar die laaste rugbywedstryd in September 1930 gespeel is, waarna rugby- en atletiekbyeenkomste na Coetzenburg verskuif het. Waar dié Pawiljoenveld eens was, is vandag die Jan Marais-plein (oftewel die Rooi Plein), US Biblioteek-, Wilcocks- en Admin A-geboue. Die Universiteit het al in Oktober 1919 die stuk grond tussen Jannie Marais se plaas Coetzenburg en die Universiteitsplaas Welgevallen aangekoop met die doel om voorsiening te maak vir genoegsame sportvelde.*

Gepubliseer deur
Korporatiewe Kommunikasie
Universiteit Stellenbosch
Victoriastraat, Stellenbosch
Privaat Sak X1, Matieland 7602
Tel: 021 808 4977
Webwerf: www.sun.ac.za
E-pos: info@sun.ac.za
ISBN: 978-0-7972-1720-1

Redaksionele span
Mattie van der Merwe (redakteur),
Desmond Thompson (skrywer vir Kanselier, Raadsvoorsitter en Rektor),
Faiza Majiet en Reinet Uys (finansiële verslag).

Redigering, skryfwerk en vertaling:
Hendrien Rust-Swanepoel

Fotografie:
US Argief,
Stefan Els (portretfoto's),
Martin Viljoen, SSFD

Fotografiereëlings:
Marjorie van Rooy

Ontwerp en uitleg:
Out of the Blue Graphic Design

Drukker:
AFRICAN SUN MeDIA

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner